



# Afrikaanse Skrywers

## Aan Die Woord

P. J. Nienaber



Letterkundige Biblioteek, nr. 2

Uitgewers:

**AFRIKAANSE PERS-BOEKHANDEL**  
**JOHANNESBURG.**  
1947.

## INHOUD:

### Hoofstuk

|      |                            |     |
|------|----------------------------|-----|
|      | Ter Inleiding .....        | 3   |
| I    | Eugène N. Marais .....     | 5   |
| II   | Jan F. E. Celliers .....   | 17  |
| III  | C. Louis Leipoldt .....    | 42  |
| IV   | Totius .....               | 56  |
| V    | D. F. Malherbe .....       | 72  |
| VI   | Jochem van Bruggen .....   | 97  |
| VII  | Leon Maré .....            | 125 |
| VIII | J. F. W. Grosskopf .....   | 139 |
| IX   | Sangiro .....              | 154 |
| X    | C. M. van den Heever ..... | 170 |
| XI   | P. de V. Pienaar .....     | 189 |
| XII  | J. van Melle .....         | 196 |
| XIII | Mikro .....                | 207 |

# TER INLEIDING

**V**ERLEDE jaar was die gevierde Nederlandse digter Roland Holst in Johannesburg op besoek. Aan die plaaslike universiteit het hy in 'n lesing (*Over eigen Achtergrond*) 'n beeld gegee van sy letterkundige werk en wat hy met sy kuns beoog. Dit was vir my en ander 'n openbaring. Ek het aan ons eie letterkunde en ons skrywers gedink en gewonder waarom hulle ons ook nie op 'n dergelyke wyse nader aan hulself en hul kuns kan bring nie. Hoe baie misverstand sal nie uit die weg geruim word nie, want die kritikus vertroebel dikwels ons blik en gee ons soms 'n foutiewe voorstelling van 'n kunstenaar se werk — die kritikus wat staan tussen die skrywer en sy lesers.

Dit het my dan op die gedagte gebring om 'n bundel saam te stel waarin van ons Afrikaanse skrywers oor hul eie werk vertel. Ek wou nie 'n bepaalde vraelys aan hulle stuur nie, want dit sou die opstelle te eenvormig maak, maar het hulle tog versoek om hulself sover moontlik aan hul lesers voor te stel: iets van hulself te vertel, hoe en wanneer hulle begin skryf het, wat die aanleiding daartoe was; invloede wat op hulle ingewerk het; wat die sentrale idee of ideë in hul werk is, en hoe hulle hierdie ideë tot openbaring probeer bring het; hulle kon ook mededelings doen oor die ontstaan en idee van 'n bepaalde boek of bundel. Die doel met hierdie versoek was dan om die skrywer nader te bring aan sy leserspubliek.

Ek het enkele verteenwoordigende skrywers gekies, meestal van die oueres en mense wie se naam as skrywer reeds gevestig is, en hulle om hul medewerking gevra. Een persoon kon, weens gebrek aan tyd, nie meewerk nie; een van die jongeres

## TER INLEIDING

wat as 'n verdienstelike digter beskou word, het, sonder opgawe van redes, geweier. Daar is skrywers wat in dié bundel nie voorkom nie, en tog aanspraak daarop kan maak, maar ek hoop om hulle later, wanneer 'n tweede bundel voorberei word, lastig te val.

Dit was nie in al die gevalle moontlik om die skrywers self aan die woord te stel nie. Eugène Marais en Jan Celliers is reeds oorlede. Gelukkig het laasgenoemde reeds in 1921 in *Die Huisgenoot* vertel hoe sommige van sy gedigte ontstaan het. Totius het aan die hand gegee dat ek die opstelle wat ek hier opgeneem het, liever moet gebruik as om hom self te laat vertel.

Die rangskikking van die skrywers in die bundel is min of meer kronologies — volgens tyd van optrede in die Afrikaanse letterkunde. Vooraf het ek enkele biografiese gegewens omtrent elke skrywer verstrekk. Hier wil ek graag my dank betuig aan mnr. J. P. Pienaar vir die biografiese skets van sy broer, Sangiro.

Aan die skrywers wat meegewerk het, my opregte dank — hulle het nie soseer aan hulself nie as aan die Afrikaanse letterkunde 'n groot diens bewys.

Graag sluit ek af met 'n aanhaling uit die voorwoord van E. D'Oliveira tot sy boek *De Jongere Generatie*:

„En ten slotte hoop ik dat de lezer met mij zal gevoelen en steeds beter zal gevoelen, dat de omgang met groote mannen . . . . in zooverre als ze groot zijn, altijd vormend en bemoeidigend werkt en niet zonder schâ kan worden ontbeerd. Het is dan ook mijn liefste wensch, dat mijn arbeid in handen moge komen van jongeren die in het leven hoûvast zoeken.”

DIE SAMESTELLER.

Johannesburg,  
23 Januarie 1947.



EUGÈNE NIELEN MARAIS.

## EUGÈNE N. MARAIS

**E**UGÈNE NIELEN MARAIS is op 9 Januarie 1871 in Pretoria gebore. Marais se moeder, Sophia van Niekerk, was 'n agterkleindogter van die suster van kommissaris-generaal J. A. de Mist. Die suster was getroud met Jacob van Reenen, eienaar van Ganzekraal, die familieplaas van moederskant, in die distrik Malmesbury. Sy grootmoeder was van vaderskant 'n kleindogter van Van Rheede van Oudtshoorn, wat as Goewerneur op die uitreis na ons land oorlede is.

Sy eerste skoolonderrig het Marais in Pretoria ontvang, eers van mej. Anna Pottger, toe van 'n Engelse predikant, aartsdeken A. Roberts, en later van ds. A. J. Begemann. Kort ná die Eerste Vryheidsoorlog in 1881 het sy moeder hom op tienjarige leeftyd saam met 'n handelaar vir verdere onderrig na Boshof in die Vrystaat gestuur, waar hy by sy oudste broer, Charles Marais, die latere voorsitter van die Unie-volksraad en senator, ingewoon het. In 1884 is hy na die Paarl om daar verder te studeer, en toe hy skaars sestien jaar oud was, het hy die Matrikulasie-eksamen afgelê.

Marais is nou terug na Pretoria en werk eers as klerk in 'n prokureurskantoor om vervolgens verslaggewer te word by die *Transvaal Advertiser*. In 1890 word hy redakteur van *Land en Volk*, en mederedakteur van *The Press*, 'n Engelse dagblad in Pretoria, wat ook 'n Hollandse weekblad, *De Pers*, uitgegee het. In 1892 het hy die enigste eienaar van *Land en Volk* geword en die blad geredigeer as vertolker van die sienswyse van die volgelinge van genl. Piet Joubert.

## EUGÈNE NIELEN MARAIS

Marais is in 1894 aan die Klein-Toegela getroud met Aletta Beyers, 'n kleinniggie van die latere genl. Christiaan Beyers. Die jaar daarop het die bitterste slag van sy lewe hom getref, toe sy vrou oorlede is met die geboorte van hul eerste kind. „Tydelike uitkoms uit sy lewensmart en die gevoel van die troosteloosheid van sy bestaan het Marais daarna altyd weer kon vind maar die dure prys wat hy daarvoor moes betaal, is nie te bereken nie. En hier is ook die sleutel van die hoofingang tot die gebou wat mens die geheime openbaar van die tragiese verloop van Marais se latere lewe.” (F. G. M. du Toit.)

In 1898 is Marais na Londen, waar hy eers in die medisyne studeer en hom toe as advokaat bekwaam op aandrang van Ewald Esselen. Hy het baie reise op die vasteland van Europa onderneem. Die verloop van die Tweede Vryheidsoorlog het hom na die geleentheid laat gryp om saam met 'n klein Duitse ekspedisie 'n poging aan te wend om langs die Ooskus 'n hoeveelheid ontploffingstowwe, ammunisie en medisyne na die vegtende kommando's te bring. Hulle was egter te laat, want in Beira het die tyding hulle bereik dat die Vrede van Vereeniging gesluit is. Op hierdie reis het Marais gevaarlik siek geword aan malaria, wat sy gesondheid 'n gevoelige slag toegedien het.

Ná die vrede het hy weer 'n tyd lank *Land en Volk* uitgegee, en toe in Pretoria en Johannesburg as advokaat gepraktiseer. Daarna is hy na Waterberg, waar hy aangestel is tot resident-vrederegter, met hof en tronk op die plaas Rietfontein 1638. Hy het hier ook in die geneeskundige behoeftes van 'n groot streek gratis voorsien. Dit is hier waar hy 'n deeglike studie van miere en bobbejane gemaak het.

Sy gesondheid het so agteruitgegaan dat hy in Januarie 1917 terug na Pretoria is. Hy het hier weer as advokaat gepraktiseer, maar sy gesondheid het gaandeweg so verswak dat daar van 'n regspraktyk nie veel tereg gekom het nie. Hy moes dit prysgee en was vanaf 1 Oktober 1921 tot 30 Mei 1922 die vennoot van prokureur S. J. van Wyk op Erasmus.

Marais word later prokureursvennoot van mnr. R. G. Coetsee op Heidelberg, Transvaal, maar sy aandeel aan die regspraktyk was gering. Hy bly ongeveer ses jaar op Heidelberg, waar hy sy aansienlike beterskap grotendeels te danke het aan wyle dr. A. G. Visser. Marais moedig Visser aan om van sy gedigte te publiseer en ontdek op dié wyse die beskeie volksdigter aan die Afrikaanse volk.

Begin 1927 is Marais terug in Pretoria en woon geruime tyd by sy vriend, Gustav Preller. Hoewel sy toestand sodanig is

## EUGÈNE NIELEN MARAIS

dat hy nie meer praktiseer nie, bied hy tog gewaardeerde hulp aan die redaksie van *Ons Vaderland*, waarvan sy vriend hoofredakteur is. Hy bly 'n gereelde medewerker van die blad totdat een van sy bydraes in die voorjaar van 1934 deur die redaksie afgewys is, waarna hy sporadies nog 'n paar bydraes in *Die Volkstem* plaas.

Op 29 Maart 1936, op 'n groue winterdag, ná 'n reënbus, het Eugène Marais, onder 'n doringboom op die plaas Pelindaba van sy vriend Preller, naby Pretoria, alleen die donker nag tegemoet gegaan. 'n Haelgeweer is naby die lyk gevind. Sy verminkte oorskot is in die ou Pretoriase kerkhof gelê naas die graf van sy vroeg gestorwe eggenote.

Marais het o.a. die volgende boeke geskrywe: *Burgers van die Berge* (1938); *Gedigte* (1925); *Die Huis van die Vier Winde* (1934); *Die Leeus van Magoeba* (1934); *Nag* (1937) en *Die Siel van die Mier* (1934).\*

### 2. EUGÈNE NIELEN MARAIS.

Deur DR. GUSTAV S. PRELLER

Daar studeer 'n seun aan Stellenbosch, 'n Transvaler, wat ons Afrikaanse letterkunde binnekort 'n lewensbeskrywing sal gee, sodat ek my by die heengaan van Eugène Marais liever tot wat anders as biografiese besonderhede bepaal. Ek vertrou my Stellenbosse vriend om die innig simpatieke digterfiguur reg te laat wederveraar. Nie dat dit hom aan vaardigheid met die pen of deurtastende studie makeer nie — hy is joernalis van neiging, wat tesame met Eugène Marais aan die koerant gewerk het, en word nou predikant van ons Kerk; maar . . . . lewenservaring! Hy is jonk, en die vermoë om deur te dring tot en met die begrype wat slegs die lewe self kan gee, te vát die diepe gevoelslewe, die dryfvere, die rykbevolkte gedagte-wêreld van die wonderlik beminlike sonderling van sestig, dit is my jong vriend se moeilikheid, vrees ek.

„Die toekoms aan die jeug,” word daar weer geroep, net of dit iets nuuts is, terwyl dit maar altoos so was waar die mens nie van die natuur afgewyk het nie. Maar hier, lyk't my, op hierdie terrein, geld slegs die lewenservaring, wat die besit is, die onbetaalbare besit van die meer bedagde lewe. Ons aankomende biograaf sal weet dat ek niks op sy werk afding nie, want hy weet hoe opreg ek dit waardeer. Maar hy weet

\* Lewensbesonderhede ontleen aan F. G. M. du Toit: Eugène Nielen Marais (1940).

ook wat ek bedoel. 'n Ander, eweneens gewaardeerde mede-Afrikaner, wat — soos so dikwels en tog so nodeloos gebeur! — deur sy mede-Afrikaners uitgestoot is uit ons lewe, waar so baie te doen is, Bosman di Ravelli, het my dit aanvanklik euwel gedui dat ek hom te jonk genoem het om Chopin te vertolk. Later, toe sy eie lewe geleidelik soveel voller geword het, ook van verdriet en désillusie, het hy my dit toegegee dat eie smart hom toe eers in staat gestel het om die smart-poëet by uitnemendheid te verstaan.

Gister, toe die dagtoorts weer die stand aan die westerkim bereik had waar hy en die fluisterende doringbome alleen getuie was van Eugène se verskeie, het ons die verdeling bygewoon van sy armelike stoflike besit. Dit was by die bed waarop hy die laaste nag hier by ons deurgebring het, en die bevoorregte ontvangers was die volkies wat hom tydens sy lewe allerlei klein dienste bewys het. Ou klere en afgedraagde skoene, 'n hoed, 'n jas, 'n serp. En om die besit van die enigste pakkie snyersklere het hulle geloot, soos eenmaal tevore ook gebeur het.

In een van die sakke was 'n paar koper- en klein silwermuntstukke, 'n daalder altesame.

'n Armelike plunje, sou 'n mens sê, maar goedjies tog wat in hul afgelede vereensaming tot diepe deernis en verlatenheid stem deur 'n welsprekendheid wat alleen diegene verstaan wat hom en die kledingstukke geken het.

En tog was die eienaar iemand wat die kuns verstaan en die smaak besit het om hom goed te klee, om hom voor te doen met 'n verfyning van uiterlik wat gepaard was aan innerlike beskawing en 'n diepe, allesbegrypende mensekennis. Nog sien ek hom, twintig jaar of 'n kwarteeu gelede, nadat hy reggekom het van die swaarste malaria-aanvalle, die opera besoek. In onberispelike aandtoilet betree hy die foyer, met 'n wye mantel van swart laken oor die skouers wat van binne met skarlakenkleurige satyn uitgevoer is en oor die linkerskouer opgeslaan om die skone aan sy arm welgevallig te wees. Hy het die opera graag en dikwels besoek en het bywyle gehou van die bekoring wat daar uitgegaan het van die geparfumeerde waaiers van vroulike grasie, distinksie en behaagsug, soos hy dit in die Ou-Wêreld se vernaamste hoofstede leer ken het. En by die fyn gesoigneerde uiterlik het sig aangepas 'n buitengewoon gedistingeerde houding, wat tuis was in die omgewing en dadelik die aandag getrek het. 'n Verhewe voorhoof en daaronder fyn gelaatstrekke met 'n effens geboë arendsneus,

## EUGÈNE NIELEN MARAIS

wat die aristokraat van geboorte aandui; die geheel verlig deur oë wat altoos sag en teer gloei van reine menseliefde, vry van iedere sweem van selfsug of eiewaan. Geen enkele gelaats-trek wat nie fyn afgewerk was nie, geen houding of gebaar wat nie die gentleman teken nie.

Selfs op sy ou dag, wanneer 'n mens van liewerlede onagsaam word op jou uiterlike voorkoms, het Eugène nog steeds die vorme van die welvoeglikheid in alle opsigte bewaar en nooit sy altoos onderhoudende diskoers gekrui met die magwoorde van ons hedendaagse konwersasie nie. Ek herinner my nie dat ek hom ooit, in al die jare van ons intieme omgang, sy toevlug hoor neem het tot 'n vloek- of skeldwoord nie. Stembuiging en woordekeuse was hom voldoende om die nadruk te lê waar hy dit begeer het. In die begin het die meeste mense die magwoord van die gewone salon-konwersasie gemis. Nadat hy 'n rukkie aan die gang was — en hy het graag gesels, aan tafel, by die werk en die rus — het sy gesprek 'n ongekende bekoring gekry wat iedereen graag laat luister het. Ek herinner my nie dat ek hom ooit kwaad gesien het nie. Hierdie seldsame gelykmatigheid van humeur was die gevolg sowel van 'n benydenswaardige selfbeheersing as van 'n buitengewoon sagmoedige geaardheid.

Iedere mensekind het sy simpatieë en antipatieë, maar ek glo nie dat Eugène Marais ooit 'n vyand gemaak of gehad het nie of dat iemand in die wêreld hom sterk afkerig gesind was nie. 'n Paar dae voor sy dood nog ontmoet ek toevallig op straat een van Pretoria se oudste inwoners, 'n alombekende en geagte figuur wat sy dood sal voel soos dié van 'n eie familielid. Dadelik verneem hy hoe dit gaan met „my half-seksie,” met Eugène, en voeg daar vertroulik aan toe: „You know, I love that man from the bottom of my heart.” 'n Mens mag jou self gelukkig ag as hy die dag hierdie „lewensknoop eers afgeskuif het,” om te weet dat daar een goeie mens, een ordentelike man is, wat dit in alle opregtheid van jou sê.

En hierdie armelike plunje, sy enigste nalatenskap, wat die volkies nou dra, bevestig vir wie hom geken het iedere nobele karaktertrek van die man.

Hy het gehou, eenmaal, en baie gehou ook, van die swier en die genoeëns wat die lewe verskaf; maar dit is ons natuur, en ons Bosveld veral, met sy onbesielde bewoners, wat hy liefgehad het. 'n Paar jaar gelede nog het hy, die kindervriend by uitnemendheid, hom gewerp in die voorbereidsels vir 'n vierweekse besoek aan die onder-Mahalakwêna in Waterberg se

Boswêreld met dieselfde kinderlike geesdrif as die jongste van die kleinspan wat die motorrit meegemaak het. Dáár, op die plaas Rietfontein, het hy jarelank gestaan as resident-vrederegter, en sy volle lewenservaring het hy in die veld en langs die kampvuur vir die jongspan uitgestort met 'n oordadigheid en geduld wat eenvoudig niks teruggehou het nie. Een van die seuns het aan sy hand die ongewone van so 'n eerste Bosveldse besoek in 'n boekie neergelê wat altoos aan „oom Eugène” sal herinner.

Eugène Marais was 'n natuurkenner soos ons nog geen tweede opgelewer het nie. Sy bekende opstel oor die termiet het 'n internasionaal-vermaarde geleerde in Europa tot plagiaat van 'n onbekende Afrikaner verlei. Sy eintlike *magnum opus* egter, op die stuk van die natuurkunde, was 'n werk oor die aap wat vir die Smithsonian Institute bestem was, en dié het hy nooit klaargekry nie. Om die bobbejaan te leer ken, het hy in Rietfontein se kranse tussen die hobbejane vir hom 'n rondawel gebou, van waaruit hy hierdie diere dag en nag waargeneem het. Hoogs interessante konklusies het hy op dié wyse bereik. Deur sy oplettendheid en liefde tot die natuur en deur sy kennis het hy uitkomstige verkry wat ander miskien veel langer ondersoek en studie sal kos; en in ander omstandighede sou hy vir ons nog 'n Luther Burbanks kon geword het, want hibridisasie het hom altoos besonderlik aangetrek. 'n Maand gelede, toe besluit moes word om plaas-toe te trek, het hy nog vooruitgesien na die geleentheid om 'n ou teorie in toepassing te bring, deur naamlik 'n kruising te bewerk tussen verskeie soorte van ons gewone bella donna en een of twee verwante lelies, waardeur ons 'n heeltetal nuwe indiwidu sou verkry wat veral vir tafelversiering gewild sou wees.

„Oom Eugène” — so het een van die seuns hom op 'n aand langs die kampvuur nuuskierig uitgevra, na aanleiding van sy woord „rietpenséle” in sy gedig *Enoné*, wat hy daar op die wal van die Mahalakwêna geskryf het, en sy antwoord verskaf 'n voorbeeld van sy waarnemingsvermoë — „oom Eugène, hoe kom dit dat die saad van die rietpluime, wat vér in die veld rondwaal, net langs die rivierwalle vat?”

„Dit is interessant,” het hy geantwoord, en vervolgens 'n onderhoudende vertoog gelewer oor die wonderlike middels wat die natuur ter hand neem van die saad van sommige plante, soos ook van die springbokskrikmaker, te versprei. Die saadjie in die rietpluim blyk naamlik versadig te wees met 'n minimale hoeveelheid negatiewe elektrisiteit, wat die pluimpie oophou en

uitgepluis in die wind laat rondswaef; maar net soos die pluim oor oop water kom, sê hy, verskiet die elektrisiteit, die pluim sluit en daal in die water neer, waar dit die beste kans het op voortplanting.

Op sy gemak en volkome natuurlik in die skitterendste omgewing en geselskap, kon hy met dieselfde gemak sit en stokkies sny met enige ou Waterberger; of, in gesprek met sy eie mense, die onmisbare houding inneem van 'n Boer wat lekker staan en gesels — al die gewig van die liggaam op een been, so effens vooroor geleun en die ander been „op die plaas rus” gebuig, met die een hand op sy rug onder die baadjie of op sy heup gesteun.

Toe ons, in 1905-6, met die „Tweede Taalbeweging” in Pretoria begin het, ontvang ons 'n in Nederlands gestelde leesboek (vir skoolgebruik) van ons vriend Jan Celliers, wat toe in Switserland was, met 'n begeleidende kwaai ou briefie om te verneem wat die ongeluk vir 'n gekke gesukkel dit nou is met ons poging om die „kombuistaal” as skryftaal in te voer. Eugène het net geglimlag en gesê:

„Hy's in Switserland; sê hy moet liever oorkom en ons help.” Dit het vervolgens 'n lang, erg argumentatiewe brief afgegee, in ons beste Nederlands (om ons vriend dit in ieder geval te laat lees), en met die kerende seepos het ons *Die Vlakte* ontvang, wat toe in *De Volksstem* verskyn het, en m.i. naas Eugène se eie *Winternag* aan mense van smaak die eerste bewys gelewer het van die bruikbaarheid van ons Afrikaans om die mees subtiele menslike gewaarwordinge uit te beeld sowel as 'n suiwer wetenskaplike feit neer te lê.

Eugène Marais het 'n heeltomal unieke en geheel eie plek verower in ons kultuurstryd; hy het 'n waardevolle en blywende bydrae gelewer tot ons letterkunde, en, bowendien, hard probeer om die nasionale besit wat die een generasie verwerf het, te oorhandig aan die komende — die allergrootste en vernaamste geheim van die immer voortsrydende lewe — en hy het sy volk se erkentlikheid ruimskoots verdien.

Daar bestaan 'n sprekende gelykende borsbeeld van hom, deur een van sy jong vriende, Joan Couzyn, gemaak. In brons oorgegiet behoort hierdie borsbeeld 'n plek te vind in een van die menigte nisse van die Uniegebou.

Ons wat hom sedert 1891 geken en sedert 1925 as huisgenoot gewaardeer het, ons sal hom mis in die dae wat kom en wat sonder hom weer sal moet verbygaan.

## EUGÈNE NIELEN MARAIS

### 3. EUGÈNE MARAIS — IN MEMORIAM

*Deur D. F. MALHERBE*

Wie die gang van 'n volksbeweging oorsien, die eerste aanloop en styging, die daling en nuwe vaartwinning daarvan, is geneig om veel waarde te heg aan sekere begin-gebeurtenisse. Dit is of hierdie eerste werkinge onvergeetlik bly en aan betekenis win met die jare en groter vertoon as onmiskenbare kragmomente van later. Te meer is dit die geval as jy dit self belewe het.

So 'n gebeurtenis in die beginjare van die Tweede Taalbeweging was die verskyning van 'n *Winternag* wat, hoewel voldra van 'n uiters mistroostige gemoedstemming, deur die verrassende van verbeelding en klank soos heldere trompetgeluid opgegalm het uit die dorre eenselwigheid van prosaïese vers-tradisie. Toe die voorstanders van 'n Afrikaanse skryftaal van alle kante moes verneem dat hulle geen letterkundige ware kon aanbied nie, dat ná 'n dertigjarige beoefening van die landstaal sy inwonende magteloosheid om te ryp tot tolk van digterlike emosies volkome geblyk het en dat derhalwe die taalvorm deur hulle aangeprys in sy armoede nie bestemd was om draer te wees van meer as die spotterige en primêr-komiese nie en vertrap sou word onder die „reuze-voetzolen” van die magtige Engelse taal in geval dit die plek van Nederlands sou inneem, toe nog geen digterstem uit die beklemming van oorlogswêe losgekome het nie — toe, skielik, trompet dit helder uit, 'n dapper-klinkende uitdaging aan oormoedige kleinereiders:

*O koud is die windjie  
en skraal.  
En blink in die doflig  
en kaal,  
so wyd soos die Heer se genade,  
lê die velde in sterlig en skade.  
En hoog in die rande,  
versprei in die brande,  
is die grassaad aan roere  
soos wenkende hande.’’*

Hier was 'n jong taal, meteens bevry uit boeie van onmag en herskape tot vertolker van hoër lewenswaardes, 'n jong taal skielik begaaf met nuwe tone soos die lied van die luglewêrikie uitklinkend bo die „luisterende graslaagtes” in suiwerheid van môrevroegte. In 1904 verskyn in *Land en Volk*, word die

verse as belofte van groter dinge voorgedra gedurende 1905 en volgende jare en fungeer saam met *Die Vlakte* (Mei 1906) as kragtige propagandamiddel in die toenemende stryd om die erkenning van die moedertaal.

Is dit dan 'n wonder dat die naam van Eugène Marais so hoog aangeslaan word deur dié wat die wording van ons taal in dae van ongelyke worsteling belewe het? Want as hierdie verse 'n twintig jaar later die lig gesien het, sou hulle lank nie dieselfde indruk gemaak het nie. Maar nou, terugsiende op die rumoerige mars van dertig jare, ondergaan 'n mens weer die bekoring van klankegenot wat jou tegemoet gestroom het uit *brande, rande en wenkende hande*, dein dit weer aan op die snare van die siel met die teerheid van 'n half-vergete lied wat oor dierbare herinneringe 'n nuwe glans versprei.

In Marais se Europese vorming en winning van ruimer uitkyk, net soos ook die geval met Celliers was, moet die verklaring gesoek word van 'n heeltmal ander verskuns wat met die tradisionele voor-die-Oorlogse manier niks meer uitstaande gehad het nie. Europese verskuns het, indirek of direk, veel bygedra tot die skielike peilverheffing en vernuwing van ons eie tradisie.

Marais se lewensbedruktheid en pessimisme het voortgespruit uit 'n swakke gesondheidstoestand. Dit lyk of sy gesondheid 'n onherstelbare knak gekry het as gevolg van 'n poging om saam met 'n Duitse ekspedisie deur Oos-Afrika heen medisyne en 'n ontploffingstof na die Boerekommando's oor te bring.

Van sy hand is die verhale *Margriet van Laastelust*, *Die Wegraak van Sannie* en 'n jaar of wat gelede *Die Huis van die Vier Winde en Ander Verhale* sowel as 'n wetenskaplike studie oor die *Miere*. Sy verhale het nie indruk gewek nie. Oorwig van die verstandelike het die nodige plooibaarheid in die vormgewing skade berokken. Dit lyk my, sy wetenskaplike sin het hom verhinder om die geheimsinnige element onaangetas te gee. Dit val sterk op in *Die Huis van die Vier Winde* waar hy, trouens binne die kader van die verhaal-voorstelling, daarop uit is om die leser 'n fisies-sielkundige uitleg te besorg van die buitengewone, geheimsinnige gebeure. Diktatuur van die verstand! Hoe anders sou die vrugbare stofelemente vervat in die verhaal *Isaac Slyk* gestalte gevind het by 'n verteller van teenoorgestelde uitkyk en aanleg!

Nie om sy verhale wat van soveel wetenskaplikheid en historiese sin getuig, sal hy lewe nie. Sy naam sal uiteindelik alleen bekend staan as die naam van die skepper van enkele onvergeetlike verse soos hulle verskyn het saamgebundel in

## EUGÈNE NIELEN MARAIS

*Gedigte* (1925). As ons afsien van die twee vertalings — een uit Von Chamisso en een uit John Burns — en *Staan, poppie, staan*, dan bly daar net *dertien oorspronklike* gedigte oor, waarvan 'n hele paar buitendien nog kort is. Dit is die hele oes.

Marais se muse het hom waarlik nie dikwels besoek nie. Maar so 'n besoek was die moeite werd. Waardeur andermaal bewys word dat kwaliteit — en al bloei die kwalitatief-egte boom ook net een keer — digternaam en digterskap verseker.

\* \* \*

Uit 'n donker uitsiglose gemoedswêreld, begrens deur onomstootbare mure van die Noodlot wat ewig die skaduwee van sy neerdrukkende mag laat voel, uit so 'n liglose grond waar die lewensraaisel tot obsessie word, spruit sy mees kenmerkende verse. Hier dra „elke roos 'n dowwe blaar” en rys „in elke lag 'n sug van pyn,” en „'n druppel gal is in die soetste wyn,” want die skaduwee van Skoppensboer val oor alles.

„Net pagters ons  
van stof en dons  
om oor te voer  
na Skoppensboer.”

Al wat mooi is, word gou verrimpel

„want swart en droef,  
die hoogste troef  
oor al wat roer  
is Skoppensboer.”

Hierdie vertwyfeling van siel moet eindelijk oorgaan in magtelose, wrange spot:

„Gewis is alles net 'n grap!  
Ons speel in die Komedie mee  
geblinddoek met 'n lanferlap  
wat selfs die son 'n skadu gee.”

Harde, bittere sinisme wat met viool en fluit die akeligheid wil vergeet maak, al is die bewussyn verdroef deur die ewigblywende skaduwee van die Dood:

„Dus onverlee  
lag ons maar mee  
met elke toer  
van Skoppensboer!”

Nêrens het by 'n Afrikaanse digter die doodgedagte so intens-wrang geryp soos hier nie, nêrens so 'n meelywekkende uitgesprokenheid van betekenis nie!

En in die lykdig op Marie in *Mahlo-a-naledi* verbitter hierdie stemming tot opstandig-veroordelende geroerdheid:

„*Vaarwel, Marie,  
ek weet dit nie  
tot wie se groot genoeg dit kon strek  
jou reine onskuld op die vreeslik' pynbank uit te  
rek . . . .*”

Dit is dan ook natuurlik en in ooreenstemming met sy tragiese lewensgevoel dat hy in *Mabalel*, gedra deur 'n inboorling-motief, die verongelukking van die Kaffermeidjie in die seekoegat met so 'n deurdringende teerheid van waarskuwende stemtoon verobjektiveer het. Dit is tegelykertyd sy klankrykste vers waaruit die Kaffername sangerig-suggestief in ons oor bly hang:

„*Stadig deur die rietpensele,  
opwaarts uit die diepte, rys Lalele.*”

„*. . . Nooit onheilige gedaante uit die diepte van die hel,  
half so dreigend, half so fel  
as dié skadu, Mabalel!  
as die skadu wat benee jou  
uit die diepte opwaarts wel!*”

Daar is 'n swaarte van klank en ritme in hierdie *Mabalel-verse* wat plek-plek so sterk voelbaar word, soos bv. in die laaste van die aangehaalde reëls, dat jy die bedreiging van die half onsigbare skaduwee-gedaante van die krokodil as iets massaals en onafwendbaars gewaar word.

Dit is duidelik dat die ritme van 'n sodanig gestemde gemoed, willoos, kragteloos, afkerig van die daad, natuurlike uiting vind in 'n sekere traagheid van gang. En so 'n lewenstoon skep 'n bewegingsvorm wat 'n mens byna deurgaans in die verse van Marais teëkom. Daar is 'n sekere traagheid en matheid wat dikwels versluer momentsgewys sterk op die gevoel aandring en wat juis deur sy hoedanigheid so vrugbaar is aan suggestie en stemmingverdiepend werk.

„*Vinnig val jou voete in die paadjie Mabalel;  
vrolik klink die liedjie  
wat die klingelinge van jou enkelringe vergesel.*”

Die beweging waarvan ek praat, sal elke noulettende leser dadelik voel as swaarder wordend in die derde reel: „wat die klingelinge . . . ”

Marais se vers het 'n eie klank en daar waar dit kenmerkend is, 'n eie bewegingsvorm.

\* \* \*

Anders geaard en buitekant sy gewone vers staan *Die Smid*.

„O, sterk van spier, van harte rein!  
 Al is die yster groot of klein  
 hoe sterk of knap die hand mag wees,  
 die werk se bron is in die gees.”


Bedrywigheid in die smidswinkel, die blaasbalk aan die werk, vuurvlam en wit-gloeiende yster, alles klaar voor die verbeeldingssoog lewend, maar deurglans van 'n dieper lewensaanskouing, die sinnelike tot geestelikheid veredel. Maar meer nog. Die smid wat hier werk, hy en sy handlangers, hulle is nie dagloners nie, begaan net oor gewin, maar die staatsmakers van 'n pioniernasie, wat bande kort en nawe boor, die wa sterk en stewig bou vir die trekker „deur Dorsland en woestyn . . . al met die sonpad mee tot waar hy opkom uit die see — die trekker met sy wa!” Die beeld van die smid rys hier op ver bokant die terrein van alledaagse smee-roetine, simbool van krag en siel-suiwerheid en deeglikheid, en hy staan voor ons in die volle draagkrag van sy nasionale betekenis soos hy in die dae van Afrikaner-ekspansie sy onmisbare aandeel gehad het aan volksbou. Die primêre gegewens, vuur, gereedskap, smeerwerk en die wa, dit alles win in die verbeelding 'n vërreikende nasionale perspektief.

„Die verte hou vir hom g'n vrees—  
 hy weet die werkman is getrou gewees —  
 Blaas hoog die vlam!”

Maar soos reeds gesê, *Die Smid* vorm 'n uitsondering deurdat hier 'n positief lewenskragtige toon verneem word. Origenis is by Marais afwesig die wil tot die daad. Sy vers word gedra deur gewonne lewenswysheid; die sombere toon vrug van 'n benouende lewensgevoel. In homself gekeer soos die liriese temperament gewoon is, het hy net by troebel waters gedrink, egter sonder om op te kyk na Bowe.

Marais se vers het 'n eie klank en eie beweging, en wanneer nege-tiendes van vandag se gangbare Afrikaanse verse by die nageslag vergeet sal wees, sal *Die Smid*, 'n *Winternag* en *Mababel* nog voortklink soos gelui van kerkklokke 'n reisiger agtervolg lank nadat hy die landskap van hul tuiste verlaat het.

1936.



JAN CELLIERS.

# JAN F. E. CELLIERS

**J**AN CELLIERS is die Afrikaanse volksdigter genoem, en dis 'n erenaam wat dadelik aantoon watter plek hy in die Afrikaanse letterkunde en by die Afrikaanse volk inneem. Hy was die tolk van wat daar in die hart van sy volk omgegaan het; in sy oorlog- en vaderlandse verse het hy sy volk se gevoelens eenvoudig en direk verwoord.

Hy is op 12 Januarie 1865 op Wellington gebore. Op jeugdige leeftyd is hy saam met sy ouers na Kaapstad, waar hy skoolgaan. In 1873 is hy na Pretoria, waar sy vader *De Volkstem* opgerig het. Hier besoek hy weer die skool totdat Engeland Transvaal in 1877 annekseer, en nou werk hy by sy vader se koerant. Hy gaan weer 'n rukkie op Wellington skool en keer terug na Pretoria, waar hy Meester Louis se skool besoek. In 1887 vertrek hy na Holland om in Delft en Leiden vir landmeter te studeer.

Jan Celliers het baie gou besef dat hy nie matematies aangelê is nie, en op die duur het die wiskunde-studie vir hom 'n marteling geword. Nou eers het hy ontdek dat hy meer van letterkunde hou, hoewel hy reeds van jongs af baie lief was vir lees.

Ná 'n verblyf van drie jaar in Holland het hy teruggekeer na Transvaal. Hy het 'n tyd lank landmeterswerk gedoen en toe 'n betrekking in die Onderwysdepartement in Pretoria aanvaar. In 1894 is hy getroud met Susanna Dürr, en in dieselfde jaar kry hy 'n aanstelling as Staatsbibliotekaris. Met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog het hy op kommando gegaan. Toe hy in Pretoria deur die Engelse vasgekeer is, het hy in die klere van sy vrou ontsnap.

## JAN F. E. CELLIERS

Ná die oorlog het hy 'n paar jaar in Switzerland gaan woon, en daar het hy sy bekende gedig, *Die Vlakte*, geskryf. In 1907 is hy terug in Suid-Afrika. Ná veel gesukkel kry hy 'n verdienste in die Département van Binnelandse Sake, waar hy vertaalwerk moes doen. Hy was baie ongelukkig hier, maar in 1919 het die verlossing gekom toe die Universiteit van Stellenbosch hom 'n buitengewone professoraat aangebied het. Nou kon hy al sy aandag aan letterkunde wy. In 1926 tref 'n groot ramp hom met die dood van sy geliefde vrou. Drie jaar later het hy sy professoraat bedank en stil in Kaapstad gaan woon. Op 1 Junie 1940 is hy in Johannesburg oorlede. Hy is in die ou kerkhof in Pretoria begrawe.

Die volgende digbundels het van sy hand verskyn: *Die Vlakte en ander gedigte* (1908); *Die Rivier* (1909); *Uniekantate* (1910); *Martjie* (1911); *Die Saaier en ander nuwe gedigte* (1918); *Jopie Fourie en ander nuwe gedigte* (1920); *Die Lewenstuin* (1923); *Die Groot Geheim* (1924) en *Liefdelewe* (1924). Hy het nog 'n bundel verhale uitgegee: *Ou Gawie en ander verhale en sketse* (1924), en 'n paar dramas: *Liefde en Plig* (1909) en *Heldinne van die Oorlog* (1924).

(a)

### JAN CELLIERS SE GEDIGTE.

#### HOE SOMMIGE DAARVAN ONTSTAAN HET.

Die Redakteur van *Die Huisgenoot* hou by my aan dat ek iets moet skrywe oor die ontstaan van my gedigte. Hy verseker my dat daar 'n voldoende aantal lesers van die tydskrif is wat in so-iets belang sal stel. So 'n onderwerp is altyd min of meer biografies van aard; en dis moeilik om die skyn te vermy asof 'n mens valletjies stel om die goedkeuring van die publiek te vang vir klein of groot persoonlike eienaardighede. Baie outobiografieë getuig ook werklik daarvan, en tog lees ek sulke dinge graag, want die studie van die mens is die interessantste studie, nie alleen in persoonlike kunswerke nie, dog ook in sulke persoonlike ontboeseminge, wat altyd veel waarde bevat. Dit kom daar eintlik minder op aan of die skrywer homself mooier voorstel as wat hy werklik is: die vernaamste is dat hy ons gedagtes gaande maak oor die diepe en ware en skone en goeie, en ons leer om onsselwe daarin te vind. Die groot les van die opvoeding is tog maar om uit omgang met persone en geskrifte, onsselwe te vind en op te bou.

Ná wat ek hier gesê het, waag ek dit om oor bogenoemde werk te skrywe — netso goed as ek dit gewaag het om in my gedigte self myself te openbaar. En dat aan my gevra word om oor my gedigte te skrywe, is 'n bewys dat die gedigte min of meer populêr is — d.w.s., dat ek ander ook aan hulselwe geopenbaar het, dat ek die algemeen-menslike en algemeen-nasionale toon goed getref het; en dis vir my baie verblydend.

As ek op my jongere jare lê, is dit vir my glad 'n wonder dat ek vandag voor die publiek gaan staan en praat, en dit waag om dinge te skrywe en te laat publiseer. Niemand tog was meer teruggetrokke en menssku as ek nie, sodat ek van liefderyke en besorgde syde dikwels moes hoor dat ek bang vir die mense was, „timide,” onmaatskaplik, onprakties.

Miskien sal dit die goedgunstige leser interesseer om 'n gediggie te lees wat ek in dié dae van onsekerheid, van soek en tas en baie lees en nadink, geskrywe het; ek het dit nou die ander dag weer ontdek in 'n ou dagboekie van my uit dié dae. Wat my toe nie so erg verwonder het nie, val my vandag op — nl. dat die gediggie in Engels geskrywe is.

Die res van die dagboekie was darem in „Hoog”-Hollands — miskien sou die Nederlander sê „Bijna”-Hollands. Ek was toe al baie onder die invloed van Hollandse lektuur, en natuurlik ook van die Hollandse skool. Dog op almal van ons het die eerste Engelse skole, met hul leesboeke vol gedigte en mooi opbouende opstelle, groot invloed gehad. En wie nie die geluk het om onder ander invloede te kom nie, bly maklik by die opvatting dat alles net in Engels goed uit te druk is.

Hier is dan die gediggie wat ek bedoel:—

*I know not whence the tumult comes,  
like constant roll of battle drums,  
it goads my fever'd spirit on  
yet nought provides to act upon*

*The bounding pulse, the active mind,  
outwearied by the daily grind  
of puny task and languid peace,  
do loudly clamour for release.*

*Is nothing due, is nought to come  
and, at the end, is this the sum?  
Oh, weary spirit, cease to ask —  
there is no work, no greater task.*

JAN F. E. CELLIERS

*Provide alone for thee and thine.  
Who cares for aught but "I" and "mine"?  
What force hast thou of mind or hand  
to claim a place above the band?  
I crave no place, I flee the crowd  
What constant call, then, rude and loud,  
now beckons "come," then bids me "stay",  
intruding on my lonely way?*

Dat die ontboeseming in digvorm geskrywe was, is darem opmerklik vir my. En dit nogal in die dae toe ek so in die wiskunde verdiep was, en min of meer selfs daarop verlief was, dat ek bepaald meer gehou het van padlangse uitdrukking in prosa. Die wiskunde (nodig vir my studie as landmeter) het my in die begin werklik bekoor: ek moes daarby voortdurend dink aan die ou Griekse tempels wat so sonder oortollige opsmuk, vas en sonnig en eerlik op hul sterk pilare staan. Dog die bekoring het verdwyn toe ek later by die waarskynlikheidsrekening gekom het; die geskarrel met foutjies-vereffening, e.s.m., het my gewalg, hoeveel eerbied dit my ook al afgedwing het vir die menslike vernuf wat dit alles uitgedink het. Dit was vir my of ek nie diep en duidelik genoeg kon sien en vat wat my daarvoor geredeneer geword is nie. Dit het vir my op die duur te yskoud geword, te min in verband gestaan met die hele ryke lewe en gevoel en natuur en skoonheid, dit was vir my te eensydig. En selfs op eie gebied het dit my nie bevredig nie; dikwels as ek wou stilstaan en vra, is aan my gesê dat ek tevrede moes wees met wat my voorgesit word: daar was geen tyd vir inslaan van sy-weë nie, vir spekulasies wat buite die draadheining van die vakpad gaan nie. Snaaks dat ek dit gevoel het terwyl alle lus in die vak vir my tog reeds verdwyn was — ek het besef dat ek dit in die wiskunde nooit ver sou bring nie; dog die weg daarvan wat bo my vak gaan, het my darem baie nuuskierig gemaak. My onmag daarin het my enigszins bedroef, dog ek was daar gou oor; die hele ding is dat 'n ander nooi my al van kleins af meer bekoor het, en my hele hart in beslag gehad het. Ek herinner my nog goed, al was ek toe maar ses of sewe jaar oud, dat ek sterk onder die betowering was van die dennebosse op die plaas van my grootvader, nie ver van Platkliip af nie, teen die helling van Tafelberg. 'n Heeltemal ander bekoring het die groot Afrikaanse vlaktes op my gehad, waar ons kort daarna deurgetrek het, op ons reis na die Transvaal; die kontras was verrassend, en die indruk blywend, dog dit had die versterking van rypere jare nodig om tot uiting te kan kom.

Met betrekking tot my blyk dit uit alles — soos dit al dikwels geblyk en gesê is in verband met ander van veel groter kaliber — dat vereensaming met die natuur en met die gedagtes en gevoelens van eie siel, dikwels gevolg word deur 'n lewe en werk wat die verste van vereensaming af is, wat geestesverwantskap en familieskap stig in veel breër kring as wat ooit verwag of vermoed kon word.

Meer as een jong Afrikaner het my al geskrywe en gevra hoe ek tog gemaak het om digter te word — hulle dink dat daar 'n soort resep voor is. By die lig van wat ek net gesê het, kan ek aan al sulkes antwoord: dat dit vir my lyk of vereensaming die beste voorbereiding is vir uiting van die beste wat in ons is — op enige gebied. Dog hier moet ek dadelik iets sê wat soos 'n teenstrydigheid lyk — en dit is dat so 'n vereensaming nooit regtig vrugbaar kan wees as dit nie geselskap hou nie, en wel met die grootste en beste geeste wat die wêreld bewoon het van die vroegste tye af. Daarby moet ons leer om ons rug toe te keer aan al die vertoningryke, lawaaimakerige skyngrootheid van ons dae, die kinderagtige vuurwerk en blinkgoed en die blikkies en porseleintjies, van 'n halfkroon se waarde, waarop groot kinders so trots is en op hul bors dra as hulle 'n uitlandse handvat aan hul naam gekry het. Ons moet ons van dit alles afsonder om te luister na wat die stiltes en dieptes openbaar, in grote geeste, in onsselwe, in die Natuur; dan sal ons iets hoor wat werd is om te hoor, en dan sal die beste kans bestaan dat ons ook miskien iets sê wat werd is om gehoor te word. Geboorte bring ongetwyfeld veel mee; dog, helaas; ondoelmatige opvoeding is oorsaak dat die kans waarvan ek net gepraat het, vir menigeen verlore gaan, sodat vereensaming vir hulle leegheid beteken en dus verveling — en dit ontvlug elkeen tot elke prys; daarom maak die bloeden-donder-skrywertjies vandag nog so baie geld, daarom is die bioskoopsele elke aand so vol, daarom is daar soveel kletspraatjies oor mekaar se persoonlike aangeleenthede.

Ek het gedink dat bowestaande aanlopie nodig was — vir menigeen bevat dit natuurlik baie ou nuus — om nogmaals sekere kontraste onder die aandag te bring, sekere hoofinvloede of vername punte weer aan te stip wat die saak onder bespreking vir ons duideliker maak.

Drie en twintig jaar ná ons vertrek uit die suidelike streke van ons wêrelddeel, en ná ons reis deur die eensame velde noordwaarts, het plotseling op 'n namiddag, in die trein, die veld vir my sy siel geopenbaar; dit was op 'n reis na Delagoabaai om die opening van die spoorweg te vier (1895) — die reis

was naamlik 'n nommer van die feesprogramme. Ek weet dat ek op die oomblik na 'n struik of boompie gekyk het wat 'n skaduweetjie gewerp het; en in verband daarmee was daar iets in die lug of lig van die namiddag oor die Hoëveldse vlakke wat my die eensaamheid daarvan laat voel het soos nooit van tevore nie. En wat ek daar gevoel het, het my van dié dag af in besit geneem en was iets moois in my lewe. Ek het daarvoor gefantaseer en dit op onbestemde manier in verband gebring met die lewe van die wilde diere uit vroeër dae, die swerwende Kafferstamme, die Voortrekkers. Dog vaste vorm het die losse gedagtes en indrukke nie gekry nie. Teen die end van 1899 — dus sowat vier jaar later — het ek meteens self 'n swerwer oor die vlaktes geword deur op kommando te gaan. Gedurende die swerf- en vegtogte van meer as twee jaar — nag en dag oorgelewer, dikwels sonder beskutting, aan die luime en willekeur van mooi of kwaai weer — het die veld sy karakter en sy stempel nog dieper op my siel afgedruk. Ons klein burgermagte moes dikwels die aantog van vyandelike oormagte vermy, en so het ons somtyds dae en weke aaneen stil gelê op plekke waar hulle ons nie maklik sou kan vind of vaskeer nie. Dag aan dag kon ons dan rustig die sonnige stille vlaktes oorstaar; ons enigste tent was die sterrehemel, en die vol maan het ons oë toegedruk in die slaap. Die kleure en vorme van die wolke, die sonsondergange, het ek in alle gedaantes en skakeringe mog geniet; van my bed op die grond het ek die son sien opkom agter die grashalme en skitter in die doudruppels. Op een van ons trekke het ek, van die wa af, so sit en kyk na die lange stroke — verskillend van kleur — wat die verre rante oor mekaar se rug uitrek, agter die blonde gras; en ek sien dat ek die dag in my oorlogsdagboekie aangeteken het dat die veld nog eendag sy komponis sou kry wat dit in skone tone sou besing. Op brandwag het ek gestaan in die nag, reg-orent in die gietende reën. Die blits en donder van ons somerstorme is skrikaanjaend, dog ek sou hulle nie graag gemis het nie.

Met die al het dit nog geduur tot 1904 voordat ek die spoorslag gevoel het, voordat ek dit gewaag het, om iets daarvoor op papier te sê. Ek was toe in Switserland; en by 'n herlesing van Shelley se pragtige „Cloud” het die vorm en opvatting van daardie gedig meteens vir my 'n lig opgegaan oor die weg wat ek sou moet inslaan om my gemoed te ontlast van die drukkende verpligting tot uiting, wat die vlakke op my gelê het. Ek het toe begin, in „Hoog” Hollands; dog gelyk met die oplewing, in Pretoria, van die beweging vir Afrikaans, het op daardie oomblik in *De Volkstem* verskyn die juweeltjie van Eugène



JAN CELLIERS MET SY KLEINDOCTER.

Marais, „'n Winternag" (ek noem dit die eerste regtige Afrikaanse gedig), en dit het my beweeg om onmiddellik in Afrikaans oor te slaan. Toe was daar geen keer meer aan nie — ek was vol van die vlakke: op die wandeling en oral het ek stukkie papier uit my sak gehaal, dit op wingerdmuurtjies en teen deure vasgedruk en invallende indrukke en beelde daarop neergekrabbel. En toe dit klaar was . . . het ek dit in my tafellaai weggebêre, ontstem en teleurgestel omdat ek, m.i. te min eer gedaan het aan die verhewe onderwerp. By geleentheid van 'n besoek van my broer — wat toendertyd in Duitsland gestudeer het — het my vrou my beweeg om dit aan hom voor te lees; en hy het my aangeraai om dit dadelik te publiseer. Dit het ek toe gedaan in *De Volkstem* (1906). Omtrent twee maande daarna verskyn in *Neerlandia* 'n baie gunstige resensie daarvoor, en 'n aanprysing van Afrikaans as skryf- en letterkundige taal. Daarby het ek verskeie private briewe ontvang van Afrikaners uit Suid-Afrika — en onder dié was ook 'n dame — om ingenomenheid met die gedig te betuig. Dit was vir my bepaald iets onverwags en verblydends — 'n teken dat ek diep en goed getref het, 'n teken dat ons mense begin oë kry vir iets meer en anders as die ewige politiek, vir iets meer as die aldags-aanblik van die dinge so buitekant vir aldagse doeleindes.

Deur meer as een is gesê dat ek in *Die Vlakte* Perk se „Iris" nagevolg het. Dis nie waar nie. Ek het eers veel later met Perk kennis gemaak. Die waarheid is dat Perk, sowel as ek, getref is deur die skoonheid van Shelley se werk. Myns insiens is Perk 'n nouer navolger van Shelley as ek, ook in ander dele van sy gedigte as in „Iris." In „Die Vlakte" het ek tog iets heeltemal anders behandel. En wat die vorm betref: sou Shelley, en ná hom Perk, dars alleen die monopolie mog hê van daardie besondere maatgang en vorm, en moet hulle almal wat dit ná hulle gebruik, „navolgers" genoem word? Maar hoe dan met die honderde sonnettedigters, en hoe dan met die vyfvoetige en talryke ander vorme, wat deur elkeen „nagevolg" word?

Ek herinner my dat ek in my kinderjare (sonder dat dit toe, natuurlik, enige besondere indruk op my kon gemaak het) in een of ander kinderleesboek 'n gediggie gelees het oor die katekwaad van 'n kind in die huis; maar eers op veel later leeftyd, toe ek in eie huishoue die katekwaad self mog aanskou, het die onskuldige ondeundheid my so getref dat ek daar die pen oor opgeneem het vir die gediggie „Klein Ondeug." Dog die herinnering het my gehelp om daar aan te gaan.

Dis nou 'n bewuste herinnering. Dog ek is daar oortuig van dat onbewuste herinneringe 'n ewe groot rol speel. Dog geen van beide soorte sou daar wees, of vir 'n skrywer ten minste van waarde wees, as die oorspronklike feit of gebeurtenis nie vanself 'n simpatieke snaar by hom aangeroeer het nie. Alleen in so 'n geval bly die roering of trilling bewaard in die geheime seinboek van ons wonderlike siel, om op 'n onverwagte oomblik weer voor ons op te daag, of liever ons te hulp te kom sonder dat ons eintlik weet hoe. In die meeste gevalle kom die openbaring of hulp as ons willekeurig (of onwillekeurig deur 'n gebeurtenis, of selfs deur 'n woord van iemand) in dieselfde stemming kom as toe die oorspronklike roering ontstaan het. Toe ons almal vol was van die tragiese heldhaftige dood van Jopie Fourie, toe ek nog nie die gedagte gekry het om te probeer daar iets oor te skrywe nie, het op 'n namiddag, by 'n gewone konwersasie, 'n woord ontval aan een van die geselskap, wat my op die oomblik die hele gebeurtenis in sy geheel en diepte laat besef het; ek het dadelik daar opgestaan om die eerste reëls te gaan neerskrywe van die gedig, en wel van die laaste strofe: „Daar trek 'n koeël,” wat die eintlike kern van die hele saak bevat. Die ander gedeeltes het later gevolg, en toe het ek gesien dat hulle vóór dié moet kom wat eerste geskrywe is en die eintlike konsepsie was. Dog met heel weinig van my gedigte is dit die geval; die konsepsie wat onafskeidelik met die eerste woorde kom, bepaal ook die plek van die eerste woorde, en hulle bly daar. Die konsepsie en eerste woorde klad ek oombliklik neer op die rug van 'n koeverf of enige stukkie papier wat ek in my sak het, gerus dat ek die verdere uitwerking daarvan nou tydgenoegsaam kan afwag, en dat dit seker sal volg. Ek sê tydgenoegsaam, dog in werklikheid ry die ding my van die oomblik af en moet ek elke oomblik weer iets opsakrywe, dikwels in die nag, tot alles klaar is.

Sommige konsepsies kom op so 'n manier dat dit nie te sê is dat hulle in verband staan met onderwerpe van dié dag of vroeëre herinneringe nie: die eerste reëls en konsepsie van „Trouw” het ek plotseling op 'n maanlignag in die tuin gekry. Dit kan wees dat ek eenkeer van tevore — deur lees of andersins — onder die indruk van 'n soortgelyke roering was, en ook op so 'n uur en by so 'n omgewing. Eenkeer het die eerste stoot vir 'n gedig ontstaan toe ek in een van die huise wat ek op straat verbygehoop het, toevallig enkele tone van 'n klavier gehoor het; ek het dadelik 'n beeld voor my gesien wat ek wou vaslê, dog weet regtig nie waarom juis daardie paar tone — so in haastig verbystap gevang — dit moes opwek nie. Sonder 'n

stoot of roering wat so, as't ware, vanself kom, gaan ek nie sit om „ekspres” iets te skrywe nie: dis veel beter om in so 'n tyd van dorheid of ongenoegsame geroerdheid, niks te doen nie, af te wag, ander werk te doen. In die geval van die *Uniekantate* moes ek wel in 'n bepaalde tyd aan 'n opdrag voldoen. Was ek vanself in die stemming gekom, dan had die werk heel waarskynlik 'n ander gedaante aangeneem; in die nood van die oomblik het ek toe maar gebruik gemaak van 'n model: „Die oorlog” van Jan van Beers. Ek vlei my dat ek dit met enige sukses passend gemaak het vir eie land en geskiedenis en natuur. Dis bekend dat toe my gevra was om iets te skrywe, as 'n nommer van die feesprogramma tydens die besoek van die hertog van Connaught aan Pretoria in 1910, ek gesê het dat ek dit alleen sou doen op voorwaarde dat dit aan die hertog in die oorspronklike Afrikaans voorgesing word. Ek het ook gesê dat ek nie bereid was om volgens versoek, iets op die Engelse vorstehuis te skrywe nie, dog wel iets oor ons geskiedenis. Of ek die geskiedenis so behandel het in die *Uniekantate* dat dit vir die ore van die hertog en sy gevolg aptyklik was, sal die leser wel kan beoordeel.

*Martjie* is in sekere sin die oudste van my gedigte: sowat agt jaar voor die verskyning daarvan het ek reeds daaraan begin, nou in prosa en dan in digvorm, en dit elke keer weer as onbevredigend opsy gegooi; dog dit het my al die tyd nie met rus gelaat nie. Die vierde uitgaaf daarvan het nou reeds verskyn.

Veel van elke skrywer se werk is natuurlik weergawe van eie ervaring, dog meestal nie suiwer volgens die werklikheid nie: die skrywer is nie fotograaf nie, dog komponis; hy doet 'n keus, hy besnoei, hy maak by, hy vat verskillende ervaringe van dieselfde soort bymekaar, dit kom daar net op aan om by sodanige komposisie suiwer in die gees of stemming te bly van wat voorgesit word. Veel beoordelaars en lewensvorsers maak 'n groot fout en tas ver mis as hulle in 'n skrywer se werk suiwer biografiese ontboeseminge sien. 'n Skrywer is 'n menigvuldige persoonlikheid, en verpersoonlik — net soos 'n toneelspeler — nou die een en dan die ander. Dit is my antwoord aan veel vriende wat my gevra het of *Martjie*, en ook ander werk van my, weergawe is van eie ondervindinge.

Liriese ontboeseminge, in verband met die natuur as andersins, is natuurlik suiwer gevoelde persoonlike indrukke. Die gediggie „In Assegaaiboskloof” is 'n suiwer weergawe van wat ek daardie dag gevoel het; op die plek self het ek dit dadelik in potlood in my sakboekie neergeskrywe, net soos dit daar is.

Kort ná sonsopgang het ek één more die konsentrasiekamp-

kerkhof by Irene besoek. Daar was nouliks 'n grafsteen te sien: so dig was die kosmosblomme toegegroeï oor die hele kerkhof. So iets moois van 'n kerkhof het ek nog nooit gesien nie. Dadelik daarna het ek die gedig „Blomme” opgestel. Helaas, die kerkhof het nie so mooi gebly nie: dis „skoon-gemaak,” en ek het in die koerant 'n loftuiging gesien op die man wat dit so deeglik van „onkruid” gesuiwer het. Hy mag dit skoon-gemaak het, op sy manier, dog onskoon ook — en so sal dit nou wel bly.

Oor geen gedig is my so baie geskrywe en gevra nie as *Die Rivier*. Dis darem 'n verblydende teken, 'n teken dat daar gelees word en moeite gedaan word om te verstaan. *Die Rivier* — soos die ervare leser dadelik wel sal insien — is 'n simboliese behandeling van die mens se lewe. Dog waar ek wil, het ek die simbool laat vaar om suiwer skilderend op te tree. Iemand onder my beoordelaars — dit was 'n ou skoolmeester — het my hieroor op die vingers geraps, en selfs gesê dat die gedig op 'n seker plek, êrens in die middel, maar gerus kon gestaak gewees het. Na die ou meester se oordeel het ek my „tema” te buite gegaan. Miskien dink ander ook so; dog sulke beoordelaars moet wel daaraan dink dat 'n skrywer hom nie laat skoolmeester in sy manier van werk nie, daarin heeltemal vry wil wees, en dan ook die beste kans het om iets goeds te lewer, al is die samehang en ordening miskien nie in ooreenstemming met skoolgebruik nie — al is dit selfs regtig laakbaar.

As ek die lysie van my gedigte so nagaan, dan herinner ek my dat „Stille Werkers” aan die hand gegee is deur die swart-op-wit weergawe van 'n knap skildery, 'n advertensieplaat, van klein afmetinge.

„Papbroekland” het ek geskrywe onmiddellik ná besoek aan 'n baie prominente Afrikaner-voorman, wie se huistaal Engels was, wie se seuns kakie en Skotse rokkies aangetrek het. Die verontwaardiging oor daardie soort het ek verder gelug in „Te Vroeg,” „In Slawetooi,” e.a.

Die „Uitvaart van Lenie” is 'n amper letterlike weergawe van 'n beskrywing uit ds. A.D.L. se boek *Woman's Endurance*, handelende oor die ellende in die konsentrasiekamp van Bethulie. Dis 'n boekie wat nog in Afrikaans behoort te verskyn; geen boek oor die kampe het my so geroer nie.

„By die portret van Sarel Celliers” het verskyn nadat ek die oorspronklike portret van die ou Voortrekkerheld gesien het. Die gedrukte portrette van hom wat verkoop of in tydskrifte gepubliseer word, is almal afskuwelik lelik en gee 'n paar skaapagtige bygetekende oë te sien wat glad nie ou Sarel syn

was nie. Hoe gouer die drukblokke van daardie lelike prente vernietig word, hoe beter.

Oor heelwat van my ander gedigte sou ek nog wat kan sê; dog ná bowestaande opsomming het die leser daar waarskynlik reeds genoeg van. Daarom hou ek hier nou maar op.

## DEEL II.

Die Redakteur van *Die Huisgenoot* skrywe aan my — nadat hy my eerste bydrae oor bogenoemde onderwerp geplaas het: „Skrywe maar weer oor jou gedigte: dit word baie waardeer.” Nou goed, dan wil ek dit weer ’n keer doen. As dit kan help om ander tot skrywe aan te moedig, sal ek baie bly wees. Dikwels veronagsaam ’n mens eie gevoelens of sienswyse; dikwels dink ’n mens dat ondervonde moeilikhede net persoonlik en onoorkoomlik is; maar as dan gesien word dat ’n ander dieselfde gevoel of ondervind het, kom die moed weer bo.

In my voorgaande artikel het ek wel gesê dat ek niks gaan sit skrywe voordat ek nie iets voel nie, en dat die eerste konsepisie in die meeste gevalle onveranderlik met die eerste woorde ingege word; die res van die gedig volg dan later.

Dit is so. Dog dikwels is daar ’n konsepisie sonder dat die gepaste woorde somaar tegelykertyd voor die gees kom: die siening of gevoel is daar, dikwels oorstelpend sterk, dog ook ’n gevoel van onmag om daar gepaste uitdrukking aan te gee — soos met my die geval was in verband met my gedig „Die Vlake.”

As die gevoel of siening sterk genoeg is, verlaat dit ons egter nooit weer nie. As ek dan tyd het, of ’n geleentheid kan waarneem tussen die steuringe van die lewe se aldagse gedoentes, soek ek die eensaamheid op met die doel om die bepaalde roering met alle krag op my te laat inwerk — let wel, dit is heeltmal iets anders as om ’n roering ekspres te gaan skep wat daar van tevore nooit was nie. As ek dit dan lank genoeg ongesteurd kan doen, val die woorde en die besondere vorm my in wat by die onderwerp pas. As dit nie gebeur nie, skrywe ek niks op nie; dan weet ek dat die ander dinge my te veel afgetrek het om so gou die juiste graad van diepe voeling te bereik. As iemand my dus kom vra — soos dikwels gebeur — om oor ’n sekere onderwerp ’n gedig te maak, voel ek altyd min of meer versteurd: ek kan dit eenvoudig nie doen nie, omdat ek op daardie oomblik beset word deur gedagtes en gevoelens wat heeltmal van ander aard is, en ek my gemoed of inbors nie so ’n draai kan gee dat dit dienaangaande met

syne ooreenstem nie; en dikwels bly sy insig of opvatting omtrent die saak my heeltemal onsimpatiek, sodat ek nooit aan die versoek kan voldoen nie.

Ander kan sê wat hulle wil, ek dink dat goedversorgde tegniek, sangerigheid, musiek, by 'n gedig pas. (Deur sleg te lees, gebeur dit somstyd dat ons sekere tegniek onversorg noem, wat dit nie is nie.) Die gedagte, die gevoel, kry daardeur 'n verhoogde krag — net soos by gesang en lied die geval is. Gedig is gesang; en omdat die mens dit gevoel het, is die digvorm aangeneem in onderskeiding van die prosavorm. Onderwerp en vorm moet een geheel van skoonheid en gepastheid wees. Geykte tegniek, soos bv. die vyfvoetige vorm, kan vir veel doeleindes dien; dog elkeen mag sy eie vorm en tegniek skep, sonder op enige voorganger of voorbeeld ag te slaan; daar is geen reël nie — eie gevoel moet ons die weg wys. Dis egter verkeerd om buitensporige bokkespronge te maak net met die doel om oorspronklik te wees — bang om te doen wat 'n ander persoon gedaan het. As die ander se vorm jou gepas voorkom, neem dit oor. As jou gedig regtig 'n gedig is, sal dit die doel tref, en sal niemand wat nie 'n haarklower is nie, uit sy pad gaan om wysheidjies oor jou vorm te verkoop. Sulke wysheidjies kry ons somtyds te hoor van 'n kritikus wat die hele hoofstrekking van 'n gedig nie verstaan nie, dog betaal word om iets daarvoor te sê, en dus maar iets sê. Regtig goeie kritici is skaars, dog onmisbaar. Uit wat ek in my vorige stuk gesê het oor die ou skoolmeester, ens., moet nie afgelei word dat ek goeie kritiek wil ontwapen nie: ek het daar self te veel nut van gehad.

'n Digter sal liewers gevaar loop van nie heeltemal verstaan te word nie, as om oorduidelik te wees — want die laaste is walglik. Maar dis wonderlik hoe dinge selfs misverstaan word deur mense wat onder die beskaafde, lesende, en selfs skrywende mense gereken word. So iemand vra my eendag: „Maar sê my tog, wat beteken die woord ‚Gésus‘ ” — so het hy dit uitgespreek, met die klemtoon op „ge.” Ek sê: „Ek weet nie; waar het jy die woord dan gesien?” „Wel,” seg hy, „in die eerste reël van jou gedig *Die Vlakte*, daar staan: ‚Ek slaap in die rus van die eeue gésus.‘ Moet dit nie Jesus wees nie?” So 'n vraag van so 'n persoon het my amper op my rug laat val van verbasing. Het hy die hele siel van die gedig en van die vlakte dan nooit gewaar nie? As hy dan so-iets eenvoudigs verkeerd lees, wat van ander? Ek sou nog meer vermaakliks in hierdie opsig kan vertel: praktiese veg-mense en politieke mense in 'n jong land soos ons syn dink en sê baie snaakse dinge oor verse en

„versiemakers.” Hoe sou dit anders kan wees? Daar is darem heelwat verandering te bespeur in die laaste jare.

In my vorige stuk het ek vertel hoe die „Uniekantate” voor die Hertog van Connaught en sy gevolg in Afrikaans gesing is deur ’n Afrikaanse koor van here en dames. Ek het vergeet om daarby te sê dat ’n Engelsman in Pretoria vrywillig aan gebied het om dit in Engels te vertaal, sodat die hertog c.s. kon verstaan wat daar gesing word. Ek het toegestem, en die Afrikaans en Engels in één boekie laat druk. Die Engelse vertaling was uitstekend goed. Die hertog en ander wat nie Afrikaans verstaan nie, het daar gebruik van gemaak by die koor se sing. Henri ten Brink het die „Kantate” op musiek gesit. Vir sover ek weet, is die musiek nooit gepubliseer nie — met uitsondering van dié van die „Unielied.”

Die gedig *Afrikanertrous* is nie op eie ondervinding gegrond nie, dog op dié van iemand anders. Die snaakste van die geval is dat die man wat hierdie ondervinding aan ons meegedeel het, glad nie geweet het waaroor ons lag toe hy daar by die koppie koffie kom nie.

„Brandvry” is wel op eie ondervinding gegrond. Die man van wie ek praat, het regtig so ’n aanspraak vir ons gemaak, en is op die manier dood soos daar staan. Eers veel later het die tragiese humor van die geval my getref.

„’n Snaakse Vryery” is die gevolg van ’n gedig van Daudet wat ek eendag gelees het: „Pour les prunes.” Ek het die ding op sy Afrikaans gevoel en weergegee. Noem julle dit plagiaat? Toe dan maar. As ek maar weet dat julle plesier daaraan het, en dit weet ek — en daarom weet ek ook dat dit goed Afrikaans is en dus geen plagiaat nie. Daudet vertel in sy gedig van tweetjies wat mekaar liefgehad het „pour les prunes,” dit wil sê „vir die grap.” Die nooi het in ’n pruim gebyt en dit toe aan die jonkman oorhandig; en dit was vir hom toe ’n genot om ook daarin te byt „sur la trace des lèvres roses” — dis die hele storie. Is dié van my nou nie heeltemal anders nie? Ek sou iets van dieselfde aard kan sê omtrent sommige van my ander gedigte, bv. „Die Ossewa”; dit het ek gedig nadat ek die „Twee Horsen” van Gezelle gelees het — ek weet self nie meer hoe lank daarna nie. As ek van ’n ander digmaat en vorm gebruik gemaak het, sou niemand van plagiaat of nadoen gepraat het nie. Maar aangsien ek gedink het dat daar geen beter vorm as dié van Gezelle te vind was vir so ’n onderwerp nie, het ek daar gebruik van gemaak — en met goeie gevolg, as ek mag oordeel na wat erkende bekwame Europese kritici van die gedig gesê het, en ook Afrikaanse. Wat plagiaat betref,

weet ek dat ek nooit só erg gesondig het as wat sommige van die grotes gedoen het nie: Virgilius, Milton, Goethe — om van ander nou maar nie te praat nie. En was dit wel sonde in hul hande? Daar kan nie van plagiaat sprake wees as iets 'n deel van ons eie siel geword het nie. En is dit nie juis wat elke kunstenaar van sy werk verlang nie? Lê daarin nie juis die betekenis en die krag van kuns nie? As ons eers leer sien het deur die oë van kunstenaars, sal ons dikwels, ook sonder op 'n bepaalde oomblik 'n seker werk van hulle voor oë te hê, dieselfde, of amper dieselfde, sê wat hulle gesê het. Hoe kan dit anders? Is ons nie almal mense nie?

Van verskeie van my gedigte is gesê dat dit navolginge is, waar dit volstrek nie die geval was nie. En ek kan eerlik sê dat ek slegs met enkele gedigte so te werk gegaan het as wat hierbo aangedui is.

„Die Spruitjie” is my ingegee by 'n stroompie in Switserland. Dog my hele siel was in Transvaal, soos die gediggie ook uitwys. Dieselfde kan ek sê van „Die Bergstroom.” Die natuurtonele van my eie land was my, by die werk, voor die gees; eers daar in Switserland het ek aan my gevoelens vorm gegee, omdat ek eers daar tot rus gekom en my hande vry gehad het van sleurwerk.

Die feite in „Japie Greyling” is presies histories waar. Ek het die brief van die moeder in my besit waarin dit alles vertel word. Bowendien het ek daar werk van gemaak toe ek in Europa was, en van die betreffende Engelse offisier ('n hooggeplaaste man in Engeland) bevestiging van die feite gekry. Hy voel 'n bietjie skaam oor die geval, is aan my vertel deur ander, en wil nie graag meer sy naam in verband daarmee genoem hê nie.

In „Die Oorlog” is „Die laaste aand” presiese weergawe van persoonlike ondervindinge. Al die ander gedigte onder daardie hoof is komposisies, persoonlike en ander elemente saamgevat.

„Dis al” is geskrywe lank nadat ek eendag 'n winter-impressie van die veld gekry het, op 'n treinrit.

Alle jong diere, dog besonderlike speelse katjies, is baie aantreklik en lief. Dog die gedig „Katjies” het eers ontstaan nadat ek besonder getref was deur 'n pragtige portret van jong katjies wat ek een aand in 'n kunswinkel se raam gesien het. Maar impressies word net so goed opgewek deur 'n kakelbonte advertensieplaat aan 'n muur. Daar is van die plate wat waarlik kunswaarde besit. Dog al is dit nie die geval nie, daar kom somtyds net 'n gebaar of 'n trek in voor wat diep gedagtes en gevoelens gaande maak. Sou dit kan

Martjie te kan sêges en hulle dus een die  
 handskrif daarvan moet beoordeel. Al hulle dit  
 nie goedgekeur het nie en is natuurlik  
 elders half jarek het en dit tog sêges het,  
 Is het nie jarek dit hulle anders ook manie  
 skrifte. beoordeel. Die beste sal wees dat se aan  
 die sekretaris skrywe (Dr. G. Knothe, Postbus 355,  
 Bloemfontein)

It het gelike: it had „Martjie“ moet skrywe  
 en nie „Martje“ nie, — dit duns nog al in  
 rubrie van die ou vel heeltentant affori  
 en jener affeans was.

It koop dat se in geneesmiddel sal  
 koj vir newe laafdjyn.

Met vriendelike groet woen ik uij,  
 Hoogachten et, een vriend

Jan. F. E. Celliers.

wees dat sulke trekke of gebare ons in die werklike lewe te gou verbygaan, mekaar te gou vervang en versteur, om veel indruk te maak? Met 'n plaat kan 'n mens ook doen wat jy met 'n persoon nie kan doen nie: jy kan dit lank staan en bekyk, tot jy daarin kan sien en fantaseer net wat jy wil.

„Die Murasie,” in die gedig „Die Rivier,” is een van baie wat ek in die oorlog gesien het. Hulle maak 'n indruk wat nooit weer uit te wis is nie; dit het my dikwels moeite gekos om my weer aan hul weemoedige bekoring te onttrek.

Van die gedig „Beyers” wens ek net te sê dat ek een van daardie kommando op „Waterbergse pad” was. Sommige van die nasionale gedigte in die bundel *Jopie Fourie* het in *De Burger* en ander nasionale koerante verskyn, onder aangenome name of letters, omdat ek — as amptenaar — toe nie gedurf het om onder eie naam te publiseer nie. Onder krygswet kon, sommige — soos bv. *Jopie Fourie*, „Onboeibaar” en ander — glad nie gepubliseer word nie. Dog vrinde wat dit by my gesien het, het my gevra om afskrifte daarvan te mag maak. En toe ek weer kyk, was hulle in die hele land, van die Transvaal tot die ou Kolonie, versprei, en is — tot ontsteltenis van vyande en van menige swakke broeder — op verskillende plekke voorgedra. Die gees van die tyd gee aan sulke gedigte hul besondere waarde — in die letterkunde van elke jonge en strydende volk het sulkes ontstaan. Die gees van die tyd verander met die loop van die geskiedenis, sodat sulke gedigte meer van tydelike as van blywende waarde is. Ek het dit uit die eerste hand wat hierdie gedigte, op een plek ten minste, praktiese diens bewys in verband met die laaste verkiesinge.

„In Verbygaan” en „Ma en Pietjie” is so van die lewe af geteken, ook „Waghondjies.”

„Gefop Oudjie” is gemaak op 'n ou Afrikaanse storie wat in ons kinderjare al bekend was, en seker reeds veel vroeër. Dog eendag in Switserland het ek dieselfde storie, net op Europese lees geskoei, in die feuilleton-kolom van 'n Franse koerant gelees. Het ons die storie uit Europa gekry, of omgekeerd?

Afgesien van die gehalte van my eie werk, waaroor baie verskillend geoordeel is (sommige minder gunstige buitelandse beoordelinge sou seker anders gewees het as die beoordelaars beter bekend was met ons taal, geskiedenis en omgewing), hoop ek dat wat hierbo gesê is, menigeen sal aanmoedig om selfvertroue te kry. Aan die ander kant hoop ek ook dat dit menigeen sal laat besluit om nooit weer te probeer 'n gedig te „maak” nie. 'n Diepe roering is 'n eerste vereiste, en dit kan

niemand aan homself gee nie, en dit is nie aan te leer nie. Van die mees hooggeplaaste en knapste mense in die maatskappy besit die nie, bly vreemdelinge in die sake van hart en gevoel. Ons ontvang nie almal dieselfde gawe nie en ook nie in gelyke mate nie. Daarvan hang ons hele betekenis af, vir 'n kleine kring en enkele persone, of vir 'n groter kring, 'n volk, 'n toekoms. Onder veelbelowende werk, kry ek veel „gemaakte” gedigte om te beoordeel, van persone wat begerig is om te publiseer. Ek het goeie rede om te dink dat sommige verwag om op so 'n goedkope manier naam te maak, en alleen om die rede skrywer wil wees. Gelukkig dat ons al 'n paar goeie kritici ryk is, wat waak en ons waarsku. Sommige korrespondente het my soveel per les aangebied, as ek hulle wil leer hoe om digters te word. Ek moet dit aldag nog self leer, ou kêrels! Dis my antwoord. Maar terselfdertyd is dit iets wat ons nooit kan leer nie. As julle hierdie raaisel nie verstaan nie, dan kan ek julle nie help nie, selfs vir £20 per les nie. As die geskikte grond in die siel aanwesig is, kan en sal dit vrugte dra van digterlike lewe, al word daar nooit 'n woord op papier gesit nie. So 'n swygende digter word dikwels eers tot verder en ryker ontwikkeling gebring, en tot uiting ook in geskifte, deur te sien wat deur ander in geskifte gelewer is. Daarom is my raad: Lees veel gedigte, van alle soorte en in soveel tale as julle kan. Steur julle nie aan die wat sê dat julle daardeur gevaar loop van julle oorspronklikheid te verloor nie. Wie se oorspronklikheid het uit homselwe ontspring, sonder iets of iemand wat daar die grond van is? Ons leer sien deur die oë van ander; dog alleen as ons self oë het, nie blind is nie. Juis deur veel letterkunde te lees, en dit nie alleen nie, dog ook beoordelinge van boeke — dikwels heeltelmal teenstrydig teen mekaar in — leer ons insien dat ons op eie bene moet staan en dit durf doen. En moenie bang wees nie: glo my, as jy eie bene het, sal jy hulle ook voel en gebruik.

1921.

(b)

### HOE EK BEGIN SKRYF HET

Meer as een maal is my reeds gevra om iets te sê oor die onderwerp hierbo aangedui. Ek het nie altyd ingewillig nie, dog wel een keer — omtrent tien of twaalf jaar gelede — in hierdie tydskrif.

Vandag keer die redakteur van *Die Huisgenoot* my weer voor met dieselfde versoek. Wel, omdat dit 'n nuwe redakteur en 'n ander lesende publiek is, vir 'n groot deel altans, sal ek nogmaals inwillig.

Op letterkundige gebied sal aspirant-beginners welig hier met meer vrug lees van 'n beginner se gesukkel en eerste skredes as van 'n erkende buitelandse grootbaas s'n — ja, veral as dit 'n beginner is in hul eie land, met eie toestande en moeilikhede wat hulle self ook ondervind. Ons hoop daarom dat nakomende beginners van voorafgaandes iets sal kan erwe en benut om, gaandeweg, ook vir ons land die bobaas-stadium voor te berei.

'n Mens se lus tot skrywe is die gevolg van leesgenot, d.w.s. van wat ander geskrywe het. Om te kan geniet, moet 'n mens kan voel. En gevoel is ongetwyfeld nie by almal in dieselfde graad of hoedanigheid aanwesig nie. Met verbygaan van die vraag omtrent oorerwing of latere aanwins, kan ek alleen dit sê: dat iemand wat nie getref word deur die wonder en die altyd-nuwe, selfs van gewone dinge en mense, nooit daaraan moet dink om skrywer te word nie. En ongelukkig sal iemand wat daardie simpatieke, deurskouende, fantasiebevrugtende belangstelling mis, nie kan verstaan wat hier bedoel word nie. Dog gelukkig as so 'n nie-verstaan hom die wysheid van swye leer.

Ek was nog 'n pure kind (op watter leeftyd presies weet ek nie, dog onthou dit darem goed) dat ek een dag met groot besorgdheid aan myself gesê het: ek is mal omdat ek aan so baie onmoontlike dinge deurmekaar dink. Ek weet nie of die uitspraak oor myself toe te skrywe was aan gevoel of sommer gedagtespokery wat ander kinders net so ondervind nie.

My eerste onderrig het ek gekry in Engelsmedium-kinderskole aan die Kaap, tot ek ses jaar oud was. Deur omstandighede het my moeder toe, enige jare lank, tuis op die skoolonderrig voortgebou, as my enigste onderwyseres. Sodat, toe ons in 1874 in Pretoria kom, ek vlot Engels kon lees.

Toe het sy uit die Kaap die boek *Robinson Crusoe* vir my bestel. Dit was 'n gebeurtenis van die allergrootste betekenis vir my afrigting na die kant van lettervretery. Ek het die boek verslind. Dit het my leeslus meteens soos 'n spuitvlam laat opspring. Ek het gesê: „meer, nog meer.” En moeder het vir my *Uncle Tom's Cabin* en *The Wide Wide World* laat kom.

Omtrent dieselfde tyd, of kort daarna, het ek weer beurtelings twee Engelse skole in Pretoria besoek. Wat die lesse betref, onthou ek nog net die vreugde wat ek had aan die artikels en gedigte in die leesboeke *Royal Readers*, *South African Readers* en ander leesboeke wat ek later ook in ander skole (Stellenbosch en Wellington) weer aangetref het. Ek onthou veral hoe ek in een van die boeke vir die eerste keer Shelley se *Cloud* geles

het. Ek het dit nooit weer vergeet nie; dit was vir my 'n openbaring en 'n vreugde vir altyd.

Ek had toe die geluk — en dit was 'n gebeurtenis van nog groter betekenis vir my taalontwikkeling en nasionale ontwaking — om reeds op negejarige leeftyd kennis te maak met Nederlandsmedium-skole.

In Nederlands het ek toe, tot my vreugde en verbasing, 'n ander skone taal ontdek, en naverwant aan ons Afrikaanse taal, waarin waarlik alles net so skoon en kragtig as in Engels uitgedruk word. Dit was 'n openbaring en 'n spoorslag wat te lank deur die Engelsmediumonderwys agterweë gebly het. Op die grond egter van gevoel en taalwaardering in die Engelse skole gelê, het die Nederlandse saad welig getier. In 'n minimum van tyd (ek was toe nege jaar oud) het ek in mnr. Kuiper se skool vir Nederlandse opstel gelyke punte behaal met die Hollandertjies van my leeftyd wat saam met hul ouers destyds uit Holland gekom het. Dit beskou ek as my eerste bewuste skrywerswerk wat ek met groot toewyding en plesier verrig het. Ek besit nog een van daardie opstelle; daar is maar drie taalfoute in, die konstruksie en bou was onberispelik. Ek moet hier by sê dat my geesdrif en vaardigheid groteliks te danke was aan die aansteeklikheid van ons meester se gevoelvolle verhaaltrant: ons had geen boek vir Algemene Geskiedenis nie. Vrydagnamiddag se laaste les was geskiedenisvoordrag deur meester, met die landkaart aan die muur. As hy dan oor Leonidas en Thermopylae of oor Rasende Roland in vuur raak en sy hoë, forse kurassiersgestalte heen en weer stap voor die klas, dan klop my hart bo in my keel en my bloed suis in my ore. Nie sodra is ek tuis nie, of onmiddellik begin ek met my opstel, om tog die opwinding so gou moontlik weer te geniet.

My sukses met hierdie geskiedenis-opstelle beskou ek as die eerste blywende spoorslag vir skryflus. En die na-verwante skone Hollandse taal het my leeslus laat vertiendubbel.

Ek het alle Nederlandse boeke wat ek maar êrens kon bykom, verslind: Tollens, Ter Haar, Helmers, Van Zeggelen, Beets, Van Lennep, Cremer, Bosboom, De Veer, alles, alles, voor die voet weg. Ek kon nie by vriende in die huis kom nie of ek hardloop na die boekrak om te sien wat daarop te vind is. Kennishonger was net so sterk as uitdrukingsbegeerte. En, wat ek ten opsigte van Engels nooit so gevoel het nie, ek het hele stukke en hoofstukke gelees, en daarna die inhoud uit my hoof gaan opskrywe om te sien hoe ek vorder met onthou, onthou veral van die skone krag en waarderykdom. Dikwels het ek alleen so op en neer gestap in die tuin, 'n pragtige volsin

herhalende wat soos musiek in my ore klink, en my arms laat op en neer wip van pure waardering en plesier en vreugde van nuwe verrassing. Ek mog, ek sou nie rus nie voordat dieselfde rykdom, skoonheid, krag, doeltreffendheid ook myne sou word. Somtyds het ek 'n paar dae gewag voordat ek die gelese stuk opskrywe uit my hoof, om seker te wees of ek wel blywend kan onthou. Die studie het by my 'n ware hartstog geword. Saterdag en Sondag het ek liefgehad omdat ek dan kon lees en lees aaneen, met weënde, deurproeënde genot.

Nee, ek moet darem sê dat ek niemand van my maats geken het wat so 'n boek- en taaldolheid had as ek nie. Ek het selfs 'n kinderboekie nie ongemoed gelaat nie.

Frans het ek reeds, as klein kind, aan my oupa se knie begin leer. Duits het ek myself geleer; ek het 'n soldate-roman van Häckländer in hande gekry en sommer begin lees, met 'n woordeboek. Toe ek klaar was, was ek oor die dam, altans wat lees en verstaan betref. En die twee tale se skatkamers van letterkunde was vir my weer nuwe en grootse openbaringe.

Nadat ek in die laaste paragraaf ietwat vooruitgehoop het, wil ek hier net tussenin voeg dat, toe die skole in Pretoria gesluit het, net voor die Eerste Vryheidsoorlog, ek 'n paar jaar lank weer Engelsmedium-skole bygewoon het, in Stellenbosch en Wellington. In laasgenoemde skool was ek nog maar in 'n laer klas. Ons kry toe een dag opdrag van mnr. Bam — een van die onderwysers — om 'n Nederlandse opstel te skrywe. En ek sal nooit vergeet nie met hoeveel verbasing die hele skool, en veral die leerlinge in die hoogste klas, my aangestaar het toe mnr. Bam bekend maak dat my opstel die beste van almal is. En geen wonder nie, ná so 'n leerskool in Pretoria.

Dis in hierdie tyd dat ek kennis gemaak het met die *Boys' Own Paper*, 'n tydskrif wat ek bepaald hartstogtelik liefgehad het (dis vandag glad nie meer wat dit toe was nie). Waarlik, as die Handhawers of 'n ander groep so 'n uitstekende tydskrif sou kan stig vir ons Afrikaanssprekende jongmense, sou hulle die beste weg inslaan tot aanwakkering van leeslus, weetgierigheid, taalgevoel.

Ná die herstel van die Republiek mog ek toe, in 'die Hollands-medium-skool van mnr. Louis in Pretoria, my skoolgaandae voltooi. Meester Louis het my letterkundige neiginge alle aanmoediging gegee. Hy het my boeke verskaf wat ek anders nooit in hande sou gekry het nie. Hy het my bepaald liefgehad. Buite skoolure, en sonder ekstra vergoeding, het hy my en Alexander van Breda spesiaal les gegee in wiskunde, algebra en die teorie van die landmeetkunde. Die keus van die land-

metersloopbaan as broodverdienvak was my eie en was my glad nie opgedwing nie, soos onlangs in *Die Kleinspan* van *Die Huisgenoot* te lees was, behalwe ander onsin omtrent my.

Die wiskunde-studie was baie swaar opdraanswerk vir my met my aanleg van 'n glad ander soort. Dog wat weet 'n kind of jongkêrel wat hy begin? En as hy begin *het*, word deursit en win 'n eresaak. Dis die onsimpatieke studie, opgevolg deur die nog veel meer onsimpatieke, ja walglike, vertalerloopbaan van later, wat my eintlik gebou het en 'n element van baie groot waarde in my lewe gebring het — vir myself altans, afgesien van afbreuk wat dit wellic gedaaan het aan 'n ruimer en vollediger uitlewe op taal- en letterkundige gebied. In syfers was ek so bot dat ek op vyftienjarige leeftyd nog nie die vermenigvuldigingstafel baasgeraak het nie. Ek *kan* eenvoudig geen belangstelling voel vir iets wat nie 'n beeld oproep en gevoel wakker maak nie. 'n Wiskunstenaar voel miskien 'n liefde vir sy werk wat ek nie kan begryp nie. Nogtans het ek 'n grenselose bewondering vir die koppe wat so 'n vernuftige hokus-pokus kon uitdink. Een groot diens het die wiskunde my egter gedaaan, deur waardevolle dissipline te bring in my ongeduldige, dikwels ordelose gees. Miskien het dit in daardie opsig alte dempend gewerk vir vrye kunsuitlewing. Dog dis vir my of ek nou groter genot skep in 'n statige, stabiele Griekse suiletempel.

Tydens die skooltyd by meester Louis, in 1884, het ek met my vader 'n besoek gebring aan Amajoeba. Tuisgekom het ek 'n aansporing gevoel om 'n gedig oor die slag te maak. Dit was in Nederlands, natuurlik. Ek het iets gefantaseer van 'n skedel wat ek daar opgetel het en wat my 'n verhaal van die slag gee. Ek het my kop enige dae met die ding gebreek en dit toe weggegooi. Dog rus had ek nie: ek het toe weer geprobeer, en werklik ook 'n gediggie saamgeflans, wat in *De Volkstem* geplaas is. Ek onthou nog twee reëls daarvan; dit het begin met 'n voorstelling van die slapende laer, onwetend van die Engelse se inneem van die kop in die nag:

„Lichtjes, ontwakende een voor een,  
kleuren de tenten in 't lager beneen.”

Dit was naamlik soos die Engelse dit van bo af gesien het in die vroeë môreskemering. En dan het ek hulle verder die statige psalmgesang laat hoor van die môrediens, deur yle lug boontoe gedra.

Wel, uit meester Louis se skool het ek toe, in 1887, na Holland gegaan om my verder in die landmeetkunde te bekwaam. Veral die ingewikkeldhede van die hoër wiskunde

was ekstra taai kos vir my. Ek onthou iets wat ek destyds geskrywe het (in my dagboekie?) oor die wiskunde wat my „hart koud maak.” Ná afwerk van die dag se kollege-aantekeninge het ek dan dikwels tot eenuur en later in die nag sit en lees en lees in my geliefde boeke, om die hart tog weer 'n bietjie warm te maak.

Ná my terugkoms in Pretoria, enige jare later, het ek 'n jaar lank landgemeet in die bosveld. Toe gooi ek dit weg en word amptenaar by dr. Mansvelt op kantoor. (Dis nie omdat die meganies geworde toepassing van wiskunde, vir landmeetdoel-eindes, my nog moeilikheid opgelewer het nie; wat ek nie kon uithou nie, was die geïsoleerde veldlewe, weg van genoegsame aanraking met die groot wêreld se kultuur en kuns, waarvoor my belangstelling intussen lewendig opgewek was.) Ek wag my kans af en bewerk dit so dat hy my aanstel as Staatsbibliotekaris. En daar was ek waar ek wou wees: in 'n hemel van boeke. Ek het my dit dan ook ten volle benut.

Dit was in daardie dae dat ek my eerste gediggie — of liever rympie — in Afrikaans gepubliseer het: „Onse Pieknie,” gepubliseer in my bundel *Jopie Fourie*.

Toe het die tyd van die ingewikkeldste en geweldigste geestelike beroeringe vir my eintlik aangebreek. Op aanvraag het my goeie vriend, prof. Bellaar Spruyt van Amsterdam, my 'n aantal boeke oor die wysgebeerte gestuur. Ek onthou hoe ek hom geskrywe het dat die bespieëlende wysbegeerte my veel minder aantrek as die wysgebeerte van die lewe — al sou ek nie weet waar om 'n grenslyn te trek nie. Aan al die beroeringe het ek, in digmaat en prosa, uiting gegee in my dagboekie. Daar lê dit nou nog weggesteek vir alle oë behalwe myne. Een gediggie daaruit het ek eenmaal volledig in *Die Huisgenoot* gepubliseer, die enigste Engelse gediggie; en dié het getuig van die storm-en-drang in my waaraan ek nie uitdrukking kon gee nie. Die gediggie begin so:

*I know not whence the tumult comes,  
like constant roll of battle drums.  
It goads my fever'd spirit on  
yet nought provides to act upon.*

Was ek soos die strydros van die Bybel wat die aankomende stryd reeds van ver geruik het?

Net voor die Tweede Vryheidsoorlog, toe alle kanse op vrede verspeel was, het ek in die *Express* van Bloemfontein 'n Hollandse gedig of rympie geplaas, „Oproep tot die stryd,” of so-iets.

Dit het in ieder geval nie alte lank geduur nie of daardie „battle”-rumoer, in my Engelse gediggie vooruitgevoel, het hoorbare en tasbare werklikheid geword, wat my toe oorfloedige stof opgedring het om op te ageer of „act,” sowel met die roer as met die pen.

Alhoewel my skryfwerkzaamheid op kommando eintlik die vorm aangeneem het van 'n dagboekie, wat ek gereeld bygehou het, moes ek ondervind dat daar ook dadelik 'n drang was om my in digmaat te uit. 'n Paar van die gediggies (Hollandse) het ek geplaas in *Ons leesboek*, wat ek later vir ons volk opgestel het in Switzerland.

Ek het in my dagboekie afskrifte opgeneem van verskeie Afrikaanse gediggies of rymoefeninge deur Boere op kommando gemaak. Ekself het daar die gediggie *Ou oom Willem aan sy ou Baadjie* opgestel — in Afrikaans. Dog *Die ou Murasie* — teen die end van die oorlog gemaak — was weer in Nederlands.

Kort ná die oorlog is ek weg na Europa met my gesin. Voor sien van boeke deur Nederlandse vriende, het ek toe (in Switzerland) eers begin met die opstel van *Ons Leesboek*, in Nederlands.

By rustig inkeer tot eie inwendige bestaan het ek toe gevra: wat kan ek uit die dieptes daarvan ophaal? Ek het wanhopend geword omdat ek geen vatplek kon kry nie en begin toe maar weer lees, bestel boeke by die biblioteek van Lausanne. Daar val my oog toevallig weer op *The Cloud* van Shelley. Oombliklik spring dit in verband met 'n indruk wat die vlakte van die hoëveld agt jaar gelede op my gemaak had en wat al die tyd in my gelewe het sonder dat ek daar bevredigende uitdrukking aan kon gee. Iets sê aan my: daar is jou vorm vir „Die Vlakte,” pak hom! Ek was toe net ene onrus. Met opsyskuiwe van die nog varse oorlogsindrukke laat ek my deur die vlakte betower en lewe net daarin. Die eerste koeplette word in Nederlands neergeklad, op enige stukkie papier en net waar ek loop of staan — onweerstaanbaar, vanself.

Daar begin die Tweede Afrikaanse Taalbeweging in Pretoria. Ek bistry dit, omdat ek dink dat Nederlands daarby heeltemal van die baan geskuiwe word. Korrespondensie met Pretoria oortuig my dat dit nie so is nie. Ek slaan onmiddellik om tot 'n sterk voorstander van Afrikaans. En ek skrywe en voleindig die gedig *Die Vlakte* in Afrikaans.

Die onverwagte sukses van *Die Vlakte* nadat ek dit 'n jaar in my laai laat lê het, het my moed gegee. Die oorlogsindrukke, volks- en vryheidsideaal, het toe in my verder werk weer sterk op die voorgrond getree, en sal steeds die grootste en sterkste

wees wat my besiel, al vind dit miskien skrale of geen uitdrukking meer in geskifte van my nie.

Ná ons verblyf in Switserland, en alvorens na Suid-Afrika terug te keer, het ons nog nege maande in Holland vertoef. Dit word vertel dat ek daar opleiding in letterkunde geniet het. Wel, dit het uitsluitlik bestaan in die bestudering van die geskiedenis van die Nederlandse letterkunde, van veel kritieke e.a. aanverwante geskifte en die versamel van veel aantekeninge — alles onder eie leiding en op eie houtjie, vir eie onderrig.

Daar word deur meer as een gesê dat die invloed van die Nederlandse Tagtigers duidelik in my werk te bespeur is, al het ek aanvanklik op die ouer skrywers geteer.

Alvorens ek die Staatsbiblioteek vir altyd verlaat het om op kommando te gaan, was daar slegs enkele boeke van die Tagtigers te vind. As dit by my 'n besondere rewolusie bewerk het, sou ek dit stellig onthou het. Dis net of ek, ondanks die amper uitsluitlike lees van die oueres, vanself in die rigting van die Tagtigers ontwikkel het, gebou — soos hulle self — ook deur ander letterkundes as die Nederlandse. Ek het voor die voet weg bont gelees, nooit aan koers of koersverandering gedink nie, in lees so min as in skrywe. In albei (soos trouens in alle ander dinge ook) was my doen en ontwikkeling individueel, het ek nooit geweet van skool of rigting nie, en die standpunt wat ek as skrywer bereik het, is dus ook individueel — wat dit ook al mag wees of beteken. Ek het nooit ouer skrywers met nuweres vergelyk of teen mekaar opgeweeg nie. (As ek sê ek het bont gelees, van alles, wil dit darem nie sê sonder predileksie nie: natuurlik, na eie inbors en opvoeding had ek 'n eie inwendige uitsoek- en uitskakelmentor; en dié het my altyd aan studielektuur die voorkeur laat gee bo blote verhaal- of beskrywingslektuur, ja, het eintlik van alles studielektuur gemaak. En in my keus kon ek, na eie aptyt, eie weivelde soek, onbelemmer en onbelas deur enige leerskoolperke of kurrikulum.)

Ek is oortuig daarvan dat dit vir my of my werk weinig verskil sou gemaak het as die Tagtigers glad nie bestaan het nie.

Verwysende na dr. C. M. van den Heever se kritiek op my laaste boek, in *Die Huisgenoot* van 6 Oktober ll., sal hy nou beter begryp waarom ek, uit my oogpunt beskou altans, nie soveel beswaar het teen die lees van die ouer skrywers nie. Hy sê die volk moet net die moeiliker modernes lees, al staan hy verbyster. Maar so 'n verbysterde man smyt dan alle Hollandse boeke weg en vat Engelse. Dr. Van den Heever is verkeerd as hy dink dat ek minagtend neersien op alle kritiek,

en ek kan nie begryp hoe hy dit uit my laaste boek verstaan het nie: hy het my, sonder fyn op te let, sommer onder een kam geskeer met andere wat hy op die oog had.

Ná my terugkeer uit Europa in 1907, het ek in Pretoria agt maande lank sonder werk rondgeloop. Toe kry ek 'n possie in die Departement van Binnelandse Sake. My werk was om minutes (diensbriewe in omslag) op die rakke weg te bêre in nommervolgorde. Ek moet glo 'n baie suur gesig daarby gesit het — al was ek baie bly om die £20 per maand — want ek het 'n diensbrief onder my oë gekry waarin vermeld word dat ek die werk as „infra dig” beskou.

In ieder geval, ek is toe by die Argief geplaas. Die werk daarvan kon ek egter nie behartig nie, omdat Binnelandse Sake geen geskikte vertaler had nie, en eenvoudig al hul vertaalwerk na my gestuur het. Dit het, enige jare later, gelei tot my vaste aanstelling as vertaler by Binnelandse Sake.

Die ou *Brandwag* was toe net opgerig. Dr. W. M. R. Malherbe — tans professor in Stellenbosch — het redakteur geword. Dis ek wat die tydskrif sy naam gegee het. Ek was vuur en vlam daarvoor. Dog in plaas van nou met hart en siel daarvoor te kan werk, moes ek sit en vertaal van die môre tot die aand, my aandag wy aan die fynste besonderhede van polisieregulasies, varkenskos, konstruksie van kaffergemakhuse, slaghuisregulasies, pluimveevoer, ontmanning van bulle en hoenderhane, en net alles wat vir my onsimpatiek en prosaïes en vies was. Dis in dié tyd dat ek die gediggie *Ironie* gemaak het; nadat my — by geleentheid van 'n lesing in Bloemfontein gelewer — 'n pen present gegee is deur die vereniging *Ons Taal*.

Ek het somtyds gevoel of ek kan beswyk. En die marteling het tien lange jare aangehou. Of daar toe werklik iets van waarde in my doodgewurg is, kan ek moeilik sê. Iemand wat my in daardie tyd besoek het, sê nou die ander dag aan my dat ek toe aan hom gesê het: „Ek voel soos 'n bom wat kan bars.” Dit het amper bomenslike krag gekos om moed te hou en blymoedig te bly. Dit mog my egter geluk. Die volgende gediggie (gemaak toe ek, deur die venster van die kantoor, buite duiwe sien vlieg het) getuig daarvan:

WITTE DUIWE.

*Witte duiwe in die lug,  
dankie vir jul bly verskyning.  
Peuterwerker  
in my kerker,  
sweef ek tog, bo sielsverkleining,  
met jul mee in vrye vlug —*

## JAN F. E. CELLIERS

*neergedruk, maar nie bedruk nie,  
swaar belas, maar nie gebuk nie,  
lewend-dood vol lewensmoed;  
want liefde lei, en God is goed.*

Dat ek kon bly staan teen die verdrukking, is alleen daardeur te verklaar dat ek tyd *gemaak* het, nie alleen vir skryfwerk nie, dog ook vir openbare lesings deur die hele land — waarby ek my dan werklik gevoel het soos 'n duif losgelaat uit sy knellende hok.

Ja, ek het tyd *gemaak*. My gewete sê aan my, *gesteel*. Dog volmondig kan ek dit nie toegee nie: Ek het gesit en vertaal in 'n kamer waar nog baie ander kêrels gewerk het. Ek wou deur niemand op die hande gekyk word nie en het voorgegee dat ek êrens alleen moet sit om ongesteurd te kan werk. Van die een na die ander leë of amper leë kamer het ek so rondgevlug. Diep in die kamer, met my gesig na die deur, met 'n aaneengeslote ry groot woordeboeke voor op die tafel, sodat 'n binnekomende persoon nie kon sien wat daaragter plaasvind nie — so het ek sit en werk vir ons geliefde *Brandwag*, boeke deurgelees vir informasie, geskrywe, geskrywe, sodat nagenoeg elke nommer van die *Brandwag* 'n bydraag van my had, dikwels selfs onder aangenome name of letters.

As 'n stuk vertaalwerk klaar was, het ek dit nie gaan aankondig nie, dog 'n nuwe onwelkome opvolger daarvan afgewag. Die tyd tussenin het ek beskou as my tyd en dit gretig benut vir my liefingswerk. As iemand dan binnekom met die gevreesde nuwe pak tikskrifblaaië om te vertaal en my so druk besig sien, dink hy seker wel dat ek aan vertaal is. As so 'n nuwe dik pak inkom, wat my miskien weke besig sal hou, en my wreed steur in my studie en skryfwerk, dan kon ek somtyds my woede nie beteuel nie: die inbringer van die martel-instrument is skaars uit die kamer of ek smyt dit op die vloer en vertrap dit (kinderagtig, nie waar nie?) voordat ek die eerste hap in die walglike brok gee.

Van *my* altans kon nie gesê word dat ek kantoorure se tussen-tyd of werkuurtyd ooit benut het vir byverdien-werk nie. Want nooit was daar sprake van dat ek vir my bydrae tot die *Brandwag* ooit vergoeding sou aanvra of kry nie. Geesdrif is al wat ons geroer het, en daarin het ons ons hele beloning gesoek en gevind; ek glo dat alleen betaal is vir die suksesvolle prys-opstelle of stories van die Nuwejaarsnommers.


1933.

# C. LOUIS LEIPOLDT

**C**HRISTIAAN FREDERIK LOUIS LEIPOLDT is op 28 Desember 1880 op Worcester gebore. Sy vader was ds. C. F. Leipoldt, tweede seun van Johann Leipoldt wat in 1818 aan die Kaap aangekom het en die eerste sendingstasie op Ebenhaezer aan die Olifantsrivier gestig het. Die grootvader het nog later Wupperthal gestig en is daar, voor die geboorte van ons digter, oorlede. Leipoldt se moeder was 'n mooi Esselen, 'n suster van advokaat Ewald Esselen. Leipoldt se vader was eers sendeling op Prauserak in Sumatra tot 1879, toe hy teruggekom het na die Kaap en predikant geword het van die N.G. Kerk, en as sodanig tot aan sy emeritaat gewoon het op Clanwilliam. Daar het Leipoldt sy jeug deurgebring, met tussenposes van 'n maand of twee as sy vader die Sinode in Kaapstad bywoon. 'n Skool het hy nie besoek nie, maar tuis van sy vader onderrig ontvang. Maar tydens hulle besoeke aan die Kaap het hy die klasse van professor Hahn in sielkunde aan die S.A. Kollege bygewoon. Hy het ook gewerk onder prof. Macowan in die goewernements-herbarium en is deur hom en ou meneer Bolus in die geheime van plantkunde ingewy.

Ná matrikulasie (1897) het hy sy staatsdienseksamen afgelê, en daarna toetree tot die redaksie van *Het Dagblad* van ds. S. J. du Toit. Daar het hy gebly tot die stigting van die *S.A. News* in 1899, toe hy Hollandse verslaggewer van dié koerant geword het.

Met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog het hy as korrespondent van verskillende blaaië opgetree, o.a. van die *Nieuws van den Dag* in Den Haag, die *Petit Bleu* van Brussel, en die *Chicago Record* en *Manchester News* — almal pro-Boer blaaië.



DR. C. LOUIS LEIPOLDT.

## C. LOUIS LEIPOLDT

In 1900—1901 was hy werksaam as spesiale verslaggewer van die Rondgaande Hof wat aangestel was om die Kaapse rebelle te verhoor, en moes hy die vonnisse neerskrywe in snelskrif. Daarvandaan terug, het hy die redaksie van die *S.A. News* op hom geneem totdat die blad in 1902 onder die krygswet stopgesit is. Toe het hy na Europa vertrek en as joernalis rondgeswerwe en o.a. die stakinge in Holland, België en Frankryk gerapporteer. Daarna het hy hom as mediese student laat inskrywe by Guys' Hospitaal, Londen.

Gedurende sy studentejare was hy redakteur van sir Henry Burdett se blad *The Hospital*, en in dié hoedanigheid het hy kennis gemaak met al die groot hospitale in Europa en Amerika.

In 1907 het hy afgestudeer as dokter in die medisyne, en ná hy as huisdokter in Guy's Hospitaal werksaam was, het hy na Berlyn gegaan waar hy hom veral toegelê het op orthopaedie; vandaar na Gratz waar hy vir 'n jaar kindersiektes bestudeer het. En toe na Amerika om die orthopaediese en kreupelgestigte van Lovett en Coldthwaite te besoek. Ná sy terugkeer in Londen het hy die „Fellowship of the Royal College of Surgeons" behaal en is toe verbonde gewees aan die Duitse hospitaal te Dalston en die kindershospitaal te Chelsea. Hier was hy werksaam tot 1911 toe hy om gesondheidsredes sy betrekking moes neerlê en 'n lang seereis onderneem. Hy het vir dié doel na Nederlands-Indië gegaan, waar hy Java, Sumatra en Borneo besoek het. Ná sy terugkeer is hy aangestel as skooldokter van Hampstead in Londen en het daar gewerk tot hy in 1914 as hoof van die Mediese Inspeksie van Skole in Transvaal aangestel is. In 1919 is hy in dieselfde hoedanigheid in Kaapland aangestel. Hy tree in 1923 toe tot die redaksie van *Die Volkstem* in Pretoria, en vestig hom dan in Kaapstad as kinderarts. In 1926 is hy aangestel as redakteur van die *S.A. Geneeskundige Tydskrif*, en in 1939 word hy voltydse sekretaris van die Geneeskundige Vereniging. Ná sy aftrede op sestigjarige leeftyd, wy hy hom hoofsaaklik aan joernalistieke werk. Hy is op die oomblik besig met die versameling van gegewens oor die lewe van Paul Kruger, waarmee hy in 1906 begin het.

Reeds as knaap het Leipoldt begin skryf: op agtjarige leeftyd het hy, na aanleiding van Limburg Brouwer se *Akbar*, self 'n treurspel te voorskyn gebring. Vier jaar later het sy eerste verhaal, in Engels, in die koerant *The Cape Argus*, verskyn. Gedurende die oorlog het hy vir die Nederlandse kunstydskrif *Elsevier's Geïllustreerd Maandschrift* sketse geskryf. In 1900 is geplaas *De Rebel*, 'n episode uit die oorlog, en in 1901

*Bambinelino*, 'n beskrywing van die dood van 'n suigeling in een van die konsentrasiekampe. Die sketse self was in Nederlands, maar die dialoog in Afrikaans. Dergelike stukke het in Engelse tydskrifte verskyn, o.a. twee Engelse sonnette in *The New Age*. In beide behandel hy die moord op Scheepers.

Afgesien van sy veelsydigheid, beskik Leipoldt oor 'n geweldige werkvermoë. Tot dusver het hy in die veertig oorspronklike werke uitgegee; hy het boeke vertaal, en saam met dr. P. C. Schoonees en J. J. Jordaan het hy 'n reeks skoolleesboeke opgestel.

Van sy boeke noem ek slegs enkele: (a) *POËSIE*: *Oom Gert vertel en ander gedigte* (1911); *Dingaansdag* (1920); *Uit drie wêrelddele* (1923), en *Schoonheidstroos* (1932); (b) *DRAMA*: *Die heks* (1923); *Die laaste aand* (1930), en *Onrus* (1931). (c) *PROSA*: *Waar spoke speel* (1927); *Galgsalmander* (1932); *Die verbrande lyk* (1934), en *Die dwergvroutjie* (1937). (d) *KINDERBOEKE*: *Die goue eier* (1937); *Kampstories* (1924); *Die mossie wat wou ryk word* (1931), ens.

[Meeste van die biografiese besonderhede ontleen aan *Die Brandwag*, Desember 1918.]

#### (a) EERSTE SKOFFIES

'n Kind wat aan homself oorgelaat word, mits daar in sy omgewing baie is waarin hy belang kan stel en hy ook nie heeltemaal minderwaardig is nie, sal altyd iets vind om hom besig te hou. Die rigting wat hy inslaan, sal nie altyd dié wees waarin hy later die beste herberg sal behaal nie. Maar soms gebeur dit dat die lus en die aanleg vir iets gepaard gaan, en dat daardie eerste stappe van toenadering hom op die pad bring wat hy in die vervolg sal betree.

So was dit ten minste in my geval. In die pastorie op Clanwilliam, waar ek my kinderjare deurgebring het, was daar 'n deeglike versameling boeke, en ons kinders kon daarvan gebruik maak sonder belemmering of sensuur. Op my vader se boonste boekrak was 'n aantal mediese werke, meegebring uit die sendingveld waar elke broeder so taamlik handlanger in elke beroep moes wees. Ek het nog 'n paar van hulle, en vandag lyk hulle baie ouderwets en uitgedien. Maar hulle was destyds die enigste lektuur in die studeerkamer wat nie sonder verlof aangeraak kon word nie. Die onderste rakke het soveel besit wat lesenswaardig en boeiend was dat ons eers nie daaraan gedink het om die boonste te bestorm nie. Eers later het die nuuskierigheid die oorhand gekry, en toe het ons nou en dan daarin gekyk. Op die onderste rakke was 'n paar boeke wat

my besonder bekoor het. Een was 'n pragtige Dante, 'n Duitse vertaling; die ander was Bunyan se *Heilige Oorlog of die Belegering van Mensesiel* met Doré se illustrasies. Ek weet vandag nie meer watter van dié twee my die eerste geïnspireer het nie. Ek onthou net maar dat my eerste bewuste poging om iets van my eie op papier te sit, 'n samespraak tussen Elshadai en Dante was. Ek sou vandag graag daardie gekrabbel wil oorlees, want ek is daarvan oortuig dat een van die twee die spreektrant van my vader moes gehad het en die ander dié van ou Jantjie Ruiters, ons hoofkleurlingkonstabel, wat maandeliks ons hare gesny en altyd oor moord en doodslag met ons gepraat het. 'n Kind is altyd 'n realis en gee getrou weer wat hy hoor. Dis net die volwasse skrywer wat soms aan sy helde sy eie persoonlikheid probeer gee.

Ek was toe, sover ek my herinner, tussen sewe en agt. Ons het maandeliks sekere Engelse en Duitse tydskrifte gekry, waaronder die *Daheim* en die *Boys' Own Paper*. Laasgenoemde het elke jaar 'n soort van Eisteddfod (hulle het die naam toe nog nie in gebruik gehad nie) gehou met allerhande wedstryde vir intekenare. Die deelnemers, wat van elke oord waar die blad gelees is, gekom het, is verdeel volgens ouderdom. Die jongste groep was onder nege; die tweede groep tussen nege en twaalf; die derde tussen twaalf en veertien, en so het dit aangehou totdat die boonste groep, kinders tussen sewentien en twintig jaar bereik is. Jy kon meedoen in versemaak, in opstelle, in oorspronklike stories, in tekenwerk, in timmermanswerk en in tal van ander onderwerpe en vakke. My broer, wat goed kon teken, het die eerste ingeskryf vir 'n wedstryd wat geloop het oor 'n kaart van Stevenson se eiland waarop die skat weggesteek was. Hy het die tweede prys behaal, en die sertifikaat wat na die pastorie gekom het, was so pragtig met sy gekrulde goudversiersels dat my eersug sterk geprikkel was. Maar ek kan nie teken nie; ek het nie die vaagste begrip hoe om Giotto se ronde O te maak nie, en van kartografie het ek altyd teruggedeins. Dis 'n ondeug wat ek tans nog besit — dat ek nie met 'n kaart kan klaarkom nie en my baie beter kan behelp met 'n beskrywing as met 'n kaart.

Maar een van die wedstryde was om 'n oorspronklike storie te skryf ter verklaring van 'n illustrasie wat die idee vir die storie moes gee. Die prentjie was van 'n geveg tussen twee ridders, en ek het daaruit 'n klein verhaaltjie — die opstel mog nie langer as 500 woorde wees nie — aanmekaar getimmer. My ridders het ek in die Sederberge laat beland, waar hulle, sover ek my nou herinner, gebaklei het oor die besit van 'n

## C. LOUIS LEIPOLDT

groot skat wat in een van die reusagtige stamme van die ou sederbome bewaar is deur 'n voetoog of eenoog, of so-iets. Waarskynlik was dit hierdie plaaslike kleur van die verhaal wat die beoordelaars getref het, want tot my verbasing het ek die eerste prys in my afdeling, vir seuns en meisies onder twaalf jaar, gekry. Die prys het bestaan uit 'n mooi sertifikaat en 'n poswissel van tien sjielings. Omdat ek my verhaal in die geheim geskryf en weggestuur het — my broer het meegeding vir die kaartteken met die wete en goedkeuring van die ouerlike gesag, maar ek was te skaam om iets van my probeerstuk te laat uitkom — kon ek alleen die sertifikaat behou (ek het nog 'n flentertjie daarvan êrens), maar die tien sjielings moes in die binnelandse sendingkas gestort word. Van dié dag af het ek 'n hekel aan die binnelandse sending wat dit miskien nie verdien nie.

Hierdie sukses het my aangespoor en ek het gekrabbel en gewerskaf met allerhande onderwerpe. Dit het my ten minste geleer hoe om woorde te rangskik en my ondervinding gegee in die rymelary. My eerste versies was ongerym — 'n slaafse navolging van Schiller se *Maria Stuart* — waarvan die handskrif, op blou papier, plegtig in die graf van een van ons afgestorwe mak reiers waggelê is. Ek weet nie waar die plek is nie, anders sou ek vandag uit pure nuuskierigheid die reier gaan opgrawe om te kyk watter soort goed ek destyds geskryf het.

Ek het aanmoediging gekry. My vader het my onderwerpe vir opstelle gegee en die werk gekritiseer. Meer nog, hy het my leiding gegee en my aangespoor om goeie letterkundige werke te lees, veral die klassieke werke van Engelse, Duitse en Latynse prosaskrywers. Oubaas Roberts, wat vir 'n tyd lank ons Engelse predikant was tydens die afwesigheid van eerwaarde Hampden Jones, het my ook baie gehelp. Hy kon selfs versies maak, veral in Latyn, en hy was 'n hartstogtelike bewonderaar van letterkundige styl. Aan hom het ek dit te danke dat ek vroegtydig bekend geraak het met sulke meesters van die geskrewe woord as Newman, Aquinas en Blake. Maar ek het nog niks van my werk in druk gesien nie, en soos elke jong seun wat letterkundige ambisie het, wou ek baie graag my kindertjies aan die wêreld voorstel. Ek het my eerste stukkie wat vir my goed genoeg gelyk het, toe ek dertien jaar oud was, in die *Argus* gedruk gesien, en dit was vir my miskien die heerlikste en gelukkigste dag van my lewe. Daarna het ek meer as een berig, meestal van plaaslike belang, aan die blad gestuur en daarvoor betaling gekry, met 'n brief van die

redaksie dat ek maar meer kon stuur. Later het ek begin stories skryf en een lang storie aan hulle gestuur. 'n Brief het teruggekom waarin die redaksie iets gesê het omtrent twee ghienies. Die handskrif van oubaas Powell, destyds hoofredakteur van die blad, was vir my vader en my byna onleesbaar. My vader het darem uitgemaak dat hulle twee ghienies wou hê om die storie te druk. „Dan moet jy maar skryf en aan hulle sê dat ons nie twee ghienies het om daarop te vermors nie,” het hy gesê. Met bitter spyt het ek dit gedoen, maar met die kerende pos kom daar 'n brief van mnr. Powell met 'n tjek vir twee ghienies ingesluit, waarin hy my meedeel dat hy die stuk aangeneem het. 'n Paar weke later het ek my eerste storie in druk gesien.

My eerste gedrukte versies het verskyn in die *New Age* tydens die Tweede Vryheidsoorlog; 'n paar van hulle is opgeneem in die bundeltjie *Oorlogsgedigte* wat later deur daardie blad uitgegee is. Maar toe was ek al negentien jaar oud en druk besig met koerantskrywery.

As 'n mens so terugdink oor die verlede, dan besef jy hoe baie jy te danke het aan geestelike aanmoediging en getroue vriende en hoe moeilik dit vir jou is om jou dankbaarheid daarvoor te betuig. Ek is in dié opsig baie verskuldig aan professor Macowan, wat my van die begin af aan, toe ek as veertienjarige seun eers met hom kennis gemaak het, aangemoedig en met sy kritiek en besieling versterk het. Ook aan meneer C. J. van Ryn, wat nog onder ons is, vir sy kritiek en kundige sensuur op stukke wat ek vir *Elzevier* en ander Nederlandse blaaië geskryf het. Wat ek aan my vriend, prof. Smith van Stellenbosch te danke het, kan ek skaars noem. Hy was my letterkundige eksekuteur terwyl ek nog in die lewe was!

Toe ek net deur die matrikulasie-eksamen was, het ek 'n brief aan die *Cape Times* gestuur onder 'n skuilnaam wat ek nou nie sal verklik nie. Die brief het aanleiding gegee tot hewige teenskrif, en meneer (nou senator) F. S. Malan het daaraan 'n hoofstuk in *Ons Land* gewy. Dit was die eerste keer dat ek kritiek op wat ek geskryf het in druk gesien het — kritiek ten gunste en kritiek ten ongunste, en dit het my amper net soveel geprikkel as toe ek my werk vir die eerste keer in druk gesien het. Sedert dié tyd het ek geleer dat 'n skrywer kritiek, hoe onbillik en hoe ongerymd dit ook mag wees, moet verdra, en dat onbillike kritiek nooit skade kan doen nie, want elke lesersal die onbillikheid daarvan insien, terwyl billike kritiek, hoe streng dit ook mag wees, altyd van waarde vir die skrywer is. Geen skrywer is totaal ongevoelig vir kritiek nie; ek ook nie.

Maar ná veertig jaar ondervinding van die vak, weet ek beter as om my vere orent te gooi as iemand die lus het om my getikte kinders sleg te sê.

Daar ons nou so te sê vertroulik met mekaar praat, kan ek sê dat ek geen besondere eienaardighede het wat betref my manier van werk nie. Ek skryf nie beter in 'n nagjapon, soos die geval was met Balzac nie; ek stook my nie met koffie of brandewyn voordat ek kan begin werk nie. Joernalistieke werk is gewone dagwerk; net soos elke messelaar kan messel as hy die gereedskap het, so kan elke joernalis 'n stuk skryf as hy genoeg gegewens besit — en meestal ook daarsonder. Dit wil nie sê dat hy nie soms eers swaar moet rondspartel om die gegewens te kry nie. Wat my suiwer letterkundige werk betref, wag ek totdat ek aanleiding kry om iets te skryf. Jy kan dit „inspirasie” noem as jy wil, maar gewoonlik is dit 'n verbygaande iets wat my die eerste gedagte vir 'n verhaal gee. Die uitwerking daarvan, die ontrafeling van die knoop — as daar 'n knoop in is — laat ek oor aan my verbeelding as ek skryf, en dit kom gewoonlik sonder moeite. As daar die minste belemmering is, dan sit ek die stuk opsy en lees dit ná 'n paar maande weer oor. Die verhaal wat my die meeste sonde en ergernis gekos het, is die waatlemoen-geskiedenis wat in een van *Die Burger* se Kersfeesnommers verskyn het onder redaksie van prof. Smith en wat nou in *Waar Spoke Speel* opgeneem is. Ek het dae lank daaraan gewerk om dit reg te kry, en dit nogal in die laeveld toe ek druk besig was met my skoolwerk. Die ander verhale is meestal vlotweg, in 'n paar uur, afgetik, nadat ek hulle oordink het.

Met digwerk is dit anders gestel. Soms gaan dit gou van stapel; soms wag 'n reël of 'n vers maande voordat ek hom kan erken as een van my kinders. My *Bergtragedie* dagteken van 1899, en gedeeltes daarvan — soos die lied van Wellington, Tulbagh en Kaapstad — is in 1903 in Londen geskryf. Dit is die enigste van my werke waaraan ek baie tyd en moeite bestee het om my gedagtes so helder as moontlik uit te druk. Miskien juis daarom is dit dat my kritici niks daarin kan sien nie.

Daar *Oom Gert Vertel* miskien die bes bekende van my werke is en ek baie briewe daaroor gekry het, kan ek hier 'n paar opmerkings daaroor maak. Ek antwoord nooit op briewe wat my aanspoor om „my versies te verklaar” nie. Nié omdat ek verwaand voel nie, maar eenvoudig omdat poësie vatbaar is vir meer as een verklaring — dit sou nie poësie wees as dit net maar die skrywer se eie mening, sy eie gevoel, sy eie gedagtes vertolk nie. En buitendien, as jy op een brief antwoord, dan

moet jy algar beantwoord. Laat dit my verskoning wees aan die seuns en dogters wat, gekwel deur die eksamenlas, soms by my kom aanklop om inligting wat ek nie durf gee nie. *Oom Gert* self is geskryf op Dordrecht, onderwyl ek op rondgaande hof was. Dit is na aanleiding van wat 'n oubaas aldaar vir my vertel het, en dit is min of meer realisties, met, natuurlik, vervalsing van name en plekke. Oor die gebeurtenisse daarin beskryf, hoef ek niks te sê nie; ons wat oud genoeg is om daardie dae te onthou, weet dat dit nie 'n oordrewe beskrywing is nie. *Japie* is ewe realisties; dit is die klage van 'n vriend wat *Japie* geken het, en ek het net as mondstuk vir hom gedien. *Die Seepkissie* het ek geskryf onmiddellik nadat ek van die Aliwal-Noord-konsentrasiekamp teruggekom het. *Aan My Ou Vrind* is gedig op die ope veld, vlak agter die huis waarin ek nou woon. Net 'n paar van die gedigte is in Engeland geskryf toe ek daar student was — daaronder is *Amsterdam* en natuurlik *Vrede-aand*.

Miskien word dit my hier toegestaan om iets te sê oor die bundeltjie as geheel. Van al my kritici — en die meeste het my vlelend behandel oor *Oom Gert Vertel* — was Verwey die enigste wat raakgesien het dat dit nie suiwer 'n *Ad Hoc*-pleidooi was nie, maar 'n vertolking van 'n jong seun se innige verontwaardiging oor onbillike behandeling en snode onreg, waar en deur wie ook. Dit het my altyd gespyt dat sommige van my Engelse vriende dit opgevat het as iets persoonliks teen hulle gerig net soos dit my altyd spyt dat my Joodse vriende nie die liefde en bewondering wat ek vir my ou smousvriend wat ek Mordechai genoem het — sy naam was glad anders, maar hy was huisvriend, omdat my vader baie ingenome was met die manier waarop hy Hebreëus kon lees — geopenbaar het, kon insien nie. Onder my skatte is 'n paar briewe van Engelse vriende, wat ten minste Afrikaans kon lees, wat *Oom Gert* se strekking ingesien en gevoel het, net soos Verwey. Meneer Merriman byvoorbeeld het my 'n brief gestuur, sodra hy die boekie in die hande gekry het, waarin hy my gevra het om dit tog as ek enigsins kan in Engels uit te gee, „omdat jy daarin juis die snaar aanroer waaraan ons algar, wat destyds ons uiterste bes gedoen het om daardie treurige ramp te verhoed, altyd getokkel het.” In dieselfde sin het die Engelse digter, Newbolt, toe hy 'n storie van my gelees en dit aangeneem het vir sy blad, aan my geskryf. „Ek sal dit druk,” het hy gesê, „omdat ek van mening is dat sulke gevoelens natuurlik en billik is, hoe tragies hulle ook mag wees, maar ek sou graag eers weet of dit nie in jou eie land sal aanstoot gee en tot

## C. LOUIS LEIPOLDT

misverstand lei nie." En *The Rebel* is eintlik niks anders as *Oom Gert* in 'n ander drag nie en met die tragedie van die oorlog meer beklemtoon.

Browning het beweer dat Shakespeare verspot was om sy hart te ontsluit met 'n sonnet. Miskien is ek verspot om te skryf wat ek hierbo geskryf het. Maar dit sou my spyt as daar nog lesers is wat dink dat wat ek ook skryf, ooit gemotiveer word deur persoonlike haat of neigings wat oorgedra word op partikuliere groepe van my medemense waar en wie hulle ook mag wees.

En dit is vir hierdie keer genoeg oor my en my boeke.  
1933.

### (b) OOR MY EIE WERK.

Die Redaksie het my 'n paar vrae voorgelê om te beantwoord. Ek sal hulle probeer bespreek met soveel objektiwiteit as wat moontlik is vir 'n skrywer as hy oor sy eie werk en die kritiek daarvoor moet praat.

Die eerste vraag is: In watter omstandighede is *Oom Gert Vertel*, *Die Bergtragedie* en *Uit Drie Wêrelddele* geskryf?

Hierdie vraag is maklik genoeg, omdat dit bloot feite betref waarvoor ek genoeg gegewens besit om met gesag te kan antwoord.

*Oom Gert Vertel*, soos in die kort voorrede van die eerste druk verklaar word, is 'n samestelling van allerhande los gedigte wat in my laaie bly lê het totdat my ou vriend, professor J. J. Smith van Stellenbosch, destyds student in die regte in Londen, dit ontdek en my oorgehaal het om dit uit te gee. Dis hy wat dit op hom geneem het om 'n uitgewer te vind, en dis hy ook wat die eerste, en daarna die tweede druk, persklaar gemaak het. Vir die spelling sowel as sekere wysigings in sommige gedigte is hy verantwoordelik, maar ek deel die verantwoordelikheid met hom, want hy het nooit iets verander sonder om my eers daarvoor te raadpleeg nie, en sover ek kan onthou, het ek ook nooit die minste beswaar teen sy kritiek of sy voorstelle gemaak nie. Ek het reeds my dank aan hom betuig en ek doen dit weer hier, met die toevoeging dat in later uitgawes, en inderdaad in byna alles wat ek tot omtrent 1926 geskryf het, professor Smith my altyd trou bygestaan het as taalkundige vriend en raadgewer, en dat ek maar alte bly was om van sy welwillendheid gebruik te maak.

*Oom Gert Vertel* bevat stukkies wat in my vroeë jeug gedig is, voordat ek uitgevind het dat daar waarheid lê in Horatius se gesegde „scribendi recte sapere est et principium et jons”;

toe ek nog veels te veel onder die indruk verkeer het van wat ek gelees en onthou het van my voorgangers en tydgenote. Die iambiese *Oom Gert* self, soos belese kritici dan ook dadelik bespeur het, was sterk gekleur met die weerklank van Dekker se *Golgotha*. Dis geskryf na aanleiding van wat 'n ou oom my meegedeel het kort ná die geveg van Labuschagnesnek; maar dit is natuurlik gewysig en, volgens die wenk van Horatius „verfraai” op wat ek nou sou beskou as 'n alte melodramatiese wyse.

Ek het die gedig in 1901 gemaak en dit sommer in potlood neergeskryf; 'n jaar later het ek dit in verbeterde vorm oorgetik. *Oktobermaand* (1897), *Ou Booi se Pondok* (1896), *Sterretjie* (1896), *Die Ou Meul*, *Mordegai*, *Op My Ou Karo* en die sonnette is algar jeugwerk, geskryf voor my sestien-sewentiende jaar. Die invloed van Browning (veral in *Ou Booi*), Stevenson, Lowell en De Genestet is duidelik merkbaar in die jeugwerke, en ek is daar geensins oor skaam nie, want ek het baie te danke aan my digterlike leermeesters. In een van die in *Oom Gert* gedrukte digterlike opstelle sal die kundige leser ook die invloed van Whitman bespeur, en ek moet sê dat ek daardie stuk vandag net so minderwaardig beskou as die werk van sy Amerikaanse model. Die stukke wat betrekking het op die Boere-oorlog is algar in 1889 (*Japie*), 1901 (*Seepkissie*, *Konsentrasiekamp*) of 1902 (*Vrede-aand*) geskryf; die *Opdrag* egter in 1910, toe Smith die bundeltjie persklaar gemaak het.

Elke jeugdige skrywer vind hom genoop om sy gedagtes of sy verbeelding in verstaal te probeer uitdruk, en ek was geen uitsondering op die reël nie. Rymlose vyfvoete, die tegnies maklikste en digterlik moeilikste maat, het my eerste bekoor, en sowel in Engels as in Nederlands het ek daarmee gepeuter totdat die drukte van daaglikse joernalistieke werk my nie veel kans gegee het om daaraan veel tyd te bestee nie. Eers deur ondervinding en opleiding het ek geleer om kaf van moontlike koring te onderskei, maar altyd was dit 'n plesier om te „dig,” al was die digting slegs klinkende assonansie sonder digterlike warmte of betekenis. Daaruit is die versies van *Oom Gert* gebore, sommige oorspronklik in Engels oorgesit in Afrikaans, en ander weer regstreeks in Afrikaans op papier gestel.

*Die Bergtragedie* het ontstaan uit 'n gebeurtenis wat my diep geskok het toe ek 'n jong joernalis in Kaapstad was, en dit is in potlood geskryf in Engels en Afrikaans in 1899. Die twee oorspronklike stukke verskil in menige opsigte van mekaar, en hulle het hier in Kaapstad bly lê totdat ek in 1914 teruggekom het. Eers in 1926 het ek hulle weer oorlees, en in altwee

het ek iets gevind wat my die moeite werd gelyk het om mee voort te gaan. Ek het toe die Afrikaanse stuk afgewerk, hier en daar gewysig en met behulp van professor D. B. Bosman van die Universiteit van Kaapstad persklaar gemaak. Die grootste gedeelte daarvan is egter ook jeugwerk, maar myns insiens van 'n dieper gehalte en met veel meer verbeeldingskrag as enigiets wat in *Oom Gert* opgeneem is. Ek kom later op hierdie punt terug.

*Uit Drie Wêrelddele* het ook sy ontstaan te danke aan my vriend professor J. J. Smith. Die grootste gedeelte daarvan is geskryf by my terugkeer van Nederlands-Indië in 1911-'12 ofskoon sommige gedigte daarin (net soos *Ou Amsterdam* in *Oom Gert*) in Londen vervaardig is. Die geskoolde leser sal wel self hier en daar die weerklank bespeur van voorgangers en tydgenote wat op my indruk gemaak en my tegniek en gedagtegang beïnvloed het. En ek wil hier skaamteloos bely dat ek baie verskuldig is aan Baudelaire, Grillpartzer, Noyes, Swinburne en Dante.

Die tweede vraag wat my gestel word, is: Watter werk van u skat u die hoogste, en waarom?

Dit is moeiliker om te beantwoord, want ek gee volmondig toe dat 'n arbeider nie die beste beoordelaar van sy eie werk is nie en dat hy nie daarvoor streng objektief kan praat nie. Ná byna vyftig jaar van skryf en tegniese oefening meen ek egter dat ek tog in sekere geringe mate geregtig is om 'n oordeel oor my eie werk te kan uitspreek en ek is bly om te verneem dat dit min of meer ooreenstem met dié van kritici vir wie se mening ek die hoogste agting het. Verwey het, saam met De Voos, my aanmoediging gegee toe *Oom Gert* verskyn het, maar hy sowel as ander het prontuit erken dat die gedigte daarin baie te wense oorgelaat het wat betref tegniek, en ek beskou *Oom Gert* ook glad nie as my beste werk nie. Die lof wat my toegeswaai is toe *Uit Drie Wêrelddele* verskyn het, is waarskynlik te danke aan stukke soos die sonnette-reeks en *Die Vlei*, terwyl die *Slampamperlidjies* (waarvan die eerste reeks reeds in *Oom Gert* verskyn het) 'n sekere populariteit gewin het. Maar ek dink my beste digterlike werk is bevat in *Die Bergtragedie*, wat dan ook deur Verwey en deur Lionello Fiumi as my beste stuk gedigwerk beskou word. Fiumi was so vriendelik om een van sy bundels aan my te stuur met die toevoeging: „A le poete de la tragedie de la montagne,” terwyl 'n ander kritikus my toestemming gevra het om die „filosofie” van *Die Bergtragedie* meer populêr bekend te maak. Ek beskou *Die Bergtragedie* as my beste werk, omdat dit die jeugdige

verbeeldingskrag voorstel saam met die liriese uitgelatenheid van 'n temperament wat, soos Wordsworth dit uitdruk, begin besef dat die engtes van 'n tronk hom gaan insluit; omdat dit tegnies beskou veel minder — afgesien van sekere drukfoute — foutief is as enige ander van my digwerke, en omdat dit gelukkig die laaste van my werke is wat sal verval tot wat Horatius altyd voor gesidder het.

*ut pueros elementa docentem  
Occupet extremis in vicis balba senectus.*

Die derde vraag is: Het die kritiek u enige hulp verleen?

Daarop kan ek met dankbaarheid en erkentlikheid dadelik „Ja” antwoord. Elke beoefenaar van 'n kuns is en bly 'n leerling; hy kan altyd voordeel trek uit wat ander oor sy werk sê, hoe afbrekend of onkundig dit ook mag wees. My eerste aanmoediging, om voort te gaan, het ek van kundige kritici en kenners van wie Verwey, Teerling, Jules Persijn en dr. De Clerq die vernaamste en vriendelikste was, gekry, en daarna van tal van ander sowel in Suid-Afrika as in die buiteland. Wyle Monsignor Kolbe het my veral bygestaan met opbouende kritiek en my aandag gevestig op menige tegniese en geskiedkundige foute wat ek begaan het (soos byvoorbeeld die flater om in *Die Heks* die kardinaal „Eminensa” te noem). Die kritiek wat ek die meeste waardeer, het natuurlik gekom van tydgenote wat self digters is — soos Verwey en Persijn en dr. Slauerhoff — en wat met kundige kennis van die vak kon praat en skryf.

Die vierde vraag is om: „een en ander te sê oor my prosa-werke.”

Dit is egter 'n veel moeiliker taak. Prosa, veral ons Afrikaanse prosa, is nog iets wat aan die opgroei is. Elke jong taaltjie begin met digwerk, en prosa en digkuns is so verskillend van aard dat dit onmoontlik is om 'n vergelyking te tref. Afrikaanse prosa is vandag nog in die stadium waarin dit verkeer het in die tyd van die Eerste Beweging — dit, ten minste, is my eie mening. Ek hoef net maar na die Bybelvertaling te verwys om my bewering te staaf. Iedereen wat die geduld sal neem om dit te vergelyk met die heerlike prosa van die Statebybel sal met my saamstem — ten minste as hy gevoelig is vir ritme en klank en waardigheid van woorde — dat die Afrikaanse vertaling ver agterstaan by die verhewenheid waaraan ons voorvaders gewoon was. My eie prosawerk is suiwer koerant-prosa, en dié van my tydgenote is nie beter nie. Ek dink nog dat een van die allerbeste stukkie Afrikaanse prosa te vind is in professor Smith se inleiding tot *Oom Gert*

*Vertel*, en ek hou ook baie van die prosa van dr. J. P. Smuts in sy *Filosofies-opvoedkundige Sketse*.

Dit bring my tot die laaste vraag: Wat dink jy van die Afrikaanse letterkunde in die algemeen: het dit lewenskrag en is die tekens hoopvol vir die toekoms?

Ek het as skrywer en joernalis 'n loopbaan van byna vyftig jaar agter my. Daarin het ek die stadige maar bestendige ontwikkeling van Afrikaans gesien, en as ek dit gadeslaan en daarvoor nadink, dan kan ek nie anders oordeel as dat ons reeds veel presteer het waarop ons met reg trots kan wees nie, maar wat ons ook eweveel reg kan laat verwag dat ons in die toekoms beter, skoner en meer skitterende werk sal lewer. Dit is wel waar dat die inmenging van politiek op letterkundig-estetiese gebied ons danig benadeel het, maar ek beskou dit as slegs 'n tydelike en verbygaande verskynsel, alhoewel die invloed daarvan vandag belemmerend en selfs vernietigend is. Meer belangrik miskien is die dodende druk van ons onderwysstelsel, wat letterkunde bloot as 'n taalvak beskou en ons opgroeiende jeug alle kans ontnem om, deur kennismaking met Vlaamse en Nederlandse letterkunde, in staat te wees om eiehandig wat in Afrikaans geskryf word te beoordeel volgens die maatstaf van 'n kundige en onbevooroordeelde estetiese. 'n Volk kry die boeke wat hy verdien. As hy nie bekwaam genoeg is om tussen waarheid en bedrog, tussen werklike skoonheid en klatergoudopskik, tussen egte humor en hansworskaskenades, tussen opregte hartstog en galsterige, geveinsde gevoel te onderskei en die verskil duidelik te besef nie, dan is hy ook nie in staat om 'n kunswerk te begryp, te skat en te waardeer nie.

By gebrek aan deeglike opleiding in ons skole is daar slegs een hulpmiddel wat vir ons oorbly om aan ons opgroeiende geslag daardie kundige kennis te verskaf, en dit is die pers. Ons Afrikaanse pers besef nog nie hoe ontsaglik veel dit kan bydra tot die ontwikkeling van ons letterkunde en 'n liefde daarvoor onder ons volk nie. Die Engelse pers doen in hierdie opsig beter kulturele werk as ons eie. Baie Engelse dagblaai plaas vervolghverhale, uittreksels uit boeke met 'n kulturele strekking, gedigte en opstelle. Meer as een buitelandse kunswerk op letterkundige gebied het sy eerste verskyning as 'n vervolghverhaal in 'n dagblad gemaak. Vroeër het ons ook 'n bietjie in die rigting probeer doen. Ek hoef net op te noem *Die Koningin van Skeba* en *Die Vlakte*, wat albei in nuusblaai verskyn het. Nou beperk ons sulke kulturele stukke tot week- en maandblaai en ons laat dit aan die dagbladpers oor om aan die volk te gee net wat sy estetiese smaak en sy begrip van letter-

kundige waardes kan bederf. Dit sou goed wees as ons besef hoe enorm groot die opvoedkundige waarde is van wat in die koerant verskyn, en dat ons gebruik daarvan maak om die letterkundige ontwikkeling van ons volk te bevorder.

Wat betref wat ons reeds presteer het, hoef ek nie veel te sê nie. Dit kan ten minste 'op eie pote staan en vergelyk uitstekend goed met wat ons Engelssprekende medeburgers voortgebring het gedurende die vorige twee geslagte, behalwe miskien op die gebied van suiwer letterkundige „opstelle” en lewensbeskrywings, waarvan ons veel te weinig besit wat iets beteken. Ons werk vir die drama, ons toneelstukke is in die algemeen beter as wat deur Engelssprekende medeburgers gelewer is, maar ongelukkig mis ons nog die nodige talent en bekwaamheid om sulke stukke op te voer, en ons bly nog gediend met minderwaardige opvoerings van ewe minderwaardige vertalings en prulwerke. Maar met president Brand kan ek volhartig saamstem: Dit sal alles regkom, mits elkeen van ons sy plig doen.

1940.

# TOTIUS

**J**ACOB DANIEL DU TOIT is op 21 Februarie 1877 in die Paarl gebore. Sy vader was ds. S. J. du Toit, die siel van die Eerste Tydperk in die Afrikaanse Taalbeweging, en ook genoem „die vader van die Afrikaanse taal.” Sy moeder is vroeg oorlede, en haar dood het ’n onuitwisbare indruk op sy lewe gemaak. As seun van ses jaar het hy nou by sy ouma in Daljosafat gaan bly totdat sy vader in 1885 weer getroud is. Nou is Totius na Pretoria, want ds. S. J. du Toit was destyds Superintendent van Onderwys in Transvaal.

Totius was eers op die Gedenkskool in Daljosafat en ’n tydgenoot van D. F. Malherbe en A. G. Visser, en daarna is hy na ’n Duitse kosskool op Morgenzon in die distrik Rustenburg. Toe is hy weer terug na die Gedenkskool waar hy by ds. F. S. du Toit geleer het tot Junior-sertifikaat.

In 1896 vertrek hy na die Teologiese Kweekskool van die Gereformeerde Kerk op Burgersdorp. Op 14 Junie 1899 lê hy sy proponent-eksamen af, en vertrek daarna na Transvaal waar hy op verskillende plekke preek. Met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog gaan hy saam met die Potchefstroomse en Heidelbergse burgers op kommando, maar as prediker. In Mei 1900 vertrek hy na Holland (Vrye Universiteit in Amsterdam) om verder in die teologie te studeer. Op 23 April 1903 promoveer hy met lof op ’n proefskrif: *Het Methodisme*.

In Suid-Afrika terug, is sy eerste werkkring Nylstroom, waar hy in die huwelik tree met ’n dogter van prof. D. Postma, die vader van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. In dieselfde jaar (1903) word hy beroep na Potchefstroom met die hele



TOTIUS.

## TOTIUS

Westelike Transvaal as sy gemeente. Sedert 1911 is hy professor aan die Kweekskool op Potchefstroom.

Totius is veral bekend as digter, en het verskeie digbundels gepubliseer: *By die Monument* (1908); *Verse van Potgieter's Trek* (1909); *Wilgerboombogies* (1912); *Rachel* (1913); *Passieblomme* (1934), en *Uit Donker Afrika* (1936). Verder het daar van hom verskyn 'n biografie: *Ds. S. J. du Toit in Weg en Werk* (1917), en 'n brosjure: *Die Vertaling van die Bybel in Afrikaans* (1932).

### (a) TOTIUS SE DIGTERSARBEID.

Deur C. M. VAN DEN HEEVER.

Totius is een van die Afrikaners in wie se teenwoordigheid 'n mens onmiddellik voel dat jy te doen het met 'n gees, 'n atmosfeer wat deur-en-deur Afrikaans is. In die aanwesigheid van meuse, veral persone met 'n sterk individualiteit, voel ons die haas onbepaalbare „iets" wat ons die geestelike atmosfeer van die persoon kan noem, en as ons dit aangevoel het, dan kan ons dadelik daardie persoon teen 'n sekere agtergrond, maatskaplik en andersins, plaas. 'n Tydjie gelede het ek buite die Goudstad lemoene by 'n verarmde Afrikaner gekoop. Hy was onversorgd, maar uit die hele figuur, die wyse waarop die baard gedra word, die trouhartige oogopslag, die gebare van die hande en die dralende manier van praat, het daar iets tot my gespreek wat my diep geroer het — die stem van rassebloed. Dit voer al ons gedagtes en assosiasies terug na ons eie jeug, na onself, en hoe seer ons ook al intellektuele aansluiting mag vind by ander soorte mense, miskien selfs by mense wat nie eens tot ons nasie behoort nie, nooit voel ons daardie geestelike affiniteit en intieme atmosfeer wat ons roer by iemand wat ons „eie mense" is nie.

So vind ons dat, in ons omgang met Totius, ons hele gees en aanvoeling teruggevoer word na die egte Boere-tradisie, in al sy fynere gevoelskakeringe: die gesonde konserwatisme wat tog nooit kleingeestig of bekrompe is nie, maar die nadruk lê op waardigheid, sedelike hoogheid en eerbied vir dinge wat goed en heilig is; ons voel sy erns en sy geworteldheid in ons hele verlede en tegelyk sy menslikheid en fyn-ontwikkelde sin vir die geestige en waarlik humoristiese. Dieselfde gesig wat so kan verstrak tot erns, kan minsaam verplooi as die gees op fynsprietige wyse die betreklikheid van alle aardse waardes erken. Daarom moet niemand hom dan ook voorstel dat Totius

## TOTIUS

'n ongenaakbare hardvotige Calvinis is nie — ook die woord „Calvinis” kry in Suid-Afrika soms vreemde omskrywings! — hy is intendeel 'n sagte, maar tegelyk indringende natuur. Sy beginsels en oortuigings lewe in elke gebaar; dit is 'n uitstraling van sy gees wat boei en die bewondering afdwing.

Totius staan, wat sy lewensgeskiedenis en die vormende invloede op sy karakter betref, feitlik tussen twee wêrelde: sy jeug lê vasgeanker aan 'n mooi oplewingstydperk van taalbewustheid, 'n periode toe hy sy vader gehelp het met *Die Patriot* en *Ons Klyntji* toe hy, tydens S. J. du Toit se verblyf in Transvaal as Superintendent van Onderwys, die Vierkleur sien wapper het en opgetoë die burgers sien uittrek het na die stryd om vryheid. En dan ná die oorlog: die nuwe oplewing van 'n dieper vloeiende volksgevoel wat verinnig is deur die worstelstryd, die verskerpte taalstrewe wat op volledige oorwinning sou uitloop en bekroon sou word met die verskyning van die Afrikaanse Bybel in 1933, 'n taak waaraan S. J. du Toit hom van die begin af gewy het en waartoe sy geniale seun al sy kragte as geleerde en as kunstenaar sou bydra. So het Totius die Afrikaanse strewe sien ontwaak in die Pêrelse omgewing en die groot oplewing in die Noorde ná die oorlog aanskou.

Hy kom uit 'n tradisie van waardige figure, met lang bosse baard, mense wat gehard is in die stryd van die lewe, maar ná hul daaglikse sware stryd met 'n weerbarstige aarde, hulle nog buig oor Gods woord, en met ruwe, vereelte hande na die sterre gerig, vir hulle verootmoedig voor 'n Alwyse Vader wat hulle soos kinders lei; 'n tradisie van nasiediens wat breed gedy in 'n tyd toe dit nog nie 'n skande, 'n maatskaplike dwaasheid was om 'n groot kroos te besit nie; toe die hoogste offers nog gewilliglik gebring is in die geloof dat die Here die beste weet waarom ons volk deur daardie dieptes van beproewing moes gaan, 'n tydperk van die rustige ossewa, vreedsame opruisende Psalms, vertroutheid met die allenigheid van die velde en swygsame ure by die waggure wat optril na die ewige sterre. So is die kweekaarde van Totius se gees gevorm, en sy studie in Europa, sy ure-lange verdieping in sy boeke elke dag, het net die werklik Afrikaner-wees van sy gees dieper en ruimer gemaak; dit het sy gesigskring verbreed en sy kennis verryk, maar dit alles is net ingeënt op die vaderlandse penwortel.

Sy hele optrede maak dan ook die indruk van 'n werklike idealis: die edel voorhoof, die fynbesnede gelaat en die blik in die oë wat altyd lyk of dit na die verte gerig is. Daar is

dan ook weinig Afrikaanse digters wat so 'n liefde het vir die ruimte van die velde, vir die eensaamheid, waarin hy wil „gekoester” wees, soos hierdie digter. Onder mense is Totius selde of ooit tuis, en ek kan my nie voorstel dat hy ooit op sosiale funksies meer as af en toe, net wanneer dit hoogs noodsaaklik is, gesien sal word nie. Op sy afgesonderde plaas, waar selde of ooit 'n geklop aan die deur die vrede versteur, daar is hy dan ook die gelukkigste. Met toegespitste aandag het hy hom daar, as Bybelvertaler, gebuig oor sy moeilike, skerpheid-vergende werk, en as byna onoplosbare vertalingraaisels hom vir ure gekwel het — veral die *Job* wou maar nie Afrikaans praat nie! — dan pluk hy sy hoed laag oor sy oë en stap die velde in, om daar in die son-oorgolfde ruimte te voel dat die digterstem in hom ontwaak — „wat in my eng was, word weer wyd.” Sy geartheid is dan ook so dat hy intens tot homself kan inkeer, sodat hy volslae onbewus is van wat buite hom aangaan. Hierdie verskerpte introspektiewe neiging het dan ook die resultaat dat hy so aanhoudend kan studeer, dat dit sy hele gezondheidstoestand ondermyn, en nadat hy met sy taak as Bybelvertaler klaar was, het sy gelaatskleur inderdaad gewys dat hy soos 'n Milton „scorned delight and lived laborious days.” Iemand wat dan ook so 'n indringende gees besit, wat nie net dorre, uiterlike feite opstawel nie, maar dié met sy besondere intuïtiewe gawe kan verwerklik en verinnig tot geesterbesit wat weer uitstraal na die studente, is 'n leier wat groot eerbied moet opwek. Dit is dan ook opvallend hoe almal wat lesings by Totius geloop het, met innige waardering en ont-sag praat oor die waarde daarvan. Minderrangsgeste maak propaganda vir hulself, hulle „koukus,” saam om invloed te kry en om geestelike „leiers” onder studente te word, en as daar ander kom wat meer doeltreffend „koukus,” dan is hulle daaruit en sit inmekaargeknak deur teleurstelling en bitterheid. Maar die werklike groot denker en leier trek magneties, op grond van sy innerlike krag, mense na hom en sy ideë gaan soos apostels onder die mense uit omdat dit draagkrag, waarde en dinamiek het. So 'n denker is Totius, en sy hele geestelike gebaar oorwin met een slag wat gewone propaganda in jare nie kan doen nie. Omdat hy werklik kunstenaar is, of soos Schiller gesê het die enigste soort „ware mens,” is daar 'n onbewuste oortuigings-grond in sy werk wat van 'n verwante gees soos Gezelle die onsigbare voedingsbron van die hele Vlaandere gemaak het. Waaragtig, in 'n land waar soveel mense met hul Afrikaanse gevoelens te koop loop, wat egter net vel-diep ingesmeer is, is 'n egte, ernstig-hoë figuur soos Totius soveel werd dat ons van sy soort nooit genoeg kan eer nie. Hoor hom dan ook gesels,

## TOTIUS

met die minsame trek op sy gesig en dié begrypende lig in sy oë, en u sal nooit 'n haatlike woord oor 'n mede-Afrikaner van hom hoor nie; maar sy ideë en opvatting bring hy sterk op die voorgrond, en omdat hy so eg is, so geworteld in 'n suiwer Afrikaanse tradisie, deurdring hulle almal wat na hom luister en hom ken en skep hy 'n blywende atmosfeer waarin sy invloed moet bly lewe.

Maar moet asseblief nie met hom begin gesels oor sy eie werk nie! Hy sal wegskram en probeer om jou aandag daarvan af te lei. Ook sy beskeidenheid is nie die bestudeerde nederigheid van sekere soort „artieste” nie. Dit behoort by sy persoon, en hy gee 'n mens altyd die indruk as hy met daardie soort ondervraery begin: „Dis nou alles goed en wel, maar kan ons nie maar liewers oor iets anders praat nie?” Op 'n vraag wanneer hy met sy letterkundige werk begin het en watter skrywers hy gelees het, antwoord die digter: Van letterkunde as sodanig het ek geen studie gemaak nie. Ek het ook in die begin geen ondersoek ingestel na die eise waaraan 'n letterkundige produk moet beantwoord nie. So ongeveer 1895 het ek begin om gedigte te vertaal, seker ook wel omdat ek besef het dat by myself geen digterlike sieninge aanwesig was nie (miskien wel 'n *Ahnung*). Soos bekend het ek vir tydskorting en ook uit liefhebbery veel in Bilderdijk gelees. Van die Beweging van Tagtig het ek niks geweet nie. In die stadsbiblioteek van die Paarl was aanwesig die bekende volledige uitgaaf van Bilderdijk se werke. Ek het destyds (ongeveer 1895) gely aan my een voet, kon nie goed loop nie. 'n Paar operasies het my soms weke lank tuis gehou. Bilderdijk was o.m. my ontspanningslektuur. Veral sy ballades het my geïnteresseer. Dan het ek my ook besonder verdiep in die „Ondergang van de eerste Wereld.” Ook het ek my besig gehou met bloemlesings waarin gedigte voorgekom het van Macaulay, Goethe, Bürger, Schiller, e.a. Met Da Costa het ek kennis gemaak in Burgersdorp (1896) onder leiding van prof. J. Lion Cachet. Vir die letterkundige eksamen (admissie) was o.m. voorgeskrewe die „Slag bij Nieuwpoort.” Eers in Nederland (1900-1903) het ek kennis gemaak met enkele manne van '80 se werk, omdat twee van my studievriende (teoloë) baie ingenome was met die spontane taaluiting van dié manne. O.m. het ek gelees *De Kleine Johannes* en sonnette van Perk en Kloos. In hoofsaak was die strewende van die Tagtigers my welbekend, maar ek het my nie opsetlik rekenskap gegee van die sondes van retoriek nie! En het nie party gekies nie. Ná my terugkoms in Suid-Afrika het ek besonder veel gelees in die volledige uitgawe van Gezelle se werke. Reeds vroeër het ek kennis

## TOTIUS

gemaak met Milton en Tennyson. Dit is natuurlik moeilik vir 'n kunstenaar om te sê watter werk van hom hy as die mees geslaagde beskou, en Totius wil hom dan ook nie graag daarvoor uitspreek nie, maar dit lyk of *Wilgerboombogies* hom die naaste aan die hart lê.

Oor die Afrikaanse Letterkunde laat hy hom versigtig uit, maar dit is duidelik dat hy deeglik op hoogte is met wat verskyn, hy neem goed kennis van wat ons beste kritici skrywe. Kritiek oor sy werk het nie veel invloed op hom nie. „Ek reken so: ek het my bes gedaan. As ek dit beter kon doen, sou ek dit gedoen het.”

„Het die Bybel invloed op u letterkundige werk gehad?” is 'n verdere vraag wat ons stel. „Ek dink wel dat groot gedagtes uit die Heilige Skrif invloed op my werk gehad het,” is die antwoord. „Vergelyk *Rachel*, waar die vorm, meen ek, ook deur die Skrif beïnvloed is. Ook die laaste gedig uit *Wilgerboombogies* is geïnspireer deur Jesaja 40. Oom Gert se gepeins in *Trekkerswee* herinner aan Ps. 63:7. So sou ek meer kon noem.”

„Kan u iets vertel oor die oorsprong van sommige van u gedigte?”

„Wat *Rachel* betref,” is die antwoord, „die oorsprong daarvan was dat ek 'n preek wou maak met die oog op die onthulling van die Monument in Bloemfontein. By die nadink oor die Skrifgegewens het geblyk dat dit te ryk is en by uitnemendheid 'n digterlike stof. Die eerste een-derde het ek grotendeels opgeskrywe in die sandduine naby Durban, terwyl ek daar met vakansie was. Die ander twee-derdes is grotendeels gekonsipieer en ook in versvorm gegiet buitekant Potchefstroom in die veld. 'n Vers soos *Ek staan op die sware konkreetblokke* wys nog op sy herkoms, nl. die landtong wat kunsmatig gevorm is om die hawe van Durban te beskerm. *By die Monument*, soos u weet, het ek laat druk op aandrang van dr. O'kulis. Toe ek later 'n deel van *Trekkerswee* (nog onuitgewe) aan die studente van die Universiteit van Pretoria voorlees, was dr. O'kulis ook onder die gehoor. Aan die einde het hy gesê, met terugslag op sy inisiatief insake *By die Monument*: „Ek kan geen gedigte maak nie, maar ek maak digters!” Op sy inisiatief is dit gepubliseer en taamlik gou is daar ongeveer vierduisend eksemplare verkoop. Die opbrengs het gegaan vir die Monumentfonds.”

En na aanleiding van sommige gedigte, wat hul ontstaan aan bepaalde insidente uit sy lewe te danke het, vertel Totius: „*Viermaal Gesien* — daardie doringboompie het ek gesien toe die trein by die Irene-stasie verbygesnel het waar die kamp

## T O T I U S

was en waar so 'n eensame boompie nog in die veld gestaan het. *In die Kamp* is gemaak toe my vrou my een Sondagaand in die studeerkamer, onder die gesels deur sê: „Hoe smartlik moes dit gewees het dat moeders hul kinders moes sien sterwe in sulke omstandighede; *Mag en Reg* — die wilgerboom, met die nessie, het in die pastoretuin van Potchefstroom gestaan. *Die Besembos* is gemaak op aandrang van dr. O'kulis. Hy het gesê: die boekie (nl. *By die Monument*) eindig te somber. Kan die besembos nie diens doen om die somberheid bietjie op te hef nie?” Oor ander vrae soos die toekoms van Afrikaans, ons jongste liriek en soveel dinge meer, wil Totius, die versigtige wetenskaplike, hom liewers nie uitlaat nie.

En nou, geagte leser, meen ons dat ons Totius se rus en beskeidenheid genoeg versteur het. In Potchefstroom, met sy blinkende, helder waterstrome en sy sagte, weemoedige wilgerbome, arbei 'n Afrikaanse digter wat nog, by alles wat hy reeds gedoen het, veel vir sy volk sal doen. En soos alles wat natuurlik, fyn en eg is, wil hy liewers alleen gelaat wees, want slegs in die eensaamheid kan mens die sagte fluistertaal van die wilgerbome hoor waar hulle deemoedig buig oor die geheimsinnige water van die lewe!

### (b) DIE MENS TOTIUS

Deur L. J. DU PLESSIS.

Dit is 'n eienaardigheid van kunstenaars dat hulle weghuiwer van die openbaarmaking van hul innerlike, sodat hulle dikwels byna gedwing moet word om hul kunswerk te publiseer en nog te meer om die intimiteit van hul persoonlike lewe bloot te lê. Ook met Totius was dit die geval dat hy slegs onder sterke aandrang of altans op aanbeveling van sy vertroude vriende sy digwerke in druk laat verskyn het. En nog veel moeiliker is dit om direkte persoonlike mededelings van hom te verkry ter inligting van die publiek.

Dis egter die taak van die pers om langs omweë te verskaf wat direk onverkrygbaar is; vandaar dat ek dit nou gaan waag om in *Die Huisgenoot* enkele flitsliggies te probeer gooi op die persoon van Totius, om hom te toon soos hy homself nie maklik sal openbaar nie. Dit is vir my tot op sekere hoogte moontlik, omdat ek al jare lank in sy onmiddellike nabyheid lewe as huisvriend en in beperkte mate ook as medewerker.

\* \* \*

„Totius” is natuurlik die skuilnaam van prof. dr. J. D. du Toit, wat oorspronklik ook werklik bedoel was en gedien het om

## TOTIUS

die draer van die naam nie bekend te laat word nie. Die rede vir hierdie poging om onbekend te bly, kan egter nou nog nie openbaar gemaak word nie.

Die naam self is 'n Latynse vorm vir die *van Du Toit*, en moet uitgespreek word net soos dit geskrywe is, met die klemtoon op die eerste en nie op die tweede lettergreep nie. Hierdie skuilnaam is bedoel vir die groot publiek: vir sy familiekring is Totius eenvoudig Jaap of Du Toit, vir sy kerklike kring meneer Tooi en vir sy studente en kollegas dr. Du Toit of, meer gemeensaam, Doktertjie, of die Oubaas.

Al was daar nou besondere oorsake vir die aanneming van 'n skuilnaam, is dit tog kenmerkend van Totius dat die naam hom bly aankleef het. Hy bly graag persoonlik op die agtergrond en in die stilte. En veral wanneer die omgewing onsimpatiek is of maar net onsimpatiek lyk, sal hy hom liever terugtrek as om erkenning af te dwing. Die intimiteit van sy gesin en die stilte van sy werkkamer en die kalmte van die veld — daar voel hy hom tuis, behalwe as 'n fundamentele geloofs- of volksbelang hom dwing om in die strydperk te gaan. Dan kan hy met onoortroffe vuur in die openbaarheid tree. Gewoonlik die steeds simpatieke en belangstellende huisvader en afgetrokke werker, kan Totius tog ook by geleentheid die groot publiek boei as prediker of spreker, en selfs geleentheids-toesprakies lewer wat humor en komiek op wonderlik aantreklike manier verbind.

Enkele van die kritieke wendinge in groot volksake waarby Totius in die stryd kragtig ingegryp het, was die C.N.O.-stryd in Transvaal, die Kerkverenigingsbeweging daarna, die stigting van die Nasionale Party in die Vrystaat, waarby hy grotendeels verantwoordelik was vir art. 2 van die Beginselprogram, die sogenaamde rebellie gedurende die Wêreldoorlog en die kerklike stryd in Kaapland. Buitendien was hy steeds byderhand om op te tree tot oplossing van moeilikhede in verband met die Kweekskool en Kerk en Universiteitskollege waaraan hy self verbonde is.

Aan die ander kant kan hy tog ook weer 'n uiters gewoone menslike maat wees, selfs vir baie jeugdige vriende, gereed om rugby-bewegings uit te voer op die strand saam met 'n paar vriende op 'n seevakansie, en ook heel tevrede om agter op 'n motorfiets met 'n kannetjie petrol in die arms saamgery te word na Vaalrivier vir visvangs en selfs desnoods op 'n sanderige stuk pad met kannetjie en al (natuurlik per ongeluk) afgegooi en dan nog boonop uitgelag te word.

Sy ontspanning vind Totius veral in musiek, tuinmaak, wandelinge en visvang. Natuurlik gebeur dit dikwels dat die visse

nie wil byt nie, wanneer hy hom dan by die huismoeder vir sy laatkom by die aandete moet verontskuldig deur die uitleg dat hy een grote byna aan wal gekry het, en as dié een nie losgeraak het en 'n ander een nie die hoek misgehap het nie, dat hy dan sekerlik twee knewels tuis sou gebring het. Ook die spel van kinders en die grappe van vriende gee hom baie welkome afleiding. As gasheer is hy gesellig, hoewel enigszins verstrooid.

Behalwe gevoelig-beskeie is Totius ook buitengewoon pliggetrou en selfs oorbekommerd in die vervulling van sy pligte, nooit tevrede met wat verrig is nie, altyd bang dat versuim begaan is of misverstand verwek is. Van enige werk wat op hande is, word die groot lyne met 'n oogopslag gevat, maar die besonderhede moeisam en langsaam afgewerk. Totius se werktjye is nie baie lank nie — weens liggaamlike swakte — maar sy werkwysse is uiters intens. Daarom neem hy ook gewoonlik onopgemerk die leiding in enige gesamentlike arbeid, soos ook weer die geval was met die Afrikaanse Bybelvertaling.

Dis opmerklik dat Totius graag drielig werk. Van 'n wetenskaplike werker en predikant sou 'n mens dit slegs kan verwag. Maar feitlik al Totius se digwerk vertoon ook 'n drieliding. Dit begin reeds in *By die Monument* en is ook die geval met sy jongste nog ongepubliseerde bundel: *Passieblomme*.

As digter het Totius in besondere mate alleen gewerk. Bevrugtende en vormende omgang met mededigtters het hy weinig gehad, al is dit dat hy saam met A. G. Visser en D. F. Malherbe op skool was. Jan Celliers het hy eers leer ken ná die verskyning van sy eerste digbundel, en Leipoldt is vir hom feitlik 'n onbekende. Tog het hy natuurlik deeglik kennis geneem van die werke van sy mede-digtters en wel met hoë waardering, selfs vir Leipoldt, wat nogal skerp teenoor hom gestel was deur die kritiek van Verwey. Sy literêre omgang was egter meer met kunskenners, soos veral wyle prof. Jan Kamp, as met kunstenaars.

Sy eie digwerk het hy gewoonlik onderwerp aan die oordeel van sulke persone voor publikasie, omdat hy in sy selfkritiek weinig vertrou het. Dit wil egter nie sê dat hy geen eie oordeel oor sy geesteskinders het nie. Intendeel, ten opsigte van sy „verse" het hy sy bepaalde voorkeur, en wel vir dié van sy eerste bundel, naamlik *By die Monument*. Daarin is vir hom verwoord die eerste spontane vormsels van sy digterlike gevoel, fris soos die môre, warm soos die lewe, natuurlik soos die blomme en vrugte in sy tuin.

Voorheen was hy 'n versmaker, hier het hy digter geword,

gedurende die tyd toe hy as predikant op Potchefstroom ná die Tweede Vryheidsoorlog oorstelp is deur die verhale omtrent oorlogsleed en kampellende, waarvan hart en mond destyds vol was by sy gemeentelede. Hierdie gediggies is vir hom soos 'n eerste liefde vir die minnaar, soos 'n eerste kind vir die moeder. Nie alleen omdat hy daarin homself as skepper vir die eerste maal ervaar het nie, maar ook omdat sy skepping destyds verwelkom is in Suid-Afrika deur talle van geestelike leiers as 'n nuwe geluid in ons letterkunde — Boer se goed en tog ook geskaafde taal! Dis dus begryplik dat miskienning van *By die Monument* vir Totius altyd besonder pynlik is.

Al is die verse *By die Monument* nou vir Totius sy mees spontane gedigte, tog het ander persone daarop heelwat invloed gehad. By voorbeeld die gebruik van die Hollandse verlede-tydsvorme soos „bad” (het gebid), „ging” (het gegaan), ens., is veroorsaak deur die redenering van prof. J. Lion Cachet („Oom Jan” van *Die Sewe Duiwels*) dat Afrikaans nie sou kan uitkom sonder so 'n ontlening aan Hollands nie.

*Die Besembos* weer is gedig op suggestie van ds. W. Postma (dr. O'kulis) dat die bundel moes sluit op 'n meer blymoedige noot. Origens het dit vorm gekry onder invloed van Perk, na aanleiding van 'n opmerking van dieselfde ds. W. Postma (wat grotendeels verantwoordelik was vir die publikasie van hierdie bundel), by Naval Hill in Bloemfontein, omtrent die tipies Afrikaanse taatheid van die besembosse daar teen die heuwelhange.

Sekere gedigte weer is selfs verwerkinge van ouer verse van Totius, soos b.v. *Die Balling* en *Die Howenier was weggegaan*. Maar die meeste het direk, so meen Totius self, opgespruit uit die moederaarde van sy gevoelservaring. Dit geld veral van *Viermaal Gesien*, wat ontstaan het by die aanblik van die kerkhof van Irene naby Pretoria; en *Mag is Reg*, wat sy aanleiding gevind het in 'n voorval in die pastorie-tuin op Potchefstroom.

Hoewel Totius se aanleg wesenlik in die rigting van simboliek en liriek wys, meen ek tog dat sy digterlike ambisie die skepping is van 'n nasionale kunsepos. Hierdie tendens kom tot uiting in die aanleg van *Potgieter's Trek*, *Rachel*, *Trekkers-weet* en in 'n nuwe digwerk wat, so ver as ek kan uitvind, in wording is, en waarskynlik ontwerp is as 'n uitbreiding van *Potgieter's Trek*, wat al lank uit druk is. Die uitvoering is egter nog steeds vertraag deur die werk van die Bybelvertaling en Psalmberyming en wat daarmee saamhang.

In elk geval is sy latere gebundelde gedigte, behalwe *Wilger-*

## TOTIUS

*boombogies* en *Kinderverse* almal, geïnspireer deur groot gebeurtenisse in ons volkslewe; só *Verse van Potgieter's Trek* deur die politieke beweging wat tot Unifikasie gelei het, *Rachel* deur die onthulling van die Vrouemonument (*By die Monument* is uitgegee ten bate van die Monumentfonds) en *Trekkerswee* deur die Rebelle. Moontlik sal sy verwagte groot epiese gedig nog saamgeskakel word met die a.s. eeufees van die Groot Trek en nasionale verwickelinge in die eerskomende tyd tot dan.

Die waardering vir Potgieter se persoonlikheid en strewe, wat die uitdruklike motief is van Totius se eerste meer epiese digwerk, het 'n interessante agtergrond. Die invloed van Totius se vader, ds. S. J. du Toit, en prof. Jan Lion Cachet, het daar baie mee te doen. Ook indirek het ds. Du Toit dit bevorder, deurdat hy verantwoordelik was vir die oorkoms na Transvaal van dr. Voigt, wat in sy historiese werk oor die Boere baie nadruk gelê het op die figuur van Potgieter. Maar daar sit meer agter, naamlik 'n kragtige reaksie teen die konsiliasiepolitiek van *Het Volk*, wat reeds begin het met die skenking van die Cullinan-diamant aan die Britse veroweraarskroon en, kort ná die verskyning van Totius se digwerk, uitgeloop het op Unifikasie onder die Eersteminister-skap van genl. Botha.

Dis interessant dat Gustav Preller, wat destyds met *Piet Retief* besig was, en ook Jan Celliers geïntroduseer het by die Afrikaanse publiek, uiters ontevrede was oor die tendens van die *Verse van Potgieters Trek*, terwyl Totius weer sy gegewens daarvoor gedeeltelik gekry het by Jan Celliers as argiefbeampte in Pretoria.

Ongetwyfeld is hierdie werk van Totius minder spontaan as *By die Monument*, wat ook verklaar kan word uit sy meer epiese karakter en wat veral blyk uit die belangrike ontleninge aan Bilderdijk, Da Costa, ens. Ook hierin werk die invloed van ds. S. J. du Toit en prof. Jan Lion Cachet deur. 'n Dergelike verskynsel vind ons ook nog by *Rachel*, wat in sy epiese gedeeltes sterk beïnvloed is deur die styl van Boutens se *Beatrys*.

Maar Totius se mees opsetlike werk is ongetwyfeld die Psalmberyming, waaraan hy op aandrang vanweë die kerk begin het in 1920, met Psalm 100, en wat hy so pas voltooi het, met Psalm 119, in dieselfde buitehuisie van plat vuurklip teen die rant op sy Potchefstroomse plasie. Op die oomblik word hierdie pligswerk, wat tog ook hoogste liefdeswerk is, deur die kerklike verteenwoordigers gekeur en geskaaf om te kan voldoen aan kerklike behoeftes.

## TOTIUS

Hierby sal veel nog oorgewerk moet word om aan die veelsoortige insigte tegemoet te kom en plek te gee vir medewerking van verskillende kante en aan te pas aan gewysigde melodieëns. Streng persoonlike werk het ons hierin dus nie, ook al daarom nie dat reeds oorspronklik soveel moontlik ontleen is aan bestaande beryminge.

Tog verloën Totius se digtersaanleg hom ook in hierdie moeilike werk nie, en nieteenstaande velerlei kritiek, vind sy bewerking van die Psalms en ander Skrifgedeeltes reeds so algemeen erkenning dat dit my nie sou verwonder as Totius ook nog opdrag sou ontvang om deel te neem aan die verafrikaansing van die Evangeliese Gesange nie. Want as digter hoort Totius nie tot een Kerk nie, maar tot die Afrikaanse volk as geheel. Sy wesenlike eenvoud maak hom universeel-nasionaal as Christenmens en volksdigter. Daarom is dit begryplik dat sy persoon steeds meer algemeen benader word met 'n gevoel van eerbiedige liefde, wat nie soseer gerig is op die individu Totius nie, as wel op die beliggaming van ons Afrikaans-Christelike volkspersoonlikheid in hom.

1933.

### (c) TOTIUS, IN HANDEL EN WANDEL.

Deur L. J. DU PLESSIS.

Byna 60 jaar oud — hy verjaar op 21 Februarie as. wanneer die volk se huldeblyk hopelik aangebied sal word — is Totius reeds in sy uiterlike verskyning — swak van gesig en van stem, skraal van lyf en effens vooroor gebuig en van sy skouers boontoe gestempel met die ouderdom se merke van rimpels en grysheid. Verweerd seker, maar nie gedaan nie en nog minder werkloos. Totius is altyd besig met sy bywerk by sy beroepsplig as professor en sy beslommernisse tot versekering van behoorlike lewensonderhoud aan die gesin. En juis sy bywerk is vir sy volk sy groot werk, want dit is die digwerk en vertaalwerk waarmee hy die Afrikaanse kultuurskat onophoudelik verryk al byna 30 jaar lank, gedurende die helfte dus van sy lewens tyd. Hierdie prestasie bewys dat daar tog krag moet skuil in die betreklike tingerige figuur, krag van gees en liggaam, maar vir 'n deel word dit ook verklaar deur die feit dat die alledaagse familie-sorg so volledig en so afdoende behartig word deur sy nog steeds blonde en blosende en altyd maar huismoederlik bedrywige vrou. Hierdie vrou is in sy huis moeder vir almal, haar man ingesluit, en dit stel Totius vry vir sy groot werk wat miskien as hoofwerk sal bly lewe.

## TOTIUS

Dit sou egter 'n misvatting wees om te dink dat mev. Du Toit maar net huismoeder is, haar waardevolle hulp strek ook uit tot die gebied van Totius se digwerk en vertaalwerk, nie alleen in kerklike hoedanigheid nie, maar ook om die juiste woord te vind of 'n twyfelagtige wending te keur en veral om die begryplikheid te toets.

Deur die hulp van sy vrou, sê ek, is Totius grotendeels vrygestel van die huislike sorg, maar nie van die bekommernis nie. Ek ken geen ander mens wat hom so onophoudelik kan bekommer oor alles, selfs oor die kleinste kleinigheid nie. En dit veral is die verteerder van sy lewenskrag meer as alle werk of selfs die flotering van ondraaglike hoofpyne soms. Is vrou of kind effens ongesteld, is iemand onder sy sorg miskien enig-sins in 'n moontlike of denkbeeldige gevaar, het hy by geval iets gesê of gedoen wat enige ander mens kan seermaak, het iemand anders iets gedoen of gesê wat die skyn gee van afkeuring of teenwerking, dan kan Totius daar ure en dae oor bekommer en dwaal — letterlik ronddwaal om gerusstelling te verkry, desnoods deur die raad of troos van vriende of bekendes. Want as hy verontrus is, sal Totius nie skroom nie om vriende op te soek om hulp. Ook in sy werk, as 'n styl- of taalkwessie of iets dergeliks onsekerheid gee, hoe nietig die sakie ookal mag wees, dan kan sy gewone raadgewers verwag om al gou en herhaaldelik daaroor opgebel of opgesoek te word selfs laat in die aand totdat sekerheid verkry is.

Dis hieruit begryplik dat Totius 'n medemens wel lastig kan val — in 'n goeie sin — maar seermaak of veronreg nooit nie. Die aller geringste pliggie word nougeset vervul en selfs die ligste belediging word angsvallig vermy. Nooit sal hy iets verskuldig bly of selfs waarskynlik verskuldig is nie. 'n Tipiese voorbeeld: Totius is geen gereelde roker nie, maar as hy kom gesels veral oor 'n punt wat moeilikheid gee, dan sal hy soms iets te roke vra. En dit mag meer as eens gebeur. Maar daarmee is dit nie afgedaan nie. By 'n volgende ontmoeting sal jy waarskynlik vind dat hy 'n pakkie sigarette gekoop het om as vergoeding aan skuld vir jou oor te dra — en moontlik straks weer een of twee daarvan leen. Of iets anders — daar is 'n vergadering waarby Totius betrokke is, onverskillig of dit van meer of minder belang is, Totius sal getel word onder die aanwesiges of met kennisgewing afwesiges. Of word daar 'n

## TOTIUS

gewone kerkdiens gehou, waar die gereelde predikant of student of ouderling optree, sy plek sal nie leeg wees nie — en as u kyk, sal u sien dat hy met die verrigtinge meeleeft of ten minste probeer meeleeft.

Hierdie trek maak Totius natuurlik in sy omgewing bemind, veral omdat dit sonder opdringerigheid en in ongedwonge beskeidenheid plaasvind. Maar meer nog gewaardeers nog is omdat sy optrede steeds met humor gekruis is. Nie alleen dat hy 'n grap uiters kan geniet sowel by die hoor as die vertel daarvan nie, maar met die omgang van die gewone mens en veral die ander mense van die ouer geslag, by wie hy en mev. Du Toit 'n gereelde huisbesoeker is, kan hy die tipiese humortoon van die Afrikaanse omgang sonder enige gemaaktheid natuurlikweg en suiwer handhaaf. Bowendien is Totius 'n gesogte geleentheidspreker vanweë die droogkomeike manier waarop hy die stemming vir elke geleentheid kan vertolk hetsy ligte of ernstige gaardheid is.

Daarby is hy as gewese Bolander en teenswoordige plaasbesitter (op klein skaal) 'n liefhebber van bome, vrugte en die boerdery in die algemeen en 'n erkende weervoorspeller, sodat hy ook in hierdie opsigte met sy omgewing intiem saamleef. Geen wonder dus dat hy deur die plaaslike Afrikanerdom, grotendeels van boere-oorsprong, beskou en behandel word as een van hulle, so self dat 'n arme ou trolliedrywer bv. nie skroom om Totius by sy terugkoms van 'n eensame wandeling in die Potchefstroomse dorpsveld te vra „of mnr. Du Toit nie miskien sy donkies raakgeloop het nie — hulle is al van vanmôre af weg!”

Sagsinnigheid is ook 'n treffende kenmerk by Totius. In al die jare wat ek hom ken — en dis al taamlik lank — het ek hom nog nooit hoor uitvaar teen 'n medemens nie, behalwe miskien by die bespreking van growwe volksverraad of ernstige pligskending van ander aard. Maar in die direkte optrede teen enige persoon wat miskien teen hom misdryf het, sal hy waarskynlik deur 'n verdraagsame glimlag of 'n ongemaklike meewarigheid laat merk dat daar fout is, en 'n skerp woord sal u nie hoor nie. Deur hierdie sagsinnigheid ontwapen hy egter in die meeste gevalle alle verset en teenstand en kritiek selfs van sy wederhelf, en veel meer natuurlik van buitestaanders wat vanself teenoor hom minder vrymoedigheid kan hê. Studente wat oortree het en by geval deur dr. Du Toit as

lektor namens sy Senaat of andersins vermaan moes word, getuig dat dit vir hulle 'n afdoende teregwyding opgelewer het, nie omdat hulle so streng berispe is nie, maar omdat die bestrafing aan dr. Du Toit self blykbaar soveel ongemak veroorsaak, asof hy feitlik ekskuus vra vir die pynlikheid wat hy hulle moet aandoen, nie uit verkiesing nie, maar uit nooddwang, dat hulle nie kans sien om hulle professor weer in so 'n situasie te forseer nie.

Hoewel Totius van geselskap hou en ook origens groot mensliewendheid openbaar, is hy tog die gelukkigste ver en alleen in die Afrikaanse veld. Daarom vertoef hy ook by voorkeur op sy plasië in die Potchefstroomse distrik in die gemaklike ou plaaskledy wat alle stywigheid en ongemak uitskakel, en waar die stille bedrywigheid van die boerdery en die natuurlewe die gemoedsrus bevorder. As tweede beste, wanneer hy noodsaaklik in die dorp moet bly, sal hy lang middag gebruik om na die veldstilte om Potchefstroom die wyk te neem, vir visvang in die rivier of dam en in die latere tyd veral vir lang wandelinge oor die vlak bulle met grasvlakte en doringbosse. Byna elke middag kan hy gesien word stil en alleen by sy koms op hierdie togte — die kleinerige effens vooroorgeboë figuur met wye, los-sittende klere en 'n ligte gelerige wandelstokkie met effens gekromde handvat, stil en eensaam apart maar altyd bereid vir 'n praatjie en saamstap as u hom miskien daarby raakloop. Nog 'n geliefde tydverdryf is musiek in een of ander vorm, maar veral met die koraalboek by die huisorreltjie. So ongeveer vertoon Totius hom in sy alledaagse lewe en seldsaam is die geleentheid wanneer hy hom openbaar in die ander kant van sy wese, naamlik as siener en leier. Voorheen het dit nogal dikwels gebeur veral in sy preekreekse, bv. oor Jesaja, toe hy nog in die krag van sy lewe was. Maar teenswoordig tree hy selde op in die ou vurige gees, en ook as die geleentheid en die inspirasie wel daartoe aanleiding sou gee, ontbreek dan tog gewoonlik die liggaamlike energie en veral die nodige stemkrag.

Tog is dit nie die geval dat Totius inderdaad geen beslissende leiding meer gee nie. Soos in die verlede, so nou ook nog blyk nog op die verrassende wyse dat Totius tog ook 'n kragfiguur is in sy omgewing. As daar werklik 'n krisis waarby groot belange wat ook vir Totius dierbaar is, op die spel staan, dan is dit gewoonlik hy wat met een blik die situasie oorsien, dit in een kragtige greep saamvat en as't ware by intuïsie of die juiste

## T O T I U S

oplossing neerlê òf die nodige verdediging of aanval ontwerp en uitvoer. Die nood moet egter groot wees en die innerlike drang sterk om hom tot dergelike leiersakies uit te dryf. Gewoonlik verkies hy om op die agtergrond stil sy eie gang te gaan en hulpdienste te verrig waar vereis.


Maar juis hierdie teruggetrokkenheid het hom in staat gestel om sy grootste diens aan sy volk te bewys, naamlik in sy digkuns, en miskien meer nog in sy werk aan die Bybelvertaling en die verafrikaansing van ons Psalmboek. Verwag word dan ook dat voor sy sestigste verjaarsdag nie alleen die voltooides Psalmboek in druk sal verskyn nie, maar ook 'n verdere digbundel in die aard van 'n versameling van verstrooide verse, baie nog nie tevore gepubliseer nie, van vroeër of later tyd. Ons weet dat daar oor die blywende waarde van sy digkuns verskil van mening is, maar daarvoor kan daar geen twyfel bestaan nie dat sy werk as Bybelvertaler en miskien meer nog as Psalmvertolker 'n blywende kultuur besit en ook godsdienstige skat sal wees vir sy volk en 'n monument vir die eeue van die eensame diens van die stilbeskeie Afrikaans-Calvinistiese kultuurskepper Totius.

# D. F. MALHERBE

**D**R. DANIEL FRANCOIS MALHERBE is op 28 Mei 1881 in Daljosafat, distrik Paarl, gebore. Saam met Totius en A. G. Visser was hy op die Hugenote-Gedenkskool. Ná matrikulasie op Wellington is hy na die Victoria-kollege op Stellenbosch waar hy in 1902 die B.A.-graad behaal. Hy is vir verdere studie na Duitsland, eers na Halle en toe na Freiburg-in-Breisgau, waar hy in 1905 *magna cum laude* gepromoveer het op 'n proefskrif: *Das Fremdwort im Reformationszeitalter*.

Direk ná sy terugkeer in Suid-Afrika het Malherbe 'n leidende aandeel geneem in die stryd vir die erkenning van Afrikaans as skryftaal, en lewer hy op Wellington sy beroemde lesing: „Is Afrikaans 'n dialek?” Van 1907 tot 1909 was hy hoof van die Openbare Skool op Carnarvon. Nadat hy 'n rukkie tydelik werksaam was aan die universiteit op Stellenbosch, het hy in 1910 'n aanstelling as professor in moderne tale aan die G.U.K. op Bloemfontein aanvaar, en in 1918 is hy benoem tot professor in Afrikaans aan dieselfde inrigting — die eerste in Suid-Afrika wat hierdie eer te beurt geval het. In 1941 het Malherbe afgetree. Aan sy voete het 'n groot aantal vooraanstaande Afrikaners gesit. Daar het 'n groot besieling van sy lesings uitgegaan, en hy is vandag nog een van die gewildste redenaars in ons land.

Dr. Malherbe se groot verdienste lê egter in sy letterkundige arbeid, en hy word beskou as een van ons vernaamste prosa-skrywers. In 1909 verskyn sy eerste digbundel, *Karoo Blometjies* en in 1913 sy eerste roman: *Vergeet Nie*. Daarna volg verskeie romans, soos *Die Meulenaar* (1926), *Hans die Skipper* (1928), *Saul die Worstelheld* (1935) en *Die Bergstroom Ruis* (1940). Dramas het hy ook geskryf, soos *Meester* (1927) en *Koringboere* (1921).



DR. D. F. MALHERBE.

## D. F. MALHERBE

### D. F. MALHERBE

*Deur G. S. NIENABER.*

D. F. Malherbe het by geleentheid van sy sestigste verjaardag van verskillende kante blyke van waardering en hoogagting ontvang. Deur 'n sestal van sy oud-studente is aan die jubilaris ook 'n boek aangebied, waarin die belangrikste gesigspunte van sy kunstenaarsarbeid belig word. Dit is die eerste keer dat een van ons vooraanstaande skrywers op dié manier gehuldig word, en die eerbewys het die gevoelige leermeester diep geroer.

'n Mens kan aan die menigvuldige werksaamhede van so 'n veelsydige persoon as D. F. Malherbe in die kort bestek van dié artikel geen reg laat geskied nie. Daar kan hoogstens net op 'n paar van die belangrikste trekke van sy kunstenaarskap gelet word.

Vanaf sy aankoms in Suid-Afrika ná volbragte studie in die buiteland, het Malherbe hom in die stryd vir die erkenning van Afrikaans as kultuurmedium begeef. Dit was in 1906. Gedurende die daaropvolgende vyf en dertig jaar het hy met onverminderde entoesiasme op velerlei kultuurgebiede bly voortstry. Soos 'n Aljarim het hy swaarde gesmee, soos 'n Fenting op die voerpunt gestaan, soos 'n Jeremia swaar maanwoorde gespreek. As 'n mens die lang lys taal- en letterkundige werke van hierdie kampvegter beskou, dan dring die besef baie sterk deur hoe ontsaglik veel hy buite sy gewone ampspligte om in dié tydspanne tot stand gebring het.

Liefde vir sy volk het hom 'n dienswillige dienaar van sy volk gemaak. Dit is die eintlike voedingsbodem van sy werk- en skeppingslus. Die volksgesinde houding straal deur en uit al sy werk. Tekenend is dit daarom, hoedat hy telkens luider en duideliker die noodklok lui namate die volk syns insiens geruster onder dreigende gevare word. Hy is sy volk se gewete, en hamer aan die deur sodat by elkeen in die nasieverband die wete en gewete skerp kan wees.

Malherbe se volksdiens is nie 'n saak van berekening in terme van geldelike wins, eie eer of gemak nie — dit kom by hom as 'n lewensbehoefte voor, is in hom 'n onblusbare hartstog wat hom in staat stel om oor mure te spring. Hy is een van die vulkaniese gevoelsmense wat met driftige verlange sy ideaal najaag en fel kan haat wat in sy weg staan. By Malherbe is dit altoos vlam en hitte, altoos spanning en innerlike onrus.

Dit kom veral uit die genre waarin hy sy verdienstelike werk gelewer het, nl. die roman. Hy het lank gesoek voordat hy die vorm gevind het, waarin hy hom, aan sy aard en aanleg getrou, oortuigend en volledig kon uitspreek.

Aanvanklik het hy die onstuimige en vaardige digsoort die liriek beoefen. Maar hierin kon hy tog nie sy persoonlikheid uitdruk nie, juis omdat 'n seker skugterheid en geslotenheid hom weerhou het om op diep-innige manier verse voort te bring waarin sy bestaan as het ware op die spel geplaas word. Hy probeer om liewers die algemene waarheid of waardefeit te soek in die besondere geval wat die aanleiding tot die digproewe was, en kom so al te maklik tot onpersoonlike, neutrale bespieëlings en wysgerighede waarin die besieling doodbloei. Die snare word so onder die sang slap. Hierteenoor staan egter 'n aantal gedigte wat die bewys bring dat Malherbe op die gebied van die lierkuns ook hoogtes van blywende skoonheid bereik het, bv. in sy heerlike sonnet, *Slaap*.

Tegelykertyd het hy ook die epiese digsoort beoefen. Kan ons die liriese gespannenheid van die gemoed vergelyk met 'n waterval, waar alles maling en vaart is, damp en stralebreking, dan is die spanning by die epiese werksaamheid soos van 'n kalm-vloeiende stroom, waarin die hemelblou en oewergroen, die vorme en lyne van die hele omgewing helder weerspieël word insover as dit binne die vlak val. Dit is 'n rustige en beheerste spanning, sodat daar tyd en plek vir baie newehandelings en ander stemminge is. Epiese kuns is sentrifugaal.

Die rustigheid wat 'n realis moet hê, lê nie in die aard van Malherbe se persoonlikheid nie. Daarom gaan hy in sy verhalende werk ook nooit uit na werklikheid toe om daardeur in beslag genëem te word nie — hy trek eerder die werklikheid na hom toe en verander dit ooreenkomstig sy temperament. Al sy epiese voortbrengrsels dra hier spore van, hoewel dit in sommige stukke uit *Rivier en Veld* minder opval, bv. in *Bosrand*, waarin die patriargale ideale in botsing geraak met die gemaksugtige lewensbeskouing van die nasaat. Hy het hierin die objektiewe beelding end-uit volgehou. Die gevoel van eenheid en die organiese struktuur word aanmerklik versterk deur die rustige gang van die breeddeinende disticha.

Die lyn wat ons wil uitstippel, loop dan oor die aanvanklik oorwegende liriese pogings (*Karoo Blommetjies*, 1909; *Klokgrassies*, 1914) ná die daaropvolgende oorwegend epiese pogings soos te sien uit *Vir Vryheid*, 1919; *Die Timmerman*, 1921; *Rivier en Veld*, 1922; en *Die Skaduwee van 'n Vrou*, 1923.

## D. F. MALHERBE

As ons van sy roman uit 1913 voorlopig afsien, dan het Malherbe met sy epiese verhale sy eerste wesenlike sukses as letterkundige gesmaak — hierdie bundels het almal herdrukke beleef, *Vir Vryheid* en *Rivier en Veld* elk drie, *Die Timmerman* en *Skaduwee van 'n Vrou* elk sewe. Dit geskied in weerwil van die gebreke wat in bou, spanning en stemming daaraan kleef. Malherbe verwerf nou ook vir hom naam om die onmiskenbare virtuositeit van sy taalkunstenaarskap. Sy woord is ryk in volume en aan skakerings, en beweeg voor ons verby met die ligte grasia van 'n danseres uit die skole van Pavlova.

Onder tussen het hy, ná 'n vertaalproewe in 1919 (*Die Skoonseun van Mar. Poirier*), ook toneelstukke begin skryf. Dit vereis weer 'n totaal ander instelling teenoor sy stof. Dramatiese werk verlang 'n normatiewe houding; dit gee die lewensfeite in naakte aksie en met 'n pertinente wilsrigting van goed en kwaad, wat openbaar word in die botsings waarop alles telkens heenstuur. Vir sy dramatiese stukke moes Malherbe hom grootliks laat beïnvloed deur die haas primitiewe eise wat die toneel ten onsent gestel het. Nieteenstaande die eise wat die speelbaarheid van die toneelstukke van hom geverg het, het hy op hierdie gebied belangrike prestasies behaal. Nie net die uiterlike feit, dat hy sy roman *Hans-die-Skipper* gedramatiseer het (*Die Seeman*, 1933), toon die noue verwantskap tussen die twee genres by Malherbe aan nie, maar ook innerlike is die ooreenkomstige besonder groot, soeseer, dat die karakterisering van die romans ook inderdaad 'n byna volledige kensketsing van die dramatiese stukke is. Alleenlik het die romans oor die algemeen 'n veel dieper lewensintensiteit en gee ons derhalwe meer van daardie wonder te sien, wat lewe heet.

Van besondere belang is Malherbe se voorliefde vir die ballade teen die tyd. In hierdie kunsoort kom die drieërlei instelling teenoor die stof (nl. die liriese, epiese en dramatiese) tot 'n eenheid. Vir sy stof put Malherbe veral uit volksaardige gegewens, en die sangerige verhaal van blinde liefdesmart en oerdriftige wraaksug soos meegedeel in *Jakop Ontong* sal nie gou sy regmatige plek as een van ons allerbeste volksballades prysgee nie.

En so kom ons, ná die voorsmaak met *Vergeet Nie* in 1913, in 1926 by 'n nuwe periode. Malherbe gaan hom voortaan hoofsaaklik op die roman toelê en ná al die proefnemings met verskillende vormsoorte sal hy op die gebied van die liriesgestemde roman die beste reg aan sy aard en aanleg kan laat geskied. Sy kunstenaarskap sal hier die volste verwesenliking vind.

## D. F. MALHERBE

By Malherbe is die proses van vergestaltung nie soseer vergeesteliking van die stof nie, as verstoffeliking van die gees. Hy gaan uit van 'n grondidee, wat dan algaande gestalte aanneem. Die grondidee is nie in die eerste instansie 'n statiese waarheid, soos by Jochem van Bruggen en ander realiste nie, nog 'n normatiewe gegewe oor goed en kwaad, dus oor etiese maatstawwe (behalwe in *Loutervure*, 1931), maar is 'n dinamiese gebeure oor die skoonheid en heerlikheid van die lewe en van liefdesdiens daarin. Faans offer hom op vir sy meul en Lenore, Hans-die-Skipper vir sy werk en sy seun, Azkar vir Ruth en sy volk, ensovoorts. Dit bly essensieel altyd dieselfde.

Dié grondidee plaas Malherbe ná tyd in die verlede, òf in sy kinderjare (bv. die lewe in die Boland in *Die Meulenaar*); òf verder terug in die geskiedenis van sy volk (bv. *Die Bergstroom Ruis*, 1940); òf in die gryse verlede van die Israëlitiese volk. Hy gryp nie om hom nie, maar terug. Hy beeld nie uit wat hy met sy oog in alle onmiddellikheid waarneem nie, maar wat sy geestes oog by wyse van reminisensie (sy jeug) of herskeping sien. In soveel woorde deel hy ons dit trouens mee in 'n gedig wat *Die Meulenaar* voorafgaan:

*Uit die groen veld van my jeugland,  
uit herinnering se wei,  
kom met groet van awendwinde,  
beelde en stemme, kom na my.  
Op die vaal veld van my hede  
winterdor en windverskroei  
sal jul rys in moreskoonheid,  
sal jul pronk in lentebloei.*

Al dadelik vermoed ons twee feite: (a) Dat hy hom veelal met stemminge en gevoelspanninge sal besig hou; dat sy werk dus twee pole ken, aan die een kant die stuwende idee wat nog aan die newelryk behoort, aan die ander kant die strewe na konkretisering van die stemminge in karakters en houdings.

(b) Die tweede feit hou hiermee verband. Malherbe kan hierdie karakters nie altoos duidelik sien nie, bv. na die uiterlike. Hy word meer meegesleep deur die aksie as deur die akteur, en daarom let hy liewers op die innerlike as op die uiterlike van mens en omgewing. Die natuur kom eintlik net insover as faktor op as dit by die stemminge pas of hulle te voorskyn roep.

Net soos die verhaal hom ná tyd op 'n afstand afspeel, is sy karakters omwaas met dynserigheid, en sien hy hulle na ruimte eweneens op 'n afstand. Die twee gaan immers saam.

Dit geld natuurlik net as 'n algemene feit — daar is uitsonderinge ook, byvoorbeeld Gareopa en Velbaadjie, of Piet Mens en Hans-die-Skipper self. Maar plaas nou daarteenoor die figure uit die Bybelromans, en die algemene bedoeling is duidelik.

Die vasstelling moet nie as afbrekende kritiek opgevat word nie, want kyk, al die faktore kan juis tot skone eenheid uitgroeï, soos ek in verband met sy taalgebruik wil probeer aantoon.

Teen Malherbe se volgehoue lirisme in sy prosaverhale is dikwels beswaar gemaak. Daar word bv. aangevoer dat die digterlike sinne in die mond van die eenvoudige Hans-die-Skipper oneg aandoen en dus misplaas is — nie meer Hans praat nie, maar Malherbe self. Onder meer steur dit die werklikheidsillusie en klink eentonig.

Daar steek ongetwyfeld 'n mate van waarheid in dié argument. Maar nou moet ook in aanmerking geneem word dat Malherbe se buigsame en ryk taal 'n besonder verhewe en edel klank het. Net soos sy verhale in die verlede lê en sy karakters in die yl perspektief van afstand gesien word, so voed hy sy taal in die woordkeuse met elemente wat nie altyd in die gewone spreektaal van vandag gangbaar is nie, dus met elemente wat òf as sterk digterlik aangevoel word maar ongewoon is, òf wat eertyds geldigheid besit het maar nou die wyding van „ander dae” besit.

Dat die elemente wel 'n afstandsgewoel verwek, maar die taal nie argaïsties kleur nie, vind sy verklaring in die meesterlike vormvermoë van Malherbe wat glinsterend-blink en gepaste samestellings maak, of selfstandige naamwoorde met 'n voorsetsel van beweging verbaal gebruik waardeur die voorsetsel 'n bywoordelike funksie verkry (die paadjie streep teen die bult uit), ens., en sodoende maak hy sy taal lenig en atleties van stap. Hy laat dit deur sy selfskeppende vermoë voortdurend en blywend 'n verjongingskuur ondergaan.

En so is die totaalindruk van sy taal, dat dit heroïes aandoen. Dit het 'n waardigheid en 'n koninklike weelde, wat dit juis die spankrag gee om oortuigend die suggestie te bring wat by heroïese figure, edel volksleiers en grys patriarge pas. In sulke gevalle vind ek die lirisme nie alleen mooi en wydend nie, maar dit bring die enigste sinsdeining wat waaragtig eg en passend aandoen. Dan verteenwoordig taalgebruik en stof nie 'n verskeurde dubbelheid nie, maar is soos boom en bas 'n organies-verbonde eenheid.

Wat in elk geval om waardering vra, is die feit dat Malherbe hier aan sy aard getrou is. In sy vroeëre digwerk word ek dikwels aan klanke herinner wat ek meen elders gehoor te hê.

In sy prosa openbaar Malherbe soseer 'n selfstandigheid en onafhanklikheid dat 'n mens langamerhand vanself daartoe kom om van die Malherbiaanse styl te praat, en ander, by wie dieselfde deining en woordkeus voorkom, daarvan soms ten onregte beskuldig dat hulle hom navolg of tot sy skool behoort. Dit is tog sekerlik lof van geen geringe orde nie.

Alles dan wat sover gesê is, dwing ons om die etiket nou maar aan hom vas te maak: Malherbe is 'n neo-romantikus. As daar 'n noukeuriger katalogisering verlang word, moet ons op 'n ander feit let.

Nie geheel-en-al sonder rede nie word daar soms oor 'n één-tonigheid in Malherbe se werk gekla. Dit lê minder in die onderwerpe as in die stylmiddele. Die liriese gestemdheid is so sterk en skerp, dat 'n mens dit op die duur ondergaan soos 'n viool-solo waarin die hele stuk met al sy variasies net op die fynste snaar uitgevoer word. Of moet ons sê, Malherbe berei ons 'n maaltyd voor wat hoofsaaklik uit pragtig-versierde en heerlike nageregte bestaan maar met 'n tekort aan die eenvoudige vaste spys? Die soetheid lei tot versadiging en 'n verlange na afwisseling.

Vir diegene wat vele en felle afwisseling soek, kan die een-lynige aard van die stof by Malherbe ook die klag van een-tonigheid ontlok. Malherbe is 'n dienskneg van die skone en verhewene in die lewe. Hy hou van die konstruktiewe gedagte en die meeslepende idealisme. Dit maak dat die botsings wat in sy werke tot rusies, gevegte en onenighede lei, meestal aangedui maar nie voorgestel word nie. Tonele van bloedvergiëting beleef ons nagenoeg nooit, en ruwe hartstogte of growwighede omseil hy liefs. Ons kry dus van botsings selde meer as hewige woordewisselings of kwaai meningsverskille, soos die *Bergstroom Ruis*. Malherbe is sku van die onmooie en platte, en dit veroorsaak tot 'n mate 'n betreklike egaligheid van lyn wat nie baie diep van die ideale afgebuig word nie. Aan die positiewe kant weer word alles gesien in 'n juigende stemming van hartlikheid en genieting oor die heerlijkheid van diens, arbeidsvreugde, skeppingsroes en liefde. Let maar op hoe intiem die huislikheid telkens uitdrukking vind. Die skoonheidsverlange gee ons die reg om Malherbe nader te bestempel as 'n estetiese romantikus. En doen ons dit, dan is die beweerde een-tonigheid nie meer 'n swakheid nie, maar die noodwendige beperking wat aan sy stylrigting onafskeidbaar verbonde is. Wie op grond hiervan klagtes opper, moet dan met reg van 'n realis verwag dat hy sy soort beperkings en een-tonigheid ook nie mag besit nie!

## D. F. MALHERBE

Alle groot kuns is simbolies. So ook is daar in Malherbe se romans veel meer diepte as in die blote gebeurtenisse skuil. Die stemming ontspring aan die eintlike bestemming wat sy kuns dra. Veral in die Bybel-siklus bring hy indirek die heilbegeerte van sy eie volk tot openbaring — of hy gee aan hulle 'n boodskap as hulle maar wil verstaan. Op dié wyse kom die „verhale” nog nader aan ons eie lotsbeslissings en het 'n onmiddellikheid wat ons in sy ban met krag gevange hou.  
1941.

## D. F. MALHERBE.

Deur H. v.d. M. SCHOLTZ.

D. F. Malherbe is gebore op die plaas Kleinbos in Daljosafat, waar die Hugenote-Gedenkskool gestaan het. Sy vroegste herinneringe gaan terug na die tyd toe hy as driejarige kind by die stookketel uit 'n akkerdoppie probeer brandewyn drink of saam met sy skoolmaatjies in die veld gaan koekmakrankas soek het. In die Hugenote-Gedenkskool het hy sy eerste onderwys ontvang en hier ook is die fondament gelê van sy latere lewe en werk.

'n Samevattende monografie moet nog geskryf word oor die betekenis van hierdie stigting van ds. S. J. du Toit vir die Afrikanerdom en die Afrikanersaak. Dit is seker geen toeval dat die ouer generasie van kunstenaars van die Tweede Taalbeweging onder sy geleedere soveel oudleerlinge van die Gedenkskool tel nie. Wat meer is, dit is hierdie leerlinge van die Gedenkskool wat later die deurslag sou gee ten gunste van die Afrikaans-Dietse gedagte. Die betekenis van die polemiese geskrifte van manne soos Preller, De Waal en ander taalstryders kan beswaarlik oorskat word, dog tereg merk dr. Schoonees op in sy Prosa van die Tweede Taalbeweging dat daar meer krag uitgaan van die geïnspireerde as van die beredeneerde woord. Die taalstryders doen die aanvoorwerk en gee die eerste stoot, dog die eintlike bekeringswerk is die taak van die kunstenaar, wat die massa moet oortuig dat hy in sy taal 'n kultuurwaarde besit en hom iets positiefs gee om voor te stry. Verdrukking, vernedering en veragting is nie genoeg om die geestelike ontwaking van 'n volk te bewerkstellig nie. Ontevredenheid sonder meer kan hoogstens lei tot 'n negatiewe verset en 'n onvrugbare stryd. Daar moet eers ontstaan 'n nuwe ideaal, 'n liefde vir die eie en 'n doelbewuste strewing om hierdie „eie” te kweek en uit te bou. Sonder 'n ideaal is 'n volk dood en magteloos. *Sine doctrina, vita imago mortis.*

Die geloof in en die liefde vir die ideaal van 'n eie taal en 'n eie letterkunde kan egter nie deur die beredeneerde woord alleen bewerkstellig word nie, net so min as wat ons iemand deur redenering kan oortuig van die goeie smaak van 'n bepaalde wyn. Hy moet self daarmee kennis maak, dit self proe. Die taalpropagandiste praat oor die moontlikhede wat in die taal skuil, die kunstenaar egter laat die taal self praat en maak dit sodoende tot 'n nuwe geestelike aantrekkingskrag wat soos 'n mooi vrou ongevraagd omring word deur bewonderaars en verdedigers. Die Afrikaanse Beweging is nie in die eerste plaas gebore uit 'n instink van selfbehoud nie, of uit politieke verdrukking of ander griewe en wantoestande nie: dis die gevolg van die ontstaan van 'n Afrikaans-Dietse geestelike aantrekkingskrag. En dit is kunstenaars soos A. G. Visser, Totius, D. F. Malherbe — aldrie leerlinge van die Gedenkskool — en ander wat verantwoordelik is vir die ontstaan van hierdie nuwe ideaal. Dis die kunstenaars wat die Afrikaner se oë oopgemaak het vir die beskawingswaarde van sy eie taal en kultuur. En 'n beskawingswaarde kan nie onderdruk word nie. Dit sal desnoods die oorwinnaar oorwin. Die Grieke het nie Romeine geword ná hul nederlaag nie, dog die Romeine het Galileërs geword ná hul seëpraal. Die kunstenaars het 'n ommekeer bewerk deur nuwe ideële en geestelike waardes te skep, 'n nuwe ideologie wat die massa sou aangryp en die Afrikaner onoorwinlik maak, want 'n volk kan slegs oorwin word wanneer dit op geen geestelike waardes kan steun of nie aan daardie waardes glo nie.

Die Voorsienigheid het in sy alwysheid dit so beskik dat hierdie kragte van die toekoms juis hier aan die Gedenkskool hul eerste opleiding sou ontvang, hier waar, trots die verengelste negentiende eeu en die nabyheid van Kaapstad die Afrikaanse gees onverswak geheers en gewoeker het. Hier het Malherbe saam met ander gesit aan die voete van ds. F. S. du Toit, die beginselvaste en innemende „Meester,” wie se aankoms en groot ontvangs as hoofonderwyser in 1889 by hom nog goed herinner. Sestien jaar sou hy hierdie betrekking beklee, en onder sy leiding het die Gedenkskool gebloei en boerseuns uit die hele binneland getrek, sodat die Bolandertjie Malherbe se sinsbou, volgens sy ouers, ondervelds was. Tydens sy skooljare in Daljosafat en later op Wellington het vormende invloede van blywende aard op hom ingewerk. Dikwels het hy as jongseun kongresse bygewoon en geluister na die besielende woorde van volksmanne soos S. J. du Toit, Hoogenhout en dr. Hoffmann. Die Taalfees van 1893 onder die eikebome op Hexberg (Wellington) en die taalkongresse van '96 en '97 kan hy hom nog goed

herinner. Hoewel hy as jong seun seker nie veel sou begryp het van wat daar plaasgevind het en gesê is op hierdie byeenkomste nie, vertoon hierdie dinge, volgens eie verklaring, groot as besielende momente uit daardie jare.

Met sy sterk geheue kan Malherbe onderhoudend vertel uit die dae van die ou Gedenkskool: debatteer en resiteer het 'n lewende deel van die skoollewe gevorm. Verder is naas Hollands groot nadruk gelê op geskiedenis, wat bestaan het uit Bybelgeskiedenis, Suid-Afrikaanse geskiedenis, algemene geskiedenis, kerkgeskiedenis en „British history,” laasgenoemde in verband waarmee 'n lywige rooi boek van 500 bladsye voor-geskryf was. Die verskyning van *Ons Klyntji* was 'n groot gebeurtenis aan die Gedenkskool, waar Malherbe en ander leerlinge die poskar myle tegemoet gegaan het om eerste die blad in hande te kry en die *Koningin van Skeba* te lees. Die leerlinge het dikwels gesit onder die gehoor van ds. S. J. du Toit, wat in sy preke teen alle metodisme gewoed het. „Nog hoor ek,” verklaar Malherbe, „die leuse: Godsdiens en nasionaliteit is een.”

As seun het hy saam met sy vader verskeie sittings bygewoon van die kommissie vir die vertaling van die Bybel, wat elke Donderdagaand gehou is in 'n kamer van die Paarlse Drukpersmaatskappy. Nog helder kan hy hom die groep om die tafel en die werkmethode voor die gees roep: Ds. S. J. du Toit lees sy eie stukkie voor, waarna elke woord getoets word.

Tussen 1896 en '98 is Malherbe op skool in Wellington, waar alles, net soos later op Stellenbosch, deur medium van Engels geskied. Gedurende die eerste deel van die Engelse Oorlog hou hy skool op Montagu. Daarna is hy na Duitsland, waar hy in Freiburg in 1906 promoveer in die Duitse taal en lettere. Hier in Duitsland het hy, volgens eie verklaring, 'n bittere stryd gevoer as gevolg van die botsing van sy naïewere geloof met die liberalisme van daardie tyd. Drummond se *Natural Law in the Spiritual World* was vir Malherbe tot groot hulp, maar tog, so verklaar hy, het die liberalisme in sy siel ingevreet, en eers in later jare sou die jeuginvloede van die ou Gedenkskool weer opkom soos stille stemme uit hul sluimerveld.

Malherbe se latere lewe en werk in Suid-Afrika, eers as onderwyser op Carnarvon en vanaf 1918 as professor in Bloemfontein, is die logiese en konsekwente voortsetting en volgroeiing van sy eerste tydperk. Hy is volksman wat intens meeleeft met sy volk en sy talente gestel het en nog stel in die diens van sy volk. Deur sy geïnspireerde woord as kunstenaar sowel as deur sy beredeneerde en besielende woord as spreker

het hy 'n ontsaglike bydrae gelewer vir die Afrikanersaak en die Afrikanerkultuur. Nie alleen is hy een van ons veel-sydigste kunstenaars nie, dog daarby ook redenaar by uitnemendheid. Afkerig van retoriek, valse patos en gekunstelde maniertjies, kan hy deur sy helder betoog, deur sy musikale en beeldende taal en die statige bou van sy volsinne 'n gehoor besiel en aanvuur soos weinig ander in ons land. Liefde vir sy volk en sy taal is 'n deel van Malherbe se wese. In die jongmense sien hy die hoop vir die toekoms, en die invloed wat Malherbe uitgeoefen het en nog uitoeven deur middel van sy oud-studente is haas nie te bereken nie. Hy is 'n persoonlikheid met 'n helder en logiese denkvermoë, maar daarby ook gevoelsmens wat sy leed en sy vreugde, veral sy vreugde, graag deel met 'n vertroude vriend. Ernstig van aard, kan hy tog kinderlik geniet van die lewe en spontaan opgaan in die gees en stemming van veel jonger mense. Eerlik en opreg, stel hy 'n saak soos hy dit sien en aanvoel sonder om hom daarby te laat beïnvloed deur die populêre mening. Met sy kunstenaars-temperament het hy 'n fyn oor en oop oog vir die skone in die lewe. Hoewel 'n Bolander van geboorte, is hy hart en siel geheg en geanker aan die ou Vrystaat met sy deinende vlaktes en sy weelderige grasbulte gekleed in die wisselende kleurskakerings van die ondergaande son. Liefhebber van die natuur en teerhartig van aard, sal hy sy eie lewe in gevaar stel om dié van 'n hasie, 'n skilpad of selfs van 'n toktokkie te probeer red wat voor sy motor die pad oorgaan. Die skrywer hiervan, 'n liefhebber van die jag, vind hy 'n barbaar.

Die somervakansies bring Malherbe meestal deur aan die Kleinmondstrand, wat met sy rotsige kus en onstuimige see die geboorteplek is van verskeie van sy letterkundige werke, soos o.a. *Hans-die-Skipper*. Ten spyte van sy gestileerde kuns, maak Malherbe selde 'n verandering aan iets wat hy eenmaal neergeskryf het. Sy romans is 'n suiwere openbaring van sy karakter en sy persoonlikheid. Daarin vind ons sy liefde vir die natuur, die see en die arbeid van die plaaslewe, waar hy dikwels herinner aan Styn Streuvels. Hoewel geen volbloed romantikus nie, is dit meer die ideële as die reële sy van die lewe wat Malherbe aantrek en bekoor. Dis hom dikwels verwyf dat sy karakters te veel geïdealiseer is. Dit is egter 'n deel van Malherbe se wese en temperament as kunstenaar. Dit mag net soveel kuns verg om die modderige wortels as die blom van die lirie te teken, dog Malherbe het alleen 'n oog vir die vlekkelose skoonheid van die maagdelike blom. Die armbanke is en kan nooit by hom weersinwekkend word nie. Hy wil sy

Bedryf I.

D.F. Malherbe

27/6/45

Voorportaal van koningshuis op di landgoed van koning Aso by Kijale Fearien.  
Diwan en tafels - wyde ingang na binne in di middel agter. Uitgang na bunte  
links. Ato sit op diwan regs en veul aan di snare van hant korp. It is bleek, wange  
in gevel, in donker afgetoed. Namiddag lant.

Maiga (Kom van bunte gewol deur diensmaagde di Rooi papawes in di haer):

Gelukkigige dag en nog gelukkigiger nog  
wat woldra in di glorie van di maan  
die volk se bleek sal of jaag tot u strom  
van feestelike drifte. Gelukkigige dag  
vir jou, my suste, dat jy op my raad  
di kloue van di sichte van jou sked  
met duffere swit, di ke vernaad, en weer  
di broos van snare seek.

Ato:

Ek veul nog meer,  
want skeu en langraam is di lus in my.  
Di lug is soek wat diwanis mid de beld,  
di vderjaar bring genesing.

Maiga:

Ek veul di veul,  
en daarom is ons hier. Aso va hant  
beery van landbestuurlike gefloeter,  
swen op di deining van 57 jaggel  
wat kom di bossé van ~~hant~~ Fearien gun.

Ato:

En jy, my suste, eeste bron in Tuda,  
di haagte hier verhef jou ryke koring.

Maiga (Afspreke):

Di's waas, di's wane! Sped, swit, ce kom jou.  
(Gaan na binne mid diensmaagde).

Handskrif van D. F. Malherbe.

## D. F. MALHERBE

volk lei, ophef en inspireer, nie deur na die verswelgende moeras te wys nie, dog na die ylbloue hoogtes van waar die volk in die verskiet sy Beloofde Land kan aanskou. Vir hom moet die kunswerk wees die draer van 'n idee, 'n boodskap. Daarom ook dat, veral in sy latere romans, meer as een Ou-Testamentiese figuur en gebeurtenis word tot prototipe en simbool van die Afrikaner en sy geskiedenis.

Malherbe hoop om oor 'n jaar of twee as professor af te tree. Hy sien egter nie kans om hom van die geliefde Vrystaat los te skeur en die bande van die afgelope twintig jaar te verbreek nie. Daarom het hy onlangs vir hom 'n mooi woning 'n myl of ses buite Bloemfontein aangeskaf. Hier het hy 'n ruim rondawel gebou en as studeerkamer ingerig. In hierdie rustige omgewing en weg van alle sleurwerk hoop hy, nadat hy die professorale tuig afgelê het, om hom geheel te wy aan sy skrywerswerk. Mag hy nie alleen die verwesenliking van hierdie lank gekoesterde ideaal belewe nie, dog lank gespaar bly om sy kragte en sy talente te gee in die diens van sy volk en die rondawel op Kleinbos by Bloemfontein te maak tot 'n steeds hernuwende faktor van die tradisie en die besieling van die ou Kleinbos met sy Hugenate-Gedenkskool in Daljosafat.

1939.

### LIEWE BEELDE.

*Deur D. F. MALHERBE.*

Veertig myl van Kaapstad, soos die kraai vlie, waar die hange van die Oorberge in effenheid van landerye verloop en waartussen bergstrome jaar-in en jaar-uit aanvloei na die Bergrivier. lê Daljosaphat. Hier het die eerste Taalbeweging sy opvoedkundige kraganker gevestig; hier was weer 'n vrye skool nadat die Paarlse Gimnasium onder die vlerke van die regering ingeskuif het. Opmerklik dat die vloed van Engelsheid omstreeks die jare tagtig en negentig van die vorige eeu hier nog nie alles toegestroom het nie, dat die middeljariges en oues in hierdie omgewing destyds so goed as Engels-onkundig was. Die bietjie Engels van die skool af meegebring het gou verdamp. Hier so digby Kaapstad dat my vader op 'n stil dag sy huisklok volgens die twaalfuurskoot gereguleer het, kon 'n eeu se ver-Britsing die Afrikaanse groeisel in sy landelike houvas nie ontwortel nie. Ook die gesindheid kon hy nie ontwortel nie. Andermaal 'n bewys dat 'n eensoortige, bodemgehegte gemeenskap, selfs sonder georganiseerde wil, 'n onbreekbare wal teen die vreemde vorm.

## D. F. MALHERBE

Dit heet dat 'n buurt in dertig jaar heeltemal verander: die oues en middeljariges sterf weg, vreemdes trek in, 'n nuwe maatskaplike beeld ontstaan. Dit is ook waar van Daljosaphat. As ek daar beweeg, dan sien ek die aanskyn van die omgewing soos dit geteken staan in my jeugbeeld. Nog is die heuwels toegebank met renoster- en suikerbos en biesroei waar nou vrugteboorde pronk en graan gedy; nog is die hoë vleigras 'n speelgrond, al is dit oordek met wingerdstokke en appelkoosbome; nog soek 'n mens koekmakrankas in sonnige Meidaë tussen agretta en renoster en olienhoutreuse daar waar nou die wonings van mense staan en tuine opgroen; nog staan die rye tagtig voet hoë, vorstelike dennebome waarvan die heimlike windgeruis in die naalde nog altyd 'n mens se innerlike oor gryp, waar nou oopte is of basbome of armsalige kruipgewas. Net die natuurlike dieptes en hoogtes kan die mens nie tot effenheid verwerk nie, die struktuur van 'n landskap wat spot met sy vernuf, soos die heuwelrondinge en glooiinge hier, wat uitstrek na die kransteiltes van die bergmuur aan die oostekant.

In 'n halwe eeu het die mense verander en hul werkwyse. Waar die jong se voete gedreun het in die trapbalie as die driuwe-oes ingesamel word, daar staan nou die persmasjien wat, minder kwistig as voete, die laaste druppel sap uitdwing.

'n Ander geslag leef nou.

Maar op dieselfde grond sien ek altyd nog die gestaltes van vroeër, middeljariges en oues, lyflik, met gebaar en gang, met die blymoedigheid op die gesig, hulle wat vir my alle wysheid gedra het en sterk was in geloof. Want hulle was in diep lewensgrond gewortel en hul wortels was gesond. Ek sien hulle in die kerkpak of in die werk sonder baadjie, by die brandewynsketel of by die mebosstellasie, of ook by lamplig met 'n stigtelike boek. En ek hoor hul stemme met die natuurlike toonval van elkeen se spraak.

Hulle was geselsers by uitnemendheid. Hulle kon 'n dag kort maak met gesels. Baie lede van die Genootskap was uitnemende geselsers.

Van een ou buurman van my vader word die volgende vertel: Dit was op die nek in Bainskloof waar na die Engelse Oorlog vakansiehuisies gebou is, dat hy saam met ander vakansie-vriende net ná agtuur-ete lui-lekker aan loop raak gesels-gesels na Witrivier wat 'n tweehonderd tree van die huisies af oor roklip en klippanke vloei. Maar by 'n groot blou-vaal sandsteenklip nog maar 'n paar tree van die vakansiehuisies af het hulle bly staan omdat hy wat die woord gehad het, wou uitlê hoe hy jare vroeër na Potchefstroom gereis het

met 'n ligte waentjie en ses muile. Hy het hulle so geboei met sy growwerige, self-versekerde stem dat hulle daar bly staan het, terwyl die vloed van die verhaal alleen onderbreek word deurdat die verteller, 'n onversadigde pyproker, kort-kort sy pyp, moes opsteek. Hy het vertel — hulle het geluister. Besonderhede so klein soos 'n naald in 'n stroomied word opgetower tot draende momente: die plan, die besprekinge, die aankoop van die waentjie en van die muile, elkeen met sy karaktertrekke, die aankoop van die tuie — transaksies en transaksies! Hulle wou na Witrivier gaan — 'n klein stappie tussen die klippe deur . . . . maar om twaalfuur toe die meid die base kom roep vir die middagete, word hulle gewaar dat die son al hoog staan . . . . en toe was die reis nog nie aanvaar nie, maar die muile was darem al ingespan.

Hulle het 'n begrypende blik gehad vir die donker en lig van die lewe.

Kort voor die dood van my vader het hy my eendag op Kleinbos gevra: „Weet jy waar deesdae se hokkiespel uitgevind is?” Daar was 'n bekende skelm laggie op sy gesig. „Maar natuurlik kom dit uit Engeland, soos ook voetbal en tennis,” was my antwoord. „Nee,” sê hy, „hokkie is op Kleinbos uitgevind — hier het ons eerste hokkie gespeel in die ou dae, hier op die werf, met die Boesmankopbene wat die volk uitgedolwe het hier agter by die bamboesbos.” Dat daar 'n Boesmankraal was in die vroegste tyd en dat die pioniere die Boesmans verdryf het Du Toitskloof in, dit het ek geweet, en verder dat hulle in die verlate kraal waar nou die bamboesbos staan 'n Boesmanbabetjie gevind het, wat as diensmeid by die witmense bly woon en honderd jaar oud geword het . . . . dit het ek geweet, maar dat die hokkiespel op Kleinbos ontstaan het en nie uit Engeland ingevoer is nie, dit was 'n ontdekking!

#### BYBELVERTALING.

Laat my afsien van later werk toe vriende elke Sondagaand in die studeerkamer van ds. S. J. du Toit in Daljosaphat bymekaar gekom het. My eerste indrukke gaan terug na die jaar 1892 toe ek as 'n seuntjie van elf jaar saam met my vader gegaan het na die vertaalkring wat elke Donderdagaand in die gebou van die Paarlse Drukpersmaatskappy werksaam was. In 'n kamer met gestapelde koerantlêers het hulle om 'n tafel gesit, elkeen met 'n Bybel. Dit is nou vaag, hierdie beeld, maar tog word 'n paar trekke helder en gesigte, en onvergeetlik die informele, gesellige maar tewens toegewyde dampkring van die aand — die tasting na die juiste Afrikaanse woorde om die oorspronklike weer te gee soos reeds vooraf tentatief deur

## D. F. MALHERBE

ds. S. J. du Toit op skrif gebring. Ek herinner my die lang stilstaan by 'n enkele teksvers, die ondervraging, die hot en haar, en die liefdevolle aandag wat aan 'n opmerking van die mins geletterde van die kring geskenk is: vreugde by vinding van die juiste woord, versinking in die liefdewerk, ontsluiting van die taal, wyding van die alledaagse tot verhewe bestemming. Vreugde was die grondtoon. Vir my verwonderde klein verstand was dit alles soos die oopgaan van blomme.

Ds. S. J. du Toit getuig in hierdie verband: „Alle Donderdagaande kom 'n kring van broeders bymekaar. Dit word geopen en gesluit met gebed. Daarna sit ons om 'n ronde tafel, elkeen met syn Bybel. Een of 2 het altyd di Bybel in die oorspronklike taal, di andere het elkeen 'n aparte vertaling soos di Hollandse Statevertaling, di egte Engelse vertaling, di Luterse vertaling, di nuwe Hollanse en di nuwe Engelse vertaling, verder di vertalings van Van der Palm, Lange ens. Van Genesis 21 vs. 22 af het ons in 'n boek al aande aangeteken wi teenwoordig was en watter afdeling behandel is.” (Ds. S. J. du Toit in *Weg en Werk*, bl. 296.)

Toevallig het in my besit gekom 'n blad van die presensieboek, waarvan die helfte van 'n bladsy uit die jaar 1892 hier weergegee word.

### S.A. TAALBOND.

Teenoor die bewering van kortsigtige mense indertyd dat die ou Genootskap Nederlands nie goedgesind was nie en daarom kwaad gedoen het, staan die teenbewys, by herhaling genoem, van tienduisende Nederlandse boeke gedruk en versprei deur die Paarlse Drukpers. Juis die kragtige oplewing van taal- en volksgevoel soos die Genootskap dit met politieke organisasie en kultuurwerkzaamheid teweeg gebring het, was noodsaaklike onderbou vir toenemende belangstelling in die Nederlandse boek en het die stigting van die Taalbond eers moontlik gemaak in 1890. Inderdaad het die Genootskap-manne die Taalbond met woord en daad help dra, net soos in 1906 die A.T.V.-manne Nederlands gesteun het by elke walletjie wat hul opgewerp het vir bruikbaarmaking en erkenning van Afrikaans. Hoe ongegrond bewuste beskuldiging was, blyk reeds daaruit dat die eerste openbare eksamens in Nederlands en S.A. Geskiedenis uitgegaan het van die Paarlse tak van die Taalbond met voorsitter dr. J. M. Hoffmann en sekretaris ds. S. J. du Toit. So het daar dan in die jaar negentig nuwe stukrag van Hollandsgeoriënteerde kant in die taal-beweging gevloei.

Dit was 'n Taalfees by Hexberg (Wellington) omstreeks 1893 wat daar opdoem. Dit was 'n groot skare, goed gekleed en gesellig byeen onder die eike. Daar was geen geleerde

## D. F. MALHERBE

mense nie, meestal net maar boere, taalbewus geword al was die taal dan nog Nederlands. Die hoë gestalte van C. P. Hoogenhout was by die sprekerstafel, en die korterige, vierkantige persoon van M. J. Stucki. Van wat daar gesê is dié dag, het ek maar weinig verstaan. Genoeg dat die wysheid-draers, die waardige oues en die grootmense, na wie ek opgesien het in my weinigheidsbesef, hulle wat vir my die sigbare volk was, genoeg dat hulle in vlae van geroerdheid opgevoer word. Vir my seuntjie-gevoel was dit 'n gebeurtenis van kloppende lewe, gewaarwording van 'n geheimsinnige krag, iets groots, die konsentrasie van 'n volk se strewe . . . .

Dit was vir my die Taalfees by Hexberg.

Daljosaphat, Paarl, Hexberg — die roeringe om die taal — dit was vir my jong gemoed die Volk en Suid-Afrika!

Die gevulde Paarlse stadsaal by geleentheid van die prysuitdeling aan bes-geslaagdes in die Taalbondeksamens staan uit as 'n ligbaken wanneer ek agteruitkyk op my pad. Die pryse het bestaan uit medaljes en boeke, werke van minderes soos Andriessen en van befaamdes soos Van Lennep en Beets. Die eerste Taalbond-eksamen was beperk tot die Paarlse distrik. Nog sien ek die lettertipe en onthou dat die laaste vraag in Nederlands (Laer Afdeling) 'n taai stuk Engels was om te vertaal — al te taai met 'n woord soos „sonorous” as 'n mens maar twee jaar skool agter die rug het en so 'n woord miskien nie voorkom in die eerste deel van Changuion se woordevertalende „Series” nie . . . want dit was die omvang van ons kennis van Engels.

Voor my lê 'n datumlose eksamenvraestel in „Kaapsche Geschiedenis — Hoogere Afdeling,” vermoedelik van die jaar 1893, waaruit ek die beste vraag hier neerskrywe.

„Schrijf een opstel over een der volgende onderwerpen naar verkiezing:

- (a) De slag bij Boomplaats.
- (b) De Anti-bandietenbeweging.
- (c) De moord der blanken te Auckland.
- (d) Het vergaan der Birkenhead.
- (e) Het gezicht van Umhlakaza.
- (f) Piet Uys, de Jonge Afrikaner held.”

En hiermee gly ek vanself in 'n ander kompleks van ervaringe wat wel die middelpunt van my jeugbeeld uitmaak, want met die

### GEDENKSCHOOL DER HUGENOTEN,

die naam wat in groot, wit letters op die dubbelverdiepinggebou te lees was, is jare van ryke dinge verbonde. Ook hier

nog is Sidwell se *Cape History*, by gebrek aan 'n doelmatige leerboek, eers later skoorvoetend vervang deur S. J. du Toit se „Di geskiedenis van ops land in di taal van ons volk.” Maar hier het ons darem, gelei deur 'n kundige gees, baie dinge geleer van ons volksgeskiedenis wat buite bereik van leerboeke was. Ds. S. J. du Toit, kenner van die geskiedenis en besiel met liefde vir die vak, het die hoër klasse elke môre een uur lank op welsprekende wyse besig gehou met geskiedenislesse — Maandag en Woensdag: Bybelgeskiedenis; Dinsdag: Suid-Afrikaanse Geskiedenis; Donderdag: Kerkgeskiedenis; Vrydag: Algemene Geskiedenis; en een namiddag: Engelse Geskiedenis. Vir Bybel-, Kerk- en Algemene Geskiedenis was daar geskikte Nederlandse leerboeke, maar met die dik, rooi boek *English History*, geskrywe in 'n taal ver bokant ons bevattingsvermoë, het ons jare lank geworstel sonder om veel uit te rig. Daardie rooi boek wat die ganse tydperk van voor die Romeinse verowering tot by koningin Victoria omspan het, was vir ons 'n nagmerrie. Tog staan die wortels van 'n mens se kennis van die geskiedenis vas in hierdie primitiewe studie-tyd, lê die beskrywingslyne helder van Babilon af tot moderne tyd soos dit aangegee is in die boeke van Bergmans. En wat 'n breër vlak het die Kerkgeskiedenis nie oopgemaak nie!

Maar hierdie vrye skool, gedwing om ook vir Engels-eentalige eksamens voor te berei, kon nie ontkom aan 'n mate van tweetaligheid nie — *Cornwell's Geography* en *English History* en *Euclid* en *Algebra*, ens. Ons het Latyn ook geleer en een wat na die Kweekskool wou gaan, selfs Grieks.

Dit was 'n vrye skool, ongehinder deur die lastige inspekteur wat oral gevrees was, 'n vrye skool waar 'n mens oorgeplaas word in 'n hoër klas te enige tyd in die jaar namate jou vordering wys — die leerlinge meestal manne van twintig en ouer, manne met volle baard soms, regstreeks van die veld af, uit Middel-Kaap of Vrystaat of Transvaal, maar leergierig en snel in vordering, groot manne saam met kleintjies op een bank — geen vrees vir inspeksie nie! En tog het in die laaste jaar van my leerlingenskap 'n inspekteur sy verskyning gemaak, daar die skool omstreeks dié tyd weens geldnood regeringstoelae gaan aanneem het met die uitdruklike bepaling egter dat sy gees en rigting deur die omstandigheid op generlei wyse sou beïnvloed word nie.

Wildvreemde Engelsman — bittere dag vir ons vyf wat in die hoogste klas gesit het — hy sou ons behandel, het hy gesê asof ons std. VI was, die hoogste klas van die primêre skool. Sy toets was: vertaling van 'n vir ons onbekende Latynse

## D. F. MALHERBE

prosastuk, probleme in *Euclid* en *Algebra*, en verder: swaar Engels en Rekenkunde en nog wat — bittere dag! Ons het almal gesak — voor die voet! Maar 'n maand later skrywe ons die „School Higher”-eksamen, die destydse skoolmylpaal twee jaar voor Matriek, en al vyf slaag. Die inspeksie van Meimaand 1896 was dan ook somar 'n nuttelose paaiboelie.

Die plan om 'n waardige gedenkteken vir die Hugenote op te rig — daar sou 'n groot feesviering plaasvind in 1888, tweehonderd jaar ná die aankoms van die Hugenote — dié plan is verskeie kere uiteengesit in die *Afrikaanse Almanak* van 1878. Maar reeds in 1877 word die eerste keer daarvan gerep in 'n oproep deur Ware Afrikaner.

### „EEN OPROEPING

aan al die afstammelingen van die Hugenote. Kom, Bloedverwante! Lat ons nou wakker worde! Die nagedagtenis van ons voorouers moet nie uitsterwe nie! (Ek seg ons, want ware Afrikaner is deur een Hugenoot, van vaders en van moeders kant.) Daar kom een mooi kans vir ons! Die eerste skip met Hugenote is hier angekom in die begin van April 1688. Dis o'er 12 jaar. Dan is dit net 200 jaar dat ons voorouers hier gekom het. Hulle was toen arm; hulle het niks gehad nie. En kyk, hoe het di Heere ons gese'en om hulle vroomheid. Kom, lat ons dan een gedenktag hou, en een gedenkteken oprig tot aandenken van ons voorouers! Lat ons vooraf daartoe bydra.

„Lat almal wat wil saamwerk vooraf hulle name instuur. Dan rig ons een grote gedenkstuk op, met die name van al die families daarop en die datum wanneer hulle hier aangekom het, en, waar hulle eers gaan woon het. Die gedenkteken moet dan kom op een plek waar die meeste Hugenote gaan woon het. Dit sal dan moet wees an die Pêrl of an Wamakersvly, of an Franshoek of an Groot Drakenstein, waar hulle eerste kerk gestaan het . . . ”

Tog is eindelijk besluit om die gedagtenis van ons Franse voorouers te huldig met 'n skool wat die ware Boer karakter sou kweek. Het die Gedenkskool klein begin in 'n kamer 20 vt. by 12 vt. in 1882 onder leiding van Oom Lokomotief, eers met die koms van ds. F. S. du Toit (1889) en oprigting van geskikte geboue het hy gestyg en in die jare negentig sy hoogtepunt bereik.

Vir opleiding in musiek het Rocco de Villiers jr. sorg gedra. Dit is onder sy leiding dat die musikale talent van A. G. Visser ontluik het. Gesamentlike sang was 'n vername vormmiddel. Maar 'n bodem vir uitbreiding van kennis en vorming van die

lewe was die Debatsvereniging. Voordrag, musiek, debat — geesdriftige voorbereiding en wedywer — dit was reeds waardevolle vorming met behulp van die skoolboekery, maar die kern was die joernaal wat elke aand 'n openbaring was. Ja, om die joernaal was 'n geheimsinnigheid gewewe. Rympies, erns en luim, sketse, behandeling van vraagstukke wat die pers bring, politiek, godsdiens — die joernaal het leer skrywe. En daar het skrywers uit die skool voortgekom. Dat so baie Gedenkskollers met weinig geleerdheid later leiding gegee het in hul omgewing, was te danke aan vrymoedigheid en selfvertroue geleer in die Debatsvereniging.

Daar was 'n eksamen om die algemene kennis van die leerlinge te toets, gebaseer op koerantlektuur van die jaar. En watter woelige politieke tye was dit nie!

Hierdie skool het vir die lewe gevorm, het met volle teue gedrink uit die bewoë waters van die tyd — dit was 'n Boerskool. As ek weer my lewe moes begin en 'n skool moes kies, dan sou ek sê ten spyte van allerlei tekortkominge en selfs vreemde dinge wat noodsaaklik ook op hom moes neerslaan uit die dampkring van die tyd, dan sou ek sê: Gee my die Gedenkskool! Ek sou dit sê, omdat hy die Boersiel ofskoon nog onontsluit, na eiewette-like ontplooiing laat hunker het.

In die Engelse Oorlog het die Gedenkskool, aangewys op leerlinge uit die binne-land, ook ondergegaan. Van die sierlike gebou het nog net 'n brokstuk oorgebly, en teenoor hom het die reuse-eik wat meer as tweehonderd somers geken het, ook vergaan — die geweldige boom waarvan Paul Kruger by geleentheid van sy oornagting op Kleinbos (1881) gesê het, met verwaarlosing van die skone, dat die takke pragtig sou dien om mielies aan op te hang — van die historiese boom is alleen te sien verdorde takke bo en 'n verskrompelde stam met vrattige ouderdom-groeiisel.

#### FIGURE.

Op die voorgrond ds. S. J. du Toit, die groot kop, fyn in beplanning, skerp van insig, met geniale vergesig bedeel, oorspronklik, gevat, 'n man wat in tydperke gedink het en sy tyd altoos vooruit was; 'n harde werker; 'n gebore leier. Ek sien hom staan op die verhoog in die Paarlse stadsaal as hy die kongresgangers verwelkom (Jan. 1896), helder en bevattelik ook vir die ongeletterde; ek sien hom op dieselfde verhoog in gloedvolle oortuiging hamerhoue slaan op sy Sabbatariese teenstander in 'n openbare disputasie, rap in verweer, sterk en selfversekerd, waar hy die Bybeltekste orden tot onderbou van

samehangende betoog; ek sien hom met die snoeiskêr in die vrugteboord, in gesellige luim, verfrissend van gedagte; ek sien hom in die Gedenkskool met die glansing van sy blou oë, waar hy gereeld eenmaal in die maand kom preek het — in daardie gevulde saal het sy bindende woord van 'n uur 'n oomblik gemaak, dit was meer as gewone preek, die Skrif ontsluit en die waarhede ingepas in die tyd soos 'n mens dit ook vind, verkort en gestileer, in die uitnemende versameling preke *Die Huiskerk*. Hy was nie 'n redenaar van die eerste rang nie, maar hy het 'n verowerende stem gehad en sy hoogtes van gloeiende ontlading geken. Hy kon enige gehoor lei waar hy wou met sy lewensmagnetisme en die waaragtigheid van sy oortuiging.

Hy was dan ook onversetlik as hy eenmaal 'n standpunt ingeneem het. Vandaar dat hy hom later weens veranderde insigte heeltemal onttrek het aan die politieke lewe.

S. J. du Toit was 'n universele gees. Hy was 'n skerp waarnemer en ontleder van 'n gegewe. Tydens die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika (1910), toe daar 'n touthekery aan die gang was oor die Eerste-Ministerskap, het hy vir my eendag op Kleinbos beduie dat nie Merriman nie maar Botha die man gaan wees. As dit tog maar Merriman kon wees! Dan sou die Afrikaners 'n redelike kans hê om te konsolideer . . . .

„Maar jy sal sien, die Engelse sal vir Botha benoem en . . . . gebruik, en dan . . . . arme Suid-Afrika!”

Hy het die verdeeldheid sien kom.

\* \* \*

Dr. J. M. Hoffmann met sy hoë bou en waardige kop, met sy goedversorgde swart baard en voorbeeldig nette, donker drag, was vir my onder al die manne van die Genootskap meeste kenmerkend van 'n vors. Hierdie Boer het die vernaamheid van 'n koning gehad, ten minste soos ek my 'n koning voorgestel het. By die Gedenkskool het 'n mens hom dikwels gesien en by openbare geleenthede. Sy innige menslikheid het gewedywer met sy mediese kennis. Sy dood is dan ook vervroeg deur ontberinge op die slagveld, waar hy aan die kant van die Boere in die Engelse Oorlog siel en liggaam geoffer het vir sy volk.

Oom Lokomotief, minder begaaf en geleerd as sy broer S. J. du Toit maar onwrikbaar as Afrikaner, onwrikbaar ook in die benoude dae toe die Genootskap byna sy bestaan en ideale prysgegee het onder die druk van 'n magtig-lokkende, voorgestelde Hollandse Vereniging — Oom Lokomotief, 'n

gebalanseerde, lewenswyse man, het ek eers later in Bloemfontein intiem leer ken, 'n vrugbare verhouding wat egter vanself buite die bestek van hierdie artikel val.

Aan F. S. du Toit dank ek veel van die onweegbare dinge wat later rigting-gewend werk, want hy het ons onopvallend bevrug met 'n inhoud wat uit ander bronne vloei as wat die skoolboeke aangebied het. Self student gebly, het hy ons gedurig aangemoedig tot lees, 'n raad waarvan ek in my bruisende speeljeug te min geprofiteer het. Sy aanwakkerende woorde en uiteensettinge het altyd heengewys na nog veel ander ongebruikte kennis — hy het skatte gehad om uit te put. Die man daar agter die lessenaar was onvermoeid — onvermoeid ook in die behartiging van buiteskoolse dinge. Sy opvoeding was Skrif-gefundeerd. Sy beeld en gees lewe voort in die hart van menige Gedenkskoler.

C. P. Hoogenhout, vrugbare skrywer, het ek in hierdie tyd 'n paar maal gesien in Paarl by prysuitdelinge, maar sy intensiewe verband met die Genootskap sowel as sy baanbrekende werk in belang van ons taal gaan terug na die jare sewentig en tagtig. Later toe die Genootskap se strewe vaste vorm gevind het op politieke, opvoedkundige en taalsterrein, was daar minder ledevergadering. Vir die laaste keer was die Genootskap byeën in Augustus 1895, sodat hy dus geen invloed meer kon uitoefen op die rigting wat die *Patriot* vanaf 1896 ingeslaan het nie.

Gideon Malherbe, wynboer in Paarl, kort van gestalte, met 'n wit kurkhoed op, soos ek hom onthou op 'n somerdag, met vergenoegdheid op die gelaat, met blymoedige oë waarin witswaaarde vonkel, 'n staatsmaker in dae van geldnood as die Genootskap-manne radeloos word — Hoe skaars is hulle in die wêreld, wat hom ewenaar! Waar gedagte aan voordeel uitgesluit was, het hy, vreemd aan elke vorm van ydelheid, meer geoffer aan arbeid en geld en goed vir die volksaak as dosyne van vandag se grootpraters. Offervaardigheid is sy naam! Oom Gideon, as ek soms faal en gevergde opoffering in die stryd wat nog altyd ons syne is, my geduld erg beproef, dan is jy 'n baken wat my skaam maak . . . .

Het ek 'n paar voorstes genoem, daar is 'n ganse menigte blymoedige geloofsmense wat binne die horison van my jeugjare wandel — ongedeerd in hul vertroude, al is wyn £2 die lêer en al verteer buitendiën die wingerdluis die wortels van hul tydelike bestaan.

Ek hou soms gemeenskap met hulle . . . .

In ons verdwaasde tyd, waar die lag skaars is en opregtheid

soos lugspieëlinge, waar algenoegsaam gewaande geleerdheid pronk sonder diepte, in ons vervlakkende tyd verlang 'n mens na hulle wat opregtheid hoër geag het as voordeel. Dan soek 'n mens hulle weer by denne en eik waar genoeglike tortelstemme die ure versadig; dan straal jou tegemoet, uit die gesigte van eenvoudiges, 'n geluk van bo-tydelike aard; dan leer jy weer lesse vir 'n houvas in deesdae se roemlose vervlakking.

Ek hou soms gemeenskap met hulle . . . .

Want hulle het 'n diep lewensgrond gehad en die ervaring van onsienlike dinge.

1943.

## IETS OOR KUNS.

### DIE PROBLEEM SUBJEKTIEF — OBJEKTIEF.

Onder in die diep-verborge bronne van die siel vloeï saam in ongeskeidenheid die kragte waaruit die godsdiens en die kuns en die wetenskap tot selfstandige lewensopenbaring in hul eie sfeer gaan uitgroei. By alle geestelike uiting is die intellek en die wil en die gevoel saamwerkende kragte met verskil in intensiteit. Die kontrolerende intellek en die voortstrewende wil staan egter op die agtergrond by die kuns-skepping. Hier is die gevoel oorheersend, die gevoel met die leidende intuïsie, is die stemming oorheersend, en met die verbeelding sal hy die elemente van ruimte en tyd, die verskynsels en verhoudinge herskep tot altyd-nuwe aanskouing op die heerlike velde van die illusie. Want die illusie is sy tuiste en sfeer van werking. Maar illusie sonder meer sou 'n leë spel wees, en enige teorie wat die kuns wil omvat in die reine sfeer van die illusie as skoonheid, is eensydig en arm. Die illusie wat die kuns skep, word gedra deur die waarheid.

Die kuns herskep. Ons wandel hier op aarde tussen die skerwe van verbroke geluk. Wat die lewe bied, is gebrokenheid — wil en onmag, vreugde en lyding, en in die vreugde pyn. Elke uiting van die kuns is 'n hunkering na die Verlore Paradys op aarde en 'n poging om die eenheid te herstel. En so word die verbondenheid van die skone, die ware en die goeie — om van ander normes te swyg — ongeskeie saamvloeiend in die siel, maar verbroke in die lewe, herenig in die kuns.

\* \* \*

Die enigste kuns waaroor ek mag saampraat, is die woord-kuns, die kuns van die lewende woord, die vlugtige, blits-agtige,

die verskynende en verdwynende, maar tog so duursaam, in sy wese die mees abstrakte van alle abstrakthede, maar tog so reëel, so gloeiend — dinamies met sy rykdom van plastiek-suggererende kragte — die woord wat meer is as klei vir die modelleerder, meer as verf vir die skilder, meer as marmer vir die beeldhouer, meer as middel en stof, omdat hy (d.i. nog as gedagte) self 'n skeppende krag is, omdat hy gedurig soek na klare verklanking van die siel, na beliggaming van die innerlik-aanskoude en vaag-aangevoelde.

Dit is hierdie vaag-aangevoelde wat dikwels in die objektiverende woordkuns so heldere gestalte kry — woorde is egte draers van die illusie — wat verwerp word as on-eg en wat juis die diepere waarheid van die siel openbaar. Beoordelaars van boeke, die kritici, is gou om woorde in die mond van 'n karakter as die woorde van die skrywer uit te lê, en te veroordeel waardeur hulle bewys lewer van weinig besef te hê van die verwickeldheid van die subjektief-objektiewe probleem in die woordkuns.

\* \* \*

Niemand sal my van ydelheid beskuldig as ek begin met toeligtig uit 'n boek deur myself geskrywe nie. Die bewering is gemaak dat sekere uitinge van Hans-die-Skipper nie meer sy eie woorde en taal is nie — dit is Malherbiaans, tegelykertyd 'n kompliment vir die skrywer, hoewel anders bedoel.

In sy oorgegewenheid aan die seemansarbeid wat sy hele wêreld is, glo Hans-die-Skipper nog dat sy seun Johan, eendag die familietrots en -roem sal voortdra, die see sal liefkry en 'n groot skipper sal word uit pure liefde vir die beroep. Trots tekens van afkerigheid by Johan glo hy daaraan. En as die oomblik daar is, dan wil hy gedra op die hoogtes van sy stemmingslewe, sy wederstrewige vrou en sy seun oortuig van die heerlikheid van die seemansarbeid wat vir hom droom en werklikheid saam is, en dan sê hy o.a.:

„Om so digby die hart van die see te lewe, om sy senuwee te voel as die skuif op die branders bewe, om sy stem te ken en te weet waar hy sy skatte bêre, om die roer te swaai dat die skuif in die skuinste lê van lekkerloop . . . As Johan eers 'n regtige skipper geword het, wat sy eie skuif ken, sy skommel en sy skuiwe, sy gly en sy sny, die dra van sy skuif en die hoogklim van sy skuif . . . wat die see ken soos ek hom ken . . .”

Natuurlik is dit nie meer die taal van die ruwe, ongeleerde vissersman nie, ten minste nie in die strukturele afgerondeid daarvan nie. Natuurlik is dit die werk van die skrywer. Maar die voorstelling is almal Hans syne, die voorstellinge wortel

almaal in Hans se ervaringskring. En wat in die bewoë siel van die objek werklikheid is, daar minder of meer helder as voorstelling, meestal meer onderbewus as gevoelskompleks beweeg, vind gestalte in die siel van die subjek. Die kuns gee nie werklikheid nie, maar waarheid.

\* \* \*

Maar laat ons liever na voorbeelde soek by groot skrywers. Want waar woordkuns objektiveer, sal die verskynsel wees. Ek herinner aan 'n toneel uit *Wilhelm Tell* van Schiller waar Melchtal, die Switserse boerseun, diep geskok deur die wreedheid begaan aan sy onskuldige vader, wie se oë die vreemde onderdrukkers van die volk uitgesteek het as wraakneming weens billike verset van die seun, 'n verbond sluit met twee vooraanstaande volksmanne dat elkeen in sy eie landsgebied manne sal gaan werwe vir 'n sameswering tot opstand. In Melchtal se siel glans die vooruitgevoelde oorwinning op in voorstellinge verbonde aan sy oëlose en lydende vader.

*„Blinde, oue vader,  
die vryheidsdag kan jy nie meer aanskou nie,  
jy sal hom hoor -- wanneer van Alp tot Alp  
die opstandsvure uitslaan ligtelaa,  
ineen sal stort die vestings van tiranne,  
sal na jou woning kom die Switsermanne,  
en jy sal luister na hul vreugdemaar  
dat jy in nag die daeraad gewaar!”*

Wat in die bewoënheid van die ongeletterde boerseun se siel net maar aangevoel word, dit gryp Schiller en dra dit omhoog op die terrein van die illusie in helder aanskouinge en ritmiese verwoording.

\* \* \*

Eindelik 'n voorbeeld uit Shakespeare soos hy honderde bied, en tewens een wat uit die aard van voorstelling selfs nie onbesproke is nie, soos die noulettende leser sal opmerk.

Die dood van Duncan lei tot die groter daad, die vermoording van Banquo. Macbeth se siel is ene woeling van duistere magte en voorstellinge wat verband hou met die naderende nag waarin die gruwelmoord moet plaasvind. Dan sê hy vir Lady Macbeth:

*„ . . . ere the bat hath flown  
his cloistered flight, ere to black Hecates's summons  
the shard-borne beetle with his drowsy hums  
hath sung night's yawning peal, there shall be done  
a deed of dreadful note.”*

## D. F. MALHERBE

Dit is nie meer die taal van Macbeth nie, maar van Shakespeare self wat in die ritme, klank- en woordbeelding, die dieper-liggende waarheid van Macbeth se siel wil beliggaam. Die onbewuste taal van die hart van die objek word digtertaal van die subjek. Dit gebeur altyd in objektiverende woordkuns, ook daar waar karakters nie sprekend veraanskoulik word nie.

\* \* \*

Meer indringing in die aard van die subjektief-objektiewe probleem aan die kant van die resensieskrywers sou nogal tyd en papierruimte bespaar en sekerlik geduldoefening aan die kant van die kunstskapper. Want die kritikus — was hy miskien ooit binnekant in die donker smedery waar die kunstenaar werk, waar swart staal hamer op gloeiende staal en die vuurvonke spat by klinkende arbeid? In verlate gange van die eeue, koelklam, waar die angssweet van worsteltye drup, was hy ooit daar? Is sy voetstap ooit verneem in die valleie van skoonheid, opglansend in nagte van serene peinsing? Of het hy ook gedaal langs afgrondwande van die siel saam met die kunstenaar om pêrels te vis op die onderwaterse vloere? Was hy ooit in die oseaan van 'n mensiesiel, in sy skuimende waters, by geklote en gebruik van sy duistere hartstogbranding?

1934.

# JOCHEM VAN BRUGGEN

**J**OICHEM VAN BRUGGEN is gebore op 29 September 1881 op die dorp Groede in die provinsie Zeeland, Holland. Op 1 Januarie 1891 land hy saam met sy ouers in Tafelbaai. Hy gaan by sy vader skool in Johannesburg tot 1895, en is toe na die Staatsgimnasium op Pretoria waar hy bly tot aan die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog. Jochem van Bruggen het dadelik aangesluit en op kommando gebly tot sy die inname van Johannesburg.

Hy was nou alleen: Sy vader op kommando, sy moeder en die ander kinders na Holland. In Johannesburg het hy in 'n agentskantoortjie gewerk, en later in 'n wassery.

Ná die vrede is hy plaas-toe — na Steenkoppies naby Magaliesberg. Agttien maande lank het hy daar onderwys gegee, en toe begin boer. Saam met sy swaer, G. J. Oosthuizen, het hy 'n tabakbesigheid aan die gang gesit, maar byna bankrot gespeel „deur die verneukslag van 'n Jood.”

In 1905 is hy getroud met Maria Petronella Oosthuizen.

Op die Gimnasium het hy al begin dig, in Nederlands, veral oor die Voortrekkers. In 1912 het hy die verse weer verwerk, maar geen uitgewer wou dit publiseer nie. Eers in 1914 begin hy in Afrikaans skryf, en verower die tweede prys met die „Praat-masjien” in 'n opstelwedstryd van *Die Brandwag*. Oom Jannie skryf hy in 1915, *Teleurgestel* en *Die Beeswagtertjie* in 1916, *Ouboet* in 1918 en *Bywoners* in 1919. In 1917 verower hy die Hertzogprys van die Akademie met *Teleurgestel*.

Van Bruggen woon nog steeds op sy plaas Steenkoppies. „Ek moet nog verskeie werke lewer, wat ek in my kop het en gedeeltelik reeds uitgewerk het in blad, as ek die lewe behou, of D.V. soos hulle sê.”

Die volgende boeke het van die hand van Van Bruggen verskyn:

*Teleurgestel* (1917); *Op Veld en Rante* (1920); *Die Burgemeester van Slaplaagte* (1922); *Ampie 1* (1924); *Ampie 2* (1928); *Ampie 3* (1942); *In die Gramadoelas* (1931); *Booia* (1931); *Die Sprinkaanbeampte van Sluis* (1933); *Haar Beproeving* (1934); *In die Maalstroom* (1934); *Met Ampie deur die depressie* (1939); *Die Noodlot* (1939); *Kranskop* (1943); en *Die damwal* (1945).

(a) UIT MY EERSTE JAAR.

Ek was omtrent agt jaar en nog in my geboorteland. Toe het ek die vreemdsoortigste ideale omtrent my toekoms-lewe as grootmens eendag gekoester. Ek wou baas wees oor ander mense, en veral die boosdoeners onder hulle die skrik op die lyf jaag. Die kern van my droomgedagtes was om eendag as 'n onversaagde konstabel, meer eintlik as die opperste hoof van hul mag, 'n soort skrikbewind om my heen te skep. 'n Polisie-agent was vir my nietigheid 'n persoon om na op te sien, soos na 'n koning. Vir hom, in sy pragtige uniform met sy koperbeslaande helm op sy hoof, het ek 'n vreeslike ontsag gehad, en as ek hom op straat ontmoet, het ek eerbiedig opsy gestap, stil gestaan en skugter gegroet; hom vol bewondering nagestaar met die bede in my hart om dit eendag sover as daardie reus te mag bring. So 'n konkrete bewys van manlikheid, waarvoor die misdadiger sidder, wat die boosdoener opspoor en na die hondehok sleur, soos hulle die tronk daar genoem het, was vir my die hoogste status wat 'n knapie ooit sou kan bereik. My geesdrif was onbeperk, wanneer een van die helde 'n dronklap in die hande kry, hom só vashou dat hy reguit moet loop, hom nie eens 'n agtste van 'n voet deur die hang-lyf van sy prooi laat slinger nie. Wanneer ek dan tussen die opgewonde massa agterna glorie in die heldhaftigheid voor ons, tot voor die deur van die hondehok, kon ek my hartewens uitskreeu: „Liewe vader, maak my eendag tog soos daardie reus!”

So 'n gebeurtenis was 'n seldsaamheid, wat opskudding verwek het onder die menigte, en daarom het 'n bank mense altoos saamgestap. In my verbeelding het ek gesien hoe ek eendag booswigte sal hanteer. Ja, ek wou 'n konstabel word, 'n groot man van aansien en mag, wat, as hy deur die strate stap, met die vinger nagewys word: Daar loop 'n man, sterk soos Goliat, onverbiddelik en kwaai, dis Jochem daardie, bly uit sy hande uit! Min het ek toe kon dink dat ek eendag, sonder

enige ambisie, 'n konstabel in Johannesburg sou word, met die aanvang van ons worstelstryd . . . .

Twee jaar later het die eerste groot ideaal van my kindskap vervaag en heeltamal verdwyn. Die reuse van my drome het al hoe kleiner geword en die tronktoe-sleep van 'n verbrouer het sy aardigheid vir my verloor. In Johannesburg was dit vrywel 'n alledaagse voorval om 'n konstabel met 'n geboeide kaffer, soms twee van die swarte taters aanmekaar gekoppel, te sien, gedwee stappend na die wagkantoor, sonder bewys van 'n agterhoede. Niemand het belanggestel in so 'n gebeurtenis nie. Die magsvertoon was absent en my droomgedagtes het ander ideale gesoek, want my verbeelding het na kos gehunker en eindelik weggeswenk na die helde van ons Boerevolk. Die geskiedenis van die Voortrekkers het my magtig aangegryp, en om eendag 'n krygsman te mag word soos een van daardie helde wat die Majubaberg bestorm het, onversaagd in die geweervuur van 'n oormagtige vyand, het vir my die hoogste status van manlikheid en krag geword. In my verbeeldingsdrome het ek my begin sien aan die spits van 'n kommando dapperes, wat onder my leiding en bevel die vyand omsingel en verslaan, en dit was die toppunt van my geluk om so voor die uitgelesenes uit te ry op 'n vurige oorlogspêrd oor ons wye velde, waar hulle my met die vinger agterna wys: Dis 'n geweldige man, dapper en onverbiddelik; dis Jochem daardie, bly uit sy skaduwees uit! Min het ek toe kon dink dat ek eendag, sonder enige ambisie, 'n stryder in die Boeremag sou word . . . .

Ek was altoos 'n tengerige, en daarby nog 'n effens gebrekklike kind, wat moes opgroeï in 'n tyd toe die ouers alles en die kind niks was nie. 'n Kind het toe vanself groot geword, sonder liggaamsoefening of sport. Blik-aspaai was omtrent die enigste kinderspel waaraan ek deelgeneem het, en ek was meer by die blik as in die wegkruipplek, want ek was te lomp om vinnig te wees. My liggaamskrag was soos 'n dwergie langs my geeskrag; die krag van my verbeelding het weer kop en skouers daarbo uitgeklim. Dog, die laaste was pure wind, die tweede sonder enige vergoeding en die eerste nuttelos. Dit het ek ondervind toe ek regtig aanstalties gemaak het om 'n werklike krygsman te word.

Ek was skraps oor die sestien jaar en volle stemgeregtigde burger van die Zuid-Afrikaansche Republiek. Dié status het van my vader na my toe gekom. Hy het dit tydens die Jameson-strooptog verwerf. Met enkele van my maters, almal groter, sterker en forser as ek, het ek my aangemeld by die Pretoria-Vrywilliger-Korps, wat naas die Staatsartillerie, die

staande mag gevorm het. Hulle wou my eers nie vat nie vanweë my onbeduidende voorkoms; maar ek wou krygsman word, en kragtens die verhoogde status van my volle burgerskap, het ek daarop aangedring en hulle het my in die Korps opgeneem. Spoedig moes ek egter uitvind dat my skrale figuur en my liggaamsgebrek die versperring na sukses sou wees. Toe hulle my maat neem vir die uniform, kon ek dit pynlik voel hoe die snyer en sy werknemers met my krygsmanvertoon die spot dryf. Hul oordrewe opmerkings en onderlangse gelag het my 'n ferme houding laat inneem. Napoleon was maar ietsie oor die vyf voet, korter nog as ek. My verbeelding het die wêreldheld in die snyershok opgewerp voor my geestesoë. Ek het my waardig gedra, soos dit 'n volle burger betaam, 'n vrywillige krygsman boonop nogal. Ek het gedink: Julle weet nie wat in my steek nie, en die rympe van die „spotters se loon” het ek amper hoorbaar gebrom. Wat is 'n snyer? Maar tog het ek die vernedering gevoel . . . .

Behalwe dat ek liggaamlik lutterig was, het my spraakorgane ook aan 'n gebrek gely. En kon nie duidelik en hard praat nie. Vandag is dit nog so, maar dit kwel my nie meer nie. Destyds egter, het dié tekort my benoude oomblikke besorg in my krygsmanstatus, wanneer die korps beveel word om te versamel en aan te tree, in 'n lang dubbele ry. Die voorste manne moes hul nommer uitroep, duidelik en uit volle bors. Omdat ek die kleinste was, moes ek heel op die linkerpunt aantree, en ek het alles in my vermoë gedoen om in die agterste ry te kom, ten einde die uitroep van my nommer vry te spring, wat my vriend, hier voor my in dié geval, se plig sou wees. Dit was egter die moedswillige toeleg van my skoolmaats om my in die voorste ry te laat belande en meestal het hulle ook daarin geslaag, vol lekker leedvermaak oor my kragteloze stemgeluid, wat netnou sou moet blyk. My benoude oomblik het daar in die voorste ry aangebreek ná die militêre bevel: „Nummerrt u! Een . . . twee . . . drie . . .” Die helder-klinkende getalle rol van regs na links langs die ry op my af en ek maak my gereed in wanhoop om my nommer op die end so kragtig moontlik uit te roep. Ek pomp my longe vol wind en omklem my geweer krampagtig. Na mate die galmende klankgetalle voller oor die plein weerklink, reeds hier naby my is, word ek kortasem en ontvlei die só onmisbare lug my longe meer en meer, tot op die end my piepgeluid die laaste nommer van die lang gelid vrywilligers weergee, wat in die gelag van my maats hieragter en langs my gesmoor word en glad nie deur die offisier gehoor is nie, sodat sy berekening van die soldatemag op die aande wanneer ek in die voorste ry beland altoos twee vrywilligers

te kort is. Ek voel ellendig. Maar netnou is alles weer vergeet, want ons marsjeer lekker deur die strate van Pretoria, op die maat van die opwekkende trommelslag, en ek dink nie meer daaraan nie dat ek, as die kleinste van die Korps, maar effens langer as die Martini-Henry wat ek oor my skouer dra, heel agteraan stap; want al sleep my regterbeen so effens, ek sal uithou, so lank soos die beste een van hulle hier voor my . . . .

Gelukkig het ons altoos in die aand geoefen, sodat my nietigheid nie so opvallend was nie. Bedags het die Korps selde paradeer, en dan het die kaptein my altoos vriendelik laat verstaan dat ek maar liewers nie moet kom nie. „Ik moet zeggen dat je goed jé best doet, maar . . . . e . . . . Nou ja, je begrijpt me wel . . . . ”

Wanneer ek nou nabetragting hou oor dié ondervindings, is my gevolgtrekking dat my jeugdige vel baie dik moes gewees het, want ek het gelukkig na die kaptein geluister, was selfs bly dat so 'n hoë offisier vertroulik met my gepraat het en ek het geen enkele oefening in die aand misgeloop nie. Dit was my krygsmanskool. My drome en ideale het werklikheid geword. Ek kon die Martini-Henry goed hanteer, en in die skyngevegte wat ons tussen Pretoria se rantjies gevoer en waar ons hewig met los kruut gewerskaf het, was ek net so dapper en onversaag soos die beste held van die vrywilligerskorps . . . .

Teoreties kon ek dus my man op 'n slagveld staan, en ek het also tot krygsman ontwikkel en was as sodanig bekwaam vir oorlogsdienste. Die Korps het ongelukkig egter nooit kon wys wat hy werd is nie. Hy was 'n ornament van ons staande mag. Op die kritieke tydstip is dit verslind in die eenhede van ons kommandostelsel. Die enigste taak wat die vrywilligers verrig het, was om die Swasi-koning, Bunu, op sy plek te sit, sonder my, en sonder 'n druppel bloed . . . .

Geruime tyd voor die uitbreek van ons groot oorlog kon die hoër onderwys van die Republiek nie meer vorder nie. Ons studente het in die Raadsaal geboer om te luister na heftige en besadigde argumente van ons Volksraadslede, en toe die botsing tussen ons en Engeland onvermydelik geblyk het, was dit van die geesdriftige seuns te veel geverg om op die skoolbanke te bly. Die seuns wou by hul mense aansluit wat besig was om na die grense te vertrek. Ek het ook ontydig na my ouerhuis gespaander met die blye verwagting om my maats daar voor in die Sandspruit-laer weer te sien, in my volle mondering van Boerevegsman, vol ambisie en strydlus. Ek het geen rekening met my tekortkomings gehou nie, nog minder met die teenstand van my ouers, wat skielik baie jammer vir hul swak seuntjie

was en hom liewers tuis wou hou, en die minste van alles met die verregaande oor-die-hoof-sien van die veldkornet ten opsigte van so 'n gewillige, volle stemgeregtigde burger, wat teoreties reeds 'n volbloed krygsman was. My ambisie het stadigaan verdwyn in die paar dae van doelloosheid, waarin ek net kon sien hoe Johannesburg leegloop. Parkstasie het gewemel van vlugtelinge. Britse onderdane en Engelsgesindes moes padgee. Die persentasie van die Joodse element het gestyg in die Goudstad. Hulle was onderdane van neutrale en bevriende moondhede, soos Duitsland, Pole en Rusland, en voorlopig openlik republikeinsgesind. Die magte van die grootste wêreldryk sou wel binne enkele weke die Boere kafloop en seëvierend van Johannesburg besit neem. Dan sou noodwendig die tydelike gesindheid vanself vir 'n veiliger gesindheid moet plek maak. Intussen sou hulle veilig by die tuisfront kan bly en daar hul gewilligheid as republikeine toon. Johannesburg moes tog konstabels-hê wat die gereelde polisie in die nag moes vervang, en later, wanneer die uitsoekkorps as geheel na die gevegsfront vertrek, bedags ook. Hulle het, saam met ander bevriende uitlanders, wat nie opgekommandeer is nie, by die spesiale konstabelmag aangesluit.

My ouers het bepaal dat ek moet wag totdat my oproep kom, en intussen ook maar diender word. In hul hart was hulle oortuig daarvan dat ek die oorlogsfront sou vryspring. Dit het ek gevoel, en dit het my gegrief, bepaald verneder. Ek was vir krygsdiens ongeskik. Dié gedagte het my siel gekwes. Hul gesag was wet. Die eerste drome van my jonkheid was vervul, maar sonder enige ambisie aan my kant. Op die eerste aand het ek by die aanblik van my vreemdsoortige konstabelmaats, ontuis en lusteloos in gelid met hulle aangetree, net oorkant die poskantoor, in 'n binneplaas, waar die kantoor van ons pas-opgerigte dorpsbeskermers was. Ek was in werklikheid die kleinste, dog danksy my warm jas het ek so op die oog nie die kleinste vertoon nie. Daar was konstabels wat korter was as ek; die meeste van hulle het egter 'n bierbuik gehad. Die kaptein van ons spesiales was ene Rothkugel. Sy optrede was besonder militant, net soos sy van. Hy kon hom aanpas in sy rol, het baie woorde tot sy beskikking gehad en sy gebare het sy ras verraai, want sy neus was niks besonders nie. Hy het getrou op sy pos gebly totdat die vyande se kanonne by Kliprivier gehoor kon word. Bedags het hy sigare verkoop en pyptabak bedien. Saans het hy beveel en op aanklagte en prisoniers gewag, wat nie gekom het nie . . . .

My maat was ene Landau, 'n kêrel van middelbare leeftyd,

van my lengte, effens breër van blaaië, maar baie gesetter om die middellyf. Ons spul daar bymekaar in die binneplaas, die kaptein inkluis, sou vir een behoorlike rampokker gehensop het. Ons enigste wapen was 'n wandelstok. Maar mens sou sweer dat kaptein Rothkugel met 'n puik regiment te doen gehad het, so beslis en kragtig het hy ons aangespreek en gekommandeer. Die sersante het op sy bevel voor ons aangetree. Elkeen moes sy klompie van agt uitlei en in pare op die rondloopgebied van elke twee-twee, besorg. Dan moes hy oor 'n ruk kom kyk of die pare hul plig doen deur rond te drentel en tewens hoor of hulle enigiets van belang sou hê om mee te deel. Om twaalfuur sou hy ons dan ná vier uur se rondstap weer kom haal, en dan kon ons twee-twee agtermekaar die binneplaas inmarsjeer en verslag doen van ons wedervarings. 'n Kussingjoppie, voorwaar. Ons bevele was dat elkeen wat ná tienuur sonder 'n spesiale permit nog in die strate rondloop, gevang en dadelik na die kaptein gebring moes word. Dit alles het ons van ons hoogste offisier gehoor. En toe: „Lienks oem!” Daar was enige konsternasie, want party van die bares het netso bly staan, en moes deur die sersante „lienks-oem” gestoot word. „Vorwerfs Marsj!” En daar gaan ons.

Ek het my vernedering diep gevoel en was bewus daarvan dat ek vyf-en-negentig persent meer van drillery afweet as die owerste, al was sy stem vyf-en-negentig persent beter as myne, en sy gestalte vyftig persent. Maar sy bekwaamheid . . . . Nee wat! Ek het polisiewerk gesien, daarvan gedroom; ek het twee jaar militêre opleiding agter my rug . . . . en hier moet ek langs 'n kollega, wat 'n haarsnyerswinkel het en net bekwaam is om behendig met 'n skeermes om te gaan, drentel om die bewoners daarvan teen bandiete te beskerm. Ek het gevoel dat ons twee nooit 'n bandiet in die pad sou staan nie, betyds sou padgee wanneer ons die geringste van 'n bandiet geware. My ambisie was so dood soos 'n dooie mossie.

Lusteloos het ek maar voet vir voet langs my maat aangedrentel. Hy was darem oulik, want hy het dit so bewerkstellig dat hy in dié rondte diens doen waar hy woon, en telkens as ons sy huis nader, moes hy effens ingaan om vir sy vrou 'n boodskappie te gee. Ek kon ruik wat sy vrou hom daarvoor in ruil gegee het. Hy het my ook meegedeel dat hy net in die voornag diens kan doen. Sy werk laat hom nie toe om in die ná-nag op die been te bly nie. Sy hand moet vas wees met die skeermes; hy mag nie bewe nie . . . . Hy het baie meer gepraat as ek, en tog het hy nie veel gesê nie; meestal herhaal wat hy reeds te sê gehad het. Dit moes vanweë die eentonigheid gewees het.

Die loop van die een straatlantern na die ander was 'n gebeurtenis. Dan het ek my skaduwee dop gehou langs syne, en vergelykings gemaak. Wanneer ons van 'n straatlamp wegstap dan lyk my skaduwee in die lang, warm jas darem imosant: te enige tyd so fors soos dié een langsaan, en hoe verder ons gaan, hoe geweldig word my skaduwee. Dit het my nogal gestreel, ook my gedagtes besig gehou. Ek het gedink dat ek 'n ganse nag van die bitterste pyn sal kan deurmaak wanneer die resultaat 'n kragtiger en forser gestalte sal oplewer, sodat my ouers se hartbesware sal verval en die veldkornet my moet gewaar, of hy wil of nie. Ja, al was dit maar net die lyf van ons kaptein.

Op die hoek van Bree- en Endstraat was 'n bank vir die passasiere wat op die perdetrem moes wag. Telkens as ons daar kom, het ons 'n kwartiertjie gerus. Landau het eerste gaan sit. Hy het beweer dat hy volle rus moet hê om sy dagwerk te kan doen. „I must have a steady hand.” Dit was ook die afgespreekte plek waar ons die sersant sou ontmoet en ons kon die strate, waarin geen sterfling geloop het nie, mooi op- en afsien. Die sersant sou ons nooit betrap nie.

„Cronjé is ons beste generaal,” meen my kollega weer, en hy sak neer op die rusbank met 'n sug, wat die loop van my verbeeldingskrag verbreek . . . . „Yes, I must have a steady hand . . . .”

So teen die tyd dat ons die sersant verwag en weer na die bank, of juister, die hoek van Bree- en Endstraat drentel, sien ons iemand in die systraat aankom. Ons staan. Ons sal daardie man se permit moet vra as hy nie ons sersant is nie. „Kom ons stap verder!” kommandeer my maat. „As ons by die hoek kom, sal die sersant ons wel daar kry.”

„En as dit nie die sersant is nie?” opper ek bedeerd.

„Dan het ons daardie man nooit gesien nie.” Ek was verslae, wou nog iets sê, toe Landau my stilmaak met: „Jy is nog baie jonk. Leer dit van my en luister: Jy moet nooit moeilikheid soek nie.”

Ek het geen begeerte daarvoor gehad nie, en het saam met Landau 'n ietsie vinniger as ons gewone konstabelstap na die hoek gestrek. Toe die sersant kom, was daar niks verkeerd nie; alles was rustig en in orde.

Ek het alleen met die sersant gepraat. Landau het sy kop weggedraai. Ek moes, want my maat het verseg om te praat. Toe ek daaroor prakseer, kon ek die oorsaak vang. Landau moes drie keer 'n boodskappie by sy vrou aflewer . . . .

Ná die offisier se vertrek het ons 'n lang ruk op die bank



DIE PLAAS VAN JOCHEM VAN BRUGGEN.

bly sit. „Yes, I must have a steady hand . . . Jy moet nooit 'n moeilikheid soek nie . . . . Cronjé is die dapperste generaal wat ons het . . . .”

Dit het vir my geskyn of my kollega geen plan het om weer in die strate te gaan nie. Ons het gerus, en dit was vir 'n hand wat „steady” moes wees, die beste, maar my gevoel het tog daarteen gerebelleer. Ons dien die land, al loop ons rond vir spek en bone. My pligsbesef kon dit darem nie toelaat nie om te sit en luister na Cronjé se dapperheid, na die wenslikheid om moeilikhede te vermy en na die noodsaaklikheid van nagrus vir 'n spesiale konstabel wie se bestaan afhanklik is van 'n „steady hand.” Ek het nie meer geluister na sy geklets nie, my gruwelik begin verveel en die spesiale konstabeldiens as 'n fiasko beskou, vernederend vir my, wat hunker na my skoolmaats op die oorlogsveld. Ek moet padgee uit hierdie omgewing en geesdodende sfeer. Maar hoe? Van wegloop is daar geen sprake nie, daarvoor mis ek die durf; ek voel pynlik seker dat ek, lomp, en onbeholpe, nooit sal slaag nie, gestel dat ek so 'n kordaatstuk onderneem. Ek moet my ouers uitoorlê en diplomaties te werk gaan. Hierdie polisiemanspeel gaan my versleg en papbroekerig maak . . . .

Ek word haastig: „Ons moet opstaan! Ons plig is om die rondte deur te stap!” het ek beslis en so duidelik as wat ek kan, gesê. Landau het my verstaan, en helder uitgelag, totdat hy kon praat.

„Jy ken nog nie die wêreld nie. Jy is nog amper 'n pure kind. Of ons hier sit of dat ons rondloop soos twee „fools” gee een en dieselfde resultaat. Ek woon al drie jaar in hierdie „beat” en nog nooit het hier 'n misdaad plaasgevind nie. Hoekom sal dit dan juis vanaand gebeur? Alles is stil en rustig. Die meeste huise is onbewoon. Nee-wat, ons bly hier sit en rus. Ek „garanttee” dat al die skelms die land verlaat het of op kommando is. Ek moet rus, my hand moet . . . .”

„Dan stap ek maar alleen.”  
Ek doen dit.

Landau volg my brommend. Hy het nie meer gepraat nie. Ek het my wegkomplanne uitgedink as volg: Persoonlik moet ek aan die veldkornet my saak voorlê en bepleit, hom vertel van my dienstyd as vrywilliger en van my ondervinding van skyngevegte. Ek sal hom soebat om my te kommandeer . . . .

Om twaalfuur het die sersant ons aflossing gebring en ons na die kantoor teruggelei. Rothkugel het geen sake gekry nie. Gedurende die tyd waarin ek gedien het, niks om van te praat nie.

Die volgende more is ek na die veldkornetkantore. Altans, ek het soontoe gestap met die voorneme om daar binne te gaan. Hoe nader ek kom, hoe minder word my lus om dit te doen. Ek was te beskroomd om my aan te meld. Die hoop kom in my op dat hulle my allig kan voorkeer en uitvra en op die plek opkommandeer. Maar omdat ek so haastig die plek passeer en bang is dat hulle my werklik sal voorkeer en uitlag oor my astrante nietigheid, gee ek hulle nie die kans daartoe nie. Ek is op pad om 'n fatale minderwaardigheidskompleks, te voed. Hierdie prosedure herhaal ek op 'n drafstap vir enkele dae, sonder die minste sukses. Ek word die ongelukkigste jongeling in Johannesburg. En elke aand moet ek die grusaam gesedodende klugspelig volvoer, deur die verlate stadsgebied om en om slenter, soos 'n knol wat gedoem is om die res van sy ou lewe rondomtalie te stap in die steenmaakgroef.

My verlossing het egter onverwags gekom. Goddank! By my laaste diplomatieke skynpoging is daar 'n menigte voor die veldkornetkantoor. Hulle ontvang gewere en patrone. Elke burger moet sy krygstuig hê om gereed te wees, want die oorlog het intussen uitgebars en al heftig begin woed. My hart wil bars van blydschap. Hier, onder al die burgers voel ek onbeskroomd en selfs weer dat ek ook 'n burger is. My mensevrees verdwyn geheel en al. Met my eie mauser en honderd patrone kom ek as die gelukkigste jongeling tuis. Die veldkornet het vriendelik gelag, instemmend geknik, nadat ek die vrypostigheid gehad het om te sê dat hy my net more al moet opkommandeer.

My moeder was baie weemoedig toe sy 'n bandolier maak wat vyftig patrone kan plek gee, en my vader het ernstig met my gepraat oor die gevare en roekelose lewe wat voorlê. Ek moet God voor oë hou en my gebede nie versuim nie, en gereeld my Bybel lees.

Ek het alles belowe, met 'n heerlike vroom gemoed. In die namiddag het ek reeds gaan teiken skiet in Bezuidenhoutsvallei, toe nog 'n oop wêreld. Die volgende dag het my oproep na die gevegsfront alle twyfel opgehef. Ek het my laaste aand met die spesiales deurgebring. Wat verder van die konstabels sonder my geword het, kan ek nie sê nie.

\* \* \*

Die Tweede Vryheidsoorlog het my ook die kans gegee om my geestelike aspirasies te bevredig. Dit was jonkheidslugkastele, wat, soos drome, op niks uitgeloop het nie. Tog is 'n deeltjie van my lewe daarmee opgevol, vir my waardevol, hoewel dit in werklikheid niks werd was nie.

As leerling van die Staats-gymnasium, in die Republiek se tyd, met 'n persoon soos Nico Hofmeyr, destyds 'n letterkundige figuur, een van my meesters, was dit my begeerte om eendag 'n digter te word. As dit aan die meester gelê het, sou die laaste een van ons 'n digter geword het. Maar my het hy besonder aangemoedig, omdat ek eenkeer die beste gedig gelewer het van die klas — oor Tjaart, van der Walt.

Behalwe die twee ambisies van my jeug: Konstabel en krygsman, het in my gees, onder die invloed van Meester, die drang ontstaan om myself uit te lewe in digterlike ontboeseminge na die patroon van rollende versreëls, toe in die mode, wat vir my verheffend en inspirerend was. Die inhoud het ek nie eintlik bewonder nie, dit was bysaak; rym en ritme was vir my soos die trippelpasgang van 'n uitsoek-ryperd. In prosa kan mens alles en dieselfde baie beter en duideliker sê, sodat dit nugter en verstaanbaar gelees kan word. Dit was die wielende woorde-rykdom wat rondomtalie met my harsings maak, soos 'n straat-deuntjie wat jy nie kan vergeet nie — die sangerige ritme, wat in jou wese as sulks bly hang — wat my vasgevang had.

Elke mens het 'n lieflingswerk vir sy hande; elkeen wat bo die alledaagse wil klim, moet stellig 'n neiging hê om eens op 'n tyd in sy jong lewe te dig. Ek glo dat selfs 'n aspirant-slagter as verliefde jongeling probeer het om 'n versie te maak vir sy nooi. Jy kan die beste dig wanneer jy verlief en skaam is tegelyk. Dan dryf begeerte en verlange jou; dan voel jy ook godsdienstiger, meer nasionaal en vaderlandsliewend. Dan dig jy lekker op vanmelewe se trant. Nou, op die nuwe manier, is dit onmoontlik; slegs aan enkele begenadigdes gegee. Ek vertel uit die tyd toe dit nog nie die eeu van die kind was nie: Toe kon jy so dig dat jou nooi dit verstaan. As jy dit vandag probeer doen, na die nuwe mode, dan sal die nooi wel dankie sê, as sy baie van jou dink, maar dit bêre, sonder om dit te lees. Daarom dig die jongspan voor die voet nie meer nie; hulle probeer miskien om hoogdrawende prosa, met outydse digterlike kleur, te skrywe. Dit streel die eenvoudige verliefdheid.

Ek het dan ook op my manier gedig, want ek was verlief, skaam, godsdienstig en uitermatig nasionaal-vaderlandsliewend en vol heldeverering. Die laaste eienskappe het volkome met my militante ambisies gestryk: Konstabel, krygsman. Die rymwoorde „bloed,” „vuur” en „wapen” was baie gewild en maklik om op te rym. En die ritme was in my bloed. 'n Moeilike rymwoord het ek vermy of iewers vorentoe klaar laat lê, totdat dit inpas. Vir my gevoel was dit kunstig; ek het geslaag. My

## JOCHEM VAN BRUGGEN

maats het my dan ook bewonder en my aangeraai op nie op kommando te gaan nie, want indien ek altemit op die slagveld sou sneuwel, sou ons nasie dalk 'n digter verloor. Dit het egter nie by my vleeslike ambisies gepas nie; hulle het my in die oorlog gedryf en ek was oortuig daarvan dat ek juis ná so 'n geveg baie mooi daaroor sou kon dig. Meester se manier sou my voorbeeld wees. Hier volg iets van hom :

*„Toen de ruwe barbaren,  
Verwilderd, verwoed,  
In ontelbare scharen,  
Reeds dronken van bloed . . . ens.”*

Maar, as konstabel en krygsman kon ek nie dig nie. Die oorlog het my vuur geblus. Tog het later, toe ek my alleen kom kry en my eie baas geword het, die vuurtjie weer opgevlam. Daarvan wil ek nou vertel.

My drie kommando-maats en ek het ná al die krygsmanvertoon in die suide, saam met al wat burger was, geretireer vanuit die Kolonie tot aan die oewer van Valsrivier. Dit was 'n meesterlike terugtog, wat my 'n volslae digterlike siening gegee het dat die Boere die oorlog sal wen, omdat hulle die vyand in die kuns van uitoorlê en verbyglip die baas was. Ek het te moeg en gedaan gevoel om dié siening swart op wit weer te gee.

Nog oorkant die Grootrivier was die vyand reeds naby Bloemfontein, en op ons hakke het hulle ook gevolg. Dat hulle ons nie almal, soos Cronjé se laer, omsingel en gevang het nie, is te danke aan die snelheid van ons vlug en die groot ompad waaroor ons geretireer het. Ons was 'n enorme trek van sowat 1,000 waens. Baie van die boere uit die Kolonie, wat die Republikeinse magte te goedgesind was, het met hul huisgesinne by ons aangesluit. Die voerpunt van die trek het ek nooit gesien nie; die agterpunt ook nie. Dag en nag het ons getrek; net op die uitspanplekke geslaap, waar ons om die beurt nog die muile moes laat suip en oppas waar hulle wei; op die pad het ons soms loop-loop 'n stukkie kos geëet. Deur die spruite en op vasvalplekke moes ons skouer aan die wiel sit, want die muile het begin swak word en al geloop en slinger. Die vragte moes dan ook kort-kort ligter gemaak word; ons moes voetslaan. My skoene, nuut toe ons van Norvalspont vertrek het, was onooglik uitgetrap en toegedraai met goiingsak, om die bewys van sool onder my voete te hou, toe ons langs Valsrivier tot stilstand kom. Aan voetslaan het ek vandag nog 'n hekel; vir wandelings het ek baie min tyd. Dit was 'n strategiese

meesterstuk om die vyand so te uitoorlê en die duisende burgers weer veilig met die orige Republikeinse magte in verbinding te bring.

Die digterlike siening het my dus nie moedeloos laat word nie. Selfs toe die vyand ons terugdruk tot voor die poorte van Johannesburg nie, waar ons by Kliprivier 'n laaste poging aangewend het om die oprukkende magte te keer. Voor die opkom van die morester het ons padgegee en ek het saam met hulle wat nog wou aanhou oorlogmaak, in die Johannesburgse fort beland. Daar het ons vasgekeer gesit en gewag op wat gaan gebeur. Vanaf die waterwerke het die vyand se skerp-skutters elkeen van ons wat sy kop bokant die fort se walle uitsteek, probeer wegklits. Daar het ek geen stuk digterlike siening meer gehad nie. . . .

Om twaalfuur blaas die beuel. Ons versamel op die oop plek voor die ingang van die tronk. Daar was sowat 'n honderd stuks van ons, wat kastig gekom het om die fort teen Engeland te verdedig. Ons word aangesê dat ons kan gaan waarheen ons wil. Daar is wapenstilstand vir twaalf uur. Johannesburg het oorgegee. Ek neem afskeid van my drie kommando-maats. Nooit het ek hulle weer gesien nie.

Lusteloos vertoef ek in die nabyheid van die fort. Ek het geweet dat ons huis in Von Brandisstraat leeg staan, dat my moeder, met die kinders by haar, na Holland uitgewyk het en dat my vader op kommando is. Die leë huis het my nog nie getrek nie; by die fort was iets wat werd was om te sien. Daar was nog so baie voedsel en die vroue van Johannesburg het dit geweet. Die moeders het gevoel dat honger voor die deur sal kom en hulle het die fort bestorm, ingeneem en alles weggeneem, sodat die vyand geen krummeltjie gekry het nie. Ek moes ook maar iets gebuit het. Maar my digterlike siening het weer soveel stof ontdek, toe die vroumense onversaagd die walle van die fort stormloop, dat ek weer moed gekry het in ons uiteindelijke oorwinning en heeltemal vergeet het dat ek ook moet lewe en noodsaaklik vir kos sal moet sorg. Maar, al sou ek ook daadwerklik opgetree het, ek sou tog niks bekom het nie, want geen man het dit durf waag om in die geleedere van die skone sekse op te ruk nie. Die woorde lafaard, meid en hensorper het hom laat retireer.

Lusteloos stap ek eindelik na die eerste Randskool wat die wet van 1897 tot stand gebring het. Die skool was onder; die woonhuis, bokant die skool, was baie ruim en gerieflik. Ek moes inbreek. Al die huisraad was nog daar en het netjies reggestaan asof my mense slegs op 'n besoekie uit was. Later het ek vernem dat my vader gou met verloftyd 'n plan met die huisraad

sou maak. Die vyand was vir hom egter te gou. Ek was bly toe die spul my so gasvry en gul uitnoui om in te kom en te kom woon as die baas van die hele besitting. In drie kamers kon ek slaap; die beddens het klaar opgemaak gestaan. In twee kamers kon ek sit en dig as die sieninge my weer begin lastig val en die begeestering my gedagte wil opstoot.

Ek het die vyand se leërmag deur die strate sien verbytrek, die dag ná die oorgawe van Johannesburg. 'n Onafgebroke gemarsjeer ure aaneen. Die geweldige skeepskanonne het ek gesien. Dit alles het geen indruk op my gemaak nie omdat my vertrouwe in die Boere se saak te groot was en my hoop op hul oorwinning onwankelbaar. Tog het my hoop op die tyd van verlossing oor 'n maand, gerek na drie, vier maande . . .

En toe begin die eensaamheid my weer vang. In die lang aande het my gedagtes hulle begin ontplooi en ek het die lewe ernstiger begin beskou. Die toestand van my volk, hul stryd; my moeder met haar kinders ver oor die oseaan en my vader by die Boere op die slagveld, dit alles het in my gedagtes begin werk. Die gevolg was dat my digvermoë weer wakker geword het. Ook is my godsdienstige gevoel in die stil aande gesterk en die Bybel het meer my boek geword. Swaarmoedigheid mog my soms oorval, dog nooit het ek moedverlore geword vir die saak van ons Republieke nie, en dit was die onwankelbare vertrouwe, wat my die volgende gedig laat skryf het:

*'k Zag een veld, waar welig groeiend  
't Jonge gras stond dicht opeen.  
Pas ontloken, teere bloempjes,  
Keken schuw door 't groenbed heen.  
Maar de Winter is gekomen  
En zijn arm vermag zoveel.  
Hy misgunt u al dat schoone,  
Groen maakt plaats voor saploos geel.  
't Vuur, door booze hand ontstoken,  
Grijpt verwoed rondom zich heen.  
't Stervensuur schijnt aangebroken;  
Aaklig doodsch licht gij alleen.  
Maar de morgen komt na nacht.  
Zachte regen daalde neder,  
Drenkte 't smachtend aardryk weder,  
Lente komt, de zonne lacht.  
Waar het zwarte dekkleed was,  
Waar ene wildernis zich strekte,  
Rowwgewaad de aarde dekte,  
Daar is frisch en jeugdig gras.—*

## JOCHEM VAN BRUGGEN

*Transvaal, g' ontvang de schatten,  
die 'saardryks schoot u biedt.  
Een sterke macht, hoe rijk ook, gunt  
u uw rijkdom niet.  
Met list en slinksche plannen, dwingt  
zij u tot den strijd.*

*Wel streden uwe mannen met glorie  
voor een tijd;  
Maar thans, ach, — 't schijnt verloren.  
Een donk're zwarte nacht  
Omring de vrijheidshelden; geslonken  
is hun macht.*

*Zal 't Engeland gelukken, haar wil te zien  
volbracht?  
Zal 't recht dan moeten bukken, voor Groot  
Brittanjes macht?  
Nee, nimmer! In den Hoogen troont  
een rechtvaardig God.  
Hij zal zulks niet gedoogen; recht richt  
Hij 't volkenlot.*

*Nee wanhoopt, wanhoopt niet!  
Transvaal is niet verloren.  
In 't donker zwart verschiet,  
Zal weer een lichtstraal gloren.*

*Des vyands heir zal zien dat God beslisser was.  
Dies, scep weer hoop en moed, al schijnt  
de toekoms duister . . . .  
Vernielt 't verterend vuur des winters 't groene gras,  
In lente schiet het uit met weer vernieuwden luister.*

Ek moet eerlik beken dat ek op hierdie gedig van my baie trots was, omdat ek tevore, na my oordeel, nooit so mooi gedig het nie, en die beeld van die winter en die lente daarná oor die grasveld, was vir my tog alte toepaslik. Dit het my bemoedig, en kort daarná het ek in 'n paar aande ook oor my vader gedig, wat van sy huisgesin afgesny, ook soos 'n eensame was. Die gedagte aan sy toestand het my verlange en godsdienssin baie versterk, met die gevolg dat my ritme en rym sommer maklik gekom het. Die gedig is te lank om in sy geheel te plaas. Ek gee net enkele gedeeltes daaruit; maar so 'n mooi beeld as wat ek in my vorige vers kon uitwerk, kon ek nie weer vind nie.

*Op 't rumoerig oorlogsveld,  
 Waar de wapnen dood verspreiden,  
 Waar gewonden smarten lijden,  
 Als zij vallen onder 't strijden,  
 Door de kogels neergeveld;  
 Waar so menig, menig held,  
 Zoveel eedle, sterke harten,  
 Dood, verderf blijmoedig tarten,  
 Trouw, volhardend, hand aan hand  
 Voor het dierbaar vaderland,  
 Daar swerft een, geheel alleen.  
 Als van vrouw en kroost verdreven,  
 Slaat hij door het strijden leven,  
 Eenzaam 't moeilik pad zicht heen.  
 Wij, die biddend achterbleven,  
 Wij beveelden slechts zijn lot  
 In den hand van onze God.*

*En wij bleven wachten, wachten.  
 't Was als pakte om ons heen,  
 't Aaklig sombre zwart der nachten  
 Onheilspellig zich opeen,  
 Waarin zelfs geen starren lachten,  
 Zoet vertroostend naar beneen.*

Ná hierdie droefgeestigheid en wanhoop het ek die siening gekry dat Vader terugkom, saam met die strydmagte van ons volk. My verbeelding sien in die toekoms as volg:

*Zoo verlieden dagen, weken.  
 Enkle maanden zijn verstreken,  
 Met hun rampen en gevaar.  
 Niets dan vechten, worstlen, strijden,  
 Hoorden w' in die bange tijden,  
 Die ons scheurden van elkaar.  
 Maar de strijdkans, op en neder,  
 Keert naar ons met felle spoed.  
 Blijdschap, hoop herleefden weder  
 Keert naar ons met felle spoed.  
 Blijdschap, hoop herleefden weder  
 En beschenen ons gemoed.  
 Waar wij dachten, waar wij wachten,  
 Angstig, onze hersens moe,  
 Brengt een tijding ons verblijding,  
 Roept de zegepraal ons toe:  
 Vader leeft, is frisch en krachtig,  
 Schoon hij dood, verderf, verdriet,*

## JOCHEM VAN BRUGGEN

*Immer onder oogen ziet,  
God de Heer is sterk en machtig;  
Hij begeeft de zijnen niet.*

En daarop die dankbare slot:

*En wij zonken vreugde dronken,  
Dankbaar vol aanbidding neer.  
Blonken tranen in onz' oogen,  
't Waren beden tot den Hoogen:  
Spaar hem lang voor ons o Heer!*

Ek het gedink dat ek 'n baie voorbeeldige kind was, wat so oor my vader kon dig . . . .

Maar, al my jeugdige ambisies en jonkheidsdrome het soos die moremis verdwyn.

\* \* \*

Eensydig soos ek was, met 'n hoë verbeelding oor my daadkrag, wat nooit in die openbaar iets werd was nie; sku vir vreemdes, behalwe vir die vriende wat my eetmaats was, het die sosiale lewe my skugterheid verminder en omgang met mense geleer. Die wens het sterker in my geword om met die vermoë van selfbewuste daadkrag voor die dag te kom. My gedigte mag nie in 'n kis verstik nie. Maar, hoe om sover te kom?

By die Lagerwegs was ek meer tuis as by die Webers. Met mnr. Lagerweg het ek meer eie geword as met my huisgenoot. Mevrouw Weber was wel 'n goeie siel, dog enkel tuin- en huisvrou sonder enige fantasie, behalwe oor die loskruitskoot van 'n kanon. Weber kon half-spottend ietwat uit die hoogte, met my gesels, ook met sy vrou, soos iemand wat homself verbeel dat hy alle wysheid in pag het. Hy het my beskou as 'n seun wat niks van die wêreld weet nie, waar hy self alles wis. Ek het klein gevoel in sy teenwoordigheid, maar sou dit nie deur sy spot en skimp besef nie, want innerlik was ek selfvoldaan oor my hoër lewensopvatting, nasietrots en die kennis van ons geskiedenis. Met hom en sy vrou het ek soms saans kaart gespeel en my gesit en verveel.

Die ervaring het Weber praktiese kennis geleer; Lagerweg het meer van die wêreld geweet as hy. Ek sou deur onder-vinding ook wel bruikbaar word in 'n onbruikbare wêreld van sonde en ongeregtigheid, soos ek innerlik alweer die materialisme wat my oë begin sien het, beskou. Ek was soms vrymoedig met Lagerweg, maar sou nooit met Weber praat oor iets wat my hinder nie. Laasgenoemde het nooit met my intiem geword nie; dus was my inkoms vir hom van min belang.

Ek kon merk dat Lagerweg wel belang in my stel. Hy het baie van skaakspeel gehou. Ons twee het dikwels ure lank

deurgebring met die stukke tussen ons op die bord, in stilte, amper daadloos, vol konsentrasie. Ek het hom selde gewen; miskien het hy daarom graag met my gespeel . . .

Op 'n dag het hy, voordat ons sou speel, sy hand op my skouer gelê en gevra: „Wat is nou eintlik jou plan vir die toekoms? Jy sal miskien nooit verder studeer nie, want jou Republiek se Gimnasium en Mynskool sal deur die imperiale onderwys vervang word, wat baie vreemd en duur ook sal wees. Jy sal iets vir jou kos moet doen. By Weber kan jy nie so kosteloos bly nie. Ek hou ook nie daarvan nie.”

Ek het geskrik. Sy opmerkings was besorgdheid oor my, dit het ek gevoel, en toe hy sien dat dit my verdrietig maak, vervolg hy: „Dit sal wel regkom . . . miskien . . . Stoot jy nou maar eerste . . . Die tye begin weer normaal word . . . Hou jou kop by die spel, kêrel!”

Ja, die tye begin normaal word. 'n Goeie maand gelede het ek moed geskep toe ons in die Goudstad hoor van die Boere se kloekmoedigheid by Roodepoort en sommer hier-hier by Kliprivier se tronk. Die stasie is opgeblaas en die tronk ingeneem deur Danie Theron se verkenners. Die laaste daade voor sy dood. Enkele dae daarná is hy op 'n koppie, waar hy alleen verken het, doodgeskiet . . . My hoop op die Boere het baie klein geword. Ek moes iets doen vir my kos . . . Ek was skaakmat binne een minuut . . .

„Meneer, ek dink wel dat ek geld sal maak. Ek glo dat . . .”

„Ja, ek het opgemerk dat jou gedagtes by iets, behalwe die spel, is. Ons sal dit vir vandag maar laat vaar. Dink maar aan iets konstruktiefs, besluit om 'n bepaalde rigting in te gaan, al moet jy met 'n kafferloon begin. Laat my net weet wat jou plan is; miskien kan ek jou help en raad gee.”

My enigste plan en hoop was my gedigte. Ek moes hulle aan iemand voorlê. Ek was oortuig daarvan dat Weber my sou uitlag; my nie sou begryp nie. Ek was te beskroom om my geesteskind aan 'n buitestander te wys. Ek het jaloerse vreugde gevoel om dit in my hart te vertroetel, dit te herlees; om dit as 'n geheim vir altoos te behou, vir my alleen. Hoe sal ek uit my eie ooit sover kom, tensy iemand ruk aan my inwendigheid, ná skimpskote in oomblikkies van vrymoedigheid van my, om te sê: „Kyk hier is my werk: Wat dink julle daarvan?”

- Die uitgee van my werk sou 'n oplossing wees, maar ek was sielsbang om dit te onderwerp aan die oordeel van selfs 'n simpatieke en bevoegde vriend, wat allig sou help en goeie raad gee. Juis die goeie raad, en kritiek daarmee gepaard, het ek gevrees.

Die lug leue nou al die soorte van wolke en  
 ampie vol van bygelof en ongewoon berekenen  
 die lug met alle vrs. - ~~Die~~ wolke saal in die  
 vlesrige lug, die bantje aan die westekant son  
 swart plat. Dit sal nie maklik gaan raam of  
 nie! Laas nag is my surna redde daad, en wie sal  
 vanaand, of hier die nag sterwe? Die wolke sê  
 vir my dat witmens kaffer, vrou en mansmens  
 dit sal gewaar. Die wien kom uit son kaffe  
 mpies <sup>van</sup> alkaati hie nator! "...

Die die skermte hoartige as erde <sup>konde</sup> ~~van~~  
~~aan~~ die deursigtheid, en die blits hewe onop-  
 houdelik ampie die hoison. - Gewone sake  
 word die lug afgehandel, en met in skingter eerbies  
 onderhou die stemme in stroewe hies licheid. -  
 Die nag het toegesak, die redete en godscheur is  
 verby; maar ampie hengel buite op die roof,  
 asif hy bang gevind het vir die mure van sy  
 kamertje. - Dit hevel hom nou die bang van  
 geesd, wat hom hul dey gepla hit. Vachs be-  
 kluisig, sy hart. Sou dit wees, omdat sy ouma  
 dood is? Hy wonder of sy ouma in die hennel is?  
 Sê nou, sy is daambo; dan swors deur die wolke  
 sien sy nou vir ampie hier op die roof, al is  
 dit baie donker. Daar ai was eeds te vernij  
 en deursigheid, so kwaa - verwoedend had a

In die daaglikse vertwyfeling het ek tog telkens daarvan oortuig geword: Dit moet! Lagerweg is die enigste persoon wat my miskien sal help, allig iets voorskiet tot tyd en wyl die bundel verkoop sal word . . . Maar om die daad te doen . . .

Eindelik het ek myself oorwin. Ek is op 'n Saterdagmiddag op pad met my geesteskind na meneer Lagerweg. Niemand het die manuskrip gesien, wat dubbel gevou, sodat selfs geen tippie van die papier kon uitpiep, in die binnesak van my baadjie was. En so het die kosbare besitting daar gebly onder die skaakspeel deur. Meneer Lagerweg had dadelik die bord en stukke al op die tafel en ek geen gedagte, nog minder moed om oor die eintlike doel van my koms te praat nie.

„Jou kop is weer nie by die spel nie, kêrel! Verlede week was dit dieselfde. Het ek jou dan so danig omgekrap? Het jy al iets besluit? Dan moet jy praat, kêrel, want so kan ons nie speel nie. Al sou ek jou die koningin en 'n kasteel voorgee, gaan ek jou skoot vir skoot nog wen.”

Ek vra toe bewerig en op my onverstaanbaarste, sodat ek moes herhaal en nog 'n slag sê: „Sal Meneer my 'n gunsie doen om hierdie gedigte van my,” — ek het hulle met my eerste sê al bewerig uit my sak gehaal en voor sy bors gehou, sonder dat hy dit neem; slegs verbaas-vraend kyk: „Sal Meneer asseblief dit deurlees en sê wat Meneer daarvan dink, asseblief?”

Toe hy my eindelijk verstaan en begryp wat die artikel voor sy bors is, vat hy dit met: „O, Mapstieks, kêrel! Jy 'n digter?” Hy skud sy hoof en glimlag hartlik „Sekerlik sal ek dit lees! Ek het nooit geweet dat die Muse in jou stille bors baljaar nie! Nooit geweet dat jy die digterberg bestyg nie! Graag wil ek dit deurgaan . . . Kom ons gaan na my studeerkamer.”

Dadelik bring die vriend my in 'n ander stemming. My vrees, skuheid, alles wat gehinder het, gly van my af, soos 'n wolk by die maan verby. Helder straal my oë op sy welwillende gesig, waarop die skyn van 'n lag na sy puntbaard aftrek. Helder voel my gedagte, waarin ek vaardig word om Meneer te antwoord, reg te help, wanneer iets vir hom duister mag wees in die gedagtes, wat ek, na my opvatting van digte digterlikheid, met soveel hoofbrekens digterlik ingewikkeld gemaak het. Dit was die reëls waarop ek trots was. Ek wil een van die reëls vir verduideliking van die leser aanhaal: Wanneer die vrybouter, Jameson vasgekeer deur die Transvaalse burgers, tevergeefs wag op hulp vanuit Johannesburg, dan dig ek: „Verraad, verraad, verraad!” Dis eenvoudig genoeg, maar destyds was dit vir my Huygensagtig diep.

Ons twee sit teenoor mekaar in sy boekekamer. Nadat Lagerweg sy pyp opgesteek het, gaan hy lekker lui in sy grootstoel, diep agteroorgeleun, sit, en blaai langsaam, sonder dat hy na behore iets kan lees, deur die manuskrip. „Hm! Ja! Ja! Dis nogal 'n prestasie vir 'n burger van Transvaal! 'n Krygsman, baardeloos, van land, volk en taal!”

Sy goedkeurende gebaar, vriendelike glimlag en ligte rookdampies tussen die verkleining van my grootheid, laat my die spot nie voel nie; dit laat my bloos, dit maak my woordeloos. Lagerweg beskou dit nog nie ernstig nie. Ek wag, want sy gelaat bly rus in die onbeweeglikheid van diepe erns. Hy lees die eerste bladsy deur, blaai om en lees verder. Ek hou sy aangesig noukeurig dop en bespeur met toenemende gerustheid dat hy verras moet wees, soos ek sy aandag beskou. In spanning wagtend, word ek deur sy stille doening vasgetrek. Hy rol die manuskrip op en beklop sy knie daarmee, terwyl hy na die boekrak kyk. My hart klop vinniger . . . Langsaam staan hy op, vat 'n boek en lê dit voor hom op die tafel. Steeds swyend rol hy die manuskrip weer oop en begin lees. Sy glimlag kruip weer tussen die rookwolkies deur: „Ja, hier is net wat ek wil vergelyk met iets van Da Costa. Ek sal eers syne voorlees: Dis aan Bilderdyk:

*Mijn gloënde borst verlangt  
naar lucht!*

*Mijn kloppend hart om uit te  
spatten!*

*Van echte dichtersdrift bevrucht,  
Kan haar mijn geest niet meer  
omvatten!*

„Hier ontboesem die poëet sy onvermoë met oordrewe vermoë. Jy roep die hulp in van die Muse. Julle het albei een doel, maar julle meen daar niks van nie. Luister:

*Apollo toon m' uw aangezicht.  
Ai prop mij vol, beziel dit  
heldendicht.*

*Bestraal het al met uwen luister.  
Ten spijt van 't lied dat waagt  
van onheilspellig duister.*

„Dit bewys hoe onvas julle digters staan, nie waar nie?”  
Ek swyg . . .

„Nou wil jy seker graag hê dat ek jou gedigte moet deurlees en sê wat ek daarvan dink, nie waar nie?”

Ek knik instemmend; my woorde bly nog weg; Meneer gee my min moed.

„Dat jy in hierdie tyd probeer dig, is verstaanbaar. Jy het geen werk nie en dis 'n onskuldige, selfs verheffende tydverdryf. Maar kêrel, wat is eintlik jou doel hiermee? Ek sal dit met alle plesier deurlees. Ek glo ook dat ek hier en daar getref sal word . . . maar wat beoog jy eintlik? Dis nogal 'n aansienlike voorraad — genoeg vir 'n bundel.’’

„My plan is om hulle uit te gee. Miskien kan ek nou-al iets daarop trek. Ek moet tog iets verdien, nie waar nie? Ek het gedog . . . ’’

Lagerweg onderbreek my met sy lag. In sy oë tintel iets wat my terugstoot in my vaart om oor my planne te redeneer. 'n Benouende ergernis klim in my op, want ek begin weer die miskenning te voel, wat my soms so bitter gemaak het; ek sien en hoor in die gebaar hier voor my, die spot wat ek by Weber gevrees het. Ek voel klein in die boekekamer . . .

„Ek wil jou voorlopig raad gee. Jy moet minder dink; meer doen! Ek bedoel dat jy iets moet doen wat nuttig is, wat voordeel gee. Wat jy gedoen het, is waardeloos vir jou bestaan . . . Ja, jy skrik, maar, al dig jy nog so goed, hier in Suid-Afrika sal dit waardeloos wees. Die Hollandse taal het sy langste tyd hier gehad. Jy sal jou gedigte dus in Holland moet laat publiseer. Daar sal jou beste skaars plek kry in 'n oorsig van die swakste domiendigter. Ek is bly dat jy gekom het. Kom volgende Sondag en dan gaan ons die spul saam deur. Miskien kan ek jou darem help.’’

Ná hierdie troos kom ek ontmoedigd by die Webers aan.



Op die laaste dag van my verbeeldingsjare het ek onsigbaar en sonder uitsig, op die drumpel van die werklikheid begin. Daar het wel lig in my gebly, net vir myself; geen lig wat uitstraal nie. Die geesgloed van my verlede was uitgedoof. My dinkrag oor 'n saaklike toekoms het ontwaak. Op die Sondag in Lagerweg se boekkamer, het sy oordeel my jonkheidsdroom vernietig en my oë laat opslaan in die wolke waarin die daaglikse lewe draai.

Vroeg in die voormiddag is ek na Lagerweg. Ek sou die heeldag daar bly. Hy het my ingenooi en was opvallend uitgelate. In die gang reeds het hy langs my geloop en gesê: „'n Jonge digter wou gaan dig, maar vir die rymwoord vas te wig en dies was sy gedig ondig . . . Sien jy hoe ek kan as ek wil? Iedereen wat 'n ordentlike woordeskat besit, kan so aanhou, amper die heeldag deur.’’

„Ek meen daar niks by nie, hoor! Jy staan 'n trappie hoër as my voorbeeld. Jy is soms so hoogdrawend dat ek my verbaas

het. Ek voel bly dat ons twee vandag nuttig bymekaar kan wees. Jy is nou negentien jaar, nè? Jy het in Suid-Afrika seker die meeste Hoog-Hollandse verse bymekaar gemaak van al ons Hoog-Hollandse digters hier. Dis belangrik. Dis vol belofte. Jou talent moet reg gelei word, kêrel. Op die bestemde tyd sal dit gebeur ook — daarvan voel ek oortuig."

„Ek ken net Nico Hofmeyr van ons digters hier," het ek geantwoord. „Ek weet nie wat hy in sy laai het nie. Maar in gehalte sal hy my natuurlik oortref. Hy was my leermeester."

„Ja, dit het ek opgemerk. Ons sal eers wag tot ná koffietyd. Die skaakspel kan maar bly . . . of voel jy bekwaam daarvoor? Sal jy jou kop by die spel kan hou? Kom, ons sal sien. Jy moet maar dink dat alles reg en mooi is. Wat jy gedoen het, is goed. Elke daad in jou lewe is 'n klippie in die fondament waarop jy jou toekoms sal bou. Jou gedigte sal die binnekantste klippe uitmaak . . . Stoot maar, ou seun . . . Ons gaan aandagtig speel . . . Vrou, bring die koffie hiernatoe, wanneer jy ingeskik het . . ."

Mevrou was ook besonder belangstellend. Miskien het sy jammer vir my gevoel, want Meneer moes haar seker vertel het van my werk en wat vir my wag.

„My man het my voorgelees van jou gedigte . . . Dis baie mooi . . . maar ek dink tog dat jy liewerster prosa moet skryf. Dis soveel verstaanbaarder en boeiender ook. Dan kan mens ophou en aangaan wanneer mens wil."

„Vrou, dit sal later kom! 'n Goeie prosaskrywer moet eers dig voordat hy daarmee begin. Nico Hofmeyr se prosa is beter as sy digwerk. Beets het seker honderde gedigte gemaak voordat die Camera verskyn het . . . Hou maar moed, ou-seun . . . Wie weet wat jy nog eendag gaan presteer."

„Ek dink dat jou moeder baie trots op jou sal wees wanneer jou eerste boek in druk verskyn. Jou moeder sal ook meer van prosa hou. 'n Mooi verhaal is altyd mooi. Jou moeder het van mooi boeke gehou. *De Roos van Dekama* het sy my geleen; ek het dit nog in my huis en amper deur gelees."

Mevrou het my die indruk gegee dat sy net kort-kort en dan maar endjies-endjies lees. Ek het onseker gevoel; in die middel gestaan tussen Meneer en Mevrou, prosa en poësie; tussen verwagting, hoop en 'n vae besef van teleurstelling. Ek het my bes gedoen om my gedagtes by die skaakspel te bepaal en was verlig toe Meneer ná die koffie voorstel om na sy studeerkamer te gaan.

Hy was direk ernstiger; sy toon meer gebiedend, en stil het ek hom gevolg, met vinnig-kloppende hart. Ons neem weer

sitplek in soos laas, die manuskrip lê op die tafel, hy neem dit swyend en begin blaai. Hoe moet ek Lagerweg nou opvat? Ligsinnig is hy sekerlik nie meer nie, daar is gestrengheid in sy houding, asof hy 'n saak van groot belang behartig.

„Ek het dit deurgelees. Alles, met aandag deurgelees. Jou ritme is onverbeterlik, dit moet ek sê; alles rol en gly sonder haakplek en jou rym is in die haak. Jy sal stellig 'n geleentheidsvers kan maal op die verjaardag van jou moeder. Enkele gedagtes het my getref, veral in jou Voortrekkersverse, bv. waar die oorwinningsleër van die Boere op die moordheuvel kom by Dingaan se stad:

*„Men nadert ernstig-bedducht, waar  
ginds de heuvel rijzend,  
Het treurspel van een volk en eigen leed begon.  
Waar Hlomo Amaboeta, met droeve vinger wijzend  
op massas mensenbeenderen, die bleeken in de zon.  
De helden zien het al. O onvergeetbre stonde!  
Hartroerend is den trek op 't kruitbedampt gezicht  
En weemoedvol het oog, dat huivrig blik in 't ronde,  
Bevreesd te vinden wat het zoekt, dan tog daar ligt.”*

„Dit is wel pakkend en ek maak jou my kompliment, maar ek vra weer: Wat is die waarde daarvan by ons, waar Hollands as landstaal sy tyd gehad het? Jy kan dit bêre as 'n aandenking, dis al, en ek moet sê dit is dit wel werd. Dis van jou beste reëls na my oordeel. Ek praat reguit met jou as ek sê dat die meeste van jou werke baie opgeblase is.”

Ek is verslae; voel weerloos soos 'n babetjie. Meneer blaai deur my geesteskind en vra: „Wat is, na jou oordeel, jou beste, behalwe wat ek so pas gelees het? Ek bedoel, van jou kort gedigte? . . . *De Nacht?* . . . Ons sal dit deurgaen.” Lagerweg lees dit duidelik voor, terwyl ek inmekaar krimp vir die deklamerende spottoon, wat ek meen te bewaar:

*„Werwissekt natuur van kleedij: gaat  
de scheemering in duisternis over,  
Zwijgt der vogelen zang in het loover,  
Dan, dan voert de nacht  
heerschappij.”*

Lagerweg kyk my aan en glimlag. „Dit wil my voorkom asof jy hier 'n digterlike snyer was, wat die natuur 'n pak klere gaan aanpas om hom netjies aangetrek sy septer aan te bied, want die laaste reël is logies en die dubbel ‚dan’ maak dit nog waardeer. Verder het ek daar niks op teë nie. Dit lees nogal lekker.”

„En is met een sluier omhangend, het aardriek ter ruste gegaan . . . Jy bedoel natuurlik die halwe aardryk, want op die noordelike halfrond daag die môrestond.”

„Maar die digkuns is tog geen matesisvak nie, Meneer!” waag ek op te merk, want ek voel of Lagerweg moedswillig foute gaan soek en so min van dig af weet as dig van hom. So kan die laaste gedagte van my en baie ander aan stukke gerafel word.

„Die digter wat wiskunde ken, sal suiwerder wees as andersins; hy sal meer waar wees ook. Ons gaan verder; die volgende reël is waar.”

*„Dan heffen de krekels hun zangen  
in kooren van duisenden aan.”*

„Dis waar, maar tog oordrewe. Die eentonigste geluid wat jy saans op die plaas kan hoor, is die ‚Krekels’ wat jy in kore van duisende laat sing en aanhef. Dit laat my dink aan ons dominee wat ook met die aanvang van sy diens vir die gemeente sê: ‚Heft aan’!

„O, nacht . . . ’ Hoekom so plegstatig? ‚Als de hevige stormwind, als bezetene giert over ’t veld. De bloemen terneder werpen, Gelijk een vertoornde held . . . ’ Dis onwaar! Afgesien van die onmoontlike besetenheid, is die held se toorn so geweldig, dat hy gebonde is, omdat hy sy werk deur ’n ander laat doen. Die weergawe van jou mis die doel. ’n Vertoornde held sal self sy werk doen, dis wat jy bedoel het.”

*„Als ’t luchtruim bedekt is met  
wolken, geen star aan den  
hemelboog lacht,*

*Als ’t regent en dondert en bliksemt,  
dan, dan zijt gij vreeslik, O  
nacht!”*

„Dis wraggies waar! Wanneer so ’n nag oor ons lostrek, laat hy aan ’n oordeelsdag dink. ’n Besetene wind met reën en donder en bliksem . . . Ja, dis vreeslik. Ek dink, ‚vreeslik’ is ’n weinig swak . . . Maar dis onwaar wat jy van die sterre sê, veral ná die vreeslike geweldigheid. Wanneer die lug so toegetrek is, kan jy mos geen ster sien nie, laat staan dat jy hulle sien lag. Het jy al ooit ’n ster sien lag? Wees waar, ou-seun, wees waar!”

Ek het met gees en verstand bevange gesit en luister. Reg beskou is alles waar wat ek hoor, maar dis ook vreeslik om dit aan te hoor. Is daar dan geen gevoel van jammerte in die man se hart om my so seer te maak nie? . . . Ek kan niks sê nie; ek sit my oordeel verder en aanhoor:

„Dan . . . ’ Alweer ’n dan en netnou volg een . . . ,doet gij de roekelooze beven, Dan voelt hij zich nietig en klein, voor Hem, wien de stormwind en bliksems, Gehoorzame dienaren zijn.’

„Ja, dis te sê wanneer so ’n roekelose nog ’n greintjie goddienssin besit. In gewone omstandighede pas so ’n nag juis in sy kraal.’’

*„Maar als gij een helderen hemel,  
Vol skitterende starren ons biedt,  
En de maan tusschen ’t starrengewemel,  
Haar licht op deez’ aardbodem giet,  
En de zephir dan ruischt door de boomen,  
De blaad’ren doet trillen zoo zacht,  
Dan brengt gij den mensch in verrukking,  
Dan, dan zijt gij lieflik, o nacht.  
dan is ’t of het ritselend loover  
Slecht vrede en liefde verkond.  
Van dank vloeit het hart in ons over  
en zegent dien zaligen stond.’’*

Lagerweg lê die manuskrip neer. „Ek is dit volkome daarmee eens. In sulke omstandighede sê ek met jou saam: ‚En zegent dien zaligen stond . . . ’ ’’

Hy sien glo my ellende. Sy gelaat is ernstig; dis of hy wag wat ek te sê het . . .

Ek bars in wanhoop uit: „So kan amper enige gedig verkleiner word! ’n Mens moet verstaan wat die digter bedoel . . . ’n Digter het digterlike vryhede ook . . . ’ ’’

„’n Digter mag nie oordryf nie! Die taal moet sonder bombas wees. Dis die groot swakheid van die gedigte uit die ou doos. Die nuwe beweging waarvan ek al iets gelees het, dig anders. Ek kan daar egter bitter weinig van verstaan. Ek wonder soms of hulle wat so duister dig, dit altoos self verstaan . . . Maar dit moet ’n besondere gawe wees om so te dig en dit wel te verstaan . . . Die nuttigheid kan ek nie insien nie. Daar is geen mark vir die gedigte en die gewone man kan hulle nie waardeer nie. Hy het geen tyd daarvoor nie. Tensy ’n volksdigter baie populêr is, is selfs ’n volksdigter arm. Vader Cats was populêr omdat hy nie kon dig nie; maar sy verse was verstaanbaar vir die massa van die volk. Vondel was destyds by die burgery ver agter Cats — sy mindere. Vandag vra die wêreld van jou: Wat verdien jy? . . . Beskou die lewe nugter; moenie droom nie; dit bring jou geen dooie duit in die sak.’’

Lagerweg gee die manuskrip in my willose hande; hy klop my op my skouer, maar ek kan geen vriendelikheid voel nie. Toe bly hy voor my staan en enkele sekondes sê nie een 'n woord nie. Eindelik:

„Kom more by my op kantoor. Miskien kan ons 'n plan kry dat jy iets verdien. Ek het 'n hulp nodig.”

Skertsend vervolg hy, terwyl ons na die voorhuis stap: „Maar een ding, kêrel, moenie een gedig in die kantoor maak nie; moenie droom nie!”

(b) ONTSTAAN VAN DIE TRILOGIE AMPIE.

Op versoek gee ek hierdie bekentenis. Ek doen dit veral om die gedagte, wat vrywel algemeen posgevat het, dat ek die lewe van 'n bepaalde persoon uitgebeeld het, te weerlê.

In die buurt van ons plaas het kort ná die vorige Wêreldoorlog die ellendigste huisgesin gewoon wat ek ooit geken het. Hulle het bymekaar gehok in die primitiefste skuiling en amper barbaars gelewe. Hul ellende is in die roman glad nie oordryf nie. Hulle het my gedagtes in die boek vergesel.

Die vader het sy oudste seun aan my verhuur vir een jaar. Die loon was agt pond. Teësinnig het ek die beslommernis aanvaar, omdat ek geen vertrouwe gehad het in die besigheid nie en die seun se voorkoms my werklik afgeskrik het. Sy oë was bang, oorbluf en skigtig. Ek het egter nooit spyt gehad dat ek die seun in diens geneem het nie; intendeel, hy was later 'n werkkrag waarop ek kon bou en sy oë het vaster en soms uitdagend geword; sy maniere en geaardheid manliker.

Vier pond moes ek dadelik aan die vader gee, omdat hy 'n vark wou koop. Die simpel moeder het vir my 'n stroopblikkie vol loperige vet gebring. Die balans moes ek ná ses maande aan die seun betaal. Hy was werklik lief vir 'n donkie en het my later meegedeel dat hy een wou koop sodra ek hom betaal. Hieraan het hy my dikwels herinner en dan het sy oë geskitter. Ook het dit vaak gebeur dat hy my 'n los sikspens gevra het.

In die seun het ek emosies, drifte en mooi eienskappe gesien wat min of meer in elke normale mens aanwesig is. Sy uitlewing was egter spontaner en intenser as by gewone mense. Hy was opreg, soms skelm en oneerlik, vol planne en lugkastele, veral wanneer hy in 'n verliefde bui was. Hy was arbeidsaam en getrou, veral wanneer hy wis dat ek hom vertrou.

Sy katkiseerlesse het ek gevolg, ook sy verliefdhede, want hy was openhartig met my en veral met my vrou daaromtrent. Ons het hom wel gewaarsku, maar dit wou niks help nie. Hy was eenkeer verlief op 'n halfskeel oujongnoui wat tweekeer so oud as hyself was.



JOCHEM VAN BRUGGEN.

Die groot seun was innerlik godsdienstig. Hy het 'n auto-harpie pleks van 'n donkie gekoop en daarop het hy saans in sy kamertjie op sy manier gestrum en vals daarby gesing; meestal psalms, veral die Aandsang, en dikwels het ons daarna gestaan en luister in die donker buite, want dit was mooi omdat 'n mens kon hoor dat sy hele hart en gevoel daarin gelê het.

Hy het min moed besit, behalwe om 'n nooi te vra. Toe hy eindelik uit ons huis getroud is, was ons in die kerk by die plegtigheid teenwoordig. Daarvandaan het ons alle kontak met hom verloor. Dis al omtrent die seun en sy familie wat die boek betref.

Ek glo egter nie dat ek ooit met die roman sou begin het as die *Ou Brandwag* nie bestaan het nie. In die laaste opstelwedstryd van die oorlede tydskrif het ek meegeding en met *Ampie* die prys verower. Dit was 'n kortverhaal, later die eerste hoofstuk van die roman. Toe was die seun in my diens feitlik die motief. Destyds het ek geen gedagte gekoester om verder as dit te gaan nie.

Ná die opdoek van *Die Brandwag* het die Nuwejaarsnommers van *Die Burger* verskyn. My bydraes vir twee nommers was weer kortverhale oor *Ampie*. Albei het later hoofstukke van die boek geword. Ek het ná die tweede nommer pas begin dink aan die moontlikheid van die roman en daaraan begin werk. Teen die end van 1922 was die boek gereed vir die pers. *Die Natuurkind* was afgerond en klaar, dog ek het gevoel dat dit nie klaar met *Ampie* was nie. Daar moes nog 'n deel bykom, waar hy as man en vader die verantwoordelikheid van die lewe, na sy aard en opvatting, sou dra.

Destyds was die diamantkoors baie sterk in Suid-Afrika. Ek het besluit om *Ampie* so gou moontlik te laat trou en na die delwerye toe te stuur. Om my op hoogte van die toestande te stel, het ek ook 'n delwer geword, vir ses maande. Daar in my kaia het ek saans ná die dagwerk by die lig van 'n enkele kers geskrywe; net oor *Ampie* en *Annie*; hulle moeilikhede; maar niks oor die delwerye nie. *Die Meisiekind* was oor halfpad klaar toe ek weer terugkom op die plaas. Weg van die gruis-hope het ek die lewe daar beter betrag en gevoel in my studeerkamer. Dis opmerklik dat 'n mens beter oor iets kan skrywe wat jy nie sien nie as wanneer jy daagliks in die midde daarvan staan. Bart het met sy karnalliestreke drie pond uit sy vader uitgekry en daarmee het hy die derde deel van *Ampie* feitlik aangevoer.

Dit was nodig dat *Ampie* eers werklik man en vader moes wees aler so 'n wilde plek as die delwerye hom sou bytrek; waar hy, gevoelsmens soos hy is, vir die versoeking sou swig.

*Die Meisiekind* het dus teen my oorspronklike plan ook 'n afgeronde geheel gevorm.


En nou die derde deel. Dadelik het ek besluit dat die sub-titel *Die Kind* sou wees. Maar hoe om aan te gaan? Hoe om sover te kom dat Ampie uit die rustigheid van sy pasgetroude lewe na die onrus van die diamantwêreld oorgeplaas sal word? Dit het my baie hoofbrekens gekos, en weer het ek, soos dit die geval was met die eerste deel, los hoofstukke geskrywe wat geen samehang gehad het nie. Daar was geen bepaalde koers nie, hoewel die stof in my gedagtes rondgemaal en ek die end reeds klaar gehad het voordat ek behoorlik op stryk geraak het. Intussen het daar ook soveel gebeur met my.

Dit was in die dae van die depressie. Die skrywery het my amper geen pennie in die sak gebring nie. Ek moes iets anders doen om te kon bestaan. Ek het met my toneelstukke gaan toer. Dit was finansieel ook 'n fiasko. Terug op die plaas, was ek sat van kultuur, boeke en Ampie. My pen het ek skaars gebruik om die allernodigste korrespondensie te doen. Ek het my by ander werk bepaal om my gedagtes af te lei van sorges en bekommernis.

Al die tyd het die derde deel onaangeroer bly lê totdat die tye beter geword het en ek gaandeweg weer lus gekry het om te skrywe.

Toe het ek *Die Noodlot* en *Met Ampie deur die depressie* klaargemaak en die groot werk *Oupa* aangevoer. Toe die eerste deel van laasgenoemde klaar was, het ek my in staat gevoel om nou met 'n vaste plan ook *Die Kind* te voltooi. Die trekpale was daar en die eindbaken reeds gevestig. Betreklik maklik het die draadpale in die grond gekom in 'n regte lyn, want nadat ek die hoofstuk *Nuwe Rigtings* uitgewerk het, was die werk vir my duidelik.

Ek voel dankbaar dat my lewenswerk klaargekom het voor my dood.



LEON MARÉ

## LEON MARÉ

**L** EON MARÉ het die volgende lewenskets van homself gegee:

Kort voor die Saterdagmiddernag van 14 September 1889, toe skrywer hiervan gebore is in een van die kamertjies wat langs die „Ou Verdieping” gestaan het, het president Kruger Pietersburg 'n amptelike besoek gebring. Die President het met sy gevolg altyd by my vader — 'n boesemvriend van hom — tuisgekom. 'n Klomp artilleriste het die President, soos altyd, vergesel en dan moes daar ook vir hulle voorsiening gemaak word. In daardie dae waarin ek my eerste lewenslig aanskou het, was daar maar gedurig opstand, onluste en oorloggies onder die verskeie swart stamme in die Noorde.

As klein kindjie kon ek Danie Theron, later die baasverkenner in die Tweede Vryheidsoorlog, nog goed onthou. Die flukse jong Afrikaner was 'n loseerder by my moeder. Hy het eendag my broertjie gaan soek, gebring en 'n paar rapsies gegee. Dis die eerste herinnering van 'n gebeurtenis. Dan volg daar Jameson se inval. As outjie van sowat ses sien ek opgewonde mense met gewere en bandeliers. Dis oorlog. Ná die inval volg 'n paar „Kaffer”-oorloë — die laaste waarvan die oorlog teen die astante jong opperhoof Mpefoe, Magatoe se seun. In 1899 word die ultimatum teen Groot-Brittanje uitgevaardig. As seun van 10 jaar belewe ek 'n baie groter opgewondenheid as dié van Jameson se inval. Met kinderlike oë en verwondering kyk ek aan hoe splinternuwe mousers aan burgers uitgedeel word. Ek sien weinig Henri-Martini's, die

## LEON MARÉ

gewere van Amajoeba se dae. My broer en ek help my moeder nou om brood en beskuit vir die kommando's te bak. Dit gaan nag en dag. Honderd brode in die dag en honderd in die nag. Daar kom 'n keerpunt in die oorlog en die kommando's verdwyn om vervang te word deur Engelse soldate. Blokhuisse word rondom ons dorpie gebou. Ons seuns word vriende van die soldate in die gevaarlike fortjies.

Die Driejarige Oorlog het die grootste indruk op my verstand gemaak. Alles hiervan bly onuitwisbaar. Ek lewe die tydperk oor en oor en sien nog altyd weer met watter roekelose dapperheid 'n handjievul burgers van wyle genl. Byers die blokhuis bokant ons huis een oggend bestorm. Dit alles besiel my nog steeds tot vandag met 'n gees van vaderlandsliefde. Watter groot liefde koeester ons nie vir daardie jong seun wat die dig aanmekaargevegde drade van 'n blokhuis in die skemerlig van 'n oggend deurgeknip het en met draadknipper en sambok so 'n entjie van die grondwal van die fortjie opsy doodlê — met 'n Lee-Metford-koeël deur die hart. Onder die ander gesneuweldes sien ons ook 'n grysaard byna in toings. Watter opoffering! Ons wil ons goeie vriende — die soldate van die blokhuis — haat vir dié onmenslike daad wat hulle gepleeg het. Hulle verseker ons egter dat dit eenvoudig hul plig was om op die Boere te skiet en dat hulle met ons innige medelye het. Hulle praat mooi met ons en leer ons naderhand Engelse liedjies sing. Dit troos ons as kinders en ietwat later begin ons dorpsseuns weer „handeldrywe” met die Tommies wat daardie afgryslieke „moord” begaan het. Ons bring hulle groente, soos tevore, en hulle ruil dit vir konfyt, maar ons is nie meer so groot maats soos vroeër nie. Die klompie seuns gaan ook nie meer so dikwels voetbal by die blokhuis speel nie.

'n Paar jaar of so voor hierdie droewige tydperk in ons geskiedenis is byna al ons dorpsseuns heeltemal onder die invloed van die Engelse tradisie. Die Hollandse onderwysers het later baie daartoe bygedra om liefde vir ons vaderlandse geskiedenis in te boesem, nieteenstaande die feit dat ons reeds baie geluister het na die eie ervarings van sulke stoere Voortrekkers soos dié wat selfs aan die slag van Bloedrivier deelgeneem het. Die Engelse invloed het nog altyd sterk gebly tot 'n paar jaar ná die Tweede Vryheidsoorlog, toe skrywer hiervan en sy broer in aanraking gekom het met studente op Wellington.

In 1907 is ek na die Eendragsskool in Pretoria, terug uit die Kolonie. Dit was juis toe dr. N. M. Hoogenhout van Wellington gekom het om as prinsipaal van hierdie skool op te tree. Die

kennis en ondervinding wat ek in die Eendragsskool opgedoen het, het my later baie goed te staan gekom.

Ek begin nou privaat studeer vir Junior-Matriek. Ek ontmoet 'n ou dokter (M.D.) van Edinburgh wat nie meer praktiseer nie, maar net in Suid-Afrika kom rondreis het. Ek vertel hom van my groot en enigste begeerte om in die medisyne te studeer. Hy moedig my baie aan. Ná my Matriek sal ons dan dadelik met mekaar in verbinding tree. As kind al was ek baie lief vir dokters. Ek kon dikwels 'n skerp mes of lem vat en op pampoene, hottentotsvye, ens., „operasies” uitvoer. Watter genot was dit nie vir my nie! Ek wil baie graag dokter word, maar dit geluk my nie. In plaas van my kosbare studies voort te sit, sluit ek by die Staatsdiens aan en watter noodlottige stap! My grootste ideaal was nou daarmee heen.

Nog 'n ander laagbesoldigde jong amptenaar moes toe begin hard spook om kop bo water te hou. Ek voel my nie tuis in die Staatsdiens nie. Ek lees egter die eerste deel van die Staatsdiens-laer-wetseksamen deur met die doel om in die loop van tyd magistraat te word, maar vind dat ek niks van wet hou nie. Nou besit ek nie eens meer ambisie nie. Ek bly 'n belanglose jongman totdat ek op 'n dag 'n verhaaltjie begin skrywe. Die verhaaltjie verskyn in 'n koerant en dit tot my groot vreugde. Ek vind 'n nuwe sfeer waarin ek kan rondbeweeg. Die redakteur van die koerant (*Het Westen* op Potchefstroom) nooi my uit om weer 'n stukkie te lewer en dié keer vir sy geïllustreerde jaarboekie. Nou kry ek kans om te vertel van daardie agttienjarige jongseun wat sy lewe sowat nege jaar gelede by die dodelike blokhuis vir die Republiek opgeoffer het. Watter innige genot ondervind ek nie om uiting aan my gevoelens langs hierdie nuwe kanaal te gee nie. Ek sien die toneel van die slagveld weereens en probeer dit beskrywe. Ek slaag op 'n manier daarin om die toneel denkbeeldig te skilder. Die sketse kry die titel „Vir Vryheid.” Ek is hiermee hoogs in my skik en word boonop aangespoor om meer te skrywe deur die ou redakteur wat, soos ek later moes uitvind, 'n dapper Hollander in die Driejarige Oorlog was. Aangemoedig wil ek nou van baie dinge van eie ondervinding vertel — denkbeeldige verhale skryf van stof uit gesprekke van Voortrekkers waarna ek so menigmaal geluister het. Die heldedade en kordaatstukke tydens die Tweede Vryheidsoorlog, die ou jagters, ens., word nou ook stof wat in kortverhale kry ek egter net 'n weinig geleentheid om my beste planne verwerk kan word. Weens sloerwerk van 'n Regeringskantoor agtermekaar te sit. Ek skrywe tussen 1- en 2-uur nm. wanneer ander amptenare rus geniet. Saans ná sluitingsure hervat ek

die kort verhaaltjies, dog word baie gestrem as gevolg van die ongelukkige omstandighede waarin ek verkeer. Watter groot begeerte was daar om kort verhaale oor Trekkers, kommando's, olifantjagters en alledaagse karakters te skrywe, maar die tyd het ontbreek. Die drukte van 'n Regeringskantoor strem my in my beste pogings om te presteer op letterkundige gebied. My liefhebbery en ernstige poging word nou 'n stokperdjie. Die resultaat is wat daar tans reeds in boekvorm verskyn het. Onder die omstandighede het ek my bes gedoen. Ons het in daardie dae nie goeie woordeboeke soos vandag besit nie. 'n Afrikaanse grammatika het ontbreek. Ek het geskrywe soos mense praat.

My aangenaamste skooldae was op Wellington, waar ek en my broer met sowat vier-en-sestig ander leerlinge in die welbekende koshuis „Sunnyside,” langs die Instituut, gehuisves was. Die prinsipaal van die „Boys' High School” was toe mnr. MacCrone, 'n bekwame Skotsman. Hier het ek met seuns van alle dele van die Unie in aanraking gekom en baie karakters leer ken. Wyle ds. Andrew Murray het soms vir ons seuns na die Instituut oorgevra en dan vir ons daar klas gehou. So het ek ook 'n weinig van hierdie Godsman gesien.

My eerste skooljare het ek deurgebring in 'n skoolgeboutjie op Pietersburg. Die prinsipaal was ene mnr. Teubes van wie ek 'n vae herinnering besit. In daardie skooltjies het ons kennis gemaak met die alombekende „Step by Step,” Elffers se Deeltjies en die „Royal Readers”; laasgenoemde was buitengewone goeie Engelse leesboeke.

As gevolg van skrywer hiervan se verskeidenheid van werk in die Staatsdiens het hy baie kennis opgedoen van mense en dinge wat hom later as hy weer dalk sou skrywe, stof kan verskaf vir interessante artikels. Op 'n tydperk in sy loopbaan as amptenaar moes hy in die Departement van Justisie handel met allerhande sake, soos met die rapporte betreffende tereggesteldes. Hy kon 'n diepe insig kry in die loopbane van alle groot S.A. misdadigers.

In 1930 is hy getroud en besit een kind, 'n dogter. In dieselfde jaar is hy, as klerk, benoem tot vertaler in die Departement van Justisie — 'n professionele pos. Hy het daarin geslaag om 'n vertalerseksamen af te lê en is toe verplaas met bevordering na die Departement van Handel en Nywerheid om 'n paar jaar daarna na die Provinsiale Administrasie verskuif te word waar hy eindelijk uit die diens getree het.

Tans is hy werksaam as tydelike amptenaar met 'n pensioentjie wat hy verdien het tydens sy vorige diens vir die Staat.

\* \* \*

Vir sover my herinnering my nog kan dien, is die eerste lees- en skryflus by my aangewakker deur die kyk na en lees van onderskeidelike grapprentjies en kort verhaaltjies uit Engeland.

Teen sonsondergang, gewoonlik Donderdagmiddae, dan sit my broer en ek — seuns van sowat nege en sewe jaar oud — op die boonste verdieping van ons Ou Verdiepinghuis en ons hou dop wanneer die koets van Pretoria moet opdaag. (Die Ou Verdiepinghuis was in die ou dae wyd en syd bekend as 'n gasvrye herberg vir elkeen en almal oor die hele Unie.) Ons hou nou ons oë op die verste bult totdat ons die welbekende stofdampe gewaar en luister dan eindelik na die eerste trompetgeskal van die naderende rooi koets op die hoogte. Dit duur dan ook nie meer alte lank nie of die groot bestofde voertuig en sy moeë span muile skadubeeld teen die sonsondergang verlaas en ons kyk hoe die koperbeuel in die hand van die drywer in die verte glinster. Ons hartjies bons van vreugde en genot. Bring daárdië einste koets dan vir ons vandag nie alweer die gekleurde grapprentjies (Comic Cuts) van Engeland nie? Ai! ons tweetjies is nou ook sommer só in ons noppies.

Praat van koetse! Daar kan baie uitgewei word oor hierdie voertuie van die ou dae, dog ruimte is te beperk. Van dié rooi koetse met hul groot geel agterwiele en klein geel voorwiele, 'n bak vir bagasie agter met 'n leerbedekking soos 'n manel, is daar vandag nog te sien in die ou museum in Pretoria. Ons kan ook roem op 'n struikrower (highwayman) soos dié wat koetse voorgelê het in die ou dae in Engeland. Ons moet egter die geskiedenis van hierdie ou rower maar vandag links laat lê. (Twee portrette van koetssoorte is hier afgedruk.) Die rooi bakkoets wat ons sien, is bespan met 'n klompie kwaggas, dog hierdie trekdier was 'n mislukking. Dit was maar 'n probeerslag met hulle.)

Die Engelse koetsdae was ook 'n groot aantrekkingskrag vir ons paar seuns op die dorpie. Ons lees in Engelse Kersuitgawe:

„On a fine spring morning, what was more glorious than an outside seat on the Royal Mail and to speed away to the West of England at 12 miles an hour? Then, at the dinner-time stage, while the guard delivered His Majesty's Mail to the village post office and the fresh horses were put in, the passengers would take possession of the inn and from the kitchen, hung with fitches of bacon and great fat hams, would come the round of beef, the game pies, new-baked bread, huge cheeses and tankards of foaming ale. In spring and summer these were the days, but in winter it was a different story, with the plunge into the snowdrift, the

breakdown in the driving rain, the masked figure and the gleam of the robber's pistol at the coach door."

Sentiment? Dit kan wees, maar ons is tog maar almal sentimentaliste — dis diegene van ons wat die ou bladsye wat herinneringe van die jare, opgevreet deur die sprinkane, opswEEP, liefhet en daarna hunker.

Nou elke Donderdagaand gereeld, ná die aankoms van die koets van Pretoria, vergesel my broer en ek my oudste suster na die grasdak-klipgeboudrukkery (op Pietersburg) van ene Billy Brown, 'n gewese rooibaadjie-soldaat uit die dae van Amajuba, en daar ontvang ons dan altyd *Chokee Bill and the Area Sneaker* sowel as *Ally Sloper* met groot vreugde om die blaaië later tuis sorgvuldig en haarfyn deur te snuffel. Elke prentjie word noukeurig bekyk en elke grappie verstaan. Ons bespreek die verskeie karakters, lag hartlik daaroor en lewe dan in verwagting weer vir die volgende besending wat die rooi koets vir ons die aanstaande Donderdagnamiddag sal bring. Dié Kersuitgawes was tog alte mooi en vol grappe. Hoe aantreklik was so 'n uitgawe nie met sy sneeu en Kersatmosfeer nie! Ons kyk na die koue, sneeubedekte landskappe; Vader Krismis met sy rooi mantel en lang sneeuwit baard en gloeiende wange en na tafels gelaai met kalkoene en rosyntjiepoedings met takkies mistel of huls met hul rooibessies daarop. Hoe aantreklik was die Engelse Kersfees vir ons tog! Kan die Suid-Afrikaans Kersfees dan nie op 'n gepaste manier net só aantreklik gemaak word nie?

*Ally Sloper* was voor die Tweede Vryheidsoorlog alombekend in Suid-Afrika. Skrywer is in besit van 52 eksemplare hiervan, gedateer 1880. Dit is baie skaars en nie eens verkrygbaar in Engeland waar dit in die ou dae gedruk is nie. Versamelaars beskou hierdie blad as baie waardevol vir hul versamelings, omdat dit vandag só skaars is. Hoe dit ook sy, my broer en ek, en dalk nog baie andere vandag in Suid-Afrika, het daarin voorwaar egte genot geskep.

So jonk soos ons was, het ons twee eindelijk mekaar so teen Kersfees elke jaar begin verras met 'n sort gekleurde uitgawe in die aard van *Chokee Bill and the Area Sneaker*, die ware *Comic Cuts*. Ons het eie grappige prentjies van karakters in ons land met gekleurde potlote geteken tot die beste van ons vermoë, met passende byskrifte, en skryfboeke (exercise books) vir die doel gebruik. Dié produkte het ons vir mekaar versteek totdat Kersfees aanbreek en dan mekaar daarmee verras. Gelukkige dae!

*Ally Sloper* en *Chokee Bill*, weinig later ook *The Boys' Friend*



LEON MARÉ EN SY VROU.

*Library*, het 'n groot invloed op ons uitgeoefen. Die Engelse tradisie was vir ons kinders nou net éénmaal alles. Ons kort verhaaltjies was meestal *Stories of British Pluck, Sons of Britannia*, en dergelike leesstof. So het ons ons dan in die blaadjies van oorsee verlustig totdat ek op 'n dag, kort voor die Tweede Vryheidsoorlog, 'n verflenterde *Mooi Annie* van D'Arbez in 'n ammunisiekas gevind het. Hierdie boek het 'n blywende indruk op my gemaak. Ek het gou gesorg dat ek al D'Arbez se werke in hande kry. Wyle president F. W. Reitz se *Ses-en-sestig Uitgesogte Gedigte* was 'n ware letterkundige kraan wat ek kon aandraai om my leesdors te les. Later het ek *Genoveva* en *Die Koningin van Skeba* in hande gekry, sowel as die paar ander destydse beskikbare Suid-Afrikaanse boeke, waaronder *Jameson's Inval* deur Nico Hofmeyer.

Nou volg die stadium van die *Penny Dreadfuls*, die *Lloyd's Bloods, Sexton Blake Serials*, ens. Hiervan het ek 'n groot menigte verslind. Die boekies bevredig my hunkering na sensasiewekkende leesstof. Hulle gee my groot verbeeldingskrag. Ek raak versot op dié boekies. O! was hulle nie vir my as kind boeiend nie! Ek dink nog steeds aan hierdie sensasiewekkende lektuur van oudsher, veral aan: *Dick Turpin's Ride to York*; of *The Death of Bonny Black Bess*. Dié swart merrie van die struikrower was 'n wonderlike dier — perd duisend! Met Dick Turpin in die saal het die perd 'n afstand van 300 myl tussen Londen en York in sestien uur afgelê terwyl sy boonop nog oor draaihekke en ander versperrings in haar pad moes spring. Watter sensasie wek hierdie swart merrie met so 'n prestasie nie by ons seuns nie! Ai!

Ook staan die volgende my nog lewendig voor die gees: *Claude Duval, Red Ralph, Starlight Nell, The Queen of the Road, Black Hawke, Sixteen-String-Jack, Ruth the Betrayer, Jack, Sam and Pete's* (laasgenoemde 'n neger) *Adventures in Dark Africa*. Hierdie avonture in Afrika was boeiend vir seuns; andere — *The Black Pirate of the Phantom Ship, Penny Pickwick*, en dergelikes.

Met watter kaf en dros sit ons kinders van vandag nie opgeskeep nie. Ons dink ten eerste aan die *Superman*. Wie is bestand teen hierdie Superman? Hy gaan deur mure, sweef oor dakke — alles oorwin hy. Dis onmoontlike kinderhelde. Vergelyk dit met 'n „Penny Horrible.” Volgens skrywer se sienswyse is die Amerikaanse lektuur wat die land vandag so binnestroom van die slegste emosionele soort. Dit beïnvloed die jonger geslag gewis op nadelige wyse; dit kan nouliks vergelyk word met dergelike leesstof van die ou dae.

In my kindsdae was dramatiese instink sterk in die seuns van daardie tydperk. Seeverhale, verhale omtrent dapper generaals en admiraals en flukse en onverskrokke matrose wat rum drink en kaskenades aanvang, het 'n sterk indruk op ons jeugdige gevoelens gemaak. Toe skrywer hiervan jonk was, het hy van baie waaghalsige booswigte gelees, soos byvoorbeeld van Claude Duval, en hulle leer ken. Hulle — dié ou seerowers — het hom egter nooit kwaad gedoen nie. Hy kan nog van baie ander sensasiewekkende stories met vreesaanjaende titels ophaal en herinner hom nog goed aan „Mr. Sweeney Todd, the gentlemen who „polished them off” in his hairdressing establishment with a cold storage in the cellar, off Fleet Street.”

Tans mislei die bioskope ons jeug met sensasiewekkende films van rampokkers en ander lae tipes, en skrywer is hom daarvan eerlik bewus dat hierdie soorte vertonings die jeugdige verstand meer kwaad aanrig as die „Penny Dreadfuls” en „Bloods” wat in sy jongdae verskyn het.

Die derde stadium was 'n leesstadium van speurverhale en die gewildste onder al die reeks speurverhale vir ons paar lesende seuns in dié dae in die ou dorpie, was die boekies wat bekend gestaan het as *Nick Carter*. Soos ek nou so sit en skrywe, lyk dit vir my of hierdie Nick Carter vir Sherlock Holmes, wat speurdersvernuf betref, ver uitgeklop het.

Toe volg 'n leesstadium van Amerikaanse lektuur waaronder die bekende *Buffalo Bill*, *Jesse James* die treinrower. Skrywer besit nog 'n klomp Buffalo Bills. Later kom ons in besit van *Wild West Magazines*. Dit was sowat 1907. Ai, maar die „Wild West” het darem lekker gesmaak. Dis nou net „Cow Boys” en rooihude, en die ma's raas oor al die gedoente van die jongspan.

*Penny Pickwick*, waarvan in die tweede leesstadium melding gemaak word en wat bloot uit toeval in my hande gekom het, was die keerpunt in my lewe na die klassieke. Hoe herinner ek my nog goed toe ek op 'n dag vir *Penny Pickwick* op die toonbank van 'n hout-en-sink-smeerwinkeltjie gevind het. „Sikspens,” sê die ou Amerikaner agter die toonbank, en die boek was myne. Hierdie boek het so 'n leeslus in my verwek dat ek rond en bont geval het totdat *Pickwick Papers* in 'n boekdeel in my hande gekom het en ek nou regtig kennis gemaak het met die ou liewe mnr. Pickwick en sy getroue Sam Weller.

*Pickwick Papers* het daartoe aanleiding gegee dat ek later al Dickens se werke deurgelees het. So 'n indruk het Dickens se karakters op my gemaak dat ek nie net al die boeke van hierdie beroemde skrywer vir die tweede keer deurgelees het nie, maar

ook 'n Dickens-student geword het. In sy tydgenoot Thackery het ek nie behae geskep nie, omdat hy te veel oor die adel geskrywe het.

Nou aangevuur, begin ek werke lees soos dié van Fenimore Cooper, Captain Marryat en Walter Scott, e.a. Wat in besonder 'n diepe indruk op my gelaat het, was *Uncle Tom's Cabin* van Harriet B. Stowe. Leo Tolstoy se *Mahlova* en Tchaikovsky se *Dead Souls* was vir my besonderlike vondse. Maxim Gorkhy word toe ook 'n geliefkoosde skrywer.

Die lees van al hierdie soorte boeke het dus bygedra tot die drang by my om ook eendag iets op die gebied van letterkunde te lewer. Dickens se karaktertekenings was vir my — eenvoudige seun — nie in één enkel opsig ooit oppervlakkig, houterig, eenselwig of onoortuigend nie. Die morele strekking van al sy werke het gelei tot 'n baie gesonde invloed op my loopbaan. Ek wil graag alle toekomstige skrywers sterk aanraai om 'n intense studie van al Charles Dickens se beroemde werke te maak. Mag hulle dit ook doen.

Dickens se skeppingsvermoë was vir my altyd iets wonderbaarliks. Soos almal weet, was hierdie beroemde Engelse skrywer 'n groot hervormer op maatskaplike gebied. Met elke werk van hom het hy in hierdié rigting gemik en ook met elke poging 'n voltreffer behaal. Dit weet ons almal. Lees maar sy beskrywing van Chelsea en die verderflike outydse gevangenisstelsel. Watter hervorming het dit nie alleen op hierdie gebied gebring nie? Ons kan ook tereg sê dat daar nog geen ander skrywer was wat 'n groter gawe as Charles Dickens besit het om karakters uit te beeld nie.

Elke land besit sy Squeers (The Yorkshire Schoolmaster of Dotheby's Hall), sy Quilps, sy Peckniffs (in groot mate). Dickens het hulle in sy land gesien. Waarom kan Suid-Afrikaanse skrywers hulle ook nie in hul land ontdek, beskryf en vir ons onsterflik maak nie?

Ons besit darem al 'n Ampie, en dit tot eer van ons beroemde skrywer Jochem van Bruggen. 'n Ander poging is gedoen met „Oom Bart.” Of die skrywer nou daarin geslaag het om „Oom Bart” onsterflik te maak al dan nie, is nie vir my om te sê nie. Probeer is egter die beste geweer. Laat ons probeer skeep en laat elke kortverhaal of roman 'n les bevat tot die maatskaplike bevordering. Laat ons oppervlakkige verhale (the cheap American type) tog nie aanmoedig nie, en nie deur die lees daarvan in ons skryfwerk beïnvloed word nie. Asseblief tog nie! Suid-Afrika het 'n pragtige agtergrond.

Waarom kan daar nie 'n Uriah Heep of gelyksoortige karak-

ters hier in ons land van so 'n onuitputlike bron geskep word nie? Ons moet trag om ons taal te verryk en te bevorder deur ons letterkundige produkte. Dit is die enigste manier waarop 'n taal opgebou kan word soos ons almal weet. Ons moet nie net beloning beoog nie. Laat staan die eie voordeel.

Dan het ons ook vir Honiball (die Suid-Afrikaanse Walt Disney?), 'n kunstenaar met 'n groot skeppingskrag. Dit lyk of Oom Kaspaas gekom het om te bly. Waar vind ons 'n egter beskrywing van Wolf en Jakkals se kaskenades as dié van Honiball?

Van tyd tot tyd hoor, lees en sien mens hoe die wild waarvan Suid-Afrika rykliker bedeed is as enige ander wêreldoord, stadig maar seker verdwyn as gevolg van menslike vandalisme. Drastiese maatreëls is al deur die owerhede geneem om hierdie vernielsug onder ons wild te belet, dog tevergeefs. Dit verbaas mens om te sien hoeveel leeus daar alleen uitgeroei word, hetsy deur vergifting, of deur valle en moderne wapens. Hoewel as roofdier beskou, ag ons hierdie pragtige dier — die leeu — ewewel as die koedoe, ens., 'n sieraad van Suid-Afrika. Hier kom ons gevierde skrywer Sangiro nou met sy „Uit Oerwoud en Vlakte” en wek medelye vir die wild. Hierdie werk besit groter waarde as die drastiese maatreëls wat die Regering toepas tot beskerming van ons wild. Sangiro beoog hervorming met sy beroemde werk! Mag sy werk ook op hierdie gebied met wel-slae bekroon word.

Van „Ampie” en „Uit Oerwoud en Vlakte” word melding gemaak slegs om te toon hoe die skrywers se werke 'n doel beoog — al is dit dalk ookal onbewus gedoen.

My eerste poging om iets op letterkundige gebied te lewer, was in 1910 toe ek 'n denkbeeldige artikeltjie geskrywe het oor 'n Voortrekker gesin wat hul plaas in die ou Kolonie verlaat — „Vertrek van Dassiehoek, 1838”. Dié stuk sowel as 'n paar ander het omstreeks daardie tyd onder die feuilleton-rubriek van *Het Westen* verskyn. Mnr. De Graaff, die redakteur van daardie blad, het my bedank vir my poging en my aangemoedig om nog ander stukkies vir die feuilleton te skrywe. Ons het in dié dae nie beloning gekry of verwag nie.

Ek word nou verplaas van die Magistraatskantoor van Potchefstroom na die Departement van Justisie, Pretoria. Op Pretoria begin ek weer stukkies skrywe. Ek wil egter probeer om 'n karakter te skep. Dit gebeur toe dat *Die Brandwag*, onder redaksie van dr. W. M. R. Malherbe, 'n kersuitgawe beloop met £5-, £3- en £1-pryse vir onderskeidelik die drie beste verhale. Ek word mededinger en trag *Oom Klaas Rensburg*

as Suid-Afrikaanse tipe te skep. Ek behaal 'n prys. Toe my eerste opregte poging om iets by te dra tot die Suid-Afrikaanse letterkunde, met welslae bekroon word, kon niks my meer verhinder om te skrywe nie. Skrywe geskied egter nou onder baie slegte omstandighede. Sleurwerk van 'n buitengewone drukke kantoor van 'n Staatsdepartement word 'n groot hindernis. Bowendien is my salaris van so 'n geringe aard dat ek groot moeilikheid ervaar om kop bo water te hou. Onder donkere wolke sit ek my werkies egter voort. Was dit nie vir die vurige begeerte om te skrywe en die aanmoedigings van sulke manne soos dr. W. M. Malherbe en Jan Celliers en wyle dr. Lydie van Niekerk nie, dan moes ek voorwaar tou opgegooi het.

Aangespoor deur dié letterkundige prys wat ek verower het, word ek ook mededinger van die *Brandwag* se later pryswedstryde.

Ek begin *Die Putgrawer* en *Die Houtryer* skrywe.

In ons dorpie het daar 'n putgrawer met die naam van Toot Weidemann gewoon. As seun het ek menigmaal by sy dorpsputte gesit en kyk hoe die maer, sieklike kêreltjie in die putte afgaan, opkom en met dinamiet skiet. Dit het my baie getref om te sien hoe hy moes sukkel om sy putte te grawe en dit nogal teen 'n karige loon. Met 'n hart van innige meegevoel vir hierdie kêreltjie het ek later getrag om so 'n geskiedenis van een van sy putte te beskrywe. As jongman het ek toe my bes gedoen en geskrywe soos ek destyds gevoel het.

Na afwesigheid van vyf-en-twintig jaar van my geboortedorp ontmoet ek Toot (verkorting van Antonie) weer eendag en, snaaks genoeg, net kort voor sy dood. Onder andere het ek hom gevra of hy *Die Putgrawer* al gelees het. Met hand teen die oor en na 'n harde „hoe's dit, Leon?” en na 'n herhaling van my vraag en beduie, het hy sy kop geskud, ontkenkend geantwoord en het ek maar geswyg.

Die meeste stukke wat uit my pen gekom het, het gehandel oor gewone karakters. Byvoorbeeld, *Japie Moolman* was maar die gewone sestienjarige boereseun-tipe wat tydens die Tweede Vryheidsoorlog met die mauser op kommando moes gaan. *Freek en sy Perd Bles* was heeltal denkbegedig, net soos 'n klompie ander, soos *Die Meisie van die Vrystaat*. *Klaas Rensburg* het bestaan, asook *Moebie*, *Die Houtryer*, en andere. 'n *Straatongeluk* was eie ondervinding. Die poging *Mooi Lemoene* was 'n gevolg van die lemoenwaens in Pretoria. Jare gelede was dit byna 'n daaglikse toneel om 'n wa met 'n vurkstok en lemoene daaraan en 'n span slapende donkies in Pretoria se strate te sien rondry terwyl die drywer sy vrugte met 'n luide stem loop en aankondig.

'n Blokhuisbestorming tydens die Driejarige Oorlog deur wyle generaal Beyers, bokant ons huis, en die skouspel van gesneuwelde en gekwete burgers tussen deurgeknippte drade, het aanleiding gegee tot die skrywe van stukkie soos *Die Dood van Japie Moolman, Freek*, ens. Gedurende hierdie tydperk was daar in ons dorpie 'n groot kamp van ontroue burgers wat by die vyand aangesluit het om teen die burgers in die veld die stryd te voer. As seun het skrywer hiervan baie belewe aangaande hierdie renegate. Hy het 'n afkeur in hulle gehad en hulle met veragting aangeblik as hulle so verbyry in hulle kakiepakke met „N.S.” of „P.L.H.” of „K.F.S.” op hul skouers. Hoeveel ouer klasmaats moes hy nie onder hierdie ontaarde mense sien nie. Meester Westerhof vra vanoggend, byvoorbeeld, waar P is, dan klink dit dalk op: „Meester, ek het P vandag in kakie gesien — hy het by die „Pietersburg Light Horse” aangesluit.”

Arme Meester Westerhof! Dis of ek nou nog sien watter droë sluk hy dan gee en hoe hy sy kop in verleentheid krap terwyl hy solder-toe kyk en met 'n skor stem hom fluisterend afvra: „En P ook?” Watter droefheid was daar dan nie op sy gesig te bespeur nie.

Dit alles het 'n diep indruk op skrywer hiervan gemaak, en later het hy probeer om 'n paar verraaiertipes te beskrywe in *Annie Bester, Wrange Vrugte*, ens.

*Verbygerolde Dae* was 'n poging om iets van 'n troue moeder se lewe te boekstaaf. Hierdie edele vrou was 'n vriend van almal. Tydens die Tweede Vryheidsoorlog het sy nie net snags en bedags brood en beskuit vir die kommando's gebak nie, maar ook baie gesinne in die konsentrasiekamp later van vars groente voorsien. Mag sy in vrede rus.

Dit was vir my ook baie aangenaam om die biografie van beroemde manne te lees. Onder almal het ek gevind dat Abraham Lincoln en Charles Dickens die grootste indruk op my gemaak het.

Na die vertaling van die boek *Vir die Admiraal*, probeer ek om iets te dramatiseer. Daar ontstaan 'n sterk gevoel om by wyse van dade en dialoog 'n produk te lewer. Ek probeer. Die resultaat was 'n boekie *Die Jonge Du Pree*. Later volg *Mooi Annie*. Die drang om uitdrukking te gee aan klank en gebare en om karaktertipes te vertolk, word al sterker. Ek is besig om 'n kort studie van die tegniek van drama te maak ten einde 'n soort begrip van die kuns te kry.

Dis nou op hierdie tydperk dat ek 'n aanbod kry om kinder-storiesjies te skrywe teen 'n baie billike vergoeding. Ek laat die drama vaar. Die gevolg is dat *Young South Africa* se



AANKOMS VAN DIE EERSTE TREIN OP PIETERSBURG, 31 MEI 1899.

reeks skoolboekies van Standerd VI af heelwat van my bydraes bevat. Hierop volg *Profeet Bobbejaan, Gelukkige Outjies, Bartjie Koekemoer*, en ander los kinderverhaaltjies.

Daar bestaan nog steeds 'n sterk begeerte om dramaturg te word. Dan word die Voortrekkerrolprent op 16 Desember een jaar in die verlede in die stadsaal in Pretoria vertoon. Ek woon die vertoning by en vind dat die doel van die prent beter is as die opvoering daarvan, m.a.w. dat met die stof wat ons uit die Voortrekkertydperk kan put, 'n beter toneel van die trek, ingesluit die Piet Retief-episode, beskrywe kan geword het. Dit was egter 'n eerste en 'n pragtige poging.

Ek koester nog steeds die hoop dat ek eendag sal kan saamwerk om 'n *scenario* te help skrywe — rolprent wat 'n groot hulpmiddel sal wees vir die bevordering en bestendiging van die kennis van ons onuitputlike Afrikaanse geskiedenis en tradisie.

Toe skrywer hiervan in 1909 begin skrywe het, het hy net die bietjie kennis van Hollandse grammatika besit wat hy in die klaskamers van meesters Frowein en Westerhof opgedoen het. Hy begin in 1909 skrywe na gehoor. Hy is al beskuldig van eienaardige woordgebruik en onsuiver uitdrukkings. Die beskuldigings is natuurlik gemaak in belang van die gesonde ontwikkeling van Afrikaans. Ons moet egter onthou dat ons gesproke taal destyds nog nie ingeburgerde woorde gehad het en dat skrywer nie van 'n Hollandse styl of uitdrukkings om hom verstaanbaar te maak, gebruik gemaak het nie. Hy het maar doodgewoon plat Afrikaans geskrywe soos almal dit gepraat het. Hy het daar nie mee rekening gehou dat wat hy neerskrywe ooit in boekvorm sou verskyn en dat die boeke naderhand in skole gebruik sou word nie. Vergeef hom tog! Later is die taal en styl van sy boeke egter baie verbeter. Hy besef vandag na lang ervaring as 'n Staatsvertaler en skrywer maar alte goed dat om deeglike werk te lewer op letterkundige gebied, daar ten eerste twee vername vereistes is, naamlik taal-kennis en taalgevoel.

Manne van die ouderdom van skrywer hiervan, en nog ouer, behoort baie dank verskuldig te wees aan ons Hollandse onderwysers wat huis en haard vaarwel toegeroep het om hier in Suid-Afrika en elders die eerste onderwys te kom gee onder baie ongunstige omstandighede. Ek maak van hierdie geleentheid gebruik om my innige en opregte dank te betuig aan my ou Hollandse onderwysers, baanbrekers soos meesters Westerhof en Frowein, vir die groot opofferings wat hulle gedoen het.

Soos reeds gemeld, het ons kinderlektuur aanvanklik bestaan uit blaadjies van oorsee wat 'n groot invloed op ons uitgeoefen

het. Ons lees *Stories of British Pluck*, ens. Ons praat net van die heldedade van vreemde nasies. Hoe moes sulke lektuur nie 'n kind beïnvloed het nie? Danksy meester Westerhof, wat my betref. Hoe goed onthou ek nog hoe hy ons smiddae van Thaba Bosigo, die vesting van Mosjesj, asook van die heldedood van die groot held Louw Wepener vertel het. Dan luister ons op 'n middag weer na die geskiedenis van die held van Lange Nek, die held van Ingogo, die held van Amajubaberg — Kommandant-Generaal Piet Joubert. Ons is meester dankbaar vir geskiedenis van ons President Paul Kruger. Ons kry nou 'n gevoel van vaderlandsliefde en begin toestande te verstaan. Ons eie geskiedenis tree nou op die voorgrond. Ons luister meer gretig na die oumense as hulle vertel van die uittoeg uit die Ou Kolonie, van die Slag van Bloedrivier, die oorwinning by Vegkop, en na al hul wedervaringe. Daar is nou meer belangstelling in eie geskiedenis.

Ek wil graag 'n kransie lê en sê: „Arme meester Westerhof!” Toe genl. Plummer met sy mag op ons dorpie aanruk, het meester Westerhof die skool gesluit, sy kop deur sy bandelier gesteek en met sy mauser verdwyn. Later kry ons berig dat hy tesame met 'n klompie burgers vermoor is. Arme meester Westerhof wat vir ons kinders so trou ons vaderlandsgeskiedenis geleer het. Hy het die woord by die daad gevoeg.

Verlaas hef ons in die skooltjie nog aan, „Kent gij dat volk vol helden moed . . .” en dis of skrywer hiervan weer hoor hoe meester Westerhof smiddae kort voor die sluiting van die skool voor die klas die volgende nog met sy basstem insit—

„Het zonnetje gaat van ons scheiden,  
't Avond rood kleurt weer het veld,  
Zoete rust mogen wij bieden,  
Nocht door geen zorgen gekweld  
Hoort gij het klokje met lieflike klank,  
Ons weer naar huis roept  
Tot bede en tot dank;  
Luidt nu o klokje luidt voort . . . !  
Slapen wij straks ongestoord.”



DR. J. F. W. GROSSKOPF.

## J. F. W. GROSSKOPF

**D**R. GROSSKOPF is op 25 November 1885 in Bloemfontein gebore, waar sy vader leraar van die Lutherse gemeente was. Sy moeder, gebore 1864 in die distrik Lydenburg, was die oudste dogter van eerw. H. Grützner wat in 1859 saam met A. Merensky (vader van dr. Hans Merensky) na Transvaal gestuur is. Hulle was die eerste buitelandse sendelinge wat die Republiek in sy gebied laat arbei het.

Sy skoolopleiding het dr. Grosskopf aan die Grey-kollege gehad en was een van die leerlinge van die bekende dr. Johannes Brill. Met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog was hy 14 jaar oud. Die gevolg was dat hy baie vroeg gematrikuleer het. Die intog in Maart 1900 van lord Roberts en sy troepe in Bloemfontein het 'n diep en droewige indruk op die kindergemoed gemaak.

Begin 1902 is hy na die Victoria-kollege op Stellenbosch waar hy in 1904 B.A. met „Honneurs” in moderne tale afgelê het, en twee jaar later sy M.A. Hy was 'n jaar lank onderwyser in Nederlands en Duits aan die Diocesan-Kollege, Rondebosch. Begin 1908 is hy met 'n beurs van die ou Kaapse Universiteit na Europa en het in Berlyn, Leipzig en Weenen in die lettere gestudeer. Maar hy het veral belanggestel in regte en staats-houkdkunde en is later na Leiden waar hy in 1913 in die Romeins-Hollandse Reg gepromoveer het. Daarna het hy nog twee semesters in Zürich staatshuishoukdkunde gestudeer.

In April 1914 was hy terug in Suid-Afrika. Met die uitbreek van die Rebelle 'n paar maande later het hy 'n paar lewendige weke saam met genl. Pienaar en Jopie Fourie in die

## J. F. W. GROSSKOPF

bosveld deurgemaak. Van Desember 1914 tot Augustus 1915 was hy in Pretoria in die tronk en is toe met 'n geldboete ontslaan.

In 1915 het dr. Grosskopf toegetree tot die redaksie van *Ons Vaderland* in Pretoria, en twee jaar later is hy aangestel as hoofredakteur van *Die Volksblad* in Bloemfontein. In 1920 is hy na Stellenbosch as professor in staatshuishoudkunde. Hier het hy hom later hoofsaaklik bepaal by landbou-ekonomie. Begin 1935 word hy hoof van die Afdeling Ekonomie en Markte in die Departement van Landbou. Hy het in 1945 uit hierdie amp getree en is nou adjunk-voorsitter van die Nasionale Bemerkingsraad.

In 1922 het hy saam met Sangiro 'n paar maande in Oos-Afrika deurgebring, en hul ervarings het Sangiro in *Op Safari* beskryf. Toe hy in 1934 met verlof was, het hy 'n besoek aan Europa en die V.S.A. gebring.

Dr. Grosskopf is getroud met Cornelia Wagner, 'n boeredogter uit die distrik Humansdorp.

### SY SKRYWERSLOOPBAAN.

Wat sy skrywersloopbaan betref, was hy van jongsaf lief om stories uit te dink. Omstreeks 1904 het sy eerste verhaaltjie in druk verskyn en wel in Engels! In 1908 of 1909 het Jannie de Waal se maandblad *De Goede Hoop*, 'n studenteverhaaltjie opgeneem: 'n *Snaakse Briefwisseling*. In 1915 verskyn in *Ons Moedertaal* die verhaal *Ongenooid Gaste* wat in die gevangenis in Pretoria geskryf is.

Dr. Grosskopf het van die begin af in Afrikaans geskryf. „In Desember 1909 al,” sê hy, „toe ek student in Wene was, het ek Balzac se meesterlike novelle (*Passion dans le désert*) begin vertaal. Die sogenaamde Tweede Afrikaanse Taalbeweging het in my 'n lankal klaar bekeerde volgeling gehad. Kort voor my vertrek na Europa het ek in Desember 1907 die kongres van Kaapland se Afrikaanse Taalverenigings in Kaapstad bygewoon, en dit (naas ds. Postma) as plaasvervangende afgevaardigde vir Steynsburg. Uit Pretoria het wyle dr. Klaas Hoogenhout en adv. N. J. de Wet gekom. Met jeugdige geesdrif het ek besluit om deur vertalings uit ander tale my eie Afrikaans te skool en te brei en te oefen. Moenie vergeet nie, ons moes elkeen ons skryftaal vir onself verower. En so het ek graag verse vertaal uit Engels, Duits en Frans; maar ook prosa. Ek het nog proewe van vertalings uit Jonathan Swift, Schopenhauer en onder andere ook van Balzac se *Passion dans le désert*.”

Sy verhale het dr. Grosskopf in 1942 gebundel onder die titel *Ou Leeumelker en ander Vertellings*, maar sy roem het hy verwerf met sy dramas, en nou is dit opmerklik dat sy voorarbeid op hierdie gebied ook 'n vertaling is. Sy eerste werk is die verafrikaansing van *Die Journalisten* van Gustav Freytag onder die titel *Die Koerantskrywers* (1919). Die toneelstuk is dikwels en met groot sukses opgevoer en het reeds agt drukke beleef.

In 1920 kom 'n *Esau*, en sy verskyning was 'n groot gebeurtenis vir die Afrikaanse toneel — hier is die beginpunt van 'n nuwe tydperk, en in baie opsigte kan ons dr. Grosskopf beskou as die grondlêer van ons drama.

Oor die ontstaan van 'n *Esau* vertel die skrywer: Die eerste gedagtes vir die drama het opgekom onder die indruk van die Opstand van 1914, en die daelike kontak in die gevangenis in Pretoria met baie „Oom Bartels,” maar die toneelstuk het gedurende die eerste paar maande van 1919 in Bloemfontein sy vaste vorm gekry. In die gevangenis het hy baie geleentheid gehad om 'n beeld te kry van die tragiek van ou Transvaalse Boere se moeilikhede as gevolg van 'n onnatuurlike en gewelddadige ekonomiese en historiese omwenteling. Die gedagte om die botsing dramaties in 'n broedertwis te laat uitkom, is gewek deur 'n preek wat dr. Herman Fourie in 1915 in die Pretoriase tronk vir sy medegevangenes gehou het na aanleiding van die Bybelse geskiedenis van Esau en Jakob. In hierdie drama het Oom Jakob hom aangepas by die veranderde ekonomiese toestande en 'n welgestelde boer geword. Sy broer, oom Bartel, het egter verarm, want hy wou nog soos die mense in die ou tyd boer toe grond en wild volop was.

In 1926 is drie eenbedrywe, wat oorspronklik in die *Huisgenoot* verskyn het, uitgegee, nl. *Die Peswolk*, *Die Spookhuis* en *In die Wagkamer*, waarvan laasgenoemde miskien die beste stuk is deur die smartkreet, die roue realisme en die tragiek.

As die *Tuig Skawe* verskyn in 1926. Dit word deur baie mense as die beste drama in Afrikaans beskou.

Ander dramatiese werk van dr. Grosskopf is die volgende: *Oorlog*, 'n eenbedryf, oorgedruk uit die *Huisgenoot* van 9 Desember 1927; *Die Klipdolk en ander kort-spele* (1941), *Legende*, 'n drama uit ons volksverlede (1942) en *Die Daad van Koedri* in die *Jaarboek van die Afrikaanse Skrywerskring*, 1944.

Die volgende wetenskaplike werke het van sy hand verskyn: *Boerdery as Nering* (1937); *Ekonomiese Verslag: plattelands-*

*verarming en plaasverlating* (1932), as deel I van die verslag van die Carnegie-Kommissie; en ten slotte: *Ko-operasie in Suid-Afrika* (1923).

---

BELYDENISSE VAN J. F. W. GROSSKOPF.

Ons oueres (en vandag word jy, hoe hoflik dan ook, vinnig as „verouderd” aangesien) is glo byna bietjie sku om te vertel „Hoe? en Wanneer? en Waarom? ons beginne skrywe het.” Dit wil natuurlik sê: „literatuur” skrywe; — veral literatuur om seuns en dogters in ons hoërskole mee te pynig. My eie seun, toe sy klas vir matriek *Die Klipdolk* moes bestudeer, het my verwyntend kom meedeel dat sy klasmaters hom amper vyandig, persoonlik daarvoor aanspreeklik hou dat dit sy vader is wat hulle dié sonde besorg het. Blykbaar uit protes het hy hom toe meer op die natuurwetenskappe gaan toelê. Hy het my ook nooit oor dié werkie iets kom vra of vertel nie. (Ek hoop dat hierdie boek se belydenisse ten minste nie gebruik sal word om jong leerlinge en studente ’n hekel aan die betrokke skrywers te gee nie).

So staan ek vandag ook nu-en-dan effens hulpeloos teenoor huidige resensies waarin (ek moet erken, soms nogal knap en oortuigend) beduie word van die verskil tussen, byvoorbeeld, ons digters van die tydvak 1927-37 en dié tot Januarie 1947. Ek het eerlike agting vir hulle „snuggerheid”; hulle beweeg my selfs gedeeltelik om te glo. Maar ek kan nie meer byhou nie; want hul het my grootgemaak met Seneca se woord *Vita brevis, longa ars* (Kort duur die lewe, lank die kuns).

Dan onthou ek darem weer hoedat ek self as student in Europa, omstreeks 1910, juis die „opstandiges” van dié dae meevoelend toegejuig het; en hoe ons meestal self as opstandige baanbrekers na ons vaderland terug wou gaan. Tog was ons letterkundig nog meer onder die bekoring van die *Naturalisme* van Zola en Henrik Ibsen en Gerhart Hauptmann; en in ons eerlike hart het ons hoed-afgehaal vir Goethe en Beethoven en William Shakespeare. In daardie dae, voor die Amerikaanse beskawingstydperk, kon ’n eenvoudige studentjie uit Suid-Afrika darem in Europa nog sy eie kunstelose en eerlike mening oor lettere, kuns en kultuur vorm — reg of verkeerd.

Na die verlore stryd van die Boere-republieke teen ’n oormagtige vyand — waaraan ekself as nog-nie-kommandopligtige Vrystatertjie net met bloedende hart deelgeneem het — was dit vanselfsprekend dat die jong geslag oral vurig die kant van

# Neues deutsches Theater.

Montag den 21. März 1910.

Bei aufgehobenem Abonnement.

Ensemble-Gastspiel von Mitgliedern des k. k. Hofburg-Theaters Wien.

## Die Journalisten.

Stückspiel in 4 Aufzügen von Gustav Freytag.

Marianne Rub, Gisela Wilke, Karl von Zeska, Hugo Thimig, Karl Baumgartner, Fanny Walbede,  
Friedrich Flemmich, Otto Rub.

Regie: Hugo Thimig.

Druck von Klotz & Wenz in Prag. — Verlag der Direktion.

TEATERBILJET, PRAAG 1910. OPVOERING *DIE JOURNALISTEN* IN NEUES DEUTSCHES  
THEATER (PRAAG).

Foto: Alan Yates, Pretoria.

die Boeretaal teenoor „Hoog-Hollands” sou kies. Vir ons uit Bloemfontein was dit minder vreemd. Dr. Johannes Brill, die Nederlandse rektor van ons Vrystaatse Grey-kollege, was glo die eerste geleerde filoloog wat (kort na 1870 al) die selfstandigheid van die eie Hollandse taalvorm van die Afrikaner-Boer erken het. Ons President Reitz het gewaardeerde versies in Afrikaans gemaak; hy was feitlik een van die „Genootskap van Regte Afrikaners.” En ’n stigter-lid van die Genootskap, „Oom Lokomotief” D. F. du Toit, was op die redaksie van die *Express*-koerant en het eenmaal binne sowat honderd tree van my vaderhuis gewoon. Later, tussen 1916 en 1919, het ek byna intiem geword met die eensame ou „Oom Lokomotief”, aan wie ’n erkentlike Vrystaat ’n betrekking in sy staatsargief gegee het. Allenig het hy toe gewoon in ’n buitekamertjie van ’n koshuis, aan die straat; op die deur daarvan het ’n vroeëre bewoner in koperletters die naam „Maidens’ Hope” vasgemaak. Vir die gryse „Oom Lokomotief” was dit ’n kostelike grap.

Kort voor die vredesluiting kon ek in 1902 na Stellenbosch gaan, om „Modern Languages” te bestudeer. Prof. dr. W. J. Viljoen was toe ons groot man. Hy het, na eers ’n paar jare studie in Utrecht, aan die (destyds Duitse) Straatsburgse hoëskool onder Martin gepromoveer met ’n proefskrif oor die „Kap-Holländische Sprache.” Tog het hy altyd, selfs in die gewone verkeer, deftig „Nederlands” gepraat — beter, moet ek toegee, as al die predikante behalwe, miskien, die latere professor Moorrees. Viljoen se gedagte was nog om deur die kompromis van Kolléwijn-vereenvoudiging en opname van besonderlike Suid-Afrikaanse woorde (soos sy Woordeboek, by Juta uitgegee, moes bewys) die taalmoeilikhed op te los. Dit was sy groot teleurstelling dat die jongmense byna eenparig nie sy leiding wou volg nie.

Onder my intiemere vriende op Stellenbosch was o.a. Imker Hoogenhout (vandag administrateur van Suidwes-Afrika), derde seun van Casparus Hoogenhout by Groenberg, een van die baanbrekers van die Eerste Afrikaanse Taalbeweging. Toe ek vroeg in 1914 na Suid-Afrika teruggekom het, het ek spesiaal na Bovlei, waar hy toe gewoon het, gegaan om die eerwaardige ou vader te groet. Dan was daar my koshuismaat en latere Leidse medestudent Daantjie du Toit (oorlede as professor in die skeikunde), oudste seun van D. F. („Dokter”) du Toit van Daljosaphat, wat ook een van die oorspronklike lede van die Genootskap was. Tydens ’n langere besoek op hulle plaas het ek in 1906 bekend geword met ds. S. J. du Toit, wat daar naby gewoon het. As jong republikein had ek ’n wrok teen sy Rhodes-gesindheid; maar met bewondering het ek my ver-

luister aan sy pragtige Afrikaans, byvoorbeeld in 'n Bybeldiens. Dit moet die eerste keer gewees het dat ek Afrikaans in godsdienstige gebruik gehoor het. En een aand kon ek in sy huis 'n bietjie saamhelp met 'n stukkie Bybelvertaling uit *Handelinge*. Hy het blykbaar daarvan gehou om in 'n belangstellende kring woord vir woord te bespreek. As ek reg onthou, was daar 'n naburige boer, ene mnr. Van Niekerk, dié aand daarby. Daantjie moes die Latynse *Vulgata* vat en ek (omdat ek Grieks vir B.A. gehad het) die Griekse Nuwe Testament.

En hoe ek nou eintlik in die drama beginne belangstel het?

Vir my M.A.-eksamen was Duits my hoofvak, Engels die byvak. My professor, die Vlaming A. Lodewyckx, was 'n deskundige oor die weense dramadigter Grillparzer (ongetwyfeld 'n groter kunstenaar as die mensdom vandag besef). So het ons Grillparzer as hoofskrywer vir die negentiende-eeuse tydperk gekies; en Lessing vir die agtiende eeu. Daarnaas is baie aandag bestee aan Schiller, Goethe en Hebbel — almal groot dramatiste. Natuurlik moes ek ook Lessing se „Hamburgische Dramaturgie” deeglik bestudeer; en vandag besit ek nog twee dele (my naamtekening met die jaartal 1905 daarin) van die destyds veel-gebruikte „Dramaturgie des Schauspiels” van Bulthaupt.

Vir die eksamen moes ek dus heelwat geleerdheid verwerf oor drama en toneel. Gelukkig dat ek later 'n gans ander studierigting ingeslaan het en al die geleerdheid gerieflik kon vergeet — soos 'n slang sy vel afstroop.

Die ou „University of the Cape of Good Hope” besluit toe om my 'n „fellowship” toe te ken vir studie in Europa. Maar die tema vir die „research” moes eers goedgekeur word. — Die huidige Afrikaanse leser moet al daardie historiese Engelse woorde verlief neem. — Ek glo dit was toe professor Logeman (Kaapstad) se blink gedagte dat ek twee jaar lank moes gaan werk oor die Engelse toneelgeselskappe wat omstreeks 1600 en lank daarna op die Europese vasteland rondgereis het. Nog gedurende Shakespeare se leeftyd het hulle mettertyd 'n aantal dramas van hom en van sy tydgenote, meestal erg mismaak, in die landstaal opgevoer. Veral baie van hulle stukke is in Duits bewaar.

Die Europese professore het effens geglimlag oor my opdrag. Maar plig was plig. In alle geval, om na te spoor wat daardie ou reisende komediante links en regs alles gesteel en saamgeflans het (hulle het glo selfs Shakespeare se Shylock en Marlowe se „Jew of Malta” effens probeer saamsmelt), het ek byna die hele Elizabethaanse toneel-literatuur deurgelees, van „Ralph Roister Doister” en Christopher Marlowe tot Kyd en Ben Jonson en

Nash. Vandag onthou ek van die hele spul net nog Marlowe se „Doctor Faustus” en so ’n paar uitstaande dramas van Shakespeare.

As die ou Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop daar genoeg belang in gestel het, bewaar hulle argief nog verskeie mooi geskrewe verhandelinge oor „die Engelsen Bandenspieler.” Om my geld te kry, moes ek elke paar maande bewys lewer van my vordering. Ten slotte het ek vir hulle nog ’n lang samevattende berig in Engels aangestuur, wat niemand waarskynlik ooit gelees het nie.

In April 1908 is ek ingeskrywe as student te Berlyn. Ek het kolleges geloop oor Engelse en Duitse letterkunde, maar onder andere ook oor „Geschiedenis van die Britse Imperialisme”; en begryplik het ek my die kans nie laat ontglip nie om twee lesings ’n week by te woon wat ’n tipiese geleerde „Privatdozent”, dr. Herrmann, gegee het oor „Geschiedenis van die Duitse Teater.” Vir die jong Afrikaanse literatuurstudent was dit eintlik ’n openbaring dat die skouburg en die toneelkuns nie noodsaaklik van die letterkundige drama afhanklik is nie; dat egter ’n kragtige teaterlewe ’n vereiste is vir ’n bloeiende dramatiese letterkunde. Dit was in Athene die geval, ook in die Engeland van Elizabeth.

Daar was in dié dae baie Afrikaner-studente op die Europese vasteland, die talrykste in Holland (waar ekself 1910-1913 student in die regte was). Die meeste van ons het sterk onder die indruk gekom van die agting vir die toneel as kultuuruiting en nie as blote tydorkting (soos die rolprent vandag) nie. Ek glo byvoorbeeld vas dat die Hollander Eduard Verkade die moderne Engelse toneelstukke, waarvoor hy nogal ’n voorliefde gehad het, met groter respek opgevoer het — wat glad nie wil sê styf nie — as die destydse Britse regisseurs self.

My wintersemester in Wene (1909-10), waar selfs gewone burgermense met oordeel en onderskeiding kon gesels oor opera en toneelkuns, en waar die keiserlike *Burgtheater* en *Hofoper*, met hul hoë tradisie, deel van die volkslewe was, het my toneelbelangstelling groter gemaak. Vir jong offisiere en studente, afsonderlik, was daar „staanplekke” net agter die parket, vanwaar jy anders uitstekend kon sien en hoor. Ek twyfel of dit daar een sjieling gekos het om wêreldberoemde kunstenaars te hoor.

Aan die universiteit in Wene het ek ook „Dramaturgiese Oefeninge” bygewoon (dit was eintlik gereelde kolleges) van professor Alexander von Weilen Weil, wat een-tyd aan die

hoof van die *Burgtheater* gestaan het. In dié semester het hy dramas van Ibsen — een van die meesters — uit die gesigspunt van die toneel ontleed, nie van die letterkunde nie:

Dit is vir my vandag eintlik grappig dat ek met Bernard Shaw op die toneel deur middel van Nederlands en Duits kennis gemaak het. Op Dingaansdag 1909 het ek in Wene „Der Arzt am Scheideweg” („Doctor's Dilemma”) gesien in die *Deutsches Volkstheater*. In Praag, waar ek 'n paar dae vertoef het nadat ek Wene verlaat het, het ek drie maande later 'n uitstekende opvoering (deur die geselskap van die Weense *Burgtheater*) gesien van Gustav Freytag se „Journalisten,” wat 'n veel dieper indruk gemaak het as 'n opvoering wat ek tevore al ergens bygewoon het. 'n Verafrikaansing van hierdie lewende ou stuk sou later my eerste dramatiese publikasie word.

In Berlyn, waar ek tesame drie semesters student was, het ons die pikante verskille voor oë gehad van die tradisionele maar deeglike régie van die koninklik Pruisiese *Schauspielhaus*, van die „naturalistiese” modernisme van die *Lessingtheater* (veral met Ibsen en Hauptmann), en van die skitterende toneel-eksperimenteerders van Max Reinhardt in sy *Deutsches Theater* — ofskoon hy liefs die werke van dooie skrywers gebruik het; moontlik omdat hulle teen sy vryhede nie kon teëkap nie.

In Holland het ek weer kennis gemaak met die drama van Herman Heijermans en Jan Fabricius; met Verkade se *Hage-spelers* (o.a. in Galsworthy en Strindberg); en dikwels met die goedgeskoolde ensemble van die Amsterdamse *Stadsschouwburg* — nog onthou ek Jan C. Vos, die verlepte maar ewig jeugdige mevrou Theo Mann-Bouwmeester, die sjarmante Chrispijn, die innige Rika Hopper. Meer met hoogagting as jeugdige toejuiging het ek die rituele Rooijaards gesien, onder andere in „Adam in Ballinschap.” Maar met plesier dink ek nog terug aan die uitdagende prestasie van die vurige ou Jood Louis Bouwmeester — reeds opsygeskuiwe deur sy tyd — in die rol van Schylock, met 'n tweederangs-geselskap in 'n tweederangs-skouburg. Nieteenstaande sy ouderwets-teatrale diksie en gebare sien ek vandag nog die Jood van Venesië soos Louis Bouwmeester hom uitgebeeld het.

Vyf maande voordat die wêreldoorlog van 1914 in Europa uitbreek het, het ek uit Zürich (waar ek nog 'n jaar in die staathuishoudkunde studeer het) na my geboorteland teruggekeer. In opdrag van die universiteit van Oxford moes ek hier soveel moontlik ongeskrewe Voortrekker-herinnerings soek en opskrywe. Maandelank het ek veel verkeer gehad met manne en vroue wat omstreeks 1836-38, al was dit as kinders, aan die Groot Trek deelgeneem het. Dog toe het die historiese nood-



GROSSKOPF EN SY SEUNTJIE BEKRUIP IETS.  
DONKERWATER, 1946.

lot my in sy greep gekry. Vinnig en deeglik is die koffiehuis- en teater-agtergrond van Europa uitgevrywe.

Toe ons eie Vrystaatse held, Christiaan de Wet, en die Transvaalse Christiaan Beyers (wat ek albei persoonlik geken het) in verset gekom het teen die regeringsbeleid, het ek, ofskoon sonder groot optimisme, dit my plig geag om by hulle te staan. So het ook ek 'n „rebel” geword, saam met Jacques Pienaar en Jopie Fourie. Na ses avontuurlike en gejaagde weke (ook letterlik geja) in die bosveld het ek nege maande gehad om tot besinking te kom in die gevangenis op Pretoria.

Toe kon ek nooit weer regtig terugkeer tot 'n smaak in die effens oorryp reukie van baie van die letterkundige werke van die Europa van voor 1914 nie. Daardie eerste agtien maande ná die terugkoms in my eie land het my, byna soos 'n verraste ontdekkingsreisiger, ander mense, met 'n ander historiese en landskapsagtergrond, leer ken (of weer leer ken) en verstaan. Dit was ná ses indrukryke jare in die ou wêreld. 'n Besoek van verskeie maande (1922) aan die Boere-vestiging naby Kili- mandjaro het my 'n nog helderder blik gegee op die baanbrekergrondslag van die Afrikaanse lewe en kultuurstyl — die geskiedkundige gietvorm waaruit, van 1652 af, alles gekom het wat eg en regtig Afrikaans is. As jy effens lus het om te skrywe, dan dring sulke indrukke en oortuigings tot uiting.

Reeds voor my vertrek as student na Europa het daar egter een of twee klein Afrikaanse stukkies van my in druk verskyn (bv. in *Ons Land*, Kaapstad). In Europa het ek heelwat geskrywe, nie juis vir druk nie; maar in *De Volkstem*, *Ons Land* en *Die Brandwag* het darem bydraes van my verskyn, selfs 'n paar versies. In die joernalistiek het ek vroeg al belang gestel.

Elke regte joernalis (tensy hy 'n blote miskruier van „nuus” is) het so 'n bietjie die begeerte om te preek, om iets te verkondig. Miskien iedereen wat deur die geskrewe woord tot die publiek spreek. Van die astrarere (en juis daarom prettige) jongeres verwyt ons ou-span Afrikaanse skrywers reeds weens daardie prekerige neiging. Hulle is reg. So 'n rapsie skoolmeesteragtigheid—of deftiger gesproke: didaktiese oogmerke—was seker meestal daarby. Vanself al. As jy 'n kampvegter vir die Afrikaanse taal was, het jy die roeping gevoel om daarin te skrywe — al was dit nie uit „skeppingsdrang” nie.

Gebruik van Afrikaans was self al preek.

Dog ek vra my ook af: Wil elke skrywer, en veral die toneel-skrywer, nie op die ou end iets verkondig wat hyself voel en glo nie? Ibsen en Bernard Shaw wis en seker.

Een ding vergeet die vurige jong baanbrekers van vandag ook partykeer: Hulle voorgangers in die Afrikaanse lettere het ten minste vir hulle die gerceedskap geslyp (soms gesmee) waarmee hulle vandag mooier dinge kan skep.

Toe ek in die tweede helfte van 1915 uit die tronk gelos is, het ek koerantskrywer geword. Eers aan die halfweeklikse *Ons Vaderland* (Pretoria), waarvan ek eenmaal vir 'n maand of twee stoksielallenig die redaksie waargeneem het. Daarna as redakteur van die *Volksblad* in my geboortestad.

Ook op Bloemfontein moes ek hard werk; maar ou liefde vir die drama, lank teëgehou, het weer uitgebars. Reeds in Leiden, totdat die doktoraal-eksamen die eerste eis gestel het, het ek eenmaal begin aan 'n Afrikaanse drama oor 'n effens pathologiese jong Afrikaner wat uit Europa na sy land teruggekeer het; vyf of ses bladsye dialoog was glo al geskrywe. Nou, self koerantskrywer, wou ek die ou wens om Gustav Freytag se „Journalisten” vir ons eie land te bewerk, regtig uitvoer. „Die Koerantskrywers” was egter nie 'n reëlregte vertaling nie. Ek moes selfs die konstruksie bietjie verander om by ons werklikheid aan te pas; dit was vir my 'n nuttige oefening in drama-opbou. Saam met D. F. Malherbe se vertaling „Die Skoonseun van Meneer Poirier” (Augier-Sandeau) het dit in 1919 in die reeks *Die Burgerleeskring* (Kaapstad) verskyn.

En toe groei die lus om self te maak. Ek het aan „'n Esau” beginne skrywe. In die voorwoord daarvan vertel ek iets oor sy agtergrond en ontstaan. Destyds wou die Suid-Afrikaanse Akademie (met die oog op die Hertzog-prys) veral mense aanmoedig om te skrywe. Daar was ook byna nie gepubliseerde literêre werk nie. Dus is die prys enkele jare lank uitgeloof aan ingesonde manuskripte wat naamloos, onder 'n skuilnaam of spreuk, ingestuur moes word. Ek het toe „'n Esau” netjies getik en vol ambisie gestuur. Die Latynse versie onder die titel (uit 'n gedig van Eichendorff) was my teken-spreuk. Daar ek die handskrif vernietig het, word hier 'n afbeelding van dié getikte titelblad uit my eie kopie gegee.

Die keurkommissie van die Akademie het toe egter besluit om die Hertzog-prys vir 1919 toe te ken aan 'n ander manuskrip-drama, naamlik: „*Jonge Du Pree*, Toncelstuk in 3 Bedrywe, deur Leon Maré,” wat in 1920, met 'n pakkende omslagontwerp van Erich Mayer, by Van Schaik in Pretoria verskyn het. In September 1920 het my „'n Esau” verskyn, „Gedruk deur De

Nationale Pers, Beperkt, Bloemfontein''; want ek het self vir die druk betaal, daarom net 500 eksemplare.

Toe ek dit „'n Bosveld-drama'' genoem het, was dit nie 'n blote toneel-aanduiding nie. Byna het ek dit gevoel as 'n plegtige dedikasie. Ek het die Transvaalse bosveld toe nog nie eens goed geken nie; maar onherroeplik was ek al in die greep van sy geheimsinnige (eers byna huiweringwekkende) bekoring. Destyds, dertig jaar gelede, het ek vir Schubert se dreigende toonsetting van „Meeresstille'' van Goethe 'n Afrikaanse teks „Bosveldeensaamheid'' gemaak.

En tog het ekself opgegroeï in die oop, kalerige steppe-landskap van die Middel-Vrystaat. As uitgegroeïde mansmens eers, in 1914, het ek, deur die toeval van die Rebelle, die bosveld leer ken — in rustelose spanning en gevaar, in dae van wonder-skone voorsomer-streling, maar veral afwisselend in stof en dors, in snerpende reënvlae en donderweer. Maar dit was merkwaardiglik asof ek na iets vertrouds terugkom, wat ek net vergeet het. As realistiese ekonoom behoort ek my te skaam oor sulke fantastiese gepeins; — maar, laat ek beken, byna glo ek dat dit 'n mistieke bloedserfenis moes gewees het.

My moeder (onlangs in haar drie-en-tagtigste jaar oorlede) is 6 Junie 1864 op die bosveld-sendingstasie Gerlachshoop in die toenmalige distrik Lydenburg (kort tevore nog die republiek Lydenburg) gebore. Sy was die eerste kind van 'n bedeesde jong vroukje uit 'n eenvoudig-eerbare gildegslag in 'n middel-euse Duitse stadje. Drie weke eer die kindjie sou kom, het 'n Swazi-kommando gekom en koning Maléo se volk (onder wie my grootvader gearbei het) feitlik uitgeroeï. Die bly-verwagte jong moeder moes die angsgeskreeu en die bloed-dorstige gehuil aanhoor, en het nie geweet wat van hulle self sou word nie.

Presies op haar eerste verjaardag het my moeder met haar ouers dáar in die destyds verste verlate noorde van Transvaal, agter Matlala se berg, aangekom; daar wou haar vader 'n nuwe sendingstasie aanlê. Vandag val dit onder Pietersburg, wat self eers in 1889 aangelê is. In 1935 kon ek my moeder, sewentig jaar nadat sy die eerste keer daar aangekom het, byna sestig na sy dit laas gesien het, weer na dié plek neem. Stil, byna angstig, het die ou vroukje alles bekyk en geleidelik herken. Die kerkie wat haar vader met eie hande gebou het, het verval; net die stewige, netjiese fondament van gekapte granietklip het van sy vaste, deeglike gees getuig.

Enkele jare daarvoor — sonder dat ek dit alles besef het — het ek 'n paar myl ten weste daarvan my eerste eie stukkie

grond in diéselwde bosveld gekoop, met mooie uitkyk op Matlala se berg.

Deur geluk het ek heelwat van ons aarde leer ken: die Alpe en die Rocky Mountains; Swede se donkere bosse en mere, en die vlakke van Hongarye; veral Afrika se kuste, van Zanzibar tot Fernando-Po. En ons eie land van Agter-Soutpansberg tot Tsitsikama; van Keimoes en Onseepkans aan Grootrivier tot die Amatôlaberge; van Franshoek tot Komatipoort. Maar die Bosveld, en dan die woestynde soos die Kalahari, bly vir my die mooiste. Landskapstemmings kan my soms dieper ontroer as religie of musiek.

In Stellenbosch (waar ek in 1920 as hoogleraar aangestel is) het daar vir my, ná „'n Esau,” 'n paar stoppelland-jare gevolg wat betref 'n literêre oes. Bietjie het ek darem weer beginne peusel aan 'n drama uit die bosveld-dele, maar toe eers my „Drie Eenbedrywe” (1925-26) klaargemaak; nog voor die einde van 1926 verskyn toe egter dié ander stuk, „As die Tuig Skawe.”

Die redakteur van hierdie bundel wou, onder andere, weet hoe 'n werk by my ontstaan. Ek het toe my gedagte laat gaan; maar nog weet ek dit nie reg nie. Soms is dit soos 'n blomsaadjie in ons droë dele wat moontlik jare lê en wag totdat die gunstige reëns daarop sal uitsak. En partykeer kom dit net bo die grond uit, en word dan weer deur die droogte gevang. As dit sterk genoeg is, krimp en krul dit wel inmekaar, maar stoot dan haastig en juigtig uit wanneer daar 'n goeie landsreën val. Soms weer, soos byvoorbeeld met „Legende,” kom die idee en word dit binne 'n paar maande voltooi. Ek weet dat die kritici meestal bietjie beleef-afwysend teenoor „Legende” staan; ek het dit onlangs weer oorgelees, maar ek glo nie dis so sleg nie. Ek het dit ten minste uit my hart geskrywe.

Miskien kan die kort vertelling „Ou Leeumelker” as voorbeeld dien van hoe allerhande herinnerinkies uit 'n taamlik kleurrike lewe in een stuk saamgevoeg word.

Vroeg in Januarie 1939 het ek met my twee seuntjies in 'n hotel op Swellendam gesit. Ek het aan my vrou geskrywe, wat ons by haar familie agtergelaat het. Skielik roep die tienjarige oudste, wat na die radio-nuus luister: „Het Pappie gehoor? naby Naboomspruit het leeus 'n bees gevang!” Hy het Naboomspruit geken, want dikwels op pad na die bosveld het ons daar verversings gebruik. In dié dae was daar ook gerugte van leeuspre in die Moot, kort agter Krugersdorp. Maar veral het ek gedink aan die ou oom Jacobus de Beer met wie ek, die dag van die algemene verkiesing in 1929, op die Arbeids-

'N ESAU.

\*\*\*\*\*

ROSYLD-DRAMA IN VIER TONELE.

„Sextus ille bonus,

Qui sedet in tua domo.”

Elsendorff.

1919.

\*\*\*\*\*

TITEL VAN GETIKTE MS. VIR 'N ESAU (1919).

Foto: Alan Yates, Pretoria.

kolonie Laersdrif lank gesels het. Twee-en-tagtig jaar oud, het hy uit Mapog-se-land manhaftig te perd gekom om te stem. Hy het my baie oor die ou dae vertel; hy het die figuur van *Oom Hansie* ingegeë. Die woord „melk” — vir fyn skiet — het ek egter in 1922 aan die voet van die trotse Méru-berg in Oos-Afrika gehoor uit die mond van ’n eenvoudige (en onbewuste) Afrikaner-baanbreker. Ek het sy naam vergeet, maar *Sangiro* sal nog weet wie dit was; ek moet hom tog by geleentheid vra. En *Sangiro* self het my destyds brandende beskrywings gegee van die mynwerkersoproer van 1922 aan die Witwatersrand. Vir die „meestertjie” weer het ’n jong onderwyser — daar tussen Potgietersrust en die Magalakweenrivier — in Januarie of Februarie 1923 model gestaan. Ek het my oor hom vererg en hom onthou. Ons wa het skielik op ’n deurslagtige plek vasgeval. Dit was dáar waar *Gert* (uit „As die Tuig Skawe”) verklaar het: „As ’n wa nie ’n buik gehad het nie, het ons hele wa al weggesak!” Ons moes alles aflaaï, die graaf gebruik en takke kap; — en die nuuskierige meestertjie, met grys broek en netjiese blou hemp, het hand-in-die-sak op ’n klip kom staan en vir ons toegeroep wat ons behoort te doen.

En hoe ek werk? As gewesene professor, koerantskrywer en verantwoordelike amptenaar, weet ek natuurlik hoe jy iets in skrif behoorlik moet opstel. Aan my studente en ondergeskiktes het ek dié beginsels knaend, en dikwels verwykend gepreek. Maar as ek wil skrywe, is dit nie vir loon of plig nie. Dan is ek mos my eie baas. — „But listen! This was not business; it was pleasure,” het ’n ryk Port-Elizabethse wolhandelaar eenmaal klinkend afdoende geantwoord nadat hy duur betaal het vir ’n klompie skilderye van ’n Hollandse avonturierskilder.

Net so wyk ook ek baie keer van daardie beginsels af. — „Onsistematies soos ’n hoenderhaan” het wyle professor Carel van der Merwe van Stellenbosch, as student, dikwels laggend van iets of iemand beweer. — In ’n enkele geval het ek sommer ’n pakkende titel; en soos ’n skoolseun met ’n eksamen-opstel, moet ek dan die stof daarvoor soek. Party keer het ek ’n lekker idee; maar ek moet swoeg om die handelingsverband (en ’n titel) daarvoor te soek. Af en toe te veel ideë; en dan word dit soos ’n „blokkiesraaisel,” om alles reg in te voeg. Ek hou van die Sweedse woord daarvoor, *ordfläta*, woordvlegsels.

Party keer, wanneer ek die hooftrekke van ’n stuk al effens kan sien, sal ek sommer die derde of tweede bedryf eerste aanpak en byna volledig uitwerk. Dit kan onder omstandighede nogal lastig word om ander dele dan weer netjies daarby aan te voeg. Dog meestal ontwerp ek gou van die verloop ’n

stelselmatige skets. My kort-drama „Die Goeie Hoop” het ek eers in sowat nege episodes ingedeel, en dan — soos die lus of gier my pak — sommer hier of daar geskrywe. Tussen hakies: hierdie werkie is geen geleentheidstuk nie. Eers toe dit amper klaar was, het die gedagte gekom om dit op te dra aan die Afrikaanse Hoërskole in Pretoria, na aanleiding van die kwarteeu-herdenking van hulle begin, onder my ou vriend F. J. le Roux.

Hier verskyn, op versoek van die redakteur, ook ’n handskrifproef (uit ’n tragedie „Padbrekers” wat binnekort moet verskyn). Dit is die eerste gedeelte van ’n voorstudie oor die verloop van die menslike verhouding tussen die twee hoofkarakters.

Ek moet erken dat ek dikwels soos slegte tabak is: lui om te brand. Dit kos meestal groot inspanning om met letterkundige werk, selfs kortes, te beginne. In verskeie gevalle het ’n sekere vriendskaplike druk (o.a. van die redaksie van die „Skrywerskring-Jaarboek”) dié traagheid help oorwin — wanneer daar ten minste al ’n half-ontkiemde saad klaar gelê het.

Pierneef het eenmaal aan my beken dat as hy in sy jonger jare tot die plastiek kon gekom het, dan (glo hy) sou hy ’n hartstogteliker beeldhouer as skilder geword het. Van myself glo ek — as die intree daarna sou gewees het — dat ek aan die prosaverhaal, ook die roman, verslaaf kon geraak het. Meestal het die tyd ook ontbreek om so breed aan te voor — alhoewel (afgesien van die skrywe self) ek byna sou reken dat vyftig bladsye van ’n deurwerkte drama net soveel inspanning vereis as tweehonderd bladsye van ’n roman. Maar juis aan die skrywe het ek ’n hekel. Soms hou ek nogal daarvan, as die skrywery klaar is, om dit netjies oor te tik.

Hoe ouer ek word, hoe groter word my eerbied vir taal en vir woorde. Woarde is vir ons soos goud vir die goudsmid of diamant vir die slyper. As twaalfjarige knapie op Bloemfontein het ek van ons klasonderwyser in Engels *Annandale's Concise Dictionary* as ’n prys ontvang. Voor-in het hy geskrywe: „Knowledge is power. Thought is the well-spring of knowledge. Words are the vehicle of thought.”

Binne nouliks veertig jaar (wat prosa betref, nie eens so lank nie) het die Afrikaanse taal gegroei en ontplooi tot draer van skerpsinnigste redenasie en gevoeligste ontroering. Wat my egter bietjie seermaak en verontrus, is dat selfs van sy fynste gebruikers alte maklik gryp na die internasionale en boekgeleerde en joernaliste-woord. Van hulle sou moontlik, *si componere licet*, hierbo gesê het: „’n instrument van pene-



trante dialektiek en sensitiefste emosie." Dit het 'n indrukwekkende klank; maar sê dit eintlik meer?

Miskien het Afrikaans bietjie alte vinnig mondig geword. Ek wil pleit (soos Luther van sy Bybelvertaling gesê het) dat jy „die gewone man op sy mond moet kyk hoedat hy praat”; — Luther het selfs plat gesê: *aufs Maul*, op sy bek. Probeer dit, en julle sal julle verwonder watter fynhede van segging julle sal teëkom. Afrikaans het nog baie groot en veelbelowende ontwikkelingsmoontlikhede; maar dan moet die groei kom uit sy eie sap en wortels, nie van opgeënte stokkies nie. Ons wat woorde as ons ambagstof gebruik, moet almal met dienende deemoed, sonder haastigheid, saam arbei en help om die taal vormbaar soos goedgebreide klei, slypbaar soos 'n edelsteen te maak.

Nog het ons letterkundige voortbrengsels ook nie 'n duidelik selfstandige styl nie. Afgesien van individuele gees, is eintlik nog net die stof en die taal Afrikaans, hoe verblydend dan ook. Ons is nog dankbare erfgename van 'n sterwende Europa; ons het 'n „Colonial Style” verdienstelik ontwikkel. Meer is nodig.

Wat ons ook waarderend mag praat oor 'n Klein-Asiatiese Homeros of die Attiese treurspeldigters, staan ons self nog steeds in die beslissende ban van die Germaanse gees in die letterkunde — toegegee, die grootste wat die mensdom nog gesien het. Verál die Skandinawiese skrywers, maar ook Shakespeare en die Nederlanders, laat ons sien hoedat byvoorbeeld hulle duistere en spookagtige winters aan die hele erfgees van hul liedere en sprokies en verhale rigting gegee het. Dog — waar dit by hulle koue, honger, donkerte was, is dit by ons: onbarmhartige son, oneindigheid, droogte en dors, wat mens en dier en plant se lewe beheers. Só of so, kan die menslike tragiek wel ewe aangrypend wees. Maar om met woorde uiting daaraan te gee, sal daar 'n verskillende styl nodig wees. Hulle kleure (nie vir die skilder gesproke nie) is grys en donkergroen, sneeuwit en swart; ons s'n stofgeel, staalblou, rood.

Ek glo dat stemming en wese van ons land en landskap dié Afrikaanse styl sal bepaal — soos dit die Griekse en die Germaanse styl bepaal het. Die wydheid en die hardheid — byna die wreedheid — van ons eie land, sy breedgestrekte lyne en haas ondraaglike helderte van lig, moet die stof lewe vir die stramien waarop elke digter in prosa of vers sy eieselwig patroon borduur. En Afrikaans alleen, hier gebore en geworc moet die geskiktheid daarvoor hê.

Januarie 1947.

## SANGIRO

**A**NDRIES ALBERTUS PIENAAR is op 23 Augustus 1894, op Broederstroom, distrik Pretoria, gebore. Sy eerste skoolopleiding het hy geniet in 'n plaasskooltjie wat onder beheer van 'n Hollander gestaan het. Die bouvalle van hierdie skoolgeboutjie kan tans nog op Broederstroom gesien word.

In 1907 het die Pienaar-gesin na Duits-Oos-Afrika (tans Tanganyika-gebied genoem) getrek. Die reis is per trein en per boot gedoen tot by die hawe Tanga; van daar af is die trek per ossewa voortgesit en ná 'n reis van drie maande het hulle aan die voet van Meru-berg uitgekom, alwaar Sangiro se vader die plaas Broedersrus gekoop het.

Op 'n aangrensende plaas het die klompie Afrikaners wat in die omtrek gewoon het, 'n skoolgeboutjie opgerig, met mev. M. Laubscher as onderwyseres. Hierdie skool was omtrent drie myl van Broedersrus af en die Pienaar-kinders het die afstand elke dag met donkies afgelê.

Ná skool-ure het Sangiro met die gewone plaaswerk gehelp, op kleinwild jag gemaak en sy deel bygedra om die vee teen ongediertes te beskerm. Hy het toe reeds die neiging openbaar om geselskap te vermy en die eensaamheid op te soek. By geleentheid van sportbyeenkomste het hy egter sy teenwoordigheid deeglik laat geld, want hy was 'n eersteklas naellooper en het gewoonlik seuns van sy ouderdom onder stof geloop.

In 1913 het Sangiro na Suid-Afrika gekom vir verdere opleiding. Hy was 'n leerling aan die Volksskool op Heidelberg en het ingewoon by wyle genl. en mev. Piet Viljoen. Hier het hy al sy aandag aan sy skoolwerk gegee, behalwe dat hy ook deelgeneem het aan die musieklewê van Heidelberg. Hy was 'n lid van die Heidelbergse orkes wat onder die leiding gestaan het van „Ouboet" Viljoen.



SANGIRO

## SANGIRO

Nadat hy sy matrikulasie-eksamen afgelê het, is Sangiro na die Universiteit van Stellenbosch en daar het hy 'n jaarlank studeer voordat hy teruggekeer het na Oos-Afrika om vir sy ouers, wat hy vir ses jaar nie gesien het nie, te gaan kuier. Gedurende hierdie besoek het hy die ondervindings opgedoen wat in „Uit Oerwoud en Vlakte” beskryf word.

Terwyl Sangiro op Heidelberg vertoef het totdat die Universiteit ná die somervakansie sou heropen, het hy 'n aanvang gemaak met die skryf van die boek wat hom soveel roem sou bring. Die boek is later op Stellenbosch voltooi en aan die Nasionale Pers gegee vir publikasie. Die Nasionale Pers het die manuskrip teruggestuur met die aanmerking dat dit heeltemal nutteloos was. Hierdie brief is nog in Sangiro se besit. Op aandrang van prof. J. J. Smith, is die manuskrip heroorweeg en hierdie keer het daar 'n lig vir die keurders opgegaan.

In 1921 het hy sy B.A.-graad met lof behaal en het toe 'n betrekking as onderwyser aan die Hoër-Volkskool aanvaar. Ses maande later het *Die Burger* hom 'n betrekking aangebied. 'n Reeks artikels wat later in boekvorm uitgegee is onder die titel *Diamantkoors* het toe in *Die Huisgenoot* verskyn. Hy het kort daarna na Duitsland vertrek vir verdere studie.

Terwyl hy in Duitsland was, het die UFA-filmmaatskappy hom genader met die versoek om 'n film-ekspedisie na Tanganyika te lei. Gedurende 1924 het hierdie ekspedisie plaasgevind en sommige van die ondervindings wat hy toe opgedoen het, word in sy boek *Simba* beskryf. Nadat hy weer 'n tyd in Duitsland deurgebring het, het hy na Suid-Afrika gekom om die rolprent „Kilimandjaro” te vertoon.

In 1928 is Sangiro weer na Tanganyika, waar hy en sy broer Danie die rolprent „Shaitani” vervaardig het. Sommige van die ervarings wat hulle met daardie ekspedisie opgedoen het, word ook in *Simba* beskryf. Hy het die film na Duitsland geneem om 'n afdruk daarvan te laat maak en het in 1931 na Suid-Afrika teruggekeer.

Sedert 1932 het Sangiro opgetree as regisseur van die rolprent „Die Bou van 'n Nasie” wat deur die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens vervaardig is, en „Die Lig van 'n Eeu” wat die geskiedenis van die Hollandse Kerk in Suid-Afrika weergee. Hy het verskeie besoeke na Namakwaland, Betsjoeanaland en Suid-Wes gebring en het 'n interessante reeks artikels vir *Die Brandwag* geskryf oor die lewe en gewoontes van die Afrikaners in Namakwaland.

## HOE UIT OERWOUD EN VLAKTE ONTSTAAN HET.

(Die artikel kan dien as 'n gedeeltelike antwoord op die baie vrae wat in die afgelope jare aan die skrywer gestel is, en om te wys hoe die verhaal van die leefamilie sou gelyk het as dit vanuit die jagter se standpunt geskryf was. Die gebeurtenisse word hier letterlik weergegee soos hulle plaasgevind het, en die leser kan self oordeel in hoever die aanspraak in die voorwoord tot genoemde boek op waarheid berus.)

Ons droë veeplaas, Ngésomit, het op die verste noordelike voetrante van die geweldige Meru-berg in Duits-Oos-Afrika gelê. Onvergelyklik wyd en groots was die uitsig van ons hoë woonplek af, en ver op die dynsige horison het die avontuurlike omtrekke van die Koueberge vaag deurgeskemer. Die verlange om een keer te sien wat in die onbekende ryk agter hulle uitgestrek lê, het ons van die eerste dag af op Ngésomit besig gehou.

Inboorlingjagters het gefluister van 'n geheimnisvolle salpetermeer wat tussen daardie blou berge verborge lê, sy waterplasse bedek met ontelbare swerms vreemde voëls, sy moerassige oewers die skuilplek van ongekende gevare. Lees het ons nie nodig gehad nie, en avonture was daar genoeg te vind op ons ou plantasie in die ruie bosse van Meru, waar renosters en olifante nag vir nag ons watervoor stukkend getrap en tiere ons jong honde tot selfs uit die kombuis kom haal het. Maar wat kon dit alles opweeg teen die lokstem van die onbekende daarginds in die ryk van die sonsondergang?

Dit was maar 'n beskeie uitrusting wat ons — my vyftienjarige broer Johannes, en ek — op hierdie eerste ontdekkingstog gehad het. Ons klein Griekse waentjie het na 'n speeldingetjie gelyk, en die ses jong osse het op 'n gevaarlike wyse daarmee die rante afgespring na die vlaktes toe. Maar hieroor was ons nie bekommerd nie, net so min as oor ons tydelike welvaart; ons harte was nog jonk en vry soos die ligte wydtes wat voor ons uitstrek, en nie eens so-iets as 'n bepaalde doel het ons gees of die geluk van ons verwagtings beswaar nie. Die paar belangrikste goedjies wat ons vir 'n safari van 'n maand nodig gehad het — koffie, mieliemeel, brood, beskuit, 'n bokseiltjie en 'n paar komberse — was op die waentjie gepak, en drie kaffers het op die afdraandes agterna gedraf om alles op te tel so vinnig as dit afval, totdat ons eers onder op die gelyktes was en ons baldadige span hulself kon laat uitspeel. Die tyd van motors en blikkieskos was nog nie aangebreek nie, maar ons het geweet dat 'n jagter in die gelukkige jagvelde waarheen ons gaan, nie nodig sou hê om te verhongers nie.

## SANGIRO

Die swart spits van Longido en die vaagskemerende Koueberge daaragter, vier dagreise ver, was ons enigste gidse. Dae lank het ons reg in die sonsondergang gestuur; uit die dynserige vertes het onbekende berglyne te voorskyn gekom; en plotseling het die aand 'n nuwe fakkel aangesteek waar die rooi son in die nag verdwyn. Vol ontsag en innerlik bewoë deur die seldsame geluk van die ontdekker op eensame weë, het ons op hierdie natuurwonder gestaar. Oldonjo-Ngai, wat dae tevore nog misties en onwerklik soos 'n skaduwee op die verste horison van Ngésomit gelê het, was voor ons — 'n rokende en gloeiende vulkaan. Vir die eerste maal het ons, onbelemmerd deur die dynsigheid van die vertes of die eers onverklaarbare, geel dampe wat hom soms omring het, 'n blik gekry op sy verweerde, deur strome bedekte aangesig en kennis gemaak met die vreemde vallei aan die ingang waarvan hy soos 'n verbiedende wagter staan — 'n streek so vreemd en fantasties as 'n landskap op die maan, 'n uitgebrante wêreld vol ou kraters en ontsaglike klipskeure waar die gesmelte en versteende ingewande van die aarde soos reuse-fossiele opgehoop lê.

Dit sou ons nie vergun word om die verlokking van hierdie onbekende wêreld verder te volg en die geheimnisvolle vallei daar agter die rokende piramide van Oldonjo-Ngai self binne te gaan nie. Maar dit was 'n gelukkige toeval wat ons juis in die ryk van die ou maanhaarleeu van die Koueberge gestrand laat raak het, waar ons bestem was om een van ons seldsaamste jagavonture te beleef. Dit het gebeur deurdat ons veelbeproefde waentjie tussen die berge — toe die Kaffer eenkeer in die war raak en die brik na die verkeerde kant toe draai — in een van die steil slote geval en met 'n gebreekte skamel bly lê het.

Ons was verwonderd om hier uit die veld skielik twee swart gedaantes met blink asgaaie te sien opdaag: (Masai el moran) van die soort wat nog min met witmense in aanraking gekom het en uit wie se trotse gestaltes derhalwe die hele hoogmoed van hul ras gesprek het. Hulle het met lang, veerkragtige skredes genader tot vlak by die waentjie en daar stilswygend bly staan. Ons gewerskap het seker 'n eienaardige indruk gemaak. Maar hulle het gewag totdat hulle ons volle aandag op hulself gerig voel, eer hulle die Masai-groet aanbied. Daarmee was die gesprek voorlopig op 'n end. Ons besoekers was nie spraaksam nie.

„Is hier leeus?“ Dit was die onvermydelike vraag wat ons altyd aan elke Masai of Ndorobbo gestel het. Ander inboorlinge behalwe hierdie wilde nomade het 'n mens in die eensame gebiede nie raakgeloop nie.

Toe het die twee Masais 'n belangstelling begin vertoon wat aan opwinding gegrens het, so na daaraan ten minste as wat moontlik was by hierdie wilde ras, vir wie die gesig van witmense met 'n gebreekte waentjie 'n baie groter sensasie beteken het as die daaglikse toevallige ontmoetings met leeus en ander roofdiere. Maar hul sigbare verontrusting het 'n geheime oorsaak gehad. 'n Week tevore, vertel hulle nou, het vier groot leeus wat altyd bymekaar is en hul skuilplek nie ver hiervandaan het nie, helder oordag vier van hul beste hier in die vallei neergetrek, en nie alleen neergetrek nie, maar ook opgevreet. Die vier leeus het so 'n soliede front gebied dat die paar Masai-soldate van die kraal dit nie gewaag het om hulle aan te val nie, hoewel dit bekend is dat hulle anders vir hul vee — of ook dié van 'n ander man — tot enige daad bereid is. Maar hier kon hulle alleen spytige gesigte trek by die herinnering aan die vier vet beste wat hulle nie self opgeëet het nie.

Die vier leeus wat altyd bymekaar bly en hulle nie laat verdryf nie, het nou ons belangstelling begin opwek; en toe op ons vrae 'n nadere beskrywing volg, was dit ons beurt om die ore te spits. Die Masai sweer nie sonder rede by die kop van sy bees of die heupbeen van sy skaap nie. Sy vee is sy afgod; en daar hy alles wat hy mooi of geweldig vind, graag met 'n os vergelyk, het die twee ons met die nodige klemgewende uitroep verseker dat die een leemannetjie 'n „bul” van 'n dier was.

Ná die teenspoed met die waentjie was hierdie nuus 'n streling vir ons teleurgestelde gemoedere: 'n wildernis sonder leeus is nou eenmaal geen wildernis nie. So het ons vir die eerste keer van die ou maanhaarleeu van die Koueberge gehoor. Onnodig om te sê, ons het gebrand van avontuurlus en die verlange om persoonlik met hom kennis te maak. Maar ná vorige ervarings met leeus het ons verwag dat ook hier geduld nodig sou wees. Ons het nie gewet dat ons hier, onder die groot kameeldoring waarheen ons die gebreekte waentjie gesleep het, byna reg in die paadjie van die vier leeus was nie — die paadjie wat hulle gewoonlik gebruik wanneer hulle saans van hul berghoek af die wildvlaktes ingaan.

In die middel van die nag was die leeus skielik daar. Onder die geblaf van die honde het ek uit 'n onrustige droom opgeskrik en dadelik gevoel dat die dreigende gebrom wat ek in my slaap gehoor het, 'n baie oortuigende werklikheid was. Wakker word en met die geweer uit die komberse vlie, was een en dieselfde beweging, want tegelyk met die rumoer het ek die trekosse hoor spook om los te kom. Dit het byna geklink na 'n reëlregte

## SANGIRO

aanval van die leeus op ons laertjie. Sekerlik was hulle agter die honde aan, blykbaar kwaad omdat ons opgewonde jongspan hul planne verraaï het; en die honde het natuurlik na ons geretireer. Die waentjie het bedenklik geskud; 'n paar van die wildste osse was daaraan vasgemaak en hulle het gedreig om ons voertuig in sy eenvoudigste bestanddele te ontleed as ons die leeus nader laat kom. Ek het ons Ngésomit-osse goed geken: in dergelike omstandighede het hulle alleen aan die knal van 'n geweer geglo, en ek het dus nie versuim om hulle gou gerus te stel nie. 'n Groot vaal skaduwee wat reeds naby die kraaltjie en in die maanlig goed sigbaar was, het op die skoot omgespring en met 'n dreunende galop — die onmiskembare swaar galop van 'n leeu — in die naaste gras en bossies verdwyn. Daar het ook die ander leeus gelê, en almal saam het hulle nou 'n ontevrede, dreigende geknor aangestem.

Van slaap was daar vir ons geen sprake meer nie. Die leeus het op een punt voor die blits van die geweer verdwyn, alleen om 'n paar oomblikke later, sodra alles stil was, van 'n ander kant weer nader te kom. Hulle het al die gewone leeukunste uitgehaal om die osse by te kom of te laat losbreek. Teen dagbreek het ons by die vuur gesit en koffie gedrink. Dit was nou die tyd om vas te stel in watter rigting die leeus hulle terugtrek. Daar bokant van die naaste bergpunt af het hul gebrul nog weerklink — 'n indrukwekkende afskeidskonsert — en sonder moeite kon ons die geweldige stem van die ou leier onder hulle uitken. Gespanne verwagting en die koel môrelug het ons laat huiwer onderwyl ons oor die nog donker veld uitkyk. Ook die honde het in 'n kring om die vuur kom sit, vermoed maar te opgewonde om te gaan lê.

Maar teen elfuur, nadat ons die ruie sloot tot bo in die hoek deursnuffel het, het niemand meer iets verwag nie. In die warm son het die koel dryfsand onder my voete my besig gehou met verlokkeende voorstellings van 'n bad, al was dit maar 'n droë leebad, en dit was blote toeval — as 'n mens dit nie 'n dwingende voorgevoel wil noem nie — wat my juis nog betyds laat opkyk het. Die volgende oomblik sou ek my onvermydelik teen die horing van 'n groot renoster wat my aandagtig staan en beskou het, vasgeloop het. Dit is 'n seldsame gewaarwording om op 'n paar tree skielik in die gesig van 'n renoster vas te kyk wanneer dit lyk of hy rustig vir jou staan en wag. Ek het die indruk gehad dat die renoster, met die gevoel van sy oorweldigende meerderheid, sy geplooides ogies listig knip en dink: „So, knapie, en wat soek jy eintlik hier?”

Twee haastige skote kon die kolos nie meer stop nie, en in die daarop volgende tien sekondes het ek al die verskillende

## SANGIRO

gewaarwordings deurgemaak van iemand wat in 'n nou tunnel ingesluit is en die lokomotief kort agter hom hoor. Maar in die nood klim die kat ook 'n telegraafpaal, en dit moet 'n baie hoë wal wees waarteen 'n mens in sulke omsandighede nie kan uitklouter nie. Die renoster kon my hier nie volg nie en het snorkend onder my deur gehardloop. Maar 'n paar tree verder het die drie verskrikte Kaffers, wat 'n end agter my geloop en nie presies geweet het wat gaande was nie, op hierdie oomblik vlak voor hom om die naaste draai van die sloot verskyn om hulself oor die rigting van die gevaar te oriënteer. Die renoster was soos die blits op hulle — of byna, ten minste, want hulle het uitmekaar gespat soos die spaanders van 'n boom. Dit was 'n geluk dat die walle daar nie so hoog was nie, anders sou die Kaffers mekaar in die nou sloot seker doodgetrap het nog eer die renoster hulle daarby behulpsaam kon wees. Die situasie was vir my op daardie oomblik, moontlikerwys gedeeltelik ook uit 'n gevoel van verligting oor my eie ontcoming, onweerstaanbaar komies, en dit sou nog erger word toe Johannes wat 'n ent vooruit was en op die geluid van twee vinnig op mekaar volgende skote gemeen het dat ek dit met die klomp lees onder in die sloot te doen het — ook nog onwetend op die oorkantste wal en reguit na die renoster toe aangehardloop kom, om te sien wat verkeerd is. Die Kaffers het in 'n oomblik tyds verdwyn asof hulle letterlik weggeblaas was, maar Johannes en die renoster het so kop-en-kop bymekaar uitgekrom dat hy omgespring het sonder om 'n skoot te skiet. Dit was 'n heerlike verwarring. Ek was die enigste man wat die geveg kon oorsien en ek moes so lag dat ek my dubbelloop-geweer nie kon laai nie.

Nog eer ek iets kon onderneem om te help, het 'n ander geluid, wat ek weens die rumoer tevore nie kon onderskei nie, my met 'n ruk laat omvlieg. Wat kort op my hakke geblaas het, was 'n tweede renoster — die gekweste se maat, soos ons later uitgevind het. Ek het soos 'n nat sak die wal af terug in die sloot geval. Sonder om af te wag of die renoster agterna kom, het ek in die sloot op gehardloop, want daar voor kon ek Johannes hoor skiet, en in my posisie tussen die diep walle het selfs die skote benoud geklink.

Maar dit was alles oor toe ek daar aankom. Daar het die reus van 'n dier wat ons almal so 'n skrik aangeja en onbewus ons planne met die lees verydel het onder 'n groot kameel-doringboom naby die sloot gelê.

Die lêplek van die lees het ons 'n entjie verder ontdek, onder 'n oorhangende wal wat deur die reënwaters mettertyd diep uitgespoel was, en die vars spore in die sand het duidelik

aangetoon hoe die leeus, toe hulle die skote hoor, verskrik opgespring en teen die berg uit na die klippe toe gevlug het. Een ding het my opgeval toe ek na hul lêplek staan en kyk: 'n man wat van onder af in die sloot opgekom en geluidloos genoeg geloop het om nie gehoor te word nie, sou op 'n paar tree eers voor die leeus verskyn en hulle in hierdie skerp buiging so te sê vasgekeer het. Die moontlike resultate van so 'n ontmoeting vir iemand met 'n dubbelloop-geweer sonder magazyn, het ek egter eers 'n paar dae later nadat ons die leeus 'n bietjie leer ken het, ernstig bedink. Ons het toe geweet, nie alleen dat dit werklik die vier astrante leeus was waarvan die Masais vertel het nie, maar dat hulle boonop ook nog kleintjies by hulle het.

Hierdie laaste ontdekking het die groot gebeurtenis van ons safari geword. Die groot leeus was vir ons nie langer die hooffigure in die drama wat nou onvermydelik geword het nie. Waar ons tevore 'n begryplike jagtersywer gevoel het alleen om met die geweldige maanhaarleeu slaags te raak, het die teenwoordigheid van die kleintjies — wat ons natuurlik lewendig wou vang — nou ook die lot van die ander leeus beslis. So het ons ten minste met 'n groot mate van domastrantheid die saak uitgemaak nadat dit duidelik geword het dat die kleintjies op geen ander wyse bereik kon word nie. Die leeus het deur dik en dun bymekaar gestaan en hulle nie uitmekaar laat ja nie.

Nooit sal ek daardie eerste nag en die oomblik toe die drie kleintjies op die toneel verskyn het, vergeet nie. Die voordeel van die toeval dat die renoster juis onder die groot akasiaboom aan sy end gekom het, het ons dadelik ingesien. Ons het geweet dat die leeus wanneer hulle in die aand die berghoek sou verlaat om die vlaktes in te gaan, die renoster byna nie kon misloop nie. 'n Paar breë sterk mikke ongeveer agt of nege voet bokant die grond, het gelyk of hulle vir ons doel geskep was. So het ons ten minste gedink toe ons die volgende dag teen sononder ons sitplekke daar inneem; maar ons sou in hierdie nag, newens ander seldsame dinge, vir die eerste maal ook beleef wat dit beteken om jien uur aaneen inmeekaargekrimp in die mik van 'n boom te sit.

'n Geruime tydjie ná sononder was alles stil; ons het tevergeefs gewag op 'n aankondiging van die leeus. Dit was 'n stilte vol spanning en verwagting asof alles rondom ons die koms van die nag as 'n gewigtige naderende gebeurtenis voel. Ons het onbeweeglik gesit, elkeen op sy mik, en nouliks gewaag om te fluister, want agter ons rug in die sloot langs sou dit

vir die leeus moontlik wees om ongesien tot op 'n paar tree te nader. Van watter kant af sou hulle kom? Dit was 'n verligting toe die volmaan agter 'n punt van die berg te voorskyn spring en die ondeurdringbare skemer rondom ons in 'n vloed van silwerwit lig oplos.

Geen geluid het verraai dat die leeus reeds by ons was nie. Maar van daarginds af, uit die sy-slootjie wat die kaal opening voor ons met 'n donker grens van bossies insluit, het 'n sonderlinge rumoer ons ore getref. Daar was 'n opgewonde en aanhoudende geknor soos van 'n hele broeisel hongerige klein varkies, en minute aaneen was ons oor die oorsprong van hierdie geluide totaal dronkgeslaan. Ons kon aan niks anders dink nie; hoe ongerymd die voorstelling selfs van 'n gesin vlakvarkies in hierdie leeuhoek ook was. In ieder geval het die teenwoordigheid van sulke onskadelike diertjies vir my reeds begin lyk na 'n teleurstellende aanduiding dat die omgewing van leeus nog skoon was, toe ek reg onderkant my meteens die welbekende gekraak hoor van 'n leeu se tande wat deur vlees en senings dring. 'n Oomblik tevore was daar nog niks, maar toe ons nou afkyk, het dit inspanning gekos om nie 'n geluid of beweging van verbasing te maak nie. Niks minder nie as vyf uitgegroeide leeus nie, waarvan drie groot mannetjies, het om die renoster gestaan. Die aanblik was so onverwags en so oorweldigend dat ons albei meteens die indruk gehad het of ons sitplek maar 'n paar voet bokant die grond was en of ons maar die geweer hoof uit te steek om een van die leeus aan te raak. Die grootste, wat met sy ruie, donker maanhare in die skaduwee van die boom byna swart gelyk het, was inderdaad beangstigend naby toe hy 'n oomblik sy voorpote op die renoster plaas en homself in sy volle grootte oprig om rond te kyk.

'n Paar oomblikke, onderwyl die leeus onder ons so doodstil staan en luister, het ons dit skaars gewaag om asem te haal; en in hierdie spannende stilte kon ons die rumoerige „varkies” reguit na die gevaar toe hoor aankom. Ons groot verwondering het plotseling in 'n nog groter vreugde oorgegaan toe 'n knorrende leeu stem die opgewondenheid van die kleinspan onderbreek en ons die gewisheid gee dat hierdie vreemde besoekers niks anders as klein leeutjies kon wees nie. Dit was die leeuwyfie wat hulle van die renoster af probeer weghou, en na al die verneembare tekens te oordeel, was dit glad nie 'n maklike taak nie. Dit het 'n hele rukkie geduur voordat sy hulle kon oortuig dat dit veiligheidshalwe vir hulle noodsaaklik was om agter te bly onderwyl sy aan die fees deelneem. Meer as een maal het sy dreigend haar stem verhef, om eindelik

alleen, onrustig en aarselend, dwars oor die helderverligte opening na die renoster toe aangestap te kom. Geen windjie was hier in die berghoek aanwesig om ons teenwoordigheid te verraaï nie, en die leeus, volkome gerusgestel deur hul ondersoek, het na hartelus aan die oorfloed van vlees begin smul. Dit was 'n luidrugtige fees, en die smaaklike gekou en geslurp het 'n mens onwillekeurig laat' watertand. Die kleintjies het daar anderkant naby die syslootjie gesit en af en toe 'n ontevrede gemiaau of geknor laat hoor wanneer hul nuuskierigheid deur die gedrag van die groot leeus te sterk geprikkel word. Hulle het my baie laat dink aan stout kinders wat by die huis moet bly as die ouers na 'n sirkus gaan, en ongetwyfeld het die saak vir hulle ook dieselfde betekenis gehad, want groot behoeftes aan vlees kon hulle op daardie ouderdom nog nie gehad het nie.

Dit was die eerste keer dat ek klein leeutjies in die veld raakloop, en die geluk het byna te groot gelyk om aan te glo. Van die begin af het hulle ons hele simpatie en die grootste gedeelte van ons belangstelling in beslag geneem. Watter avontuurlus en jaginstinkte die groot leeus in ons wakker kon maak, die gevoelens wat ons gelei het om na die besit van die kleintjies te verlang, het alleen in verwantskap en in vriendskap hul oorsprong gehad. Dit was 'n selfsugtige vriendskap, weliswaar, en heeltomal in ooreenstemming met die seldsame inkonsekwensie wat die jagter openbaar wanneer hy ywerig vervolg en vernietig juis wat hy die meeste bewonder en liefhet. Maar dit was eers later, nadat ek 'n tyd lank uit die wilde omgewing van my kinderjare geruk was, dat ek alles uit 'n ander perspektief kon sien en die eerlike gevolgtrekkings maak. „As 'n mens die kleintjies leer ken het, kan jy die grotes nie meer skiet nie,” het 'n Engelse dame gesê, 'n tien jaar of so later, toe ek met Simba, die Ngorongoro-leeutjie, op reis na Europa was. En so het dit met my ook gegaan.

Intussen het ons, bewend van opwinding en jagkoors, hier op ons lugtige kansel tussen die slapende aasvoëls gesit en met brandende oë die gebeurtenisse onder ons boom gevolg. Ofskoon hulle blykbaar een geselskap uitgemaak het, was die verhouding tussen die verskillende leeus nie dieselfde nie. Sonder moeite ook kon ons herken dat die jong mannetjie met die silwergrou maanhare wat ons dieselfde môre nog alleen met sy wyfie aan die ingang van die berghoek gekry het, nog nie 'n volgeregtigde lid van die geselskap was nie. Die uitbarstings tussen hom en die swart maanhaarleeu het ons soms laat koud word. Dit was 'n skouspel vol dramatiese spanning en nog onopgeloste raaisels.

## SANGIRO

Teen middernag het die leeus ons vir die eerste maal ontdek. Dit het gekom deurdat ek Johannes, wat aan die slaap geraak het, moes wakker skud uit vrees dat hy anders tussen die leeus kon val. Hy was so deur die slaap dat hy my gefluisterde waarskuwings nie kon begryp nie en ontevrede oor die sturing, hardop begin mompel het. In 'n oogwink, met een of twee geweldige spronge, was die leeus weg en onsigbaar tussen die naaste gras en bossies. Die wyfie het met 'n omweg in die sloot langs haar kleintjies bereik, en hulle het haar met hernude lawaai ontvang. Blykbaar wou hulle nou alles weet.

Maar die ander leeus het stadig na die renoster toe begin terugkruip, en agter 'n bossie reg voor my het die ou maanhaar te voorskyn gekom om die saak te ondersoek. Sy dieptrillende stem was vol dreigemente, en sy stertkwas het om hom op die grond geslaan onderwyl hy gebukkend en voetjie vir voetjie nader kom. Hy was skaars ses of agt tree van die boomstam af en die helder maanlig het selfs sy senings en die geweldige spanning van sy lyf laat herken. 'n Mens het die indruk gehad of hy elke oomblik soos 'n inmekaargedrukte veer kon losskiet. En met hierdie gedagte het ek dit skielik noodsaaklik gevind om 'n gunstiger stelling in te neem, want so kon ek my skaars roer en sou ek links moes skiet. Maar 'n woedende gebrul het die eerste beweging van my kant beantwoord; die leeu het met kort, vinnige spronge aangestorm, en ek het net nog geleentheid gehad om die geweer met die een hand in sy rigting te swaai en die skoot in sy gesig af te trek toe hy reg onder my vassteek.

Dit was mis, maar die blits en die skerp knal het die gewenste uitwerking gehad. 'n Rukkie kon ons weer vryer asemhaal, en ons het van die pouse gebruik gemaak om ons litte 'n bietjie te beweeg en ons beter in te rig vir 'n tweede aanval. Dit was duidelik dat die leeus baie honger was en elke beweging van ons kant beskou het as 'n poging om hul vlees af te neem. Ná lang gaarsel en nog meer dreigemente het hulle eindelijk weer gekom, en ons het dit reg gekry om hierdie keer so stil te sit dat hulle 'n halfuur lank kon eet. Met nie meer as agt voet ruimte tussen ons nie, was die maaltyd vir die leeus egter so onrustig as die spanning vir die toeskouers groot was. Hul blik was onder die eet gedurig op ons, en 'n mens kon selfs nie jou hand roer sonder dat hulle dit sien en kwalik neem nie.

Hoe interessant en spannend die nag ook was, ons het nogtans die eerste vaal lig in die ooste met verligting begroet. Stokstyf en half verkleum, met die laaste eggo's van die leeus se dreunende afskeidsgroet nog in ons ore, het ons teen die boom afgesukkel. Die vroeë môre-ure het gevoelig koud geword hier

aan die voet van die berg, en boonop was ons nat van die dou. Onder in die vlakte het vaal dampe nog uit die aarde opgeslaan, maar op die boskruine van die berge bokant ons het die miswolke wat nag vir nag die koue hoogtes bedek, hulleself in die eerste sonstrale begin oplos. Ons was bly om ons voete in die rigting van die laervure en die koffiekkan in beweging te kan sit.

Deur tussen die mikke van die boom 'n stellasio te bou en heeltemaal met groen lower te bedek, kon ons nou nie alleen gemakliker en onder komberse uitgestrek lê nie, maar het dit ons ook geluk om die leeus — vir 'n paar nagte altans — oor ons teenwoordigheid in onsekerheid te hou. Wantrouig was hulle wel, maar die aasvoëls wat hulle met die intree van die nag op die takke bokant ons neergelaat het, het die camouflase so afgerond dat dit selfs 'n leeu aan sy eie instink kon laat twyfel. So 'n seldsame saamlewe van vreemdsoortige wesens in dieselfde boom het in hul ervaring nog nie voorgekom nie.

Gedurende die dag het ons jag gemaak op die leeus, maar daar was 'n soort stilswyende ooreenkoms dat ons hulle snags by die renoster nie sou hinder nie. Hoe ons hulle soms ook uitmekaar geja het in ons pogings om die wyfie met die kleintjies in die doolhoof van slootjies op te spoor en vas te keer, in die aand was hulle altyd weer daar, en ek sou ons sitplek in die boom vir geen privaat-loge in die beste teater wou verruil het nie. Byna so goed as op 'n toneel, kon ons elke beweging van die leeus op die kaal maanligruimte tussen die twee slote gadeslaan; en dit is geen oordrywing nie as ek sê dat elke geluid van die leeu taal naderhand ook vir ons 'n betekenis gehad het.

Nog eenmaal voordat dit nodig geword het om ons sitplek in die boom te verlaat, het die leeus ons 'n groot skrik aangeja. Van vermoedheid het ons een nag albei teen wil en dank ingesluimer, toe twee vreemde leeus op die toneel verskyn en 'n woedende aanval van die ou maanhaar, die leier van ons trop, uitlok. Deur die ongehoorde rumoer uit my slaap geskud, en gedagtig aan die aanval van die groot leeu in die eerste nag, kon ek vir 'n oomblik aan niks anders dink nie as dat die brullende leeu by my op die stellasio sit. Dit was genoeg om 'n mens uit die boom te laat val.

Die aanhoudende opwinding en gebrek aan slaap hê nie sonder uitwerking op ons gebly nie, maar in plaas van natuurlike vermoedheid, het toenemende rusteloosheid hom van 'ons meester gemaak. Ook in die laer het ons geen rus of duurte meer gehad nie. Ná die môre-jag wat gewoonlik op die ontbyt gevolg en dikwels laat namiddag eers geëindig het, was daar

niks anders te doen as om 'n bietjie aan die stukkende waentjie te peuter, koffie te drink, te rook en die son dop te hou nie. So het die tyd ten minste verbygegaan, want ons pogings om gedurende die dag te slaap het ontaard in 'n rondtrekkery van die kameldoring af na die waentjie, van die een koelteplekkie af na die ander. Die nadering van die nag het koorsige ongeduld gebring. Die aanduur was vir ons die aanvang van 'n spel wat deur herhaling niks van sy spanning verloor het nie, omdat daar altyd iets nuuts was en 'n mens nooit geweet het hoe dit sou eindig nie.

Aan die end van 'n week was eers twee van die ses leeus dood; die wyfie met die kleintjies egter meer onbereikbaar as ooit. In die ruigte van die sandsloot en in die netwerk van toegegroeide reënslootjies kon die leeus met ons speel soos hulle wou, en meer as eenmaal het die speletjie gevaarlik genoeg geword. Ons het gevoel dat ons nie nader aan ons doel kom nie en gevolglik die versigtigheid meer en meer laat vaar. Dikwels het Johannes en ek in die ruigte van mekaar af geraak, en eenmaal het hy en die Kaffers die jong leemannetjie byna dwars oor my geja. As die leeu alles geweet het . . . ! Maar dit kon hy nie, want ons het albei ewe groot geskrik en was ewe haastig om van mekaar weg te kom.

Die stryd het nou vir ons bitter ernstig geword. By die waentjie het ons te laat die ontdekking gedoen dat die Kaffers in die nagte wanneer ons weg was, ons voorraad kos heimlik en vinnig laat wegsmelt het. Ons het weldra voor die keuse gestaan om van swart koffie en hartbeesvlees te leef of huis-toe te gaan. Maar ons sinne was nou eenmaal op die klein leutjies gesit en dit het glad nie denkbaar gelyk om sonder hulle weg te gaan nie.

Daar die leeus nou dikwels in die donker klaar geëet en met die opkom van die maan geluidloos verdwyn het, het dit nodig geword om alle spore van ons aanwesigheid uit die akasiaboom te verwyder om hulle weer gerus te stel. Ons het nou die nagte op die grond deurgebring, onder een of ander bos in die nabyheid. Hier was dit, op die verste wal van die syslootjie, dat die wyfie met die kleintjies — wat gedurende die opwindende gebeurtenisse van die vorige week alleen nog soos skimme op die agtergrond beweeg het — vir die eerste maal weer in ons onmiddellike nabyheid gekom het. Terwyl die ander leeus by die boom met agterdog die verdwyning van ons stellasië waarneem, het sy onwetend vlak by ons nuwe skuiling verbygestap, die drie kleintjies — woelig en ontevrede soos altyd wanneer hulle nie toegelaat word om by die renoster te kom nie — met

## SANGIRO

hul lomp, potsierlike bewegings op 'n streep agterna. Een van hulle het ons vir 'n oomblik in die uiterste opwinding verplaas toe hy reg voor ons, op 'n paar voet, bly staan om aan 'n stukkie been of vel te snuffel. Ons harte het in ons keel gespring toe die wyfie daarop omdraai om knorrend na hom te roep, terwyl sy haar blik 'n oomblik op ons blaargordyn laat rus. 'n Mens kan jou nooit verbeel hoe diep en ysingwekkend 'n leeu stem kan wees voordat jy dit nie op 'n stil maanlignag op 'n afstand van drie of vier tree gehoor het nie.

Die besoek van die kleintjies het ons vir die vermoenisse van hierdie nag vergoed, maar was ook 'n duidelike waarskuwing dat ons nog te veel in die pad van die leeus was. Die volgende aand het ons, van onder 'n ander bos uit, met 'n krielrige gewaarwording gesien hoe die leeus ons vorige skuilplek deursnuffel; en die spore op ons lêplek die volgende môre het ons oortuig dat dit geen verbeelding was nie. Dit het baie gelyk of die leeus nou gedurende die nag na ons soek, soos ons na hulle in die dag; en ons het nie gevoel dat hulle daartoe geen rede gehad het nie. Onnodig om te sê, ons het dié aand nog 'n sprong gemaak na 'n ander bos toe, op goeie vertroue dat dit in die regte rigting was.

Aangaande die lot van die groot leeus, het ek in 'n ander verhaal neergeskryf en my daarin so letterlik by die werklike gebeurtenisse bepaal dat hier weinig nuut bygevoeg sou kon word. Ons spannendste dag het gevolg. In die môre vroeg het die kraagmannetjie geval, 'n uur of twee later het die ou maanhaar ons swart hond voor ons oë verskeur en dieselfde aand nog het die drie oorgeblewe leeus by die renoster, wat ons in 'n wanhopige bui na 'n geskikte bos op die wal van die sloot gesleep het, aan hul einde gekom. Die leeuwyfie was hierdie nag soos 'n oorspanne snaar, en gedurende 'n kort rukkie het sy ons in 'n nog erger toestand gebring. Die kleintjies het gedwing om op geen ander plek as vlak voor ons te speel nie. Meer as eenmaal sou ek een van hulle met die hand kon aangeraak het, en ofskoon ons onder groen lower en bossies toegepak was, het ons daar nie aan getwyfel dat die wyfie met 'n enkele sprong ons hele beskutting met onself en al sou kon opfrommel nie. Maar dit was nie van hierdie kant af dat die grootste skrik van die nag gekom het nie. Die stormloop van die woeëte ou maanhaarleeu, toe hy die sterwenskreet van sy wyfie hoor, was miskien die onvergeetlikste oomblik van ons hele avontuur. Plosteling en dreigend het hy na wie ons so lank gesoek het, voor ons verskyn, nog eer ek tyd gehad het om my geweer weer te laai; en dit was seker ons geluk dat sy

## SANGIRO

woede hom in die eerste oomblik teen die lewenlose jong leu-mannetjie gerig het. Sy tande het deur die dooie leeu se nek-senings gekners met 'n geluid wat koud oor ons rugvel geloop het. Ons het gevoel dat daardie straf eintlik vir ons bedoel was. Maar daar was nie lank tyd vir vermoedens nie. 'n Sekonde later moes ons albei terugval teen die boomstam om tussen die leeu en onself ruimte vir die geweerloop te kry. Sy donker kop het letterlik die uitsig deur die opening in ons blaargordyn versper nog eer ons kon begryp dat sy aandag nou op ons skuiling gerig was . . . en die kruit het sy ruie maanhare geskroei.

Die plotselinge en dramatiese einde van die lang stryd was vir ons lam en bewerig soos ons nog van die deurgestane spanning was, so onverwags en oorweldigend dat ons 'n tyd lank nouliks kon beseef dat die leeus nou werklik almal dood was. Hulle was dood, die geweldiges; en 'n oomblik was dit of die polsslag van die natuur self gaan staan het. So skielik het die lewe rondom tot swye gekom dat ons minute lank, net soos die drie verblufte leeutjies wat by die renoster sit, onder die ban van 'n bedrukkende stilte verkeer het.

En selfs toe ons begryp dat die groot oomblik waarvoor ons so veel opgeoffer het, eindelijk aangebreek het en dat daar nou niks meer tussen ons en die kleintjies staan nie, het ons die gewees aarselend neergesit en kon ons 'n koue huiwering nie onderdruk nie. Dit het skaars moontlik gelyk dat daar niks sou gebeur om die gewelddaad te belet nie, en elke haar op ons kop het orent gestaan toe ons uit ons skuiling tussen die gevalle leeus spring om die kleintjies te gryp.

Maar die aanval het misluk; en ook by herhaalde pogings gedurende die dag en die volgende nag sou ons uitvind dat die leeutjies hul lesse van die grotes goed geleer het. In die gerieflike ruigte van die sandsloot en die talryke bergklofies het hulle nog makliker as die groot leeus uit die gesig verdwyn. Alleen in die nagte kon ons hoor dat hulle nog in die nabyheid was. Dit het ons onverskillig gelaat dat die hele Masaikraal ons staanplek besoek het om die leeuvelle te sien en ons heldedade te prys. Ons kon nie meer eet nie, en helder oordag het ons tande opmekaar geklap onderwyl ons teen die vuur gehurk sit, want dit was koors, werklike koors wat nou in ons oorspanne liggame gewoed het. Die koue, klam nagte in die berg en die aanhoudende opwinding en slaaploosheid het eindelijk die malaria — wat ons in Oos-Afrika in al die jare gedurig min of

## SANGIRO

meer onderlede gehad het — met al sy bekende verskynsels laat uitbreek.

Maar ook nou het ons halsstarrig geweier om in te gee, en eers toe een van die volgende nagte ons die sekerheid gebring het dat die leeutjies nie meer daar was nie, het ons alle hoop laat vaar en die dringende noodsaaklikheid gevoel om dadelik 'n omgewing te ontvlug waar ons geen rus meer sou hê nie. Op pad laer-toe, in die middel van die nag, het ons twee leeus raakgeloop, en dit het die indruk versterk dat ons leeutjies geselskap gekry het en nie meer sou terugkeer nie.

# C. M. van den HEEVER

**C**HRISTIAAN MAURITS VAN DEN HEEVER is op 27 Februarie 1902 in die konsentrasiekamp van Norvalspont gebore. Na die oorlog het hy kennisgemaak met die ellende en verarming wat die gevolg was van die vernietiging van wonings en vernieling van plase gedurende die genadelose stryd. Die eerste skool wat hy bygewoon het, was op Krugerspoor in die distrik Trompsburg. Dit is die landskap, dikwels so kaal en verlate en vol verre, harde bulte en rantjies, en die eenvoudige mense van die Suidelike Vrystaat wat hy in sy prosa met liefde uitbeeld.

Van hierdie skool af is hy in sy vyfde standerd na Bloemfontein. Aan die Grey-Kollege-skool het hy sy matrikulasie afgelê. Reeds hier het hy blyke gegee van besondere belangstelling in geskiedenis en letterkunde. Na sy matrikulasie was hy vir 'n rukkie as onderwyser en staatsamptenaar werksaam. Hy het egter sterk die drang na 'n deeglike universiteitsopleiding gevoel en is begin 1922, met toekenning van die Thomas Robertson-beurs, na die Grey-Universiteitskollege waar hy einde 1924 sy B.A.-graad met onderskeiding in Hollands en Geskiedenis behaal het. Van die eksamensaal is hy na die redaksie van *Die Landbouweekblad*. Gedurende die tyd wat hy redaksiewerk gedaan het (vanaf 1925 op *Die Volksblad*) het hy sy studie in Nederlands en Afrikaans onder prof. A. Francken en prof. D. F. Malherbe voortgesit en einde 1926 sy M.A.-graad met onderskeiding behaal, waarop die Porterbeurs aan hom vir buitelandse studie toegeken is. Hy het hierop sy werksaamhede, as redakteur van die letterkundige en ontspanningsrubriek van *Die Volksblad*, laat vaar om verder te studeer.

Twee trekke was van kindsdae af aan in hom aanwesig: beide 'n drang na die droom en na die daad. Hy het van vroeg af aan geglo dat gawe van die digterskap veel mag beteken, maar dat 'n goeie letterkundige 'n noeste arbeider



PROF. C. M. VAN DEN HEEVER.

## C. M. VAN DEN HEEVER

moet wees en steeds in die volle werklikheid moet staan. Naas die dromer in hom was daar steeds die mens wat iets tot stand wil bring. By hom word gedagte en daad maklik een. Sy lewensfilosofie is gebou op die gedagte dat mens positief in jou strewe moet wees en dat jy kwaad nie met kwaad moet bestry nie, maar met die goeie. Reeds vroeg al word dit duidelik in sy lewensbeskouing en skemer dit deur as agtergrond van sy letterkundige werk.

Hy is in Julie 1927 getroud met mej. Martie Klopper van Dewetsdorp wat hy in sy studentjare op Grey leer ken het. Op 2 Februarie 1928 is hy na die Universiteit van Utrecht vir verdere studie, en behaal einde 1929 sy doktoraal in die Nederlandse letterkunde. In 1932 promoveer hy aan die Universiteit van Suid-Afrika op 'n proefskrif *Die Digter Totius, Sy Betekenis vir die Afrikaanse Letterkunde*.

Sedert begin 1931 tree hy op as lektor in Nederlands en Afrikaans aan die Grey-Universiteitskollege; in 1933 is hy aangestel as professor in Afrikaans en Nederlands aan die Witwatersrandse Universiteit.

Van den Heever is een van ons vooraanstaande digters en het vyf bundels gedigte gepubliseer: *Stemmingsure* (1926); *Die Nuwe Boord* (1929); *Deining* (1932), en *Aardse Vlam* (1938), en *Versamelde Gedigte* (1945). Sy prosawerk is van die beste wat ons in Afrikaans besit: *Op die Plaas* (1927); *Langs die Grootpad* (1928); *Droogte* (1930); *Simson* (1932); *Groei* (1933); *Vuurvlieg en Sterre* (1934); *Somer* (1935); *Die Afrikaanse Gedagte* (1935); *Kromburg* (1937); *Kruispad* (1938); *Laat Vrugte* (1939); *Gister* (1941); *Die Stryd om Eewig* (1941); *Nooit* (1942); *Van Aangesig tot Aangesig* (1942); *Generaal J. B. M. Hertzog* (1943); *Anderkant die Berge* (1944); *Kringloop van die Winde* (1945); en *Woestynsand Dek die Spore* (1946).

### AGTERGROND VAN EIE WERK.

Dit is moeilik en selfs gevaarlik om oor eie werk te skrywe, want menige leser kan dalk voel dat die skrywer so 'n besondere dunk van sy eie skepping het dat hy dit nodig ag om allerhande verklarings en verduidelikings daarvan te gee. Die werk self is tog immers voldoende! Inderdaad mag die leser van oortuiging wees dat 'n skrywer se boeke van so 'n swak gehalte is dat die tekening van enige „agtergrond” nie nodig is nie. Baie biografiese besonderhede oor skrywers wek dan ook inderdaad 'n meewarige glimlag op omdat daaruit, dikwels onbewus, so 'n pynlike selfoorskating spreek. Weier mens

daarenteen om iets oor eie werk te sê, dan is die beskuldiging van aanstellerigheid en hooghartigheid ook weer dadelik gereed om 'n dergelike houding te kenskets.

'n Joernalis wat gestuur word om 'n „onderhoud” met iemand te hê, voel nie baie gelukkig as so 'n persoon niks wil meedeel en hom glad nie wil help nie. Hy kry onwillekeurig die indruk van kunsmatige beskeidenheid of hooghartigheid. Dikwels was so 'n persoon heeltemal reg om niks te sê nie, maar sy houding was vir die verslaggewer tog baie ontmoedigend, en 'n bietjie hulpvaardigheid word altyd deur die joernalis baie hoog op prys gestel. Mens weet dus nie altyd ewe goed of dit nie moontlik verwaand kan lyk as jy weier om 'n uiteensetting van die agtergrond van eie werk te gee nie. Diegene wat dit vra, maak dit nie vir jou maklik nie! Ten slotte skrywe mens dan maar vir diegene wat werklik belangstel; die res hoef dit natuurlik nie te lees nie.

Daarby moet egter ook nog onthou word dat baie lesers met sekere vertolkings en beskouings nie sal saamstem nie, omdat hulle die saak van buite af anders insien as die skrywer dit van binne-uit ervaar het. Hulle oordeel is meestal net so veel werd as syne. Miskien kan hy tog help om 'n duideliker en vollediger beeld te help vorm.

Ek het 'n tydjie gelede in 'n tydskrif geles hoe 'n Amerikaner in die digte, tropiese bosse van 'n Suidsee-eiland daarin geslaag het om aan die Japanners te ontsnap toe hulle die eiland beset het. Gedurende die lang, eensame dae en nagte toe hy alleen moes wag om bevryding, het hy hom besig gehou deur so diep as moontlik af te daal in sy herinneringe, veral in sy vroegste herinneringe. Lang geslote deure het begin oopgaan. Dit was vir hom 'n boeiende ervaring, en uit sy onderbewuste het ou herinneringe weer losgekome en het baie beelde en ervarings wat verwaarloos was, geleidelik begin lewe en 'n vertroulike innerlike glans getoon. Dit was vir hom 'n ongekende vreugde. Hy het gedaan wat alle goeie kunstenaars doen. Vir elke mens, en veral vir die skrywer, is dit nodig dat hy moet terugkeer na sy vroegste herinneringe om daar, in die skemerwêreld waar die assosiasies gewef word, nie alleen ryk stof vir sy skryfwerk te vind nie, maar om tewens die nodige verklaring vir baie latere handelingte te ontdek en om op dié wyse sy ontwikkeling teen die regte agtergrond te sien. Die kunstenaar moet sy eie vermoëns ontdek; hy moet sy tekortkominge ook vreesloos aanvaar.

Die gevaar is daar dat die skrywer sekere gebeurtenisse en feite buite verhouding met die ander wat ewe belangrik lyk, mag beklemtoon. Ook hier mag die leser 'n ander beeld vorm.

Ek verwys na die terugkeer tot vroeë herinneringe, nie omdat ek lank daarby wil stilstaan nie, maar omdat dit vir die skrywer baie waarde het. 'n Mens se eerste indrukke bly diep vergroei met sy latere ontwikkeling, veral op letterkundige gebied. Baie skrywers beeld ook vroeër of later hulle jeugherinneringe uit; by ander word dit onregstreeks en subtiel verwerk.

Dit is dus te verstaan dat die agtergrond van die plaaslewe vir my belangrik gebly het, al het latere ervaringe swaar daaroorheen geskuiwe. Dit het diep met al my assosiasies verbind geraak. Om hierdie rede is dit dat ek in my eerste boeke graag 'n beeld wou gee van daardie plaaslewe wat met die jare vinnig aan die verander was. Ek het dit gedaan toe ek afskeid van daardie lewe geneem het en heimwee dus my siening gekleur het. Hier was dus geen sprake van 'n stof of 'n tema kies wat in die mode is nie. Destyds is daar — voor die grootskeepse verstedeliking van Afrikaners — heelwat oor die plattelandse lewe geskrywe.

By my was dit eenvoudig 'n poging om so goed moontlik uitdrukking te gee aan my verbondenheid met daardie soort lewe nadat ek stedeling geword het. Ver teen die agtergrond van eie lewe sien mens die vlaktes, berge en riviere waarmee jy daaglik kennis gemaak het. Dit was 'n groot gebeurtenis om dag vir dag so met die natuur om te gaan. En dan, naas hierdie vryheid in die natuur, die somber, temperende krag van die godsdiens! Dit was asof 'n mens tussen vryheid en tug bly beweg!

Die plaaslewe bring vanselfsprekend mee dat mens dag vir dag die omringende wêreld baie noukeurig betrag — laat dit dan maar met praktiese doel wees. Dit het ek gedaan, en dit spreek vanself dat hierdie liefde vir besonderhede mens, wanneer jy skrywe, maklik verlok na beskrywings wat deur uitvoerigheid gekenmerk word. Luister maar na die wyse waarop boere 'n ervaring beskrywe. Ook kon ek destyds nie help om byna soos 'n skilder kenmerkende tipes in so 'n plaasomgewing waar te neem nie. Aanvanklik het ek 'n sterk begeerte gehad om skilder te word, maar ná 'n aantal lesse het dit duidelik geword dat die universiteitstudie voorkeur moet kry, en ek moes dit tot my spyt laat vaar. Ek noem dit omdat 'n skrywer veral sy oë, net soos die skilder, goed moet gebruik. Vir die prosaskrywer is dit uitstekende oefening as hy ook skilder, al word sy skilderye dan nie juis hoog aangeslaan nie en hou hy nooit 'n tentoonstelling nie. So kom hy deur die werklikheid, en nie deur boeke nie, by die kuns. Dit is 'n goeie manier om 'n mens te leer om waar te neem en om die vorm en kleur van dinge met presiesheid in hom op te neem. By waarneming

moet natuurlik nog ander dinge kom om kuns te skep, maar dit is die grondslag waarop hy moet begin bou.

Die skrywer se taak buig van die waarneming in 'n ander rigting af as die skilder s'n. Sy waarneming en aandoening moet hy in die taal weergee. Daarom is dit nodig dat hy 'n deeglike kennis van die lewende taal moet hê en dat hy nie net 'n aanhanger van die boektaal word en verliteratuurd raak nie. Ek het altyd met die grootste genoë na die beeldende taal van die boere geluister. Aan die lewende taal het ek heelwat aandag gewy en my opvattinge later daaroor in artikels probeer formuleer. Hiernaas is die ongesonde inwerking van die boektaal op my skryfwyse later natuurlik nie uitgesluit nie. Dit is 'n gevaar wat 'n mens elke dag bedreig. Dit vorm tewens 'n kernvraagstuk in die letterkunde, en veral vir Afrikaans en die Afrikaanse prosastyl. Waar ons net aan die begin staan en ons moet beywer vir 'n helder en tegelyk volledige uitdrukkingswyse, het ek gevoel dat dit nodig is om versigtig met die taal om te gaan en om nie vernederlandste Afrikaans te skrywe nie. Letterkunde, het ek besef, moet uit ons eie ervaring opgebou word met woorde wat ons deur ervaring ken. Ons moet nie 'n letterkunde uit ander letterkundes skep nie, hoe waardevol kennis van groot letterkundes nou ookal vir ons is en hoeveel ons deur vergelyking en versigtige verwerking van onvermydelike invloede kan bereik. Daarom eers die kensketsende Afrikaanse woord voordat ons in die Nederlandse woordeboek gaan rondblaai. Ons het hier te doen met 'n verwerking van die grondstof wat ons eie ervaring is — sowel as van baie geslagte Afrikaners s'n — in 'n taal wat wesensverwant aan daardie ervaring is. Ek wil erken dat ek hier, wat my styl betref, dikwels gefaal het, maar dit was my rigsnoer. In sy diepste kern is die pleidooi om die erkenning van Afrikaans in dié agtergrond gewortel, en hier het ons tewens te doen met 'n eie kuns wat juis deur sy waarheidsinhoud en noodwendigheid meer as van toevallige of folkloristiese aard is. Nederlands kon dit nie vir ons gee nie.

Hier is ook die toets vir die skrywer wat deur die taal heen die stof moet oorwin; hy moet nie net „woordkunstenaar” in die banale sin van die woord wees nie; maar hy moet eers stry teen die tirannie van die taal om sy weselike inhoud helder en sinvol tot uiting te laat kom. Omdat hierdie opvatting vir my ontwikkeling van betekenis was, het ek dikwels in artikels daaraan uiting gegee. Die Afrikaanse kunstenaar wat nie Boere-Afrikaans ken nie, sal gou besef dat die ruggraat van sy styl slap is.

Ek het in die eerste artikels wat ek geskrywe het, die ou stryd tussen die retoriek en die lewende woord beklemtoon en daarmee dus gewys op die waarde van die gesproke taal teenoor die verstening wat noodwendig in die skryftaal moet plaasvind. Vir my as skrywer was dit 'n persoonlike stryd met die woord. Hierdie stryd tussen die begryplikheid en die persoonlike in die skrywer se taal en styl het Bergson skerp gekarakteriseer deur die tēenstellings as volg aan te dui: Ons waarnemings, gewaarwordinge en begrippe doen hulle van twee kante aan ons voor — die een skerp omlyn, maar onpersoonlik; die ander vaag, in die hoogste mate veranderlik en onuitspreeklik, omdat die taal dit nie kan vat sonder om die veranderlikheid te laat ophou nie en dit nie in 'n algemene en begryplike vorm kan giet sonder om dit gemeengoed te maak nie. Die skerp omlynde term, die saaklike woord, wat uitdruk wat daar vas, algemeen en bygevolg onpersoonlik in die indrukke van mense is, vernietig of oordek ten minste die fyner vlugtige indrukke van ons persoonlike bewussyn."

Bergson roer hier, naas sy beklemtoning van die taal, ook die verskil aan tussen gemeenskapskuns en individuele kuns en tewens ook van die voortdurende worsteling van die kunstenaar met wat gemeenplasig en retories is en wat steeds sy werk wil beroof van sy essensie. Die massa sukkel om deur die gemeenplasige heen die persoonlike en individuele in soveel voortreflike skrywers te begryp — wat natuurlik onmoontlik is. Kan hierdie kloof wel oorbrug word?

Dit is nie maklik om die skeiding tussen die populêre en die fyn artistieke uit te wis nie. Die skrywers wat dit bewus wil doen, gee gewoonlik die suiwerste wat hulle besit prys vir leesbaarheid en sak dan geleidelik af om die smaak van die massa te bevredig. Maar dit is dikwels ook 'n saak van vorm en helderheid. Schopenhauer het tereg gesê: „Niks is makliker as om so te skrywe dat geen mens dit begryp nie; niks daarenteen moeiliker as om waardevolle gedagtes so uit te druk dat elke mens hulle kan verstaan nie." Baie kunstenaars, om maar net vir Tolstoi as groot romanskrywer en vir Gezelle as groot digter te noem, het voortreflike kuns gelever wat deur die meeste van ons verstaan kan word. Hulle het dit gedaan deur te beseft dat die kuns-om-die-kuns oppervlakkig beskou 'n goeie beginsel lyk, maar dat dit die kunstenaar maklik wegvoer van die lewe, van die eintlike bron van sy kuns, wat in onvermydelike verskraling van die hiper-individualistiese moet eindig. Hiper-individualisme lei vanselfsprekend na 'n ondeursigtige, beperkte uitdrukking. Iemand wat min met ander gesels, se uitdrukking ly aan dieselfde tekortkoming.

Juis in ons tyd het die geroep — veral noudat daar 'n groot stryd om politieke ideologieë aan die gang is — opgegaan dat die skrywer uit die sogenaamde ivoortoring van die skoonheid en eensaamheid moet afdaal na die wêreld met sy stryd om gelykheid en regverdigheid, want die skrywer moet daaraan deelneem, en belangrike skrywers het dit dan ook met vuur gedaan. Die eensydig estetiese het in die gedrang gekom. Hiermee is die ou innerlike stryd van die digter om sy ware wese in die suiwerste en tewens helderste vorm te gee nog nie besleg nie, want die eensaamheid en die afsondering is by tye vir hom dringend nodig, maar hoe seer hy dit ook mag verkies, sy menslikheid en sy kuns eis dit van hom dat hy kort-kort die skerp pyn en spanning van kontak met sy medemens moet voel. Hy moet maar soos Zarathustra vir 'n rukkie van die berge afsak en onder die mense beweeg! Die kunstenaar is geroepe vir 'n ander taak as die meeste mense weens sy gevoel vir vorm. Nietzsche het hierdie belangrike verskynsel skerp ingesien toe hy beweer het dat die prys wat die mens betaal om kunstenaar te wees daarin skuil dat hy dit wat nie-kunstenaars „vorm” noem, as die inhoud, as die „sache selbst” ervaar. Die gevolg is dat hy daardeur aan 'n verkeerde wêreld behoort.

Nietzsche het hier 'n groot waarheid in verband met kuns aangeroe, want weens die kunstenaar se toenemende vormdrif raak hy, vreemd genoeg, al meer van sy medemens verwyder en ken die fynste, estetiese persoonlikhede 'n leegte agter die vorm wat alle waaragtige kunstenaars diep swaarmoedig maak. Diegene wat woeker met „inhoud” word weer maklik sedemeesters.

Daar skuil dus in hierdie „vorm” vir die kunstenaar as mens, as sosiale wese, 'n baie groot gevaar. Die prys om kunstenaar te wees, word dus vir die draagkrag van die mens te groot. Dit kan hom vernietig, soos die geval inderdaad met baie kunstenaars was. Ek noem hierdie belangrike keerpunt, waarvoor die skrywer wat ernstig met sy werk is, die een of ander tydstop te staan kom. Ook ek het aanvanklik veel vir die estetiese gevoel, noem dit dan maar kuns-om-die-kuns, waardeur mens al sterker op die vorm toegespits raak. Ten spyte egter van die maklike formule dat vorm en inhoud in die kuns een moet wees, bly daar die neiging van die vorm om die inhoud in hom te laat verdwyn. Dit maak die lewensbeeld eensydig, en vervreem die kuns van die lewe. Die uitweg hier is om deur die estetiese heen die inhoud te red en om die ewewig tussen vorm en inhoud te herstel. Waar die estetiese die estetiese as onafskeidelike ondergrond verwaarloos,

volg ondergang van kuns en kunstenaar soos die Tagtiger-geskiedenis maar te duidelik bewys. Gezelle het vroeg in sy lewe die aansuijing van hierdie estetiese vormdrif gevoel, en sy kuns gered deur die etiese van sy wese tot volle ontplooiing te laat kom. Dit is die uitweg wat Tolstoi ook gesoek het. Elke kunstenaar moet die vraag egter persoonlik oplos, indien dit moontlik is.

Aanverwant hieraan is die offer wat die publiek van die kunstenaar verwag — sy innerlike lyding word vir hulle leesstof, vermaak.

Kierkegaard het dit baie juis gesien toe hy die vraag gestel het wie nou eintlik 'n digter is en dan daarop swaarmoedig geantwoord: „'n Ongelukkige mens wat diep folteringe in sy hart verberg, maar wie se lippe so gevorm is dat as 'n kreun of 'n kreet ontsnap, dan klink dit soos lieflike musiek. Sy lot is soos dié van daardie ongelukkiges wat in die os van Philaris stadig deur vuur gemartel is en wie se geskreeu nie die ore van die tiran kon verskrik nie, want dit het vir hom soos soet musiek geklink. En mense drom om die digter saam en sê aan hom: „Sing nogeens — dadelik!” — wat dieselfde is om te sê: mag nuwe folteringe jou siel tref en mag jou lippe gevorm bly soos hulle was, want 'n kreet sou ons pynig, maar die musiek is heerlik. En die resesente staan nader en sê: „Dit is presies reg, net soos dit volgens die reëls van die estetika moet wees! Wel, natuurlik: 'n resesent kom op 'n haar ooreen met 'n digter — behalwe dat hy geen folteringe in sy siel het nie en geen musiek op sy lippe nie. Ek sê vir u ek wil liewers 'n wagter van swyne wees op die vlaktes van Amager en deur swyne begryp word as om 'n digter te wees en nie deur sy medemens verstaan word nie.”

Vir die digter, vir die kunstenaar wat hom met sy kuns in so 'n tragiese verhouding tot sy medemens bevind, is die aanpassing aan die omringende werklikheid, is die probleem van te lewe nie maklik nie. Dat soveel digters aan slapeloosheid ly, is te verstaan. Dat soveel van hulle maatskaplik misluk, is nog verstaanbaarder. Daar is skrywers wat beweer dat die skrywe van gedigte vir hulle 'n louter vreugde is, daar is diegene wat groot genoë vind in skrywe. Ek kan alleen sê dat ek hulle beny. Vir my het dit nie baie genoë gebring nie, en ek moet eerlik sê dat ek die verheerliking van die kuns, wat teen so 'n prys gekoop word, as oordrewe aanvoel.

Waarom skrywe 'n mens terwyl jy dit 'n moeilike en selfs onaangename taak vind en ander dit miskien nie hoog skat nie? Dit is omdat daar die blywende begeerte tot selfuitdrukking in ons aanwesig is en ons dus daarna strewende om aan ons innerlike

aandoening uiting deur die taal te gee. Omdat dit so moeilik is om iets nuuts te sê en omdat ons selde daarin slaag om ons assosiasies so te rangskik dat dit oorspronklik en verrassend vir ander voorkom, daarom is dit nie maklik om te skrywe nie. As 'n skrywer egter daarin slaag om een goeie boek, om tien goeie gedigte te skrywe, dan kan hy tevrede wees.

Reeds vroeg het ek met prosa begin, omdat ek gevoel het dat wat ek graag wou uitbeeld, nie deur middel van die vers gedaan kan word nie. Dit was 'n gebruik van die geskikste vorm. Tog het hierdie prosa wesensverwant aan die poësie gebly. Die uitwerk van 'n mooi bouplan vir 'n roman mag vernuftige en prysenswaardige werk wees, maar die hoofsaak in die roman, novelle en kortverhaal is, soos trouens in alle ware kuns, die skep van atmosfeer. Sonder die atmosfeer, wat die duidelikste bewys is dat daar waarlik ontroering by die kunstenaar ten opsigte van sy stof bestaan, sal die beste bouplan misluk, want dit is ten slotte die vernaamste skeppingsfaktor wat 'n dieper eenheid aan 'n roman gee. Stof wat nie geestelik verwerk is nie, word altyd sonder atmosfeer weergegee. Atmosfeer is lewe.

Die gevaar is natuurlik altyd daar dat 'n skrywer wat ook 'n hoogleraar is, die teoretiese waarmee hy hom voortdurend besighou, kan laat inwerk op sy kuns en dat dit skade daaraan kan berokken. Die ouderwetse opvatting was dan ook dat 'n hoogleraar nie romans of gedigte skrywe nie! Dit is egter nie nodig dat wetenskap kuns moet ondergrawe nie, as die skrywer leer om nie alleen insae in die werk van ander skrywers en tydverskynsels te kry nie, maar as hy hom so veel as moontlik toespits om ook sy eie gebreke en vermoëns te leer ken en om binne daardie grense te bly werk. Die wetenskap en wetenskaplike metode het vir die kuns reeds veel beteken. Metode is vir die kunstenaar van net soveel betekenis as vir die wetenskaplike. Die skrywer moet hom deur sy selfkritiek laat lei en hom nie van die dwaalspoor laat bring deur „kenners” nie. Hy moet 'n goeie kenner van kuns en selfs van eie kuns wees! Hy moet probeer gehoorsaam aan die vorm wat sy persoonlikheid hom natuurlikerwyse oplê. Hy moet nie probeer skrywe soos die kritiek sê nie. Hy moet leer om as kritikus van eie werk op te tree. As hy dit doen, hoef hy hom nie te veel te steur aan die uiteenlopende opvattings oor sy eie werk nie. Die sal daar altyd wees. 'n Skrywer ontvang beide lof en verkleining. Hy moet ewe min van albei dink. Wat die een loof, word deur 'n ander verkleineer, omdat smaak altyd sal verskil, en as hy al die eise en voorskrifte van kritici sou moes probeer bevredig, sou daar van sy kunstenaarskap nie veel oorbly nie. Dit was en is my opvatting.

Dan is daar verder nog 'n belangrike stelreël, veral as 'n mens prosa skrywe, en dit is: om goed te kan skrywe, moet 'n mens gereeld skrywe. Elke skilder weet hoe nodig dit vir sy innerlike aanskouing en vaardigheid is om dag vir dag te werk. Mens moet jare en jare les neem in die skilderkuns, maar baie beginners dink dat elkeen die pen kan hanteer en 'n boek skrywe. As die een doek klaar is, begin die skilder aan 'n ander. Hy raak verdiep en opgeneem in die atmosfeer van sy werk. Hy leer die fynste tegniese middels ken. Dit spreek vanself dat alles wat hy skilder, nie meesterwerke is nie, maar in elkeen het hy 'n deel van sy persoonlikheid gelê en deur elkeen het hy sy beheer oor die materiaal en die vorm sterker en vaster gemaak. Beheer oor die vorm bring beheer oor die stof mee. Ons kennis van die universele reik maar deur die persoonlike. „Ware simboliek,” sê Goethe, „skuil daar waar die besondere die algemene verteenwoordig.” As mens jou hele lewe lank aan een groot werk kon skrywe en al wat jy aan kunsinsig en skeppingsvermoë besit, so daarin konsentreer dat jy niks meer daaraan toe te voeg het nie, sou jy 'n meesterstuk kon lewer. Geen mens kan dit egter doen nie. Eenvoudig is dit nie, omdat ons in ons lewe van fase na fase voortgaan, aan stemminge onderhewig is en van opvatting verander. Mens probeer egter om die verskillende aspekte van sy bestaan vas te lê in wat hy skrywe. Soms slaag hy en is daar 'n gelukkige innerlike organisasie van indrukke tot 'n kunsgeheel. Al hierdie geesteservaring sou ons onmoontlik in die sintese van een boek kon pers, en persone wat dit wou doen, het nie altyd geslaag soos Goethe met die tweede deel van sy Faust ook bewys het nie. Die kenmerk van die mens is sy onvermoë om iets tot stand te bring wat by benadering „volmaak” genoem kan word. Daarom hoef ons ook nie te treur dat ons eerste boeke vir ons vandag maar bra skraal lyk as ons hulle lees nie. Daarmee het ons 'n bepaalde ontwikkeling begin. Terwyl mens skrywe, leer jy, en wat jy nie in jou het nie, kan jy ook nie gee nie. Soms is dit noodlottig vir skrywers om die raad aan te neem dat hulle op groter „besonkenheid” en „rypheid” moet wag, want van hulle beste werk word juis gelewer terwyl hulle gelukkig nog nie daardie besonkenheid en rypheid het wat by ander skrywers se uitinge sou pas, maar seer seker nie by hulle s'n nie. Dit beteken natuurlik nie dat elke kunstenaar maar los en vas kan skrywe nie. Eer in sy werkmanskap is hoofsaak.

Dit alles voer ons, in aansluiting by wat reeds oor die saak gesê is, na die verdere vraag in hoeverre 'n kunstenaar net suiwer en waar moet uitbeeld wat hy sien en belewe en in

hoeverre daar ook 'n etiese agtergrond, al is dit dan onbewus, in sy werk aanwesig moet wees. In Suid-Afrika, met ons na-aapsug van die goeie sowel as onbehoorlike uit die buiteland, is dit 'n probleem. 'n Kunstenaar is nie net 'n paar oë, is nie net sintuie, is nie net 'n voortreflike kamera nie. Hy behoort ook aan 'n volk en het verpligtinge as mens en burger. Hy kan sy opvattinge en beskouinge wat deur die jare heen in hom ingesak het, nie so maklik uit sy bewussyn ter wille van „kuns” wegsyfer nie. Al is dit hoe liggies, moet dit tog sy woorde, sy styl, sy uitbeelding kleur. Sy vryheid as kunstenaar word deur diep gebondenhede getemper. Dit is 'n faktor waarmee ons rekening moet hou as daar gepraat word oor wat gewoonlik die „boodskap” in kuns genoem word, naas die onverantwoordelikheid wat sommiges sinoniem met „kunstenaarskap” ag. 'n Kunstenaar se diepste oortuigings kan hy nie somar so maklik opsyskuif nie, hoe seer hy ookal 'n beeld wil gee wat getrou is aan die „werklikheid.” Menigeen wantrou hierdie „oortuigings” in die kuns, en tog is hulle in mens en kuns aanwesig! Die „werklikheid,” soos dit gewoonlik genoem word, is maar die werklikheid van die skrywer se gees waardeur ons almal die voorwerpe en verskynsels om ons verskillend volgens eie temperament waarneem. Daarom maak een werk 'n verhewe indruk op ons, terwyl ons by 'n ander nie aan die benoude en muwwe lug kan ontsnap nie. Dit is 'n dwaling om te dink dat 'n treurige mens 'n groot kunstenaar kan wees. Kunstenaar en mens, kuns en lewe kan nie geskei word nie. Die gebreke van groot kunstenaars wat deur talentlose verskoningsoekers voorgehou en misbruik word, het nie hulle groot menslike kwaliteit oorskadu nie. Die gees deurdring die stof, dit gee aan styl sy stempel.

Die stof is in sigself nie verhewe of banaal nie, maar wel die gees wat daarop inwerk. Daarom kan 'n werk oor 'n agterbuurt verhewe wees en een oor godsdienst uiters banaal. Ek het daarom in wat ek geskrywe het, nie net die skone in estetiese sin nagestrewen nie, maar ook in wat waar en goed is. Mens kan natuurlik hieroor redekawel, want sommiges sal sê dat as iets wesenlik skoon is, dan moet dit ook goed en waar wees. Ek druk dit egter so uit, omdat daar by ons die eienaardigste opvattinge oor „skoonheid” bestaan wat in 'n bepaalde soort bewussyn altyd half-half onder volkome misverstand met allerlei randgebiede van die pornografie verwar word. Baie onverteenbare en onomlynde begrippe is deur ons uit die Europese letterkunde oorgeneem en misbruik.

In al die kortverhale, nouvelles en romans wat ek geskrywe het, het ek hoofsaaklik 'n uitbeelding probeer gee van verskil-

lende aspekte van ons Afrikaanse werklikheid; deels was dit die lewe op die land en deels die kontak tussen land en stad, met al die sosiale aanpassinge wat daaruit voortvloei. Hoeveel daarvan geslaag het, is vir ander om te oordeel.

Dit spreek vanself dat kritici graag na invloed in mens se werk soek, want tussen alle boereromans, om net een voorbeeld te noem, bestaan wesenlike ooreenkomste op grond van die stof wat hulle uitbeeld en die tipes wat daarin verskyn. Goethe het kunstenaars aangeraai om meesterstukke te herlees sodat daar in hulle skeppende gees geen „Zurückschwanken” is nie. Die verwysing na invloede is egter baie gevaarlik; as 'n mens daarop moes antwoord, sou die eienaardigste vergissings gou blyk. Jy word beskuldig dat 'n bepaalde roman op jou groot invloed gehad het, terwyl jy die roman nog nooit gelees het nie. In die geval van 'n aantal gedigte het ek dieselfde ervaring waar duidelik die invloed van sekere gedigte op my werk aangestip is, terwyl ek nog nie met hulle kennis gemaak het nie! Ook het bepaalde Afrikaanse gedigte op my gedigte invloed gehad, terwyl hulle ná myne verskyn het! So is daar meer voorbeelde. Dit help nie om ons letterkundige kritici daaroor in te vlie nie. Net soos die kunstenaar, het hulle ook beperkthede en tekortkominge. Kritiek is maar oor die hele wêreld wat dit is; deur baie faktore word die inhoud en aard bepaal, van persoonlike verhoudinge af tot by nasionale eienskappe — meestal ontbreek die intellektuele gewete.

By ons is daar 'n eenaardige aanhangergees wat waarskynlik ontleen is aan ons verkleefdheid aan die party-politiek waar ons minder voorbeeldige kwaliteite as aanhangers en satelliete ontwikkel het. Dit is soms komies om kritieke te lees en te merk hoe hierdie spel van „Al Jare, Al Jare so deur die Bos . . .” ontwikkel het en hoe die een wat die luidste en slimste bie, saampratere en aanhangers kry wat van sieklike lof tot aanstootlike verkleinerings met mekaar ten opsigte van hulle kandidate meeding. Uit hierdie verwarring en onontwikkelde intellektuele onderskeidingsvermoë sal daar moontlik later 'n hoër en waardiger kritiek ontwikkel. Maar ook hier weer moet ons nie die afval en uitwasse van die Nederlandse kritiek as voorbeeld gebruik nie.

Ek het nog nooit geglo aan 'n enge belangstelling in letterkunde of net sekere aspekte van letterkunde nie, hoe dit ook tydelik geestelike winste mag bring soos alle eensydige, intense konsentrasie. Die studie van die geskiedenis en van die filosofie, hoe onvolledig ook, hou gedurig my aandag, naas die letterkunde, besig.

As mens romans wil skrywe, moet jy die mens leer ken. Ek noem dit terloops, omdat ons hier praat oor die agtergrond van eie werk. Mens kan natuurlik 'n hele opstel skrywe oor die agtergrond van elke boek wat jy geskrywe het, jy kan baie staaltjies vertel oor hoe jy op hierdie gedagte en daardie werkmethode gekom het, maar by 'n uiteensetting soos hierdie hoort dit nie eintlik tuis nie. Ek het my meer by kunsbeskouings in 'n breë sin van die woord bepaal. Dit lê op die agtergrond van wat ek geskrywe het.

Baie skrywers tree beide skeppend en krities op. In al wat 'n mens skrywe, is albei werksaamhede natuurlik aanwesig, maar hulle kan ook in duidelik aangewese vorms van mekaar geskei word. Wat letterkundige kritiek betref: daaraan het ek in die begin ook my deeltjie probeer doen. Dit was baie goeie oefening en verskerp 'n mens se blik in die wese van kuns. Maar ek wil eerlik sê dat dit 'n onbenydenswaardige, onaangename werk in ons land is. In ander lande is dit natuurlik in 'n mate ook maar so. Dit is waarskynlik waar dat die groot meerderheid skrywers, goeies sowel as swakkes, nie van ongunstige kritiek oor hulle werk hou nie. Dit is alleen die uitsonderinge — mense wat innerlik 'n sterk geloof het in hulle roeping as kunstenaars en wat hulle krag maar tewens ook hulle swakhede net so goed as die kritikus ken — wat deur die kritiek, hoe ongunstig of gunstig ookal, nie beïnvloed word nie. Nadat hy dit gelees het, dink hy vir 'n rukkie daaroor na, dit vestig moontlik sy blik skerper op gebreke in sy letterkundige werke — ongunstige en selfs vyandige kritiek het dikwels meer waarde as loftuitings — maar dit kan hom beswaarlik van koers af bring. In Suid-Afrika as klein landjie is daar egter te veel persoonlike verhoudinge wat onpartydige kritiek belemmer. Ook is die afwesigheid van 'n intellektuele kweekaarde te groot.

Skrywers wat aan die begin van hulle loopbaan staan, het natuurlik met baie oorgevoeligheid te worstel. Hulle drywe rond tussen vertrouwe en diep teleurstelling; onbillike, venynige kritiek kan hulle diep kwes. Tog sal dit 'n persoon met talent nie „doodmaak” nie. Skrywers wat daarteenoor al heelwat gepubliseer het, moet dit as 'n normale verskynsel beskou dat daar van tyd tot tyd, om watter uiteenlopende redes nou ookal, aanvalle op hulle gemaak word. Daar vind 'n gedurige herwaardering van die letterkunde plaas. Daar vind ander waarde-skattings plaas. Dit is ontstemmend as dit nie gebeur nie, want watter skrywer van betekenis het van alle kante dwarsdeur sy lewe net lof ontvang en wie se boeke was die een ná die ander volkome meesterstukke?

Dit is egter seker dat ons waardeskatting deur baie buite-estetiese oorwegings belemmer word. Napratery is hier 'n gevaar. Mense se smaak loop uiteen; die een het groot waardering vir 'n skrywer wie se ervaringslewe ooreenstemming met sy eie toon, terwyl hy nie die minste simpatie het met 'n ander se boeke nie. Daarby moet ons ons neerlê. Ook mag hy een of twee van 'n skrywer se werke waardeer, maar meen dat ander nie op dieselfde peil staan nie. Dit hang maar af hoe dit gemotiveer word. Hier ontbreek die intellektuele indringing te dikwels. So sal dit seker nog vir geruime tyd bly. Besinning en uitken van estetiese waarde is die vrug van baie ontwikkeling en tradisie. Ons is nog in die leengoed-stadium. Ek het ná 'n paar jaar besef dat kritiese soort werk aan ander oorgelaat moet word, want alhoewel dit sy waarde mag hê om die oordeel van een skrywer oor ander te hoor, verdink mense tog 'n skrywer van naywer as hy hom ongunstig oor ander uitlaat.

Op die oomblik beweeg ons hele letterkundige kritiek in 'n newel. As ons dit lees, ontdek ons gou dat daar 'n subtiële napratery en plagiaatplegery aanwesig is wat eie mening by 'n groot aantal uitsluit. As iemand met gesag of met skyn van gesag 'n ophemelende of afbrekende uiteensetting van 'n skrywer se werk gee, word daardie uiteensetting geassimileer en met 'n skyn van oorspronklikheid as eie mening opnuut voorgestel. Ek moet egter sê dat wat kultuur-historiese werksaamheid en navorsing betref, daar uitstekende werk gedaan is. Dit gee ook aangenamer perspektiewe aan ons letterkundige werksaamhede wat anders te veel in die subjektiewe bly vassteek het. Ons kritiek is geneig om karakteristieke woorde, wendinge, simbole aan die Nederlandse kritiek te ontleen en om dit by ons toestande so goed as dit kan in te werk en aan te pas.

Dit is reeds spottend gesê dat ons hier so swak op ons bene staan dat as 'n gewone Nederlandse kritikus hom oor ons letterkunde uitlaat, word dit dadelik van die grootste gewig. As 'n Nederlandse kritikus van naam 'n waardeskatting van ons letterkunde sou gee, kan dit beteken dat al ons letterkundige handboeke hersien moet word! Hier is die ou koloniale komplekse nog aanwesig waarteen op staatkundige gebied so hard gestry is. Ons Afrikaanse denke is nog 'n tingerige plant en ons selfstandigheidsgevoel is maar, buite politieke raserigheid om, uiters gering. Net soos in ons stryd vir staatkundige onafhanklikheid moet in ons letterkunde die strewe nie verslap om na-apery, hoe subtiel dit ookal mag geskied, te ontmasker nie. Ons letterkunde moet uit eie ervaringslewe opgebou word.

Wat my werksaamheid as kritikus in die breedste sin van die woord betref, het ek die aangeduide rigting probeer volg. My belangstelling het vanselfsprekend na die agtergrond van ons geskiedenis geskuiwe, en wat ek op hierdie gebied waargeneem het, is uiteindelik saamgevat in my biografie van generaal Hertzog. Die bespotting wat nasionalisme in 'n land soos Nederland vroeër moes ervaar, veral van die kant van letterkundiges wat graag op die internasionale plan wou beweeg, het vir my steeds baie eenaardig voorgekom. Natuurlik kan nasionalisme ontaard in bekrompenheid en nasionale bysiendheid, maar dan moet die begrip nasionalisme, wat veral in die politieke sfeer lelike kante vertoon, 'n ander naam kry. In Suid-Afrika moet elke Afrikaner elk geval 'n kulturele nasionalis wees. As hy dit nie is nie, merk ons dit gou aan sy taal wat van die ou Dietse pleganker losraak en begin wemel van anglisismes.

Generaal Hertzog se groot politieke, kulturele en staatkundige prestasies was vir my, toe ek dit behoorlik ondersoek het, so verreikend en blywend dat ek alleen maar moes glimlag om die bogterige stukkie wat oor hom in die kultuurgeskiedenis verskyn, meestal — asof hy ook maar een van die gewone „kultuurdraers” was wat 'n plekkie kry — net bepaal by sy Vrystaatse Onderwyswet van 1908. Dit het vir my ook duidelik geword hoe droewig stereotiep ons waardeskatting geword het, want waar niemand tereg die betekenis van volkshelpe soos president Kruger en generaal De Wet ooit betwyfel nie en ons steeds die geykte, retoriese „'n De Wet, 'n Kruger” in haas elke heldedagtoespraak kry, het dit vir my na 'n baie skewe perspektief gelyk dat, net om partypolitieke oorwegings, so 'n groot figuur soos generaal Hertzog opsetlik verswyg word. En dit nogal na alles wat hy vir Afrikaans en die Afrikaanse gees verwerf het! Ek het gemeen dat ek hier 'n daad van eenvoudige regverdigheid moet verrig! Wellig sal die stereotipe beeld geleidelik, as onpartydiger waardeskatting kom, verandering ondergaan. „Geen volk is 'n goeie beoordelaar van wat binne sy grense aangaan nie,” het Goethe egter reeds juis opgemerk.

Toe ek vanaf einde 1924 op die redaksie van *Die Landbouweekblad* werksaam was, het ek aanvoerwerk vir *Op die Plaas* en *Langs die Grootpad* gedoen, terwyl ek tewens ook besig was om die vrae wat oor boerderyaangeleenthede gestel word aan die verskillende gesaghebbendes ter beantwoording deur te stuur! Hierby het nog gekom dat ek af en toe self 'n artikel oor boerderyaangeleenthede saamgeflans het, hoofsaaklik uit die

navorsing van ander. Een van hulle het oor koöperasie in Denemarke gegaan en die ander oor kuilvoer! Hierdie belangstelling in onderwerpe wat ver van die letterkunde af lê, was maar taamlik gedwonge, en tog was dit waardevol, want vir elkeen wat meelewe met die letterkunde, is 'n breë belangstelling in die lewe nodig. Dit moet alles egter verwerk word en die skrywer tot dieper bewustheid van lewensverskynsels bring. Om „verliteratuur” te raak, is 'n alte muwwe verskynsel. Mens kon vir Goethe veilig naskrywe waar hy hom uitlaat oor sy jeug: „Toe ek agttien was, was Duitsland ook net agttien — mens kon iets doen. Ek is bly dat ek toe begin het en nie vandag nie — noudat die eise baie hoër is.”

Ek was gedurende hierdie tyd voortdurend met die Moderne Nederlandse en Vlaamse letterkunde besig, en baie gedagtes wat veral die Tagtigers sowel as die Vlaamse skrywersgroep van „Van Nu en Straks” in my help opwek het, het ek af en toe in 'n artikel in *Die Volksblad* — op die redaksie van hierdie blad was ek vanaf 1925 werksaam — gepubliseer, meestal nie onder my naam nie. Die vernaamste inhoud hiervan was dat daar weinig gevoel vir skoonheid of letterkunde in Suid-Afrika bestaan en dat 'n ontwaking nodig is. Veral is nadruk gelê op die skoonheid van die woord en die waarde van die letterkunde vir ons innerlike vorming. Daardie jare was reaksie op dergelike oproepe nog nie baie groot nie, maar dit was destyds al duidelik dat daar dieper kragte in die volk, wat bolangs maklik met politieke sette rondgeskuiwe is, aan die roer was. Dit alles het natuurlik 'n invloed op 'n mens, want die tydsgees se inwerking bly oorheersend.

Een van die dinge wat vir my in daardie jare sterk opgeval het, was dat daar, naas die mooi nasionale oplewing, baie voos en vals verskynsels in verband met hierdie wye beweging na selfstandigheid op te merk is. Miskien is 'n mens in daardie jare baie geneig om jou te stoot teen die persoon wat net die nasionale beginsel vir hom gebruik.


Ek het 'n paar van hierdie persone deur die koerantlewe leer ken, en vir my, besiel met idealisme vir die Afrikaanse saak, was dit 'n groot en bitter teleurstelling om uit te vind dat dergelike mense net so min vir die Afrikaanse saak iets beteken soos watter poseur ook elders op die wêreld. As die Tagtigers gevoel het dat daar baie van hierdie soort in die letterkunde bestaan wat onthul en opgeruim moet word, dan het ek dit veral gevoel ten opsigte van ons politieke en kulturele stryd. Destyds was die twee een! Dit spreek natuurlik vanself dat mens jou skerp uitspreek ná 'n dergelike ontnugtering, en dit het ek gedaan. Baie persone het niks daarvan gehou nie, want

waar mens skerp besef het dat dit nodig is om dergelike ongesonde verskynsels te verwyder ter wille van die waaragtigheid van die saak, daar het hulle gevoel dat mens die saak kan kwaad doen deur dergelike persone aan te val wat beskerm moes word om party-politieke redes.

Ek het sterk die kloof gevoel tussen die twee: die Afrikaanse strewe wat skoon en onbesoedel moet vooruitgaan en die troebel stroom klaplopers wat dit probeer inspan vir eie gewin en voordeel. Dit het ek, behalwe in artikels wat nooit gebundel is nie, breër uitgewerk in *Die Afrikaanse Gedagte*, en *Die Stryd om Ewewig*. Hierin het ek probeer aantoon hoe die innerlike aantrekkingswaarde van *Die Afrikaanse Gedagte* groter is as alle uiterlike strydleuses, holle proteste en skeidinge. Ons moes egter eers deur verinnerliking tot daardie dieper besef kom. Deur die geloof in 'n idee ontwikkel ons krag. Eers deur die nasionale heen kan ons hoër strewe. Daardie gedagte moet ons deurdring en dra. Die skepping van 'n waardevolle nasionale letterkunde, van 'n hoogstaande kuns is meteens getuienis van die dieper uitstralingskrag van daardie idee. Dit is van groter waarde as die propagandawerk van organiseerders, hoe ywerig die nou ookal gevoer mag word.

Ek glo nie dat ek vandag iets aan daardie bewerings hoef te verander nie, want die tyd het bewys dat dit in hooftrekke juis is. Jonger letterkundiges voel dit ook so aan, en dit is 'n hoopvolle teken dat ons kritiek op die kultuurlose leier al skerper geword het, omdat die Afrikaanse beweging nie langer meer binne die politiek groei nie — wat seker waardevolle dienste daaraan bewys het — maar dat dit buite die party en parlement om ontwikkel en ontplooi. Dit het 'n dieper intellektuele toon gekry, is wyer vertak tot in die ekonomiese lewe toe en het 'n harder kritiese kern wat vir goed 'n einde maak aan die weke en sieklike wat in baie van ons politieke en kulturele openbare verrottingsplekke veroorsaak het.

Ook het daar 'n skerper besef gekom oor wat „samewerking” met ander groepe beteken. Die dweepsieke en onewewigtige het ek probeer bekamp in *Die Stryd om Ewewig*; dit hou nou verband met wat ek in *Die Afrikaanse Gedagte* betoog het. Ons volkslewe het geen groter teenslag gely as juis deur onewewigtigheid, die rondslinger tussen hierdie en daardie standpunt as gevolg van ondeurdagtheid nie. Ons het daarom die prooi van opportuniste geword. Ek het die kultuur en die beskawing probeer sien as 'n rustelose drang na die besonkene en ewewigtige — nie na die doodse reëlmaat, middelmatigheid of gestandaardiseerde vorm toe nie, maar na die maatvolle wat



C. M. VAN DEN HEEVER AS STUDENT IN NEDERLAND MET GESIN.

'n kragtige innerlike lewe dra en tot innerlike tug van gevoelslewe en intellektuele uiting lei.

Die Grieke het in hulle omskrywing van die skoonheidsbegrip baie klem gelê op die waarde van simmetrie, van eweredigheid van dele om die gevoel van harmonie wat die skone is, in ons op te wek. Hulle was seer seker op die regte spoor, want die onstuimigste innerlike lewe moet eers deur die vorm tot kuns word, en dit beteken 'n oplê van selftug aan die kunstenaar. Die ware vryheid moet na die wette luister! Net so moet die individu en die volk deur die beginsel van „vernaamheid,” om met Nietzsche te praat, 'n aristokratiese ideaal in lewe en kuns besit, 'n oppervorm wat sy invloed na die massas kan laat deursyfer. Dit kan die beste bereik word deur 'n stryd om ewewig aan te bind wat die volk van onbekookthede en dwase uiterstes moet red. Deur die intellektuele tug ontwikkel ons innerlike vryheid wat vir die Afrikaner net so nodig as sy staatkundige vryheid is. En deur in ons lewe na hierdie ideaal te strewe, ontwikkel ons vanselfsprekend, 'n gobalanseerde geestekrag wat die sterkste wapen is om ons prestasies uit die hande van chauviniste en stembus-patriotte te red en waardig sowel as onweerlegbaar teenoor onsimpatieke buitestaanders te verdedig.

Ek het altyd gevoel dat dit die skerpste swaard is waarmee ons ons stryd kan voer. Pascal het nie verniet gesê dat al ons waardigheid in ons denke lê nie. Ek het egter steeds verwys na ons Dietse agtergrond as 'n onmisbare voedingsbodem vir die Afrikaner se geestelike ontwikkeling. Die persoon wat onselfstandig in denke en handeling is, kan nie die onderskeid insien tussen samewerking en handlangerskap nie. Die imperialis wat op stoflike waardes let en met propagandamiddele werk, kan nie begryp dat menige Afrikaner die voortrefflike Engelse letterkunde waarskynlik beter as hy ken nie. Die jingo is nooit 'n kultuurmens nie. Net so kan baie Afrikaners nie verstaan dat die Nederlandse kultuurskat ons nog vir geslagte kan en moet voed nie. Hulle nadruklegging op die „eie” word te uitsluitlik. Hulle raak verwar in hulle nadenke oor onderhorigheid. Die na-aper het geen innerlike selfstandigheid nie en wil aan sy voorbeeld gelyk word. Die selfstandigdenkende persoon daarenteen kan met alle bronne kennismaak sonder dat dit hom van sy eie oordeel en insig ruk. Beide imperialisme en minderwaardigheidsgevoel groei uit die ekstremistiese eenzijdigheid wat ons jingoïsme noem.

Afgesien van wat ek in afsonderlike artikels oor die saak te sê gehad het, het ek in drie bloemlesings, uit die poësie van Vondel, Hooft en Gezelle, my bewondering laat spreek vir die Nederlandse en Vlaamse letterkunde soos ek dit by hulle

grootste skrywers leer ken het. Ek het veral nadruk gelê op die waarde van die taal, waar dit by hierdie skrywers langs 'n diepliggende letterkundige tradisie tot 'n besonder fynheid en skerpte van uitdrukking gekom het.

Afrikaans verkeer nog in 'n onsekere toestand waar dit gebruik word deur skrywers, want ons het nog maar pas begin en swak skrywers, wat aanvanklik hoog aangeslaan is, het hulle spore op ons styl afgedruk. Ons oordeel slinger nog onseker rond. Die assimilering uit Nederlands se woordeskat, die aanwending van korrek-beeldende Boere-Afrikaans is egter nie 'n spel wat met intellektuele berekening moet plaasvind nie. Die voldrae, keurende gees van die skrywer moet daaruit 'n styl opbou wat meer as toevallige raak beelde en gevatheid insluit. Dit moet nie net die goeie styl van een skrywer wees nie, maar daarin moet baie aspekte van sy tyd afgespieël lê. Dit kan 'n tydstyl genoem word in die beste sin van die woord. Ons prosa en poësie worstel nog om dié te vind.

Dit spreek verder vanself dat baie van wat mens skrywe, beklemtoon en wil bevorder, na 'n paar jaar die kleur van aktualiteit verloor, want 'n standpunt wat wen, word gemeengoed en verloor sy oorspronklike krag. Ons kan egter nie sê dat 'n belangrike standpunt wat so baie Afrikaanse geleerdes voorstry, gewen het nie. Die Nederlandse agtergrond waarvoor hulle beywer, raak al meer verwaarloos en ons taal en hele uitingwyse vertoon beklaenswaardige tekens daarvan. As ons 'n hoogstaande letterkunde wil ontwikkel en tewens ons taal en styl uit diep ryk natuurlike bronne wil voed, moet ons Nederlands en Vlaams daagliks lees. Vir ons intellektuele lewe en taal-suiwerheid is dit noodsaaklik. Ek spreek uit ervaring as ek my dank uitdruk vir wat dit vir my beteken het.



P. DE V. PIENAAR.

# P. de V. PIENAAR

**G**EBORE in die Potchefstroomse distrik op 11 Augustus 1904. Ná plaasskool-loopbaan die matrikulasie-eksamen in Potchefstroom in 1921 afgelê. Student aan die Johannesburgse Normaalskool en Universiteit van die Witwatersrand 1922-1925. Goue medalje en spesiale Diploma van die Johannesburgse Kunsvereniging vir afdeling „Oorspronklike Prosa” in 1923. M.A. in Nederlands-Afrikaans met lof in 1926. Onderwyser 1926 tot Augustus 1927 en weer vanaf 1930 tot 1933. Met Unie-studiebeurs na Utrecht, Holland, 1927, alwaar onder leiding van Van Hamel en De Voos studeer het. Na Hamburg, Duitsland, in 1928; studeer by Panconcelli-Calzia, Meinhof en Kloeke, en behaal Ph.D.-graad in 1928. Lektor in Fonetiek, Universiteit van die Witwatersrand, 1934 en hoogleraar in Fonetiek en Spraakheekunde aldaar, 1943.

#### PUBLIKASIES:

1. *Afrikaanse Fonetiek*, saam met prof. T. H. le Roux, Juta & Kie., 1928.
2. *Skakels van die Ketting*, De Bussy, 1929.
3. *Die Fonoposotie en Fonotopie van Afrikaanse Klanke, ens.*, Swets en Zeitlinger, 1930.
4. *Ruth, sketse en verhale*, Nas. Pers, 1934.
5. *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*, saam met Kritzinger, Steyn e.a., Van Schaik, 1936.
6. *Magte*, Nas. Pers, 1936.
7. *Praat U Beskaaf? Voortrekkerpers*, 1939.
8. *Die Oorlogskind e.a. verhale*, Nas. Pers, 1940.
9. *Engels-Afrikaanse fonetiese leesboek* saam met dr. A. G. Hooper, Witwatersrandse Universiteitspers, 1941.
10. *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*, Redakteur saam met prof. C. M. van den Heever, Deel I, Nas. Pers, 1945.

11. *Uitspraakwoordeboek van Afrikaans*, saam met prof. T. H. le Roux, Van Schaik, 1945.
12. *Ons Afrikaanse Spreektaal*, Van Schaik, 1947.

OOR MY EIE WERK.

Ek is die eer nie werd om in die geselskap van groot skrywers te verkeer nie. Ek het my nog nooit 'n skrywer van enige betekenis geag nie. Wat ek gelewer het, was bloot 'n ernstige tydverdryf, wat my baie genot verskaf het. Die letterkunde leen hom tot gruwelike uitbuitery. Sommige hou daarvan om in die mode te wees; ander weer het die oog meer op die voorskotte as op die kuns; ander weer is publiek skelm, want op die stelte van opsetlike duisterheid en verbluffende intellektualisme probeer hulle komieklik na die Olympus-hoogtes reik, waar hulle allermins tuis hoort. Dan is daar die sadiste wat daarvan hou om te rol in die modder van hulle eie onkuise gedagtewêreld en 'n soort bevrediging ontvang deur hierdie gedagtelewe op skrif te stel. G'n wonder nie dus dat baie wat eerlik teenoor hulleself staan, ophou met skrywe uit vrees vir vereenselwiging met een van hierdie groepe.

Met dié voorbehoud, wil ek 'n ietsie van myself vertel, g'n skrywer nie, net iemand wat onbaatsugtig in die letterkunde belangstel.

Van moederskant was ek 'n agterkleinkind van die Hollander J. P. Kleyn en sy vrou Alida Oekerse, intieme vriende van Bellamy, wat 'n „gedenksuil” op sy graf uitgegee het. Miskien het ek van hulle my liefde vir die letterkunde geërwe, maar daarby ook die Hollandse nugterheid. Die emosionaliteit en onstuimigheid kom natuurlik van die Franse kant van die Villiers en Pienaars. En so is daar uit die teenoorgestelde pole 'n nuwe wese saamgestel wat hierdie tweeslagtigheid as karaktereenskap dra. Daaroor later.

In die jaar van „Winternag” is ek gebore. Die wêreld was nog woens op ons plaas en in die verbrande dak-balke het die naweë van die Engels-Boereoorlog steeds gespook. Ek was die negende kind — almal aan die lewe en in die huis, — en om ordentlik gevoed en gedek te word, het genoodsaak dat ons almal van kleinsaf moes uitspring en hand bysit. Daar is die plantjies van liefde vir die aarde en die plaas met die skurwe kaalvoet saam met die twakplantjies vasgetrap. En hoe vrugbaar was daardie teelaarde nie!

My familie vertel my dat ek 'n swak boerseun was; aan die lui kant as plaaswerk gedoen moet word en menige kalf het uitgesuipt of skaapooi in die koringakkers belande as ek my heerlik in 'n boek verdiep wat ek saamgedra het, of wat ek gelees het soos die Skepper dit op die vlaktes en kruine geskrywe

het. Die gevoel van vry wees as jy saans oor die uitgestrektheid aantrippel agter die vee, die vergesigte op die rand van die moot, myle der myle, tot jou oë tranerig word van die onnaspeurbaarheid van 'n wasig-omsluierde gesigseinder; die gevoel van nietigheid as die nag om jou toesak met 'n hondegeblaf wat so in die eindeloosheid versterwe — God is die naaste aan ons daar op die plaas! Hoe gou het die dae nie verbygegaan nie!

Skoolgaan op die plaas sou 'n nog groter genot gewees het as dit nie gejaard gegaan het met vrees en bewing vir die hoofonderwyser wat met die roede regeer het nie. Vrees het soos 'n donker skaduwee oor my lewe gestreep. Vrees vir die dood; vrees om te praat; nagvrees; vrees vir die donder. Miskien het dit sy ontstaan in die tweeslagtigheid van my wese gehad, en die stryd om oorhand tussen die twee pole daarvan.

Hollands wat as sekundus vir die moedertaal diens gedoen het, het een voordeel gehad: daar was heerlike boeke soos *Ferdinand Huijck*, *De Roos van Dekama*, *Het Slot Loevenstein*; *Een Menseleven*, *Akbar*, wat die onversadigbare leeslus bevredig het.

As ek moet sê wat die meeste indruk op my gedurende die kinderjare gemaak het, dan sal ek dit soos volg kan stel: eerstens, die wysheid van die natuur en die aardgebondenheid van sy bewoners; tweedens, die devote en onderworpe godsdienssin van hierdie natuurmense; derdens, die skat van volksvertellings en verhale wat 'n dierbare moeder aan ons oorgedra het.

As kind wou ek baie graag predikant word, maar later toe ek met die dr. Pluizer-gees besield geraak het, was dit ene belangstelling vir die mediese wetenskap. Vanweë gebrek aan fondse het dit geen van beide geword nie. Ná die Engels-mediumhoërskool wat weinig tot my taalliefde bygedra het, is ek na die Engelse Witwatersrandse Universiteit om onderwyser te word: hoofvakke Skeikunde en Wiskunde. Per toeval het ek ook by prof. J. D. A. Krige in Hollands klas geloop. Die besieling waarmee hy letterkundige skoonhede vir die student geopenbaar het, het op my 'n diepe indruk gemaak. Skeikunde het ek dadelik omgeruil vir Afrikaans en die wetenskaplike kursus is na die maan. Later sou ek in die taalstudie genoeg geleentheid vind om my wetenskaplike aanleg te bevredig. Pleks dat ek in die letterkunde promoveer het, het die objektiewe taalstudie vir my 'n deegliker fondament geblyk waarop gebou moes word. Die taal self is vir my die draer van die volk se hoogste kulturele skeppings. Ook toe ek deur 'n studiebeurs gelukkig in staat gestel is om die Vasteland van Europa te besoek, het dit dadelik geblyk dat die taalstudie meer bekoring vir my gehad het as die letterkunde.

My eerste pennevruggie is op sesjarige leeftyd gelewer. Ons plaas het 'n lewendige debatsvereniging gehad en my het die onderskeiding te beurt geval om 'n spotversie oor 'n windmakerige wewenaar-oom in die „joernaal” geplaas te kry. Daarna 'n prys af en toe in opstelwedstryde. Die eintlike aansporing om te skrywe dateer uit my studentejare. Die Johannesburgse Kunsvereniging het in 1923 'n wedstryd uitgeskrywe vir die beste kortverhaal. Jan Celliers, prof. T. H. le Roux en prof. M. S. B. Kritzinger was die beoordelaars. Ek was toe 'n „stadseun” en deurdrenk met die naturalisme van Van Deyssel, Querido, Zola e.a. My „Vier skilderstukkies in rooi en swart” het die goue medalje en spesiale diploma van die Kunsvereniging verower en baie hoë lof van o.a. Jan Celliers. Hierdie aanmoediging was 'n spoorslag.

Eers in Holland toe ek ontslae was van die eentonigheid van tweehonderd opstelle per week se nasien, kon ek die beelde voltooi wat saamgevat is in *Skakels van die Ketting*. Daarin het ek die plaasseun se indrukke van die stadslewe, soos dit teen die eie plaasagtergrond gesien word, probeer skets. Nie 'n uitgewerkte psigologiese verhaal wou ek gee nie, maar los beelde, voorafgegaan deur simboliese sketse. Dit was jeugwerk, sterk onder die invloed van die naturalistiese skrywers. Ek het nog geen eie lewenshouding teenoor die kuns ontwikkel nie, maar die kuns-om-die-kuns-groep nagepraat.

Die polemieek wat oor hierdie werk ontstaan het, veral dié tussen Langenhoven wat my 'n apostel van die smerige kultuur genoem het, en dr. F. C. I. Bosman het my ernstig laat nadink oor Kuns, soos ek dit toe gaan sien het teen die agtergrond van ons volksverlede en ons wordende kultuur.

Dit het vir my duidelik geword dat die kuns-om-die-kuns-leuse 'n dwaallig vir 'n jong kultuur is. Werklike jong kunstenaars het niks om hulle kuns aan te anker nie en die kuns-om-die-smerigheid-groep kan dan heerlik saam met werklike kunstenaars baljaar. Vir my wortel kuns in 'n volksverlede en rig sy koers as deel van 'n ontwikkelende kultuur: afdraand as die sedelike peil van 'n volk verval, na die hoogtes as 'n volk vorentoe beur.

Indiidualisme is maar vermomde kuns-om-die-kuns. Die indiwidu staan nie los van die gemeenskap en die gemeenskap los van sy volk nie. Net soos die molekule die eienskappe van vaste stowwe bepaal en hulle op hulle beurt van atoom-samestellings en dié weer afhanklik van protoon- en neutronkombinasie is, so moet die indiwidu beskou word as een van die wat die volks-„Gestalt” bepaal.

*Indiividualisme* is dus 'n openbaring van sedeloosheid en verval. *Kuns* is die ontluiking van die indiwidu-as-deel-van-'n-volksgeheel se idealisme, sy strewe na die goeie en die skone. Die een staan hom dood teen sy eie verwronge *ek*, die ander sien soos Ibsen se Brand gedurig hoër spitse bo hom toring in sy ewigheidsverlange.

Die kultuur van ons Afrikaanse Volk groei uit 'n diep-godsdienstige voedingsbodem. Ons samelewing is verbind deur sedelikheidswette wat nou verband het met ons Calvinistiese lewensbeskouing. Om van hierdie eenheid te wil wegbreek deur die boheemse quasi-kunstenaars-indiividualisme van oorsee na te aap, om te vergeet dat jy Afrikaner is omdat jy dadelik wil aansit aan die Olympusfees van die wêreldkunstenaars, is om jou met 'n eselsvel te klee. Die kunstenaar kan alleenlik internasionale roem verwerf deur nasionaal groot te wees. Die disa groei alleenlik teen die hange van ons eie Kaapse berge.

Ná *Skakels* het ek nederig begin kortverhale skrywe, ek glo op aandrang van C. M. van den Heever wat ek in Holland ontmoet het. Hierdie eerste verhale het ek aan die redakteur van *Die Huisgenoot* gestuur en dis hoofsaaklik deur mnr. Viljoen se aanmoediging dat ek my op die kortverhaal begin toelê het. Die temas van die kortverhale in *Ruth* is uiteenlopend, party het ek in die omgewing gehoor waar ek grootgeword het, soos *Die Dooie Gans*; *Daniël Hugot* e.a.; *Ruth* is deur die Bybelverhaal geïnspireer, miskien deur my eie verlange na die plaaslewe.

In *Magte* is daar meer eenheid, omdat in elke verhaal daar een van die drade van die noodlotsweb waarin die mens hom vasloop, weergegee word. *Oorlogskind* het ontstaan as gevolg van die skok waarmee die oorlogslawine ons oorval het. Dit wil die gemoedelikheid en eenvoud van die deursnee-mens stel teenoor die verterende geweld van die oorlog waarteen geen moraliteit, geen rede, geen liefde, g'n godsdiens bestand is nie. As dierlike magte in die mens ontketen is, moet dit soos 'n pes eers uitwoed en die mens saam verniel.

Dis moeilik om te sê wat aanleiding tot die meeste van die verhale gegee het. 'n Sinnetjie in 'n koerantverslag, 'n gebeure wat deur iemand vertel word, raak gewoonlik 'n resonerende snaar êrens. Die verhaal word nie dadelik geskrywe nie. Dit broei weke, soms maande lank voor dit vorm kry. Om 'n moderne beeld te gebruik: die idee word bestook met vormings-

„protone” tot hulle daarin binnedring en die vormgewing bewerkstellig.

My manuskripte is bewysstukke dat skrywe vir my inspanning kos. Vordering is stadig. Ek soek lank na die regte woord of sinsgroep. Die taalbeleving is vir my net so weselik as die idee-uiting: nee, liever moet ek sê, dit vorm ’n eenheid met die ideëdinamiek. Ek probeer die verstarde skryftaal vermy. Die gesproke woord is die eintlike lewende taaluiting en behoort die geskrewe woord te lei en te vernuwe.

Dis eienaardig dat baie kritikusse die krag van my skepping in die „kopieerlus van die alledaagse lewe sien.” Hemel nee! My hele wese kom in opstand teen sulke omslagtigheid. Liewer een raak woord, een felle kontras as ’n ewige ou gesanik en eindelose uitrafeling. Dis miskien daarom dat ek ’n voorliefde vir die dramatiese kuns het, waarvan die bou herinner aan ratte wat inmekaar pas. Liriese poësie, met of sonder opsetlike of onopsetlike duisterheid, kan ek nie geniet of na waarde skat nie, — daardie gefladder tussen yle lammerwolkies! Ewemin hou ek van wysgerige ontrafelings. Die oombliklike, die daad, daaraan het ek tog iets. Prosa met dramatiese inslag, liefs teen idillies-landelike agtergrond hou ek van. Daarom my voorliefde vir die Skandinawiese prosaïste soos Hamsun, Lagerlöf, Undset, Strindberg; vir Finne, soos Sillanpää; vir Russe, soos Andrejev, Gorfi, Turgenjef; vir die Vlaming Strenvels; vir die Duitser Franz Werfel.

En tog, vanweë eie wesensantonomie, is een van my liefling-skrywers die Fransman Duhamel met sy simpatieke sielkundige uitbeelding van doodgewone mense soos deur ’n groot humoris gesien.

Naas dramatiek en nou verwant daarmee is die neo-romantiek. As teëvoeter vir die wetenskaplike objektiwiteit is hoërop die emosionaliteit genoem. In dramas soos dié van Ibsen en Strindberg is albei aanwesig met die klem op die gevoelsy. By Shakespeare en O’Neill oorheers die objektiwiteit. Miskien is ek in wese eintlik romantikus met dié voordeel — as dit ’n voordeel is — dat die emosionaliteit deur die objektiwiteit goed beheer word.

Hierdie selfbeeltenis is dus onderhewig aan juis dié gebreke wat my lewensbeskouing en kuns kenmerk. Ons sien onself tog nie soos ander ons sien nie. En wat die kritikasters betref, gun ek elke diertjie sy plesiertjie. Wat ek skrywe, is tog nie vir hulle bedoel nie, hoewel ek besef dat die tydskrif-tjekkies in hierdie dae van raap en skraap welkom is, en hulle ook moet

lewe. Ons kritiek ly enersyds aan literêre bek-en-klou-siekte (wat kan jy anders van die kliekspulle verwag?), andersyds aan literêre kameleonisme (vanweë werklike onvermoë om tot die wese van 'n kunswerk deur te dring?). Die huidige vasval wat ons literêre kuns betref, kan grotendeels aan gebrek aan opbouende leiding toegeskrywe word.

Maar ek glo aan die potensialiteite van 'n groeiende, lewenskragtige en doelbewuste jong volk. Waar die Afrikaanse volk op elke gebied vorentoe beur, daar sal ook die letterkunde as spieël van die volk se hoogste kuns nog sy plek „in der Staten rij” vol staan.


# J. VAN MELLE

**J**OHANNES VAN MELLE is gebore op 11 Februarie 1887 in die stadje Goes, Holland. Sy opleiding vir onderwyser het hy gekry aan die Christelike normaalskool in Doetinchem. Hy het skaars 'n jaar skoolgehou toe hy in 1906 'n advertensie in een van die skoolblaaie sien vir 'n pos op Dullstroom in Transvaal. Sy ouers het hom laat gaan op voorwaarde dat hy ná drie jaar weer sou terugkeer.

Van Dullstroom is hy na 'n plaasskool in Wakkerstroom-distrik, en vandaar na Witfontein naby Bronkhorstspruit. Nouliks 'n jaar en 'n half ná sy aankoms daar het 'n verlange na verandering hom weer onrustig gemaak. Die winter was op hande en oral het Boere begin praat van Bosveld-toe trek. Op 'n vergadering is toe besluit dat almal hul kinders uit die skool sou neem om die onderwyser tegemoet te kom sodat hy bietjie los kon wees van sy eentonige arbeid. Hy het met een van die kommissielede saamgegaan na die Bosveld, maar toe hy ná die winter weer na Witfontein teruggekeer het, het die gedagte om die hele dag tussen vier mure te staan, hom afgeskrik.

Die drie jaar verlof wat hy van sy ouers gekry het, was nou ook al byna om en hy moes planne beraam om huis-toe te gaan. Deels uit avontuurlus en deels om reiskoste te bespaar, het hy toe aangemonster as matroos op 'n Duitse seilskip wat na Wes-Indië sou gaan, en daar het hy kennis gemaak met allerlei uitgesakte mense. In sommige van sy verhale vertel hy van hierdie uitgesaktes.

Ná sy tuiskoms het hy weer vier jaar in Holland gebly, maar het toe, aangelok deur die sonnige klimaat en die groot ruimtes, in 1913 vir goed na Suid-Afrika teruggekeer.



J. VAN MELLE.

Deur sy werk aan plaasskole het hy die geleentheid gehad om die plattelandse Afrikaner te leer ken, 'n kennismaking wat by hom die lus opgewek het om oor hulle te skryf. Aanvanklik het hy dit in die Nederlandse taal gedoen en sketse en kortverhale van hom het in verskillende Hollandse tydskrifte verskyn.

In 1924 het hy na Johannesburg vertrek en toe eers het hy in Afrikaans begin skrywe. Tevore het hy nooit die moed gehad om dit te doen nie, oortuig daarvan dat mens slegs in jou eie taal werk van letterkundige waarde kan lewer. Sy eerste sketse in Afrikaans het in *Die Volkstem* verskyn. Later is daar ook verhale van hom in *Die Huisgenoot* en *Die Brandweg* opgeneem. Die meeste van daardie verhale is later in bundels versamel en uitgegee.

Hoewel hy hom al meer op die skrywe van Afrikaans toegelê het, het hy tog nog af en toe in Nederlands geskrywe en vir 'n hele tyd het hy gereeld bydraes na *Het Hollands Weekblad* gestuur. Ook in *De Hervormer* het hy teksbeskouings in die Hollandse taal geskrywe. Die stukkie in *Het Hollandse Weekblad* is later uitgegee in 'n bundel getitel *Het Stadje op het Groene Eiland*.

Sy eerste Afrikaanse roman het in 1933 verskyn onder die titel *Dawid Booysen*. Sy tweede roman *En ek is nog hy* is 'n vertaling van die Nederlandse roman *Bart Nel* en is in 1943 gedruk.

In die laaste jare het hy hom meer toegelê op teksbeskouings en daar het agtereenvolgens van hom verskyn: *Uit die groot skatkamer*, 'n bundel kort beskouings. Voorts verhandelings oor *Die Openbaring van Johannes*, *Die profesieë van Daniël*; *Die profesieë van Esegël*, en *Die profesieë van Jesaja*, terwyl daar 'n brosjure, getitel: *Die Bybel oor die hiernamaals*, in die pers is.

Sy boekie: *Denker kom kyk*, val nie onder hierdie groepering nie, maar is 'n simboliese reisbeskrywing en van wysgerige aard. Sedert 1942 is Van Melle gepensioneerd en wy homself geheel aan sy liefhebbery..

#### MET DIE KRONKELPAD VAN SKRYWE.

Toe ek 'n seuntjie van ongeveer tien jaar oud was, het ek my eerste gedig gemaak. Dit was die geskiedenis van 'n rot en dit het nog al gemaklik gegaan, want daar is baie woorde wat op rat rym; byvoorbeeld al dadelik die woord *kat*, en verder *zat* en *glad*, en nog 'n hele paar meer. Ek onthou nog hoe 'n ouer broer van my gelag het toe ek hom dit voorlees.

Die tweede gedig wat ek gemaak het, was 'n lofrede op 'n nooi; nie op my eie nooi nie, maar op die nooi van 'n vriend van my. Ek was toe al 'n jongman van agttien jaar, maar ook daardie gedig was soos die Hollanders sê: „niet veel soeps.”

Later — ek was seker al drie- of vier-en-twintig — het plotse-ling my dig-aar oopgegaan en het ek 'n groot aantal verse geskryf. Daar het amper geen dag verbygegaan dat ek nie een of meer geskryf het nie. Ek moet toe 'n taamlik vaardige rymelaar gewees het, want die gedigte het letterlik uit my pen gevloei, maar toe ek enkele jare later hulle weer 'n slag deurlees om te kyk of daar by was wat werd was om te behou, was ek so teleurgesteld dat ek almal vernietig het.

Van toe af het ek nog so nou en dan weer gedigte gemaak en — ek meen in 1935 — het tot my groot verwondering 'n uit-gewer in Holland dit gewaag om 'n bundeltjie van hulle uit te gee. Hoewel dit nie die minste aandag getrek het nie en die verkoop daarvan uiters swak was, meen ek tog dat daar een of twee gedigte by is wat die moeite werd is om te lees.

Die gedig wat na my mening nog die beste is wat ek gemaak het, laat ek hier volg en ek doen dit omdat dit, soos u sal sien as u verder lees, iets met hierdie artikel te doen het.

DE BOODSCHAPPER.

*Daar was een diep oud woud,  
Stil onder sneeuw.  
Hij liep daar alleen;  
De witte dagen, de blauwe nachten,  
Altijd door op een antwoord te wachten.  
moet ik gaan? Moet ik gaan? Moet ik gaan?*

*Daar was niets in al die dagen  
Dan aldoor dat zelfde vragen.  
Dagen, weken, maanden, jaren.  
Of door de stilte een antwoord kwam gevaren.*

*Anders was daar geen leven.  
Alleen de gang der sterren waar hij sliep.  
En soms of een stem hem van verre een waarschuwing  
riep.*

*Het trage klimmen van de zon;  
De lage, bleke, zilveren winterzon.  
En witte nevel die boven de dalen hing,  
En verijlde als de zon opging.*

*Niets dan alleen dat ene vragen:  
Waarheen zal ik mijn boodschap dragen?*

Dit het lank geduur voor ek aan myself erken het dat ek geen digter is nie, en dit is nog maar enkele jare gelede dat ek alle pogings om my gevoelens en gedagtes in gedigte uit te druk, laat vaar het.

Die eerste maal dat ek 'n stukkie prosa geskryf het, was toe ek 'n jongman van by die twintig was. Dit was net maar 'n kort beskrywing van 'n tafereel aan die waterkant. Ek het teen 'n seedyk uitgeklim en toe ek bo was, lê die water voor my; breë water, waar die riviermond ophou en die see begin. Die weer was onhelder en 'n sterk wind waai. Jy sien niks anders nie as net die groen water met die skuimende golwe, en dan 'n tjalk. Die bruingeteerde skip van hout lê 'n end van die dyk af voor anker, slingerend en rysend op die golwe. Verder niks nie. Die laagdrywende grys wolke en die groen see met sy wit bruising, en na weerskante die strak lyn van die eensame groen dyk. En dan die donkerbruin skip met sy kaal mas. Terwyl ek daarna staan en kyk, kry ek lus om dit te beskryf. Dit was eintlik iets besonders, want, nooit tevore het so 'n verlange in my opgekom nie, en in die skryf van opstelle het ek as seun nooit uitgeblink nie.

Op daardie sketsie het nog 'n paar ander gevolg, maar daarna het jare verloop voor ek weer iets van dié aard probeer doen het. Maar toe gebeur daar iets wat my beweeg het om in die openbaar te gaan skrywe.

Op 'n sekere dag het ek tussen die boeke van my broer afgekom op 'n uiteensetting van die anargisme. Die trant waarin daardie boek geskryf was, is glo die droogste wat ek ooit teëgekome het en ek het dan ook nooit iemand kon beweeg om dit te lees nie, maar desondanks het dit 'n diep indruk op my gemaak. Dit het my 'n liefde gegee vir die anargistiese idee, want ek het gesien dat van alle wysgerige en staatkundige stelsels die anargisme nog die naaste aan die Christelike leer staan. Hulle het, altans in teorie, geen afgode nie, en hulle verafgood nòg die Mammon, nòg die mens, nòg die staat. As hulle sê: „Geen meester nie,” dan laat dit jou dink aan die woord van Jesus: „Gij zult niet meesters genoemd worden; want een is uw Meester, namelijk Christus.” As hulle sê dat hulle die grense wil uitvee, dan herinner dit jou aan die internasionale karakter van die Christendom; en as hulle altyd weer oor die persoonlike vryheid praat, dan laat dit jou dink aan soveel tekste in die Nuwe Testament dat jy jouself afvra of hulle miskien hulle idees daar gekry het.

Die kennismaking met die anargisme het my in 'n openbare briefwisseling gebring met 'n bekende Christen-sosialistiese

skryfster van daardie dae, 'n dame wat onder die skuilnaam Enka geskryf het. Een sin van myself onthou ek nog goed: „Want het ware beter indien een ieder handelde naar het goeddunken van zijn boos hart dan dat wij onze vrijheid zouden opofferen aan de rust en veiligheid van een ordelike maatschappij,” 'n sin wat bewys dat ek toe nog nie goed kon sê wat ek eintlik bedoel nie. Ook in ander blaaie het ek soms my anargistiese ideë verkondig. Ewewel, tot veel het dit nie gelei nie en gaandeweg het my belangstelling vir die anargisme verswak.

In daardie dae het ek ook veel geles in ou uitgawes van *De Nieuwe Gids* en by 'n sekere artikel kom ek toe af op 'n uitspraak van Willem Kloos wat my erg getref het. „Hoe het komt,” so het hy ongeveer gesê, „hoe het komt weet ik niet, maar Christelike mensen hebben over het algemeen een weinig ontwikkelde literêre smaak en Christelike schrijvers schijnen het te moeten doen met een zwak letterkundig vermogen.” Daardie woorde het ek opgeneem as 'n persoonlike uitdaging. „Wat de duiwel,” het ek gedink, „sal hierdie heiden ons dan nog langer met sy aantygings beskimp?” Ek moes egter erken dat wat hy daar gesê het tot 'n groot mate waar was. Christelike boeke was, en is, gewoonlik van 'n swakker gehalte as paganistiese en jy kry onder die Christelike skrywers selde 'n kunstenaar van groot formaat. Op die vraag wat of daarvan die oorsaak is, kon ek toe nog nie die antwoord vind nie, maar ek het my van dié dag af meer op skrywe gaan toelê en ná 'n tyd het sommige tydskrifte verhale van my begin opneem.

Maar as jy 'n Christelike skrywer wil wees, dan moet jy iets van die Christelike leer weet en verstaan. Met 'n geringe en oppervlakkige kennis van die Bybel kom jy nie ver nie. Dan is jy soos iemand wat byvoorbeeld straattipes beskryf en nie veel van hulle weet nie. Dan sal Kloos of iemand anders sê: „Alweer 'n Christelike skrywer wat niks beteken nie.” Maar terwyl ek my met meer ywer as tevore op die studie van die Bybel toegelê het, het die woorde van Kloos al seldsamer en met minder krag in my herinnering opgeklink en het ek met die oordenking van die Heilige Skrif naderhand geen ander bedoeling meer gehad nie as om dit al hoe meer en al hoe beter te verstaan, en om dan van wat ek gevind het, mee te deel aan ander.

Toe ek eenmaal begin skryf het, was die Afrikaanse natuur en die lewe van die Transvaalse boer mede 'n inspirasie vir my. Hier het jy nog uitgestrekte streke met so te sê die ongeskonde natuur, en oral waar mens nog geen spore van mense-arbeid en

mense se vernielsug sien nie, of dit nou kaal vlaktes of bosstreke of wat ookal is, daar is dit mooi. Daar is wel streke waar mense woon waar dit ook mooi is, soos byvoorbeeld die Zeeuwse eiland waar ek gebore is, 'n landjie waar elke plekkie grond die arbeid van mense wys, maar hulle is betreklik uitsonderings, en mens kan sê dat oor die algemeen alles wat deur mensehande aangeraak word, van sy skoonheid verloor. Daarby was die lewe van die Transvaalse boere so vry en avontuurlik en tegelyk so idillies dat dit enige skrywer moes aanlok om daaroor te skryf. Dit was, dit moet mens onthou, veertig jaar gelede en was daar veel dinge nog anders as vandag. Daar was geen motors en geen teerpaaië nie, geen fabriekie nie, geen draad nie. Oral, behalwe op die Rand, was dit stil en landelik. Die mense was ook anders: hofliker, eerwaardiger, minder ambisieus. Dus oor die algemeen aangename stof vir 'n jong skrywer.

So sien ek dan as ek terugkyk vyf oorsake wat my aan skrywe gebring het: 'n geringe aangebore aanleg daarvoor; tweedens, die liefde vir die anargistiese idee; bewondering vir die Afrikaanse natuur; die laagdunkende woorde van Kloos, maar bowe-al die oordenking van die woorde van Jesus Christus. Voeg daarby 'n neiging om sedeprekerig te wees, 'n neiging wat byna elke Hollander as 'n erfenis van sy voorouers in sy bloed meegebring het, en ek kan die hoop uitspreek dat sommige van my lesers my werk nog beter sal verstaan.

#### DIE TONEELSTUK „WRAAK.”

Een aand toe ek my vriend Sondorp 'n besoek bring, vind ek hom besig met 'n studie van die Griekse drama. Ek wis toe nog nie goed wat 'n drama is nie en hy maak my dit toe duidelik, en onderwyl hy die vereistes noem waaraan 'n drama moet voldoen, kom in my die lus op om een te skrywe, en nog dieselfde aand het ek daarmee begin. Kort na mekaar het ek toe twee dramas geskrywe; die eerste was *Die Huwelik van Pop le Roux*, wat deur Van Schaik uitgegee is, en die ander een *Wraak*, wat ek self laat druk het, en dit is van hierdie laaste werk dat ek die lotgevalle wil vertel.

*Wraak* was, volgens my mening, die beste van die twee toneelstukke, maar hoewel ek dit na byna al die uitgewers in die Unie gestuur het, wou niemand dit op eie koste uitgee nie. Die eenparige mening van die beoordelaars was dat dit te somber is. Dit is treurig van die begin tot die end en daar is niks in wat bietjie vrolikheid bring nie. Ten slotte het ek dit dan maar self laat druk. Die ontvangs was nie aanmoedigend nie; die verkoop was swak en die kritiek teleurstellend. Dit het gelyk

of die meeste resensente nie die moeite geneem het om lank oor die werk na te dink nie, en die meerderheid het hulleself met 'n paar niksseggende sinne daarvan afgemaak, terwyl ander dit in meerdere of mindere mate ongunstig beoordeel het. Die enigste uitsondering was, vir sover ek weet, Mocke en Uys Krige, jong skrywers wie se kritiese vermoë toe nog weinig bekend was. Later het ek nooit meer in oorsigte van die Afrikaanse drama die werk sien noem nie.

Hierdie ondervinding het my 'n swak opinie gegee van die Afrikaanse kritici, altans van dié wat toneelstukke beoordeel. „Hoe is dit moontlik,” het ek gedink, „dat hulle nie kan sien dat dit 'n goeie drama is nie?”

Eendag is ek verras deur 'n brief van die Hanekomgeselskap waarin hulle my toestemming vra om die stuk op te voer en kort daarna het hulle begin met die drama in te studeer. Maar verder het dit nie gekom nie, en hulle het al gou die voortgang daarmee gestaak. Later het ek êrens gelees dat die heer Hanekom op raad van 'n dominee liewers vroliker stukke wou opvoer. Wie dit was, weet ek nie, maar van die dag af was daardie dominee nie meer my vriend nie.

'n Tydjie daarna is dit 'n paar aande agtereën in die stadsaal van Pretoria gespeel en daarna het die heer Tommy Beckly 'n toer daarmee langs die Rand gemaak. Ek het een aand gaan kyk en ek was aangenaam verras. Mens kan die spelers nie verwyt nie, en tog was die sukses gering; leë of half-leë sale. Toe het by my geringe waardering vir die letterkundige kritici ook nog die geringe waardering vir die toneelliewende publiek gekom. „Hoe is dit moontlik,” het ek gedink, „dat hulle so iets moois nie kan geniet nie?”

Later het ek die drama omgewerk tot 'n verhaal. Dit het in *Die Huisgenoot* verskyn en is later in een van my bundels opgeneem. Dit is nou ook in Engels vertaal. *Wraak* is egter in wese 'n drama, maar as drama is dit verwerp. As ek nou maar vrolike dramas kon skryf!

#### DENKER KOM KYK.

'n Boek waarvan ek baie plesier beleef het, is *Denker Kom Kyk*. Nie dat daar al veel eksemplare van verkoop is nie, maar die skryf en die lees en herlees daarvan het my miskien meer plesier verskaf as een van my ander boeke, uitgesonderd my teksbeskouings, maar hulle laat ek hier buite bespreking, want hulle behoort nie tot die letterkundige deel van my werk nie.

My bedoeling met die boek was om 'n skets te gee van die geestelike toestand van die mensdom voor die Tweede Wêreldoorlog. Om dit in die vorm van 'n verhaal en tegelyk met 'n



mate van volledigheid te kan doen, moes ek wel 'n besondere plan uitdink en ek het my beskouings toe neergeskryf in die vorm van 'n fantastiese reisverhaal. Die verhaal is dan — so gaan die boek, of liever boekie, want dit is maar 'n bietjie meer as honderd bladsye groot — die resultaat van 'n vermenging van droom, onbeheerste fantasie en beheerste fantasie gepaard met besonkenheid. 'n Ou man lê siek en sy bekommernisse oor die nood, sonde en onverstand van die mensdom, laat hom in verband daarmee drome droom, drome in sy slaap en dan weer deur koors verhewigde fantasieë gedurende tye dat hy wakker lê. In die ure wanneer hy helder van gedagte is, trag hy hom die drome te herinner, hulle te suiwer en te voltooi en daarna te rangskik tot 'n samehangende reeks.

Met sy oorlede vriend Martiens maak hy 'n reis deur 'n denkbeeldige wêreld waarin die vernaamste ondeugde van die mense skerp sigbaar is. Maar terwyl by ons gewoonlik alle soorte van sondes in elke land en stad aangetref word, kom daar in elke plek een bepaalde ondeug spesiaal tot uiting. So kom hulle byvoorbeeld deur 'n streek waar al die mense buitengewoon vrekking is; in 'n ander plek waar almal belaglik eersugtig is, ensovoorts. Nadat hy so met 'n aantal karaktertipes kennis gemaak het, bring sy vriend hom aan die kant van 'n uitgestrekte boswêreld waardeur hy alleen moet gaan en waar hy aan allerlei gevare blootgestel is. Slegs deur voortdurend op sy hoede te wees en moedig vol te hou, kom hy al die moeilikhede te bowe en bereik 'n nuwe landstreek, gans en al verskillend van die wêreld waarin hy eers rondgereis het. Hier woon goeie mense, helde, werkers en denkers, en hoewel hulle ook hul foute het, is dit 'n genot om hulle te ontmoet. Sy vriend is daar ook weer by hom, maar nadat hulle met verskeie van hierdie edel mense kennis gemaak het, bring sy geleier hom in 'n woestyn waar hy in die eensaamheid oor al die ondervondene moet nadink ten einde tot 'n beslissing te kom waar hy sal gaan woon om bestaande wantoestande te probeer verbeter. Hy kan egter nie besluit nie, want hy besef dat dit nie sal help om een bepaalde ondeug of dwaasheid te beveg nie, want dat algar te saam die oorsaak van die wêreldwye ellende is. Wanneer Martiens dan terugkeer en hom vra waar hy sy werk wil opneem, kan hy hom geen antwoord gee nie. Sy geleier bring hom weer terug na sy eie stad en verlaat hom dan vir altyd.

Ek glo nie dat daar veel mense sal wees wat die boek heeltemal verstaan nie, maar ek kan nie verwonderd wees daaroor nie, want ek het die verhaal self eers goed begryp nadat dit reeds 'n

tyd voltooi was. Dit gaan dikwels so met 'n skrywer. Jy skryf iets en eers daarna kry jy 'n duidelike insig in wat jy geskryf het. Dit is 'n taamlik veel voorkomende verskynsel en is nie beperk tot skrywers en ander kunstenaars nie, maar kom by elke mens voor en ook onder alledaagse handelinge. Indien u net bietjie nadink, sal elkeen van u uit sy eie ondervindings hom daarvan voorbeelde kan herinner.

Ons het dus te doen met 'n man wat die wêreld beskou en iets wil doen om toestande te verbeter. Daartoe wil hy in kontak kom met ander mense wat dieselfde verlang. Maar denkers en werkers is helde en om met hulle in aanraking te kan kom, moet jy self 'n held wees, anders kry jy nooit waarlik kontak nie, ook al sou jy in dieselfde huis woon. Maar 'n held is iemand wat alleen kan loop. Dit moet hy dus leer.

As die droom tog ten einde kom, besef hy dat al die dinge wat hy wil beveg, vlak by hom is, in sy eie stad, en dat as hy wil handel, hy sommer daar en dan moet begin. Nóg sy vriend, nóg een van die werkers of denkers wat hy ontmoet het, is daar om hom by te staan, en alleen moet hy die stryd aanvaar.

Ek het breedvoerig oor *Denker Kom Kyk* uitgewei, omdat die boek nie alleen belangriker is as enigeen van my ander boeke nie, maar ook omdat dit, meen ek, meer van my werksmetode laat sien.

#### DAWID BOOYSEN.

Die eerste roman wat ek geskryf het, 'n verhaal met die plaaslewe as agtergrond, het ek vernietig. My tweede roman met as tema die rebellie, ook. Baie jare later skryf ek toe *Dawid Booysen*. Ek het begin aan 'n skets van 'n nagmaalsviering op 'n klein dorpie, maar ek was nog nie lank besig nie toe ek begin te besef dat ek die skets sal kan gebruik as inleiding tot 'n lang verhaal, en al skrywende het dit toe ontspin tot 'n roman. In die begin het ek nie geweet waar die verhaal op afgaan nie, maar gaandeweg het die tema en doel vir my duideliker begin word. Ek wou met die roman aantoon dat 'n plaasboer net soos 'n onderwyser of 'n predikant of 'n soldaat, sy idealisme kan uitleef in sy werk. Boere, die hele wêreld oor, gee jou die indruk dat hulle, waar dit hulle werk betref, harde materialiste is. Hulle is miskien vaderlandsliewend, mensliewend, godsdienstig; hulle is miskien hoogstaande, deugsame mense, maar as boere werk hulle hoofsaaklik vir hul bestaan, en as dit verseker is, vir eer en rykdom. Net soos die meeste handelaars, hou hulle mensliewendheid en besigheid geskei. Nou wou ek hulle met 'n voorbeeld trag te bewys dat mens die twee dinge, jou werk en jou idealisme, behoort te laat saamgaan, dat jy, al is jy nie 'n man met 'n professie nie, jy tog jou

mensliewendheid en jou godsdienssin kan en moet uitleef in jou werk. Met dit te doen het ek onwetend 'n tipe van boer geskilder wat bestaan, want ek het meer as een brief gekry waarin mense my gevra het of ek miskien hierdie of daardie persoon in my gedagte gehad het toe ek die verhaal geskryf het. Een het gesê dat Dawid Booysen feitlik die geestelike portret was van 'n goeie vriend van hom.

Die boek is goed ontvang. Daar was wel 'n baie ongunstige beoordeling van iemand wat destyds in Johannesburg gereeld uitgesaai het en wat van mening was dat die boek nie werd was om op jou rak te staan nie, en dan was daar mense, soos byvoorbeeld dr. Schoonees, wat hulle vererg het oor die kort, hortende en stotende sinnetjies waarin die verhaal geskryf is, maar verder is dit, vir sover ek weet, deur al die resensente verwelkom. Oor die algemeen is nie alleen die skryf self nie, maar al die ander dinge in verband met die publikasie, 'n besonder aangename ondervinding.

#### BART NEL.

In 1914 het ek by die rebelle-kommando van generaal Muller aangesluit en dit het my later in staat gestel om 'n roman oor die rebellie te skryf. Die titel daarvan is *Bart Nel*. Vir vele jare het ek met die voorneme rondgeloop, maar steeds het die moed om dit aan te pak my ontbreek, want ek het gevrees dat ek nie die nodige bekwaamheid daarvoor sou hê nie. Ek het begin in Afrikaans, maar kon nie vorder nie. Toe probeer ek in Nederlands, maar ook toe wou dit nie gaan nie, tot eindelik, ná nog meer vergeefse heen en weer gesukkel, dit in Nederlands geskryf is maar met die dialoog in Afrikaans.

Die ontvangs in Nederland was taamlik goed, maar 'n tweede druk is, ná die eerste uitverkoop was, nie onderneem nie. Nie lank ná sy verskyning is *Bart Nel* in Duits vertaal. Die Nazi-leiers het dit, volgens die uitgewer, egter om een of ander rede so half in die ban gedoen en die verkoop was swak. 'n Afrekening het ek nooit ontvang nie. Waarskynlik lê die meeste eksemplare nou onder een van die stad Leipzig se puinhope.

My voorneme om dit ook in Afrikaans te publiseer, kon ek eers in 1942 uitvoer. 'n Aangename verrassing was 'n brief van Van Wyk Louw waarin hy sy waardering van die boek uitspreek. Ek het dit te meer op prys gestel omdat ons mekaar nie persoonlik ken nie. Dit is die enigste brief wat ek oor *En Ek Is Nog Hy*, soos die Afrikaanse titel lui, ontvang het, en tog staan dit letterkundig veel hoër as *Dawid Booysen*, en

hoewel ek van *Denker Kom Kyk* meer hou weens sy groter rykdom aan gedagtes en omdat dit soveel van my eie lewe weerkaats, beskou ek *En Ek Is Nog Hy* tog as die beste boek wat ek nog geskryf het.

MY KORTVERHALE.

Hoe om kortverhale te maak, het ek in Dinteloord geleer. Dinteloord is 'n dorpie in die Hollandse provinsie Brabant en dit was my eerste standplaas as onderwyser. My klas van by die vyftig kinders het bestaan uit die eerste drie leerjare. Onderwyl ek dan met die een groep besig was, moes die ander skriftelike werk doen. In daardie dorp woon egter die praatlustigste kinders van die hele Holland. Hulle het gesels, met hulle klompe gestommel, geraas gemaak met hul leie en griffels en onder daardie rumoer moes ek dan aan die ander lesgee. As dit dan so erg was dat ek myself nie meer kon verstaan nie, het ek uitgeroep dat ek eers 'n storie wou vertel. Dan was dit dadelik doodstil en vir 'n tyd daarna was dit nog rustig. Maar my voorraad verhaaltjies het gou uitgeput geraak en moes ek self begin stories versin.

My kortverhale is sowel hier as in Holland goed ontvang, altans wat die beoordelings en die opneem in tydskrifte betref. In ander opsigte is dit maar treurig. As ek nou met 'n bundel kortverhale by 'n uitgewer kom, trek 'n skaduwee oor sy gesig. Maar kortverhale skryf ek vir my plesier. Dis nie soos met 'n roman, die skryf waarvan jou kragte uitput nie. Hulle kom meestal as 't ware vanself, en as jy klaar is, voel jy verfris en opgeruimd.



MIKRO.

## M I K R O

**C**HRISTOFFEL HERMANUS KÜHN is gebore op 8 Oktober 1903 op Van Reenensplaas, distrik Williston.

Sy eerste herinneringe is dié van die skaapwagters op hul plaas. Hy het opgegroeï in 'n streng Calvinistiese huis waar hulle elke diens, biduur en begrafnis bygewoon het.

Sy eerste skooljare was op Van Reenensplaas, later op Paardekloof, toe Williston, Robertson en later Carnarvon. Op Robertson in 1920 het hy so 'n ernstige siekbed dat die dokters meen hy sal nie leef nie. Trouens, sy hele jeug deur was hy sieklik.

Dat daar 'n wêreld is wat hy nog nie ontdek het nie, het hy van mnr. J. D. A. Crafford, sy Nederlandse onderwyser op Carnarvon, geleer, en van toe af wou hy net lees. Sy geliefkoosde skrywers was Hildebrand, Dickens, Jane Austen, George Elliot en Thackeray. Ook Scott en Cooper. Jochem van Bruggen het hy „verslind.” Later het ander skrywers bygekóm, maar Elliot, Dickens en Van Bruggen het hom die meeste genot verskaf.

Op Stellenbosch neem hy 'n landbougraad en gaan daarna op Kuilsrivier onderwys gee. Ná 'n paar jaar van onderwys besoek hy die Kaapse Universiteit vir sy Onderwys-sertifikaat.

In 1933 hervat die moeilikheid van 1920 en weereens meen die dokters hy sal nie leef nie. Dis eers vanaf ongeveer 1936 dat hy weet wat goeie gesondheid is.

Sy skrywersloopbaan begin in 1930 met die toneelstukkie *Diplomaties*. Skryf die eerste kortverhaal in 1931 en sy eerste-

ling *Toings* verskyn in 1934, maar dit eers nadat dit deur uitgewers afgekeur is en ná agt hoofstukke geheimsinnig by die tekenaar van die tweede uitgewer wegraak en hy hulle weer moet skryf.

Die onderwys het hom baie van die mens geleer, oneindig baie, maar altyd was die lus by hom om die mens uit te beeld. Dat hy onmagtig was om dit te doen, is nie die sinnigheid se skuld nie.

Bedags gee hy dan onderwys en skryf in die vroeë ure van die more so van halfvyf tot halfagt. Nou hou hy van hierdie werksure, maar destyds het hy geen ander keuse gehad nie.

In Desember 1943 bedank hy die onderwys en wy hom net aan die skryfwerk, maar vind dat hy nog die maklikste skryf in die vroeë ure van die more.

„Ek was seker meer verbaas as my vyande self toe die Hertzogprys vir Letterkunde in 1936 aan my toegeken word,” verklaar Mikro.

Die werke kan as volg ingedeel word. Kleurlingverhale: ses; avontuurverhale: vyf; speurverhale: ses; romans: vyf; toneelstukke: drie; kinderverhale: twee.

Ons noem enkele titels van sy boeke: *Diplomaties* (1930); *Die Grootste genot* (1931); *Toings* (1934); *Pelgrims* (1935); *Rou rieme* (1935); *Kaptein Gereke* (1937); *Oeslande* (1938); *Kompartement 1001E* (1939); *Huurlinge* (1940); *Huisies teen die heuwel* (1942); *Moord in die hotel Barnard* (1942).

## 'N PAAR GEGEWENS

Ek herinner my hoe graag ek as kind wou skryf. Daarom was ek altyd bly as my ouere broers of vader my veld-toe stuur om die kleinvee of perde te gaan haal. Dan skryf ek; in my verbeelding natuurlik. Een verhaal herinner ek my nog. In 'n sneeustorm vind 'n kinderlose paar 'n verdwaalde dogtertjie en hulle neem haar aan. Dit het nooit by my opgekom dat hulle seker die ouers sou soek of dat die dogtertjie hulle sou sê wie sy is nie.

Ek het 'n ander obsessie gehad, ene waarmee my mense my vandag nog spot. Ek het heeldag en aldag gepreek. Baie van die preke het hulle afgeluister. So byvoorbeeld vertel hulle van 'n dag toe ek sou gesê het: „Geliefde toehoorders, julle sien self dis 'n swart kapkar, maar ek sê vir julle dis 'n witte.” Om my werke beter te begryp, wil ek hê julle moet dit in gedagte hou; nie die kapkar nie, maar die lus om te preek en te leer. Onthou ook dat ek onderwyser was en die nukké van 'n onderwyser leer 'n mens nie weer af nie.

Omdat ek as kind tingerig en sieklik was, het ek graag in die wêreld van verbeelding geleef. Waar kon ek 'n beter ontvlugting as boeke kry! Maar in daardie dae was daar nie boeke soos nou nie. Van die eerste boeke wat ek gelees het — ek was toe nog maar klein — was *Oostloorn*, *Een Toer door Afrika* van prof. Du Plessis, en *Johannes van Wyk*.

Ongeveer in my twaalfde jaar skryf ek 'n brief aan die redakteur van *De Goede Hoop* dat ek 'n verhaal vir hom het, 'n vervolghverhaal. Nodeloos om te sê ek het nie een gehad nie, maar ek het gereken as die antwoord gunstig is, kan ek altyd een skryf. Hy het my nie eens geantwoord nie! Ek wonder of hy besef watter kunswerk vir die wêreld verlore gegaan het!!

As 14-jarige seun het ek reeds haas al die werke van Dickens, Scott, Thackeray! (Thackeray van alle mense!) en Cooper gelees. Teen die tyd „ontdek” ek Jane Austen en George Elliott, en hoeveel genot het hulle my nie verskaf nie!

Ek wou so graag, so graag skryf en het elke skrywer en elke boek as 'n gawe van God beskou. Daarom het ek die skrywers aanbid en begin dink ek sal nie kan skryf nie. Toe maak ek kennis met Leon Maré, Van Bruggen en D. F. Malherbe se werke. Ook A. du Biel. Weer het ek my magteloosheid gevoel en hulle bewonder. Vandag nog dink ek hulle is baie, baie beter skrywers as ek. Jochem van Bruggen ag ek ons grootste Afrikaanse skrywer.

Teen hierdie tyd is ek al in Matriek, maar het nog nooit meer vir 'n opstel as vier uit die tien gekry nie. Maar wat ek toe nog nie besef het nie, en my nou goed herinner, is dat ek elke grimering, elke stembuiging van my kennisse of van nuwe kennisse onthou, selfs nageboots het. As kind het ouere mense my dikwels gevra om ander na te boots. Ek kon praat, lees en bid soos hulle. Aan kleurlinge kon ek my verwonder. Hulle was nou eenmaal te snaaks vir my! 'n Broer van my, Fanie is sy naam, en 'n baie onhebbelike mens, het baie dae gesê as ek my so staan en verwonder: „Man, maak toe jou mond!” My mond het letterlik oopgehang. Maar vanaand het ek die mens nagepraat.

Is julle nog verbaas dat ek ten spyte van 'n wetenskaplike opleiding en ten spyte van die vier uit tien punte, begin skryf het? My eerste letterkundige poging was 'n gedig en is in *Die Huigenoot* geplaas! Dit het gelui: „O, sê my tog wat liefde is, Die hoop van elke vrou? Maar waarom is die bruid, So dikwels dan ontrou?” Dit was die eerste versie. Toe skryf ek 'n gediggie oor die woordjie „Twee,” en dit word ook in dieselfde blad geplaas. Ek onthou nog 'n paar reëls. Hier volg dit:

„Hul moes so na die ark,  
Twee en weer twee . . . ”

'n Ander reël was: „Adam het gepeuter tot Eva daar was.”  
Maar ek kon woorde nie mooi inspan nie, soos die vier uit die tien maar alte goed bewys, en so het my poëtiese pogings gou opgedroog. Toe probeer ek 'n ander vorm van uiting. Dis daar in 1930 rond. Ek sal 'n toneelstuk skryf! Ek begin een aand daaraan — sommer in 'n swart oefeningboek. Baie dramaties swaai die mense hul arms en praat 'n verhewe taal. Die produk: *Diplomaties*, uitgewers: Van Schaik.

Ek wil nou sommer iets sê wat ek wonder of dit ander skrywers se ondervinding ook is. In elke geïnspireerde werk „sien” ek werklik my karakters en „hoor” hul gesprekke. Ek sien tot selfs hul gebare. Ou Sampie van die Laeveld, Oompie Dissel, Basjan Bastiaanse e.a. is mense so lewend vir my soos my kennisse. Toiings ook, en Siena en Jannetje.

Gedeeltes van die gesprekke in *Diplomaties* dan het ek werklik gehoor. Toe, nou nie meer nie, staan ek in die aand uit my bed op om te skryf wat ek gehoor het. Nou het ek in die gewoonte geraak om daardie gesprekke iewers in my kop tot more te bêre.

Kostelik nou is my eerste ondervinding. Ja, hulle sal *Diplomaties* uitgee, maar dan moet ek die helfte van die koste dra. In die loop van die 16 jaar het ek nog nie al my geld daarop teruggekry nie. Maar ek het waarde vir my geld gekry, want 'n dun boekie het verskyn en op die buiteblad staan „Diplomaties,” 'n toneelstuk in drie bedrywe deur C. H. Kühn.

Nou volg 'n tweede toneelstuk: *Die Grootste Genot*. Maar ek soek nog na 'n vorm om my in uit te druk. So begin ek dan in 1931 om aan kortverhale te peuter. My eerste poging is die doenigheid van 'n grafsteenmaker en sy vrou en ek noem die verhaal: *Rou Rieme*. Dis een van die verhale in die bundel kortverhale onder dieselfde titel.

Een middag kom ek moeg van die skool, maar met 'n onhebbelike lus om te skryf. Ek weet ek het voor my lessenaar gaan sit, sonder om te weet wat ek wil skryf. Ek skryf. Dit gaan haastiger. Toe hulle my koffie bring en ek 'n oomblik verpoos, het ek al vier bladsye van my eerste *Toiings*-verhaal geskryf. Dis van die Kersaand; Toiings en Siena. Ek was toe nie bewus daarvan nie, maar gesprekke van kleurlinge, houding, sêgoed, het in my siel opgegaan en begin nou uitborrel. Sê maar dis nie kleurlinge nie, sê maar die man kan nie skryf nie, maar ek het Toiings op die waterkantientjie in sy stroois sien sit, hom hoor praat en hy was so gelukkig. En ek was so

gelukkig saam met hom. Ek sal dit sommer nou sê. Geen resesent, al doop hy ook sy pen in gal, sal my stilmaak nie, want ek verkeer met my karakters, ek het hulle lief, hulle verstaan my en hou my geselskap. Kan ek help as hulle my sê wat om te skryf? Onthou julle hoe ou Sabien vir ou Boetsap in „Stille Uur” gesê het: „John, sê waar kan ’n waail dan nou vir Jona insluk?” Sy hét dit gesê. Ek het dit self gehoor. Nie op straat of voor ’n kantien nie, maar hier in een van die kamers van my siel.

So moes ek dan skryf en in 1932 begin ek dit daeliks doen.

Ek glo nie ek sien die lewe anders as ander skrywers of ander mense nie, want ek is tog geen profeet nie. Maar ek wou nog altyd graag aan die wêreld, my Afrikaanse wêreld, vra of hulle ook dinge oordink, ernstig oordink. Dr. F. E. J. Malherbe het my standpunt eendag onbewus baie mooi gestel. Die gees van sy woorde was: „Dis nie net mense (die kleurlinge) wat ons kos kook, ons kinders oppas, op ons strate en in ons huise is nie.” Nee, hulle is nie. Onthou, ek was onderwyser. Ek dink ons is daardie mense se voogde. Ons verantwoordelikheid is groot. Ek wou my Afrikaanse volk opvoed om ’n oog en ’n oor vir die kleurlinge te hê.

Elke mens groei en ontwikkel. Ten tye van Toiings en Pelgrims was ek omtrent nog net so onbeskaaf soos Toiings self, en het op ’n naïwe manier gevra of julle die mense ken wat hier onder julle woon. Sonder taal en sonder kunsbegrip moes ek dit sê. Vergewe my. Ek het ’n boodskap en moes dit aflewer. Ek is gewoond om net vier uit die tien te kry en as die resesente my uitkam, is dit maar weer net vier uit tien.

Ná *Toiings* het ek gevoel julle ken nog nie my mense nie, bedelaars aan julle deur, en so volg *Pelgrims*. Ek het elke keer moedeloos geword as iemand sê hy het so lekker vir Toiings gelag. Ek wou nie hê julle moes lag nie. Onthou julle wat hy sê as hy die maer skaap uit die modder help. „Vrek! Waarom vrek julle nie? Die wêreld is mos van vrek aanmekaar gesit.” Ja hulle (die Kleurlinge) ly ook, strewe, hoop, lag, leef, treur. En hulle is aan ons poorte. Ons mag nie lig-sinnig wees oor hul toekoms nie. Toiings was ’n bedelaar by julle, hande na julle uitgesteek vir ’n bietjie liefde en begrip. In my gees het ek die Kleurlinge, al die Kleurlinge so gesien staan, bedelaars by julle. Verus wou hê julle moes hom begryp, die raasbek Verus; Oompie Dissel, die ouderling, almal van hulle. Ek het hulle toe gesien as Pelgrims wat saam met ons na dieselfde oord reis.

Ek het toe gemeen om nie weer ’n *Toiings-verhaal* te skryf

nie, ek bedoel ná *Pelgrims*. Maar amper tien jaar later voel ek dat ek graag nog iets wil sê. Toiings en sy mense is aan verdwyn. Hulle, nes ons, het die ou kleed uitgetrek en 'n nuwe aangetrek. Weg is nou die invloed van die Kerk, losbandigheid neem toe. Maar Toiings, die goeie jong, word nog nie begryp nie, en is nog 'n vreemdeling onder ons. So het ek hulle nou gesien, as vreemdelinge onder ons. Maar hy, nes ons, soek ook maar na die ewige waarhede, soek ook rus en vrede. Ek voel toe ek wil hom teken as mens met 'n ewige verlange na die goeie. Vroeër wou hy ryk word, verkwansel Oompie Dissel se donkies, soek na iemand hier op aarde om hom lief te hê, maar nou dink hy daar oorkant.

'n Resensent het eenkeer gesê dat my karakters almal tot bekering kom. Ek sal dit nie sê nie, want ek ken Toiings. Hy was altyd bekeerd gewees en moes sy ewige bestemming bereik, maar op pad soheentoe het hy 'n Siena, 'n Griet en 'n Jannetjie gehad. Op pad soheentoe het hy kennis met die sonde, die dood, vreugde, droefheid gemaak. Hy het ook begeer om te eet van die draf wat die varke eet en dit het hom genot gegee, maar ook soveel pyn en smart. Hy wou ook leef, maar ook die ewige bestemming bereik.

Hoe het sommige werke ontstaan? Miskien in 'n oomblik, miskien in dertig jaar. Ek weet nie. Wat ek wel weet, is dat ek my die lot van mense aantrek. Mense is vir my moedige wesens. Die dood hang oor hulle en tog lag en leef hulle, soek en vind nooit nie, begeer en kan hul begeerte nie eens geniet nie, word ryk en sterf arm. Dag na dag stap mense, wat ons onderwysers noem, na 'n gebou in die dorp en bly daar tot vieruur in die namiddag. Vir ons is hulle mense met 'n goeie of 'n swak verdienste wat ons kinders onnodiglik afransel, wat soveel betaal word om ons kinders te leer. Hulle is net huurlinge. Ek wou graag hê julle moet daardie huurlinge ook leer ken as mense met bange hoop, verlange, arbeid, teleurstellings, vreugde. Julle weet nie, julle verstaan nie, het ek gevoel. En so ontstaan „Huurlinge” dan.

Ek woon in 'n dorp met 'n groot Kleurlinggemeenskap. Maar hier het ons nie net ons eie Kleurlinge nie, maar naweke stroom hulle van die Kaap hierheen om drank te kry. 'n Bottel in die broeksak, 'n bottel in elke baadjiesak, 'n sakvol bottels oor die skouer, kom hulle in 'n eindelose stroom hiernatoe. Vanaf neënuur op 'n Saterdagmore staan hulle tou voor die kantene, vier man diep. Vir die kantienhouer is dit soveel halfkrone wat daar staan, vir die dorpsbewoner, blank sowel as gekleurde, is hulle 'n ergerlike las, maar dis ook mense met 'n siel. Die

wynhandel het sy belange, die Lisensieraad sy bedoelinge, maar intussen word hierdie Kleurlinge met liggaam en siel verwoes. Dis 'n stroom van siele met duistere verlange en begeertes, 'n donker stroom.

Hierdie werk, *Die Donker Stroom*, het sy ontstaan in die Lisensiehof een more ongeveer twee jaar gelede. Daar het ek gesit en geluister na die pleidooie van die Kerk en na 'n hartroerende versoek van 'n Kleurling. Sy woorde was: „Meneer, ek smeeek julle, nee, ek bid julle, moenie dat my mense vergaan in 'n stroom van drank nie. Meneer, dis my mense, julle sal mos nie 'n versoek vir my mense weier nie. Meneer, hulle het ook siele en hulle vergaan.” Ek was stom. Hierdie Kleurling het nie gepleit vir hoër lone of gelyke regte nie, maar dat die blanke hom moet red van 'n gewisse dood. Is sy versoek toegestaan? Kom kyk self. Die donker stroom vloei voort en dit kan 'n magtige stroom word, onkeerbaar.

Ek het 'n goeie vriend, 'n wynboer wat 'n filantroop is. Sy plaas, hy het dit 'n paar jaar gelede verkoop, lê in 'n pragtige vallei. Die gewels van die huis is wit tussen die hoë groen akkerbome. Amper vanaf die stoep is wingerde en wingerde en wingerde. 'n Entjie teen die berg op sien jy nog wingerde en bokant daardie wingerde is die huisies van sy arbeiders. Ek het hulle in die wingerde sien werk, Saterdag op die waentjie na die dorp sien gaan, Vrydagaande by die lamplig sien wag vir hul geld. Daar sit die baas met die staweltjies geld voor hom en hier staan hulle, ou Dollie, Piet, Krisjan, Gert. Ek het hierdie tonele so dikwels gesien dat dit my weer ontgaan het, as u verstaan wat ek bedoel. Soms breek hulle by die kelder in, soms luister ek na hul dronkmanstories. Dikwels sterf daar 'n kind of 'n volwassene en dan kan hulle so jammerlik huil en kerm, maar more is hulle weer besope. Maar ek het ook hul hande gesien, hart en vereelt en die vingers stram.

Toe een Sondagmore in die Kerk bid die predikant vir die plaasarbeiders, en skielik sien ek daardie pragtige plaas met sy huisies teen die heuwel. Die gedagte kom by my op dat die lief en die leed van die mense in daardie huisies mos onbekend vir die wêreld is. Hulle is net Kleurlinge. Wie sal hom dan bekommer oor hulle swaarkry, hulle verlange, hulle leed?

Die volgende dag het ek begin aan *Huisies teen die Heuwel*.

Die lot van die arm man laat my nie koud nie. Ek bedoel nie die „Ampies” nie. Ek praat van die arm man in die stede en dorpe, die man wat nie aldag weet waar sy brood en sy vleis vandaan sal kom nie. Die dagloner noem ons hulle. As jy met die trein reis, sien jy hul huisies bankvas op mekaar en in

die trein sien jy hom met werkersklere en tromeeltjie. Maar as die treindeur toeklap, het jy hom weer vergeet. Hulle is daar in hul duisende met dieselfde hoop en verlange as ons.

So ontstaan „Klaradynstraat” dan, die straat waar hulle woon.

Skryf ek met 'n doel of 'n idee? Nie bewustelik nie. Ek wil net graag hê die leser moet die mense sien soos ek hulle sien en dan laat ek daardie mense maar self praat en werk en leef. Ek wil 'n voorbeeld gee. Dis Saterdagmore en die plaaskleurlinge is op die dorp. Terwyl ek nog sit en skryf aan hierdie toneel „hoor” ek bykans duidelik vir Doers sê: „En hier is Piet.” Van nou-af hoef ek nie eens te dink nie, want Piet sal self praat en handel. Ek moet net neerskryf wat hy doen.

„Dan stap ek hom so af en dan stap ek hom so af,” sê Piet en steier so heen en weer. „Dan gooi ek my kop voor my bors en dan gooi ek hom weer so agteroor, en dan klap ek met my voete. Dan voel-voel ek so op die grond langs. Jee, maar die hotnot voel lekkerlyf! Dis mos of die vog so opspring in 'n mens . . . ”

Is dit nog nodig vir 'n skrywer om iets by te voeg, sê 'n beskrywing van Piet in hierdie toestand, as hy klaar gepraat het? Ek glo nie.

Moet die skrywer nog iets byvoeg as ou Doppie Hendriks vir sy maat Lang Piet Ribbes sê: „Kyk my hande! Kan ou Doppie Hendriks nog hierdie twee hande oopkry? Piet, vat jy my vingers en dan probeer jy my hand ooptrek. As jy dit oopkry dan roep ons die baas. Ons bring hom hier en ons wys hom ou Doppie Hendriks se hand. Dis wingerd-grop en druiwesny, dis tabak-plant . . . Altyd maar iets in die hand, tot hy later krom getrek het soos myne. En dan 'n mens se drankies afvat: Nout nie!”

En later:

„Piet Ribbes, sê nou vandag vir my: Is ek dronk of net geskink?”

Ek het dikwels die klag gehoor: „Mikro se werke is te fragmentaries. Dis los taferele. Daar is geen verhaal in. Die nodige eenheid ontbreek.”

Nou. Is daar 'n verhaal in die lewe? Is daar die eenheid waarna julle soek? Ek sal probeer toelig.

Een Sondagmore in die Kerk sit 'n vrou in swart gekleed reg voor my. Ons sing: „Heb Jesus lief, want die getroue Heer.” Sy sing ook, maar die trane loop oor haar wange. Ek weet nie wie sy is nie, en het haar nooit weer gesien nie. Ek wil dit nie anders hê nie. Sy het my 'n skoon moment van

die lewe gebring en die Gesangvers het haar getroos. Fragmentaries! Dis fragmentaries. 'n Oomblik van leed, 'n oomblik van blydschap, die sluier 'n oomblik gelig. 'n Oomblik sien ek die lewe — miskien in 'n kroeg en dan nie weer voor ek 'n jaar later by 'n ope graf staan nie. Weer word die sluier gelig, miskien by 'n feesmaal of in die straat waar 'n vrou jou voorkeer. 'n Verhaal! Ek hou nie van 'n verhaal nie. Die lewe is immers geen verhaal nie.

Waar leer ek my medemens ken? Is dit nie as hy leed het of as hy die werklikheid wil ontvlug nie? Ons ken iemand tien jaar lank en dan een aand staan ons verbaas om te sien dat ons hom glad nie geken het nie. Daardie een wat daar krom gehurk in sy leed sit, is nie die man wat ons ken nie; die man wat daar besope lag, toon ons sy verlange wat ook ons verlange is. Kortom — 'n paar oomblikke van die lewe leef jy. Taferele, maar taferele met die siel ontbloot.

Dis daardie fragmente uit die lewe van die mens, van jou en my lewe, wat ek 'n oor en 'n oog voor het. Ek het in één aand meer „lewe” in 'n kroeg gesien as in driehonderd ander dae.

Ja, as Floors Foster (*Huisies teen die Heuwel*) sing: „O, die Kriebeg-Ilotnot ken sy meid; O, allamag, wat 'n joligheid!— Toe sy haar kry, staan hy voor haar deur; O allamag, dis die symde keer,” vertel hy my van sy arbeid, sy duistere drifte, sy verlange na 'n ewige tuiste.

Ek haat beskrywings in 'n boek. Ek slaan dit altyd oor. As ek in 'n vertrek kom, sal ek nie na die meubels oplet nie, maar ek probeer die mens voor my begryp. In die treine, bioskope, danssale, die kerk, op straat is 'n eindelose stroom van hulle en ek wil hulle ken en verstaan. Dat ons op hierdie aarde is, is blote toeval. Dit kon net sowel 'n ander planeet gewees het. Wat egter nie toeval is nie, is jou en my bestaan.

Ek wil nie hê julle moet my werke as kunswerke beskou nie. Hulle is nie. Hierin stem ek saam met die resensente. Ek maak net 'n studie van die mens en in daardie studie het ek sekere oomblikke saam met hulle geleef en daardie fragmentariese oomblikke probeer ek weergee. Probeer, sê ek, want ek ken my gebreke. Ek het nie 'n mooi taal tot my beskikking nie, en die eise van 'n kortverhaal of roman ken ek nie. Ek wil dit ook nie ken nie. As 'n onbeskaafde inboorling 'n stukkie hout neem en 'n figuur daaruit maak, dink hy nie aan die eise van die kuns nie. Ek is net so onbeskaafd soos hulle en wil van die kuns niks weet nie. Wie van julle met julle taal en titels kan my sê wat kuns is? Ek weet net ek is Basjan Bastiaanse en

hy is ek. So is ek Toings en Oompie Dissel en Stefaan Collin en Frikkie Koster. Dis goed om vir die oomblik hulle te wees en hulle ek. Ek is 'n natuurmens en wens ek kon soos ou Doppie Hendriks jolyt maak en my wilde verlange uitskreeu. Vir die kultuurmens kan ek nie boeke skryf nie, en daarom sal my werke hulle nooit bevredig nie.

Die duistere drifte van die mens is nog net so onbeteuelde soos in die dae van Nebukadnésar of Nero. Jy kry dit in die huisies teen die heuwel, in Klaradynstraat, en oral.

By die benadering van my werke, die ernstige werke, vra ek die leser en die resesent om die volgende dinge in gedagte te hou.

1. Die man steur hom nie aan verhaal nie, en as dit daar is, is dit toevallig. Ek weet iets van die skilderkuns en elke skilder sal jou die volgende kan sê: Gee baie aandag aan kleur en jy verloor vorm. Dis algemeen bekend. In die skryfkuns ook. Spits jou toe op die verhaal en jy verloor in karakteruitbeelding. Ek het menige knap komposisie in ons Afrikaanse letterkunde gelees, maar die karakters het vir my vaag gebly.

En dit bring my sommer by die tweede punt. Ek hou van mensbeelding. Of ek geslaag het, moet die leser en die resesent beoordeel. En in my mensbeelding of uitbeelding maak ek uitsluitlik gebruik van dialoog. Het julle al in 'n oop wa in die trein gesit en iemand hoor gesels sonder dat julle sy gesig gesien het? Het julle nie geglimlag nie? Waarom? Omdat julle die mens uit sy woorde leer ken en begryp het. Wat maak dit saak wat die kleur van sy oë of sy hare is, of die klere wat hy aanhet.

2. Daarom moet julle baie dialoog en min beskrywing in my werk verwag. En hier is nou 'n eienaardigheid van so 'n skryfmetode. Daar sal altyd iets karaktuuragtig in so 'n uitbeelding wees. Ander skrywers het ook die eienaardigheid getoon. Dickens was so en ook Nicolaas Beets. Onthou, ek wil my nie met hulle vergelyk nie. Ek noem net die eienaardighede van so 'n skryfmetode. Trouens, die mens wat sy medemens naboots, beklemtoon altyd die tipiese eienaardighede. Hy oordryf noodwendig.

Nou kan ons individuele werke neem. In *Toings*, *Pelgrims* en *Huurlinge* is daar amper niks van die eerste nie. Ek bedoel: haas geen verhaal nie. In *Basjan Bastiaanse*, *Vreemdelinge* en *Ons Lampe Gaan Dood*, is daar meer verhaal as in die eersgenoemde werke, terwyl jy in *Klaradynstraat* 'n beter ewewig vind tussen verhaal en uitbeelding.

Dit sal my strewe bly, trouens, dis seker elke skrywer se strewe, om die ewewig tussen verhaal en uitbeelding te vind. Gelukkig die skrywer wat dit vind, want hy sal 'n kunstenaar wees.

En nou ten slotte iets omtrent my werkmetode, want dit bepaal tog ook die karakter van 'n werk. Ek gee baie aandag aan die keuse van die name van my karakters. Sê my, julle jongkêrels, as julle die name van drie meisies hoor sonder om hulle te ken, word julle nie meer deur die een naam as deur die ander getref nie? Kom ons maak 'n toets. Rosa Louw, Lulu Böorgman, Tossie van Deventer. Persoonlik sal ek dan graag vir Tossie wil ken. Julle miskien Lulu of Rosa. Toe ek 'n verhaal oor my eie ou Karoo wou skryf, wou ek as my hoofkarakter iemand hê wat droogte of swaarkry nie sal ondersit nie. Hy moet onverbete wees, so taai soos die tjaap en kambro self. Ek het lank verskeie name geproe en geproe en uiteindelik op Basjan Bastiaanse besluit. Die herhaling van die lettergreep „Bas” gee krag aan die naam.

Voor ek dan met my verhaal begin, kies ek al my name, maar hou plek vir toevallige karakters. Wie van ons weet wat more sal gebeur, of wie ons more sal ontmoet? Oompie Sampie van die Rôeveld is so 'n toevallige karakter in *Toiings*. Hy was nie op my lys nie. Toe *Toiings* daar op die trein klim, „hoor” ek ineens 'n stem sê: „Maar my alla op die wêreld!” En later: „Ek is jou eie, eie Oompie Sampie van die Rôeveld.” Oompie Sampie kon ek nie links laat lê nie. Hy is daar en hy gaan daar bly. Nou wil ek aan ander skrywers vra: As julle jul verhaal vooraf planmatig opstel, wat gaan julle met die toevallige karakter maak wat moontlik 'n kosbare skepping sal wees? Uitlaat, of jul verhaal verander?

Daarom baken ek die verhaal nooit vooraf af nie. Ek weet dis slordig en nie aan te beveel nie. Die lewe het wendinge, skielike wendinge en die verhaal ook. Ek het dan 'n algemene gedagte wat ek wil doen, maar hou my nie noodwendig daarby nie. Dit maak natuurlik dat die verhaal noodwendig nog lossier en meer fragmentaries is. Ná elke hoofstuk van *Toiings*, *Pelgrims* en *Vreemdelinge* wat ek klaar geskryf het, het ek nie geweet wat in die volgende een gaan gebeur nie. Ek laat my deur my mense lei. *Huisies teen die Hewel* is so geskryf, en die drie Kusters, Floors, Wielie en Jiems, asook Lang Piet Ribbes, is toevallige karakters. Dit het my opgeval dat die resensente hulle veral as skeppinge genoem het.

## MIKRO

*Die Donker Stroom* is meer planmatig geskryf en ek glo nie ek sal dit weer waag nie. Mense laat hulle nie koppel of bind nie.

Ek hoop van harte hierdie geselsery het die leser en vir my nader aan mekaar gebring. Ek wil my graag in julle diens stel en as ek aan 'n leser genot kan bring, sal dit genoegsame vergoëding wees vir baie ure van arbeid. Onthou, ek skryf nie vir die ontwikkelde mens nie. Ek is net 'n plaasjapie en dink graag dat ek in diens van my volk is: die mynwerker, die fabrieksarbeider, die dagloner. Dis vir julle wat ek skryf en dis julle wat moet sê wanneer ek moet ophou. Weet julle, ná *Huurlinge* het 'n resensent geskryf: „Sal 'n goeie ou vriend tog nie die man vra om op te hou met skryf nie!” En ná daardie tyd was ek darem in staat om aan julle *Basjan Bastiaanse, Huisies teen die Heuwel* en *Klaradynstraat* te gee.

Ek sal maar aanhou skryf.

A.P.B.

